

# MULTISURE POLISBEWOORDING

**INSURE**

DOEN DIE ONGELOOFLIKE ELKE DAG

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# INDEKS

## AFDELING

Die Bylae
Algemene uitsonderings, bepalings en voorwaardes
Aangegewe voordele
Arbeidspraktyke aanspreeklikheid
Brand
Breë gemeenregtelike aanspreeklikheid
Diefstal
Direkteure en beamptes aanspreeklikheid
Elektroniese toerusting
Geboue omvattend
Geld
Gemeenregtelike aanspreeklikheid (eise-ingestel grondslag)
Gemeenregtelike aanspreeklikheid (gebeurtenis grondslag)
Getrouheid
Glas
Goedere in transito
Groep persoonlike ongevalle
Huisbewoners
Huiseienaars
Kantoorinhoud
Motor
Motorhandelaars
Onklaarraking van masjinerie
Persoonlike aanspreeklikheid
Persoonlike alle risiko
Rekenings ontvangbaar
Sake alle risiko's
Sake-onderbreking
Sambreel-aanspreeklikheid
Toevallige skade
Uitgebreide persoonlike regsaanspreeklikheid
Verlies van winste (masjinerie)
Verslegting van voorraad (masjinerie breekskade)
Werkgewersaanspreeklikheid

Verwysing word in die bylae gemaak slegs na sodanige afdelings wat ingesluit is wat op hierdie indeks aangedui word en polisbewoordings word slegs ten opsigte van sodanige afdelings aangeheg.

Die aantal bladsye in elke ingeslote afdeling word getoon onderaan elke bladsy van sodanige afdeling. Die bylae van elke afdeling verwys na die toepaslike afdeling se bewoording wat aan sodanige afdeling verband is. Maak asseblief seker dat alle bladsye van alle ingeslote afdelings in hierdie dokument vervat is.

By hernuwing of hersiening word polisbewoordings nie heruitgereik nie. Hierdie bylae word hersien en heruitgereik wanneer nodig, tesame met enige afdelingbylae wat verander mag word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# ALGEMENE UITSONDERINGS VOORWAARDES EN BEPALINGS

Onderworpe aan die bepalings, uitsonderings, voorwaardes (opskortend of andersins) en as teenprestasie daarvoor en op voorwaarde dat die premie vooraf deur of namens die versekerde betaal en deur of namens die maatskappy ontvang word, stem Old Mutual Insure Limited ("die maatskappy") om die versekerde deur middel van betaling of na die maatskappy se keuse deur vervanging of herstel tot hoogstens die versekerde bedrae, skadeloosstellings- en vergoedingsperke en bedrae gespesifiseer skadeloos te stel of te vergoed ten opsigte van die versekerde gebeurtenisse wat gedurende die versekeringstydperk, en soos andersins voorsien, plaasvind ingevolge die afdelings hierin vervat.

Indien meer as een versekeringsmaatskappy of maatskappy aan hierdie versekering deelneem, word die "maatskappy" na "versekeraars" gewysig, waar dit ook al in hierdie polis voorkom. In hierdie geval is die persentasie aandeel van elke versekeraar soos in die bylae van hierdie polis vermeld en die aanspreeklikheid van elke sodanige versekeraar is afsonderlik beperk tot die persentasie aandeel wat teenoor sy naam aangetoon is.

Hierdie algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings geld in alle opsigte vir die versekering wat deur hierdie polis toegestaan word, behalwe soos hulle deur enige spesifieke uitsondering, voorwaarde of bepaling in enige afdeling, spesifikasie of aanhangsel by enige afdeling of endossement daarby verander kan word.

Die kleure, opskrifte en titels in hierdie polis is bloot vir maklike naslaandoeleindes en die hele uitsondering, voorwaarde, bepaling, uitbreiding, beperking of klousule moet gelees word om die volle betekenis daarvan te verstaan.

## Algemene uitsonderings

### 1 Asbesuitsluiting

**[van toepassing op die afdelings Breë aanspreeklikheid, Direkteure en beamptes se aanspreeklikheid, Werkgewersaanspreeklikheid, Arbeidspraktyke aanspreeklikheid, Uitgebreide persoonlike regsaanspreeklikheid, Persoonlike aanspreeklikheid, Gemeenregtelike Aanspreeklikheid, Sambreel-aanspreeklikheid, onderafdeling D (Aanspreeklikheid) van die afdeling Geboue Omvattend, onderafdeling D (Aanspreeklikheid teenoor die publiek) van die afdeling Huiseienaars en uitbreidings 17 (Aanspreeklikheid teenoor die publiek) en 32 (Huurdersaanspreeklikheid) van die afdeling Huisbewoners]**

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste of 'uitgawe hoegenaamd of enige gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit, ontstaan uit of as gevolg van die gevaarlike aard van asbes in watter vorm of hoeveelheid hoegenaamd of wat op enige wyse daarmee verband hou, of in die mate waartoe dit daartoe bydra nie.

### 2 Rekenaarverliese

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie:

2.1 verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitend 'n rekenaar) of enige verlies of uitgawe hoegenaamd voortspruitend uit of as gevolg daarvan;

2.2 enige regsaanspreeklikheid hoegenaamd;

2.3 enige gevolglike verlies;

regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of waartoe bygedra word deur of wat bestaan of voortspruit uit die onvermoë of onklaarraking van enige rekenaar, hetsy korrek of enigsins:

2.1 om enige datum as die korrekte of ware kalenderdatum te behandel of om op korrekte of toepaslike wyse enige data of inligting te herken, te manipuleer, te interpreteer, te verwerk, te berg of te ontvang of om daarop te reageer, of om enige opdrag of instruksie uit te voer, met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum nie, of



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

2.2 om enige data vas te lê, te stoor of op korrekte wyse te verwerk as gevolg van die uitvoer van enige opdrag wat in enige rekenaar geprogrammeer is, synde 'n opdrag wat die verlies van data of die onvermoë om sodanige data op of na enige datum vas te vang, te bewaar, te behou of op korrekte wyse te verwerk veroorsaak nie, of

2.3 om enige inligting of kode vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk vanweë programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of bederwing van data en/of programme nie, of

2.4 om enige data vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk as gevolg van die handeling van enige rekenaarvirus of ander bederwende, skadelike of andersins ongemagtigde kode of instruksie met inbegrip van enige Trojaanse perd, tyd- of logikabom of wurm of enige ander vernietigende of ontwrigtende kode, media of program of versteuring.

'n Rekenaar sluit in enige rekenaar, dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar- of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware, -gereedskap, bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of periferale toerusting en die inligting en data wat elektronies of andersins in of op enige van bogenoemde bewaar word, hetsy die eiendom van die versekerde al dan nie.

**Spesiale uitbreiding tot algemene uitsondering 2**

1 Verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing of enige van die ingeslote spesiale gevare waarna hieronder verwys word of waarvoor die afdelings Glas, Aangegewe voordele, Groep persoonlike ongevalle of Motor skadeloosstelling verleen, word nie deur hierdie algemene uitsondering uitgesluit nie:

Die enigste spesiale gevare wat vir die doel van hierdie spesiale uitbreiding ingesluit word, is skade wat veroorsaak word deur:

1.1 storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom:

1.1.1 wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

1.1.2 wat veroorsaak word deur 'n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

1.1.3 in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn;

1.1.4 in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting [welke term nie voertuie insluit nie] wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk);

1.1.5 in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie;

(1.1.3–1.1.5:) tensy dit so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker word

1.1.6 wat keermure is;

1.2 lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;

1.3 botsing deur rotse en groot klippe (behalwe meteoriete, asteroïede of soortgelyke liggame wat die aarde se atmosfeer binnedring), diere, bome, antennes, satellietskottels of -voertuie, insluitend spoorweglokomotiewe of rollende materiaal, met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels of -voertuie, spoorweglokomotiewe of rollende materiaal of eiendom in of op sodanige voertuie, spoorweglokomotiewe of rollende materiaal.

Hierdie spesiale gevare dek nie slytasie of geleidelike agteruitgang nie.

2 Algemene uitsondering 2 is ook nie van toepassing op gevolglike verlies soos verseker deur enige Sakeonderbreking-skadeloosstelling van hierdie polis nie in soverre sodanige gevolglike verlies voortspruit uit skade aan die versekerde eiendom deur die gevare waarna in spesiale uitbreiding 1 hierbo verwys word.

3 Hierdie spesiale uitbreiding verseker nie enige verlies, vernietiging of gevolglike verlies nie indien dit nie in die afwesigheid van hierdie rekenaarverliese algemene uitsondering en hierdie spesiale uitbreiding verseker sou gewees het nie.

4 Hierdie spesiale uitbreiding is nie van toepassing op enige skadeloosstelling vir Gemeenregtelike aanspreeklikheid nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 3 Aanhouding, konfiskering en verbeuring

Hierdie polis dek nie verlies, skade, koste of uitgawe nie wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit aanhouding, konfiskering, verbeuring, beslaglegging of kommandering wat wettiglik uitgevoer word deur doeane, wetstoepassers, misdaadvoorkomingseenhede of ander amptenare en owerhede.

## 4 Kern

Hierdie polis dek nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste of uitgawe hoegenaamd of enige gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit:

4.1 ionisasie, uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding of gebruik van kernbrandstof;

4.2 kernmateriaal, kernsplyting of -samesmelting, kernuitstraling;

4.3 kernplofstowwe of enige kernwapen;

4.4 kernafval in watter vorm hoegenaamd;

ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig of in enige ander volgorde tot die verlies bydra.

Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

## 5 Uitsluiting ten opsigte van sanksies

Die maatskappy sal nie geag word hierkragtens dekking te verskaf nie en is nie aanspreeklik om hierkragtens 'n eis te betaal of 'n voordeel te verskaf nie in soverre die verskaffing van sodanige dekking, betaling van sodanige eis of verskaffing van sodanige voordeel die maatskappy aan enige sanksie, verbod of beperking ooreenkomstig die Verenigde Nasies of die handel of ekonomiese sanksies, wette of regulasies van die Europese Unie, Verenigde Koninkryk of Verenigde State van Amerika sal blootstel.

## 6 Diefstal deur valse voorwendsels en bedrog

**(Nie op die afdeling Getrouheid van toepassing nie)**

Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit of verband hou met 'n werklike of beweerde ruil-, kontant- of kredietverkoopooreenkoms insluitend diefstal deur kullery, valse voorwendsels en/of bedrog.

## 7 Oorlog, oproer en terrorisme

7.1 Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie:

7.1.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak;

7.1.2 oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog;

7.1.3 muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal;

7.1.4 opstand, rebellie of revolusie;

7.1.5 enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp;

7.1.6 enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;

7.1.7 enige poging tot optrede waarna in klousule 7.1.5 of 7.1.6 hierbo verwys word;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

7.1.8 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in klousule 7.1.1, 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 hierbo verwys word.

Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 7.1.1, 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6, 7.1.7 of 7.1.8 van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

7.2 Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

7.3 Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie verlies van of skade aan eiendom of enige uitgawe van enige aard hoegenaamd nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, ontstaan uit of in verband met enige daad van terrorisme, ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tergelykertyd of in enige volgorde bydra tot die verlies, skade of uitgawe.

Vir die doeleinde van hierdie algemene uitsondering 7.3 sluit 'n daad van terrorisme in, sonder beperking, die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe, hetsy as 'n daad wat skadelik vir menslike lewe is al dan nie, deur enige persoon of groep persone, hetsy daar alleen opgetree word of in verband met enige organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone, wat gepleeg word vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes, met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die bedoeling om enige regering te beïnvloed of om vrees by die publiek, of enige sektor van die publiek, in te boesem.

Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 7.3 van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Algemene voorwaardes

Onderhewig aan die bepalings van artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr 53 van 1998 (soos gewysig)

### 1 Premie-aanpassing

Indien die premie vir enige afdeling van hierdie polis volgens enige geraamde syfers bereken word, moet die versekerde ná die verstryking van elke (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) die maatskappy van sodanige besonderhede en inligting voorsien as wat die maatskappy vir die herberekening van die premie vir sodanige tydperk mag verlang.

Enige verskil word deur of aan die versekerde betaal, na gelang van die geval.

### 2 Nie-nakoming van voorwaardes

Die voorwaardes van hierdie polis en afdelings daarvan geld afsonderlik vir elkeen van die risiko's wat verseker word en nie gesamentlik nie, sodat enige nie-nakoming die afdeling ongeldig maak slegs ten opsigte van die risiko waarop die nie-nakoming van toepassing is.

### 3 Kansellasie of verandering van die polisvoorwaardes

3.1 Hierdie polis of enige afdeling of item mag te eniger tyd gekanselleer word met

3.1.1 onmiddellike kennisgewing deur die versekerde aan die maatskappy

3.1.2 31 dae (of sodanige ander tydperk waarop onderling ooreengekom is) skriftelike kennisgewing deur die maatskappy

3.2 By kansellasie deur die versekerde is die maatskappy geregtig om die gebruiklike korttermyn- of minimum premie vir die tydperk waarvoor die polis of afdeling van krag was, te behou. By kansellasie deur die maatskappy betaal die maatskappy aan die versekerde terug 'n eweredige deel van die premie vir die res van die versekeringstydperk vanaf die datum van kansellasie, onderworpe aan algemene voorwaarde 1 (Premie-aanpassing).



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

3.3 Die versekerde mag die maatskappy enige tyd vra om die polis te verander. Enige verandering waartoe die maatskappy skriftelik instem, sal geld vanaf die tyd en datum van sodanige instemming.

3.4 Die maatskappy mag die voorwaardes, bepalings en uitsluitings van hierdie polis verander deur die versekerde 31 dae skriftelik kennis te gee per faks, pos of e-pos na die laaste bekende adres of kontakbesonderhede van die versekerde wat die maatskappy op rekord het.

## 4 Eise

4.1 Wanneer enige gebeurtenis plaasvind wat aanleiding kan gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis, moet die versekerde op sy eie onkoste:

4.1.1 die maatskappy so gou moontlik daarvan in kennis stel en besonderhede verstrek van enige ander versekering wat sodanige gebeurtenisse dek as wat hierdeur verseker word;

4.1.2 die polisie so gou moontlik ná die gebeurtenis in kennis stel van enige eis waarby diefstal (indien dit deur die maatskappy vereis word) of die verlies van eiendom betrokke is en alle moontlike stappe doen om die skuldige party aan die kaak te stel en die gesteelde of verlore eiendom terug te vind;

4.1.3 so gou moontlik ná die gebeurtenis volledige besonderhede van enige eis skriftelik aan die maatskappy voorlê;

4.1.4 die maatskappy van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die maatskappy kan verlang en onmiddellik aan die maatskappy enige kennisgewing stuur van 'n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis.

4.2 Geen eis (behalwe 'n eis ingevolge die afdeling Sake-onderbreking, Getrouheid, Aangegewe voordele of Groep persoonlike ongevalle of die uitbreiding persoonlike ongevalle (aanranding) ingevolge die afdeling Geld, indien toepaslik) is betaalbaar nie ná die verloop van 24 maande of sodanige langer tydperk as wat die maatskappy kan toestaan vanaf die plaasvind van 'n gebeurtenis, tensy die eis die onderwerp van 'n hangende regsgeding is of 'n eis ten opsigte van die versekerde se regsaanspreeklikheid teenoor 'n derde party.

4.3 Geen eis is betaalbaar nie tensy die versekerde betaling eis deur binne 12 maande ná die skriftelike afwysing van die eis prosesstukke aan die maatskappy te beteken en sodanige stappe finaliseer.

4.4 Indien die eiendom (die onderwerp van die eis) of enige deel daarvan gevind word ná die betaling van 'n eis ingevolge hierdie polis ten opsigte van verlore of gesteelde eiendom, moet die versekerde alle hulp verleen by die identifisering en fisieke terugvind van sodanige eiendom indien hy deur die maatskappy gevra word om dit te doen, met dien verstande dat die versekerde se redelike onkoste by sodanige hulpverlening deur die maatskappy vergoed word. Sou die versekerde weier om ingevolge hierdie voorwaarde hulp te verleen wanneer hy gevra word, word die versekerde onmiddellik aanspreeklik om aan die maatskappy alle bedrae wat ten opsigte van die eis betaal is, terug te betaal.

## 5 Kollektiewe versekering

Indien hierdie versekering 'n kollektiewe versekering is, word algemene voorwaarde 4.1.4 hierbo soos volg gewysig:

4.1.4 die hoofversekeraar namens die versekeraars van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die versekeraars kan verlang en onmiddellik aan die hoofversekeraar enige kennisgewing stuur van 'n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis.

en algemene voorwaarde 6 (Maatskappy se regte ná 'n gebeurtenis) word deur die volgende vervang:

### 6 Versekeraars se regte na 'n gebeurtenis

6.1 By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die hoofversekeraar en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die versekeraars se reg om hulle op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

6.1.1 enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die hoofversekeraar om namens die versekeraars so op te tree. Die versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die versekeraars prys te gee nie, hetsy die hoofversekeraar dit in besit geneem het of nie;

6.1.2 die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die versekerde oorneem en voer en in die naam van die versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die versekeraars deur die versekerde gedoen word nie.

6.2 Die versekerde moet, op onkoste van die versekeraars, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die versekeraars vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die versekeraars by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of na sodanige skadeloosstelling vereis word.

6.3 Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die versekeraars in die geval van enige gebeurtenis aan die versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word, en die versekeraar is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie."

## 6 Maatskappy se regte ná 'n gebeurtenis

6.1 By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die maatskappy en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die maatskappy se reg om hom op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep;

6.1.1 enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die maatskappy om so op te tree. Die versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die maatskappy prys te gee nie, hetsy die maatskappy dit in besit geneem het of nie;

6.1.2 die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die versekerde oorneem en voer en in die naam van die versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die maatskappy deur die versekerde gedoen word nie.

6.2 Die versekerde moet, op onkoste van die maatskappy, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die maatskappy vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die maatskappy by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of ná sodanige skadeloosstelling vereis word.

6.3 Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die maatskappy by die plaasvind van enige gebeurtenis aan die versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word en die maatskappy is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 7 Voortsetting van dekking (waar die premie deur middel van 'n bankdebietorder of transmissierekening betaalbaar is)

Die premie is vooruit betaalbaar en indien dit nie op die betaaldag deur die maatskappy ontvang word nie, word hierdie polis vanaf middernag op die laaste dag van die voorafgaande versekeringstydperk as gekanselleer beskou, tensy die versekerde kan bewys dat versuim om te betaal 'n fout van sy bank of ander betaalagent was.

Die betaaldag is die eerste dag van elke kalendermaand indien die premie maandeliks betaalbaar is, en die eerste dag van elke

7.1 derde

7.2 sesde of

7.3 twaalfde

kalendermaand na aanvang, indien die premie kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks betaalbaar is.

Indien die maatskappy nie die premie teen die betaaldatum ontvang nie, sal die maatskappy die onbetaalde premie weer op die volgende betaaldatum debiteer. Indien die maatskappy beide premies kan invorder, sal die polis van krag bly. Indien die maatskappy nie beide premies kan invorder nie, sal die polis outomaties vanaf die betaaldatum van die eerste onbetaalde premie gekanselleer word.

Indien die versekerde 'n betaalstopopdrag op die premiebetaling plaas, sal die polis outomaties vanaf die betaaldatum van die gestopte premie gekanselleer word.

## 8 Behoorlike nakoming

Die behoorlike nakoming en vervulling van enige van die bepalings van hierdie polis wat vereis dat enigiets deur die versekerde gedoen of nagekom moet word, en die waarheid van die antwoorde en verklarings in die inligting wat deur of namens die versekerde verskaf word, is 'n opskortende voorwaarde vir enige aanspreeklikheid van die maatskappy ten opsigte van 'n eis wat die versekerde ingevolge hierdie polis instel.

## 9 Bedrog

Indien 'n eis ingevolge hierdie polis in enige opsig bedrieglik is (insluitend die doelbewuste oordrywing van die eis) of indien bedrieglike metodes of middele deur die versekerde of enigiemand wat namens die versekerde optree of met sy medewete of toestemming gebruik word om 'n voordeel ingevolge hierdie polis te verkry, of indien 'n gebeurtenis deur 'n opsetlike daad of met die oogluikende toelating van die versekerde veroorsaak word, word die voordeel ingevolge hierdie polis ten opsigte van enige sodanige eis verbeur.

## 10 Jurisdiksie

Hierdie polis is onderworpe aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika, wie se howe jurisdiksie het in enige geskil wat hierkragtens ontstaan.

## 11 Wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking

Wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking van enige wesenlike besonderheid maak, na gelang van die geval, die besondere item, afdeling of onderafdeling van die polis ongeldig wat deur sodanige wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking geraak word.

## 12 Geen regte aan ander persone nie

Tensy anders bepaal, verleen niks in hierdie polis enige regte aan enige persoon behalwe die versekerde nie. Enige uitbreiding wat skadeloosstelling aan enige persoon anders as die versekerde verleen, gee geen eisregte aan sodanige persoon nie. Die bedoeling is dat die versekerde namens sodanige persoon moet eis. Die kwitansie van die versekerde is in elke geval 'n volle ontslag vir die maatskappy.

## 13 Ander versekering

Indien daar ten tyde van enige gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis versekering by enige ander maatskappy bestaan wat die versekerde teen die omskrewe gebeurtenisse dek, is die maatskappy slegs aanspreeklik vir die vergoeding van 'n eweredige deel van die bedrag wat betaalbaar is deur of aan die versekerde ten opsigte van sodanige gebeurtenis. Indien enige sodanige ander versekering onderworpe is aan enige eweredigheidsvoorwaarde, is hierdie polis, indien dit nog nie aan enige eweredigheidsvoorwaarde onderworpe is nie, op dieselfde manier aan eweredigheid onderworpe.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 14 Voorkoming van verlies

Die versekerde moet redelike stappe doen om

14.1 die versekerde eiendom te beveilig

14.2 ongevalle te voorkom en verlies, skade of aanspreeklikheid tot die minimum te beperk

14.3 alle aanleg, masjinerie en toerusting in doeltreffende werkende toestand te hou en seker te maak dat staats- en ander regulasies met betrekking tot die werking van masjinerie nagekom word

en die behoorlik gemagtigde verteenwoordigers van die maatskappy toelaat om die versekerde eiendom op enige redelike tydstip te ondersoek.

## 15 Herstel van dekking na verlies (nie van toepassing op voorraad op 'n verklaringsgrondslag of op enige afdeling waar dit as nie van toepassing nie vermeld word)

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde bedrae, waar van toepassing, nie met die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die versekerde 'n bykomende premie betaal op die bedrag van die verlies vanaf die datum waarop dit plaasvind of vanaf die datum van herstel of vervanging (wat ook al die laatste is) tot die verstryking van die versekeringstydperk.

## 16 Interpretasie

Die oorspronklike dokument is in Engels opgestel. Indien daar enige twyfel bestaan oor die interpretasie van enige woord, frase of deel van hierdie dokument, geniet die Engelse weergawe voorkeur.

# Algemene bepalings

Onderhewig aan die bepalings van artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr 53 van 1998 (soos gewysig)

## 1 Eisevoorbereidingskoste

Die versekering ingevolge elke afdeling van hierdie polis word uitgebrei om koste in te sluit wat die versekerde redelikerwys aangegaan het om enige besonderhede te verstrek en te sertifiseer wat ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) deur die maatskappy vereis word of om die bedrag van enige eis te staaf, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy vir sodanige koste ten opsigte van enige enkele eis ingevolge 'n spesifieke afdeling hoogstens R5 000 of 10% van die versekerde bedrag of skadeloosstellingsperk van die item wat geraak word, wat ook al die minste is, beloop plus die bedrag wat in die bylae by elke afdeling teenoor 'n item vir bykomende eisevoorbereidingskoste vermeld word.

Hierdie bepaling dek spesifiek nie uitgawes wat vir die dienste van 'n onafhanklike assessor aangegaan word nie.

## 2 Instemming tot openbaarmaking

Die versekerde

2.1 erken dat die deel van versekeringsinligting vir onderskrywings- en eisdoeleindes (kredietinligting ingesluit) tussen versekeraars in openbare belang is, omdat dit versekeraars in staat stel om op billike wyse polisse te onderskryf en risiko's te beoordeel en die voorkoms van bedrieglike eise te verminder en dus premies te beperk

2.2 doen hiermee namens die versekerde of enige persoon wat deur die versekerde hierin verteenwoordig word, afstand van hul reg op privaatheid met betrekking tot onderskrywings- of eisinligting (kredietinligting ingesluit) wat deur die versekerde of deur 'n ander persoon namens die versekerde verskaf word ten opsigte van 'n versekeringspolis of -eis wat deur die versekerde ingestel of ingedien is

2.3 erken dat die versekeringsinligting wat deur hulle verskaf word in die gedeelde databasis gehou en gebruik kan word soos hierbo uiteengesit is

2.4 stem in dat sodanige inligting aan enige ander versekeringsmaatskappy of sy agent bekend gemaak mag word

2.5 erken en stem in dat die inligting teenoor wetlik erkende bronne of databasisse geverifieer mag word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 3 Bybetaling

Behalwe waar spesifiek in 'n afdeling daarvoor voorsiening gemaak word, word die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie polis vir elke verlies, skade of aanspreeklikheid verminder met die bybetaling wat in die bylae vir die toepaslike omskrewe gebeurtenis, klousule, uitbreiding of beperking aangedui is. Tensy anders vermeld, is bybetalings nie kumulatief nie en geld bybetalings ten opsigte van elke gebeurtenis (of reeks gebeurtenisse voortspruitend uit een gebeurtenis) wat tot 'n eis aanleiding gee.

Waar meer as een item die onderwerp is van 'n eis voortspruitend uit 'n enkele gebeurtenis (of reeks gebeurtenisse voortspruitend uit een oorspronklike oorsaak of bron) en waar sodanige items afsonderlike bybetalings het, sal slegs een bybetaling deur die versekerde gedra word. Hierdie bybetaling word soos volg bereken:

3.1 waar die bybetalings as vaste geldbedrae per item vermeld word, sal slegs die bedrag van die item met die hoogste bybetaling eenmalig vir die hele eis gebruik word

of

3.2 waar die bybetalings op 'n persentasie van die eis of versekerde bedrag gegrond is, sal die bybetaling afsonderlik vir elke geaffekteerde item bereken word. Waar sodanige bybetalings van elke item egter bepaal dat die resultaat aan 'n minimum bedrag onderworpe is, sal slegs een minimum bedrag gebruik word en dit sal die bedrag wees van die item met die hoogste minimum.

Indien die totale bedrag van enige verlies die versekerde bedrag / skadeloosstellingsperk / vergoeding vir die betrokke item of afdeling oorskry, sal die toepaslike bybetaling van die verlies afgetrek word en sal die relevante versekerde bedrag / skadeloosstellingsperk / vergoeding vermeld in die bylae toegepas word.

## 4 Gedek gehou

Indien die maatskappy 'n risiko gedek hou, sal hy nie 'n eis afwys omrede daar nie op die premie ooreengekom is nie.

## 5 Aanspreeklikheid ingevolge meer as een afdeling

Die maatskappy is nie ingevolge meer as een afdeling van hierdie polis aanspreeklik nie vir dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade wat uit een voorval voortspruit en wat dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade behels.

## 6 Betekenis van woorde

Die bylae, enige endossemente daarop en die polisbewoording word saamgelees as een dokument en enige woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis in enige deel daarvan toegeken word, dra die betekenis waar dit ook al mag voorkom.

## 7 Lede

Waar die woord “direkteur” gebruik word, word dit geag “lid” in te sluit indien die versekerde 'n beslote korporasie is.

## 8 Betalings op rekening

Ten opsigte van enige afdeling waar bedrae wat van die maatskappy verhaalbaar is, hangende die afhandeling van enige eis vertraag word, mag betalings op rekening na goeddunke van die maatskappy, indien vereis, aan die versekerde gedoen word.

## 9 Premiebetaling

Premie is betaalbaar voor of op die aanvangs- of hernuwingsdatum na gelang van die geval.

Die maatskappy is nie verplig om premie te aanvaar wat na die aanvangs- of hernuwingsdatum, na gelang van die geval, by hom ingedien word nie maar kan dit wel doen op voorwaardes wat na sy uitsluitlike goeddunke bepaal word.

## 10 Terugbetaling van premie (van toepassing waar premie kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks betaalbaar is)

Ondanks algemene voorwaarde 15 (Herstel van dekking na verlies (nie van toepassing op voorraad op 'n verklaringsgrondslag of op enige afdeling waar dit as nie van toepassing nie vermeld word)), indien daar gedurende die versekeringstydperk 'n totale verlies van 'n versekerde item is, word geen premieterugbetaling vir die onverstreke versekeringstydperk vanaf die datum van die verlies of skade toegelaat nie. Indien enige sodanige item deur die maatskappy vervang word, is 'n volle proporsionele premie vir die onverstreke tydperk deur die versekerde betaalbaar.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 11 Versekerde bedrae blanko gelaat in bylae

Indien die versekerde bedrag, skadeloosstellingsperk of vergoeding in 'n bylae van hierdie polis:

11.1 blanko gelaat word of geen bedrag daarteenoor aangegee word nie;

11.2 aangegee word as nul, as nie van toepassing nie, as nie gedek nie of as geen skadeloosstelling verleen nie;

beteken dit dat die omskrewe gebeurtenis of omstandigheid wat in die bylae vermeld word nie deur die polis verseker word nie.

## 12 Sekuriteitsfirmas

Indien 'n werknemer van 'n sekuriteitsfirma wat ingevolge 'n kontrak deur die versekerde in diens geneem is, verlies of skade veroorsaak, stem die maatskappy in om nie sy verhaalreg teen die gemelde sekuriteitsfirma uit te oefen nie indien die versekerde ingevolge die gemelde kontrak nie teen die gemelde sekuriteitsfirma mag eis nie.

Die maatskappy sal nie, indien 'n geldige eis ingevolge enige afdeling of onderafdeling van hierdie polis ingestel word, as verweer aanvoer dat die maatskappy se regte benadeel is deur die voorwaardes van enige kontrak wat tussen die versekerde en enige sekuriteitsverskaffer aangegaan is in verband met die beskerming van die versekerde eiendom nie.

## 13 Verskaffers en vervaardigers se waarborge

In die geval van verlies of skade weens 'n omskrewe gebeurtenis aan versekerde eiendom wat nog die onderwerp van 'n verskaffer of vervaardiger se waarborg is, sluit die herstel of vervanging van sodanige eiendom, onderhewig aan die skadeloosstellingsgrondslag van elke afdeling, alles in wat redelikerwys nodig is om alle voordeel ingevolge sodanige oorblywende waarborg te behou, met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag nie die versekerde bedrag of skadeloosstellingsperk van die betrokke afdeling of item, na gelang van die geval, oorskry nie.

## 14 Belasting op Toegevoegde Waarde

Alle monetêre bedrae wat in hierdie polis verskyn, byvoorbeeld versekerde bedrae, skadeloosstellingperke en premies, word as Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) insluitend bedrae geag. Die bybetaling is nie aan BTW onderhewig nie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# AANGEGEWE VOORDELE

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Jaarlikse verdienste

jaarlikse verdienste beteken

die jaarlikse koers van die loon, salaris en lewenskostetoelae wat deur die versekerde aan sodanige persoon betaal of toegelaat word ten tyde van die toevallige liggaamlike besering plus die oortydbetaling, huurgeld, voedseltoelaes, kommissie en ander vergoeding van 'n deurlopende aard wat deur die versekerde aan sodanige persoon betaal of toegelaat word gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die toevallige liggaamlike besering.

### 2 Gemiddelde weeklikse verdienste

gemiddelde weeklikse verdienste beteken

een twee-en-vyftigste deel van die jaarlikse verdienste.

### 3 Versekerde persoon

versekerde persoon beteken

enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde gespesifiseer in die bylae.

### 4 Mediese onkoste

mediese onkoste beteken

alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en -ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, optiese, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling en voorrade (insluitende die koste en uitgawe wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.

### 5 Permanente ongeskiktheid

permanente ongeskiktheid beteken

| | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|
| 5.1 | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate | 100 |
| 5.2 | permanente en algehele verlies van | |
| 5.2.1 | hele oog | 100 |
| 5.2.2 | sig in oog | 100 |
| 5.2.3 | sig in oog behalwe waarneming van lig | 100 |
| 5.3 | permanente en algehele gehoorverlies in | |
| 5.3.1 | albei ore | 100 |
| 5.3.2 | een oor | 25 |
| 5.4 | permanente en algehele spraakverlies | 100 |
| 5.5 | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | 100 |
| 5.6 | verlies van vier vingers | 70 |
| 5.7 | verlies van duim (een of albei falankse) | |
| 5.7.1 | albei falankse | 30 |
| 5.7.2 | een falanks | 15 |



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

| | | |
|---|---|---|
| 5.8 verlies van wysvinger | | |
| 5.8.1 | drie falankse | 15 |
| 5.8.2 | twee falankse | 10 |
| 5.8.3 | een falanks | 5 |
| 5.9 verlies van enige ander vinger – elke vinger | | |
| 5.9.1 | drie falankse | 10 |
| 5.9.2 | twee falankse | 8 |
| 5.9.3 | een falanks | 4 |
| 5.10 verlies van middelhandbeentjies | | |
| 5.10.1 | eerste of tweede (elke middelhandbeentjie) | 3 |
| 5.10.2 | derde, vierde of vyfde (elke middelhandbeentjie) | 2 |
| 5.11 verlies van tone | | |
| 5.11.1 | almal aan een voet | 30 |
| 5.11.2 | groottoon | |
| 5.11.2.1 | een of albei falankse | 10 |
| 5.11.2.2 | een falanks | 5 |
| 5.11.3 | ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen | 5 |

**Memoranda**

1 Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die maatskappy sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met voormelde bepalings nie.

2 Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.

3 100 persent is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele versekerde persoon.

### 6 Tydelike algehele ongeskiktheid

tydelike algehele ongeskiktheid beteken

die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen.

## Omskrewe gebeurtenisse

Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige versekerde persoon.

Die maatskappy betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel aan die versekerde die vergoeding wat in die bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die bylae onder die opskrif omstandighede.

## Voorbehoudsbepalings

Daar word verklaar en ooreengekom dat

### 1 Akkumulasieperk

die maksimum vergoeding betaalbaar deur die maatskappy ten opsigte van alle persone verseker onder die Groep persoonlike ongevalle en Aangegewe voordele afdelings, weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit, sal nie die bedrag vermeld in die bylae as die akkumulasieperk oorskry nie.

### 2 Ouderdoms beperking

tensy anders hierin bepaal, hierdie afdeling nie van toepassing is nie op 'n versekerde persoon

2.1 voordat hy15 jaar oud word, of

2.2 na die verstryking van die versekeringstydperk waarin hy 75 jaar oud word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 3 Maksimum vergoeding

die maatskappy nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir dood of permanente ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir tydelike algehele ongeskiktheid, mediese onkoste en enige uitbreidings wat van toepassing is, vir die dood of ongeskiktheid van enige enkele versekerde persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit;

### 4 Maksimum tydperk vir tydelike algehele ongeskiktheid

die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak sover redelikerwys moontlik herstel het, nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur;

### 5 Mediese ondersoek

die versekerde persoon, nadat hy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar kan wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die maatskappy van hom vereis word. Die maatskappy is nie aanspreeklik vir enige betaling nie, tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot die maatskappy se bevrediging nagekom is.

### 6 Mediese onkoste

enige betaling van mediese onkoste vir enige enkele versekerde persoon ten opsigte van elke eis is bo, en word nie verminder nie deur, die bedrag van die bybetaling soos vermeld in die bylae;

### 7 Ongevallewetgewing

enige vergoeding wat deur die maatskappy betaalbaar is vir enige tydperk van tydelike algehele ongeskiktheid of vir mediese onkoste verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is deur of ten behoewe van sodanige persoon ingevolge enige ongevallewetgewing vir tydelike ongeskiktheid vir dieselfde of 'n korter tydperk of ten opsigte van mediese onkoste;

### 8 Ander versekering en herstel van dekking na verlies

Algemene voorwaardes 13 (Ander versekering) en 15 (Herstel van dekking na verlies) nie op hierdie afdeling van toepassing is nie;

### 9 Oorlog

slegs ten opsigte van hierdie afdeling algemene uitsondering 7 (Oorlog, oproer en terrorisme ) geskrap en deur die volgende vervang word:

Hierdie afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie om vergoeding te betaal ten opsigte van sodanige persoon:

### 1 Lug reis

terwyl hy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie;

### 2 Alkohol

weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op die versekerde persoon tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe hyself);

### 3 Bestaande gebrek

wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid van die versekerde persoon;

### 4 Motorfietsry

terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan motorfietsry, vierwielmotorfietsry, driewielmotorfietsry (hetsy as 'n bestuurder of passasier) behalwe op besigheid van die versekerde;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 5 Bergklim ens.

terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan bergklim wat die gebruik van toue vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal of hangswewery.

## 6 Wedrenne

terwyl hy deelneem aan of weens die sy deelname aan wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe

6.1 voertuig

6.2 vaartuig

6.3 tuig

## 7 Oproer

weens sy deelname aan enige oproer, burgerlike beroering of daad van terrorisme;

## 8 Selfdood

deur sy selfdood of moedswillige selfbesering;

# Klousules, uitbreidings en beperkings

## 1 Skending weens brandwonde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe aan die uitsluiting hieronder, word die volgende item gevoeg by die omskrywing "Permanente ongeskiktheid":

| | Persentasie van vergoeding |
|---|---|
| 5.12 permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die | |
| 5.12.1 gesig en nek | |
| 100 persent van die oppervlak geskend | 60 |
| minder as 100 persent van die oppervlak geskend | die deel van 60 waarin die werklik geskende staan tot 100 persent van die geskende oppervlakte |
| 5.12.2 oorblywende dele van die liggaam behalwe as die gesig en nek | |
| 100 persent van die oppervlak geskend | 30 |
| minder as 100 persent van die oppervlak geskend | die deel van 30 waarin die werklik geskende staan tot 100 persent van die geskende oppervlakte |

Die maatskappy betaal nie ingevolge enige sub-item van hierdie uitbreiding nie tensy die skending 10 persent oorskry ten opsigte van die sub-item ingevolge waarvan 'n eis ingestel word.

## 2 Besigheidsbeperking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van die toevallige liggaamlike besering van sodanige persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid.

## 3 Uitbreiding: Verdwyning

In die geval van die verdwyning van enige versekerde persoon in omstandighede wat die maatskappy tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die maatskappy 'n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van die versekerde persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die versekerde aan die maatskappy terugbetaal word onderworpe daaraan dat die versekerde sodanige betaling kan verhaal van die persoon/persone aan wie dit betaal is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 4 Uitbreiding t.o.v. blootstelling

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

## 5 Uitbreiding t.o.v. lewenshulpmasjinerie

Nieteenstaande enigiets vervat in die omskrewe gebeurtenisse, sluit die gemelde 24-maandetydperk nie 'n tydperk(e) in die dood van die versekerde persoon uitsluitlik deur die gebruik van lewensondersteuningmasjiene, -toerusting of -apparaat vir tydperke van minstens drie opeenvolgende dae vertraag word nie.

Die maatskappy sal, benewens enige vergoeding betaalbaar, betaal vir die redelike koste en uitgawes wat aangegaan word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis ten opsigte van die huurkoste van lewensondersteuningmasjiene, -toerusting of –apparaat,

met dien verstande dat

5.1 die maatskappy se aanspreeklikheid vir sodanige koste en uitgawes wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit, nie R20 000 vir enige enkele versekerde persoon, oorskry nie;

5.2 hierdie uitbreiding nie die maksimum vergoeding betaalbaar deur die maatskappy ooreenkomstig voorbehoudsbepaling 1 (Akkumulasieperk) verhoog nie.

## 6 Uitbreiding: Plaasvervangende persone

Enige persoon wat gedurende die versekeringstydperk deur die versekerde in diens geneem word as 'n direkte plaasvervanger vir 'n versekerde persoon wat in die bylae benoem word, sal outomaties deur hierdie afdeling gedek word, met dien verstande dat

6.1 sodanige veranderings aan die einde van die versekeringstydperk aan die maatskappy verklaar word;

6.2 daar geen verskil is in die beroep van die plaasvervangende persoon en die persoon wat vervang word nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# ARBEIDSPRAKTYKE AANSPREEKLIKHEID

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 KVBA

KVBA beteken

die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie, Bedingingsraad, die Arbeidshof of die Arbeidsappèlhof.

### 2 Eis

eis beteken

2.1 enige regs-, administratiewe of regulatoriese geding, insluitend die uitreiking van 'n lasbrief of dagvaarding of 'n teeneis uitgereik of ingestel teen of beteken aan die versekerde of 'n werknemer van die versekerde vir 'n onbillike arbeidspraktyk; of

2.2 enige skriftelike bewering van 'n onbillike arbeidspraktyk wat aan die versekerde of 'n werknemer gekommunikeer is en bewys lewer van 'n voorneme om die versekerde verantwoordelik te hou vir 'n onbillike arbeidspraktyk.

Meer as een eis wat uit dieselfde onbillike arbeidspraktyk voortspruit, word geag 'n enkele eis te wees wat aanvanklik ingestel is toe die vroegste sodanige eis aanvanklik aangemeld is.

Die term eis sluit nie 'n arbeids- of griewegeding ooreenkomstig 'n kollektiewe bedingingsooreenkoms in nie.

### 3 Koste en uitgawes

koste en uitgawes beteken

koste en uitgawes wat met die vooraf skriftelike toestemming van die maatskappy redelikerwys en noodsaaklikerwys aangegaan word in die ondersoek, onderhandeling, verdediging of appèl van 'n eis.

Indien geen diensverskaffer in die bylae genoem word nie, of indien die genoemde diensverskaffer in die bylae nie deur die versekerde gebruik word nie, is die maatskappy nie aanspreeklik vir koste en uitgawes wat die bedrae soos aangedui in die tabel van koste en uitgawes in die bylae oorskry nie.

Koste en uitgawes sluit nie die volgende in nie:

3.1 die gereelde of oortydlone, salarisse, kommissies, uitgawes of ander voordele wat betaal word aan werknemers van die versekerde wat by die voorbereiding van 'n eis betrokke is;

3.2 die koste om dissiplinêre verhore te hou;

3.3 die koste om voorontslag-arbitrasies te hou, tensy die maatskappy vooraf skriftelike toestemming gee dat sodanig arbitrasie gehou word.

### 4 Werknemer

werknemer beteken

4.1 enige persoon wat in 'n werkverhouding met die versekerde staan, soos vasgestel deur 'n bevoegde hof of die KVBA;

4.2 enige persoon wat werk vir of dienste lewer aan die versekerde, waar die aard van die persoon se verhouding met die versekerde wesenlik met dié van 'n werkverhouding ooreenkom. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, 'n deeltydse, seisoens-, vrywillige, tydelike en gehuurde werknemer asook enige persoon wat in 'n toesighoudende, bestuurs- of nie-uitvoerende direkteurspos aangestel is;

4.3 enige ander persoon wat ingevolge die toepaslike arbeidswetgewing regte teen die versekerde eis, maar slegs in soverre weerlê word dat hul eis binne die trefwydte van arbeidswetgewing val;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

4.4 enige ander persoon wat 'n onafhanklike kontrakteur van die maatskappy is, maar slegs in soverre die maatskappy voor die voorkoms van enige onbillike arbeidspraktyk skriftelik instem om sodanige persoon skadeloos te stel. Sodanige skadeloosstelling is bykomend tot skadeloosstelling wat andersins aan die onafhanklike kontrakteur of 'n geaffilieerde van die onafhanklike kontrakteur beskikbaar is.

## 5 Onafhanklike kontrakteur

onafhanklike kontrakteur beteken

'n natuurlike persoon wat diens aan die versekerde lewer en nie 'n werknemer van die versekerde is nie

## 6 Versekerde

versekerde beteken

die versekerde organisasie wat in die bylae genoem word en sy filiale wat in die bylae genoem word.

## 7 Verlies

verlies beteken:

7.1 skade, vonnisse en koste wat deur die KVBA, 'n bedingingsraad, die Arbeidshof of die Arbeidsappèlhof teen die versekerde toegeken word;

7.2 skikkings wat aangegaan word met die maatskappy se vooraf skriftelike toestemming, wat nie onredelikerwys weerhou sal word nie;

7.3 koste en uitgawes soos hierbo omskryf.

Verlies sluit nie die volgende nie:

7.1 belastings, heffings, boetes of strafvoltrekkings;

7.2 bestraffende, verswaarde of vermenigvuldigde skadevergoeding behalwe indien dit deur die KVBA toegeken is in verband met 'n eis vir onbillike ontslag of voortspruitend uit 'n lastereis;

7.3 enige verpligting voortspruitend uit 'n wet of regulasie in enige jurisdiksie ten opsigte van werkers se vergoeding, ongeskiktheidsvoordele, beëindiging om bedryfsredes, werkloosheidsvoordele of -vergoeding, werkloosheidsversekering, aftreevoordele, welsynsvoordele, bestaansversekeringsvoordele of -vergoeding, of enige soortgelyke wet of regulasie;

7.4 enige werkverwante voordele, toelaes, aandeelopsies, uitgestelde vergoeding, verandering van maatskappybeleid, regstellende aksie, voorligting/sensitiwiteitsopleiding of enige ander tipe vergoeding behalwe salarisse, bonusse en lone;

7.5 enige bedrag ten opsigte waarvan die versekerde deur 'n verdrag, ooreenkoms of hofbevel van betaling kwytskeld word, insluitend maar nie beperk nie tot 'n bedrag voortspruitend uit besluite van kollektiewe bedingings-, vakbond- of bedryfsraadverrigtinge;

7.6 enige las of koste wat deur die versekerde aangegaan word om 'n gebou of eiendom aan te pas om die gebou of eiendom meer toeganklik of akkommoderend te maak vir gestremde persone.

## 8 Versekeringstydperk

versekeringstydperk beteken

die tydperk wat in die bylae vermeld word.

## 9 Diensverskaffer

diensverskaffer beteken

'n werkgewer se organisasie of paslik gekwalifiseerde arbeidsdeskundige wat gemagtig is om die versekerde by die KVBA te verteenwoordig.

## 10 Filiaal

filiaal beteken

10.1 enige tak, afdeling of ander interne struktuur van die versekerde behalwe 'n pensioenfonds of -skema wat vir die versekerde se eie direkteure, beamptes of werknemers gestig is;

10.2 enige maatskappy ten opsigte waarvan die versekerde (hetsy direk of indirek deur een of meer van sy filiaalmaatskappye):

10.2.1 die samestelling van die direksie beheer; of

10.2.2 meer as 50% van die stemreg beheer; of



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

10.2.3 meer as 50% van die uitgereikte aandelekapitaal besit;

10.3 enige maatskappy ten opsigte waarvan die maatskappy vooraf skriftelik toestemming gegee het tot sy dekking as 'n filiaalmaatskappy ingevolge hierdie afdeling.

### 11 Oorname of samesmelting

oorname of samesmelting beteken

enige transaksie waarvolgens 'n ander maatskappy beheer oor die bates of bestuur van die versekerde verkry of waarvolgens die bates van die versekerde oorgaan op of onder beheer kom van 'n ander maatskappy, insluitend 'n oordrag van die hele of 'n deel van 'n besigheid, bedryf of onderneming wat as 'n lopende saak oorgedra word.

### 12 Onbillike arbeidspraktyk

onbillike arbeidspraktyk beteken

12.1 onbillike diskriminasie teen 'n werknemer in enige werkbeleid of arbeidspraktyk op grond van een of meer van die volgende: ras, geslag, swangerskap, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, MIV-status, gewete, oortuiging, politieke mening, kultuur, taal, huwelikstaat of gesinsverantwoordelikheid;

12.2 seksuele teistering, insluitend onwelkome seksuele toenadering, versoeke vir seksuele gunste en onwelkome mondelinge, visuele of fisieke kontak van 'n seksuele aard wat

12.2.1 eksplisiet of implisiet 'n diensvoorwaarde gemaak word; of

12.2.2 by verwerping of teenstand deur 'n persoon 'n grondslag word vir besluite oor die persoon se diens;

12.3 laster wat verband hou met 'n persoon se werkvaardighede, werkprestasie, werkkwalifikasies, professionele reputasie, dissiplinêre geskiedenis of beëindiging van diens;

12.4 onbillike afdanking, ontslag of beëindiging van diens of weiering om 'n voornemende werknemer in diens te neem;

12.5 nadelige verandering in 'n persoon se diensvoorwaardes uit weerwraak omdat daardie persoon sy of haar regte volgens wet uitgeoefen het, of die regte van 'n ander persoon ondersteun.

Verwante, deurlopende of herhaalde onbillike arbeidspraktyke of onbillike arbeidspraktyke met 'n oorsaaklike verband word vir die doeleindes van hierdie polis as 'n enkele onbillike arbeidspraktyk beskou.

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies voortspruitend uit 'n eis wat aanvanklik tydens 'n versekeringstydperk ingestel word vir 'n werklike of beweerde onbillike arbeidspraktyk wat voorgekom het op of na die terugwerkende datum vermeld in die bylae en wat by die maatskappy aangemeld is ooreenkomstig die bepalings, voorwaardes en uitsonderings van hierdie afdeling.

## Spesiale memorandum

### 1 Verkrygings en nuwe besigheid

Indien 'n filiaalmaatskappy na die aanvangsdatum van hierdie afdeling gestig of verkry word:

1.1 en die totale getal werknemers van die filiaalmaatskappy op die datum waarop dit gestig of verkry is nie meer as 10% van die getal werknemers van die versekerde is nie, word die filiaalmaatskappy outomaties deur die afdeling gedek en doen die maatskappy afstand van enige rapporteringsvereistes;

1.2 en die totale getal werknemers van die filiaalmaatskappy op die datum waarop dit gestig of verkry is meer as 10% van die getal werknemers van die versekerde is, word die filiaalmaatskappy deur die afdeling gedek slegs as

1.2.1 skriftelike kennis daarvan binne 90 dae na sy stigting of verkryging aan die maatskappy gegee word, en

1.2.2 die maatskappy instem om dekking uit te brei, en

1.2.3 die maatskappy alle verdere inligting ontvang wat hy kan versoek, en

1.2.4 die maatskappy betaling ontvang van enige addisionele premie wat nodig is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Dekking ingevolge 1.1 en 1.2 hierbo geld slegs ten opsigte van 'n onbillike arbeidspraktyk wat na die datum van sodanige stigting of verkryging gepleeg of na bewering gepleeg is.

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Erkenning van aanspreeklikheid deur die versekerde

Die versekerde mag nie sonder die maatskappy se skriftelike toestemming aanspreeklikheid vir 'n eis erken of 'n eis probeer skik of koste en uitgawes aangaan nie, en die maatskappy is enige tyd geregtig om in die naam van die versekerde die verdediging of skikking van 'n eis oor te neem of waar te neem of in die naam van die versekerde tot die maatskappy se voordeel vervolging in te stel ten opsigte van 'n eis teen 'n derde party vir betaling, skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins. Geen stappe sal in elk geval gedoen word wat die maatskappy kan benadeel nie.

### 2 Verandering van belang

Geen verandering of wysiging aan of oordrag van belang ingevolge hierdie afdeling is geldig nie, behalwe wanneer dit geskied by wyse van 'n skriftelike endossement wat deur 'n gemagtigde verteenwoordiger van die maatskappy onderteken is.

### 3 Versekerde se toestemming

3.1 Die maatskappy mag nie 'n eis sonder die versekerde se toestemming skik nie. Indien die versekerde egter weier om in te stem tot 'n skikking wat deur die maatskappy aanbeveel is en verkies om regsgedinge in verband met sodanige eis te betwis of voort te sit, is die maatskappy se aanspreeklikheid vir die eis hoogstens die bedrag waarmee die eis geskik kon geword het, insluitend koste en uitgawes wat met hul toestemming aangegaan is tot op die datum van sodanige weiering, en dan slegs tot die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

3.2 Van die versekerde word nie verwag om regsgedinge te betwis nie, tensy die regsadviseur (op wie onderling ooreengekom moet word) aanbeveel dat sodanige gedinge betwis moet word, met inagneming van die vooruitsig op sukses en ander relevante omstandighede.

3.3 Die maatskappy is geregtig om 'n prokureur en, indien paslik, 'n advokaat van hul keuse te nomineer om die versekerde te verteenwoordig.

### 4 Inligting en samewerking

Die versekerde moet aan die maatskappy al sodanige inligting en samewerking gee, insluitend toegang tot dokumente en getuies wat die maatskappy redelikerwys vereis, en moet alle redelike pogings aanwend om die bestaan van hierdie afdeling geheim te hou.

### 5 Vertolking

Hierdie afdeling (en enige frase of woord daarin) word vertolk ooreenkomstig die wette van die Republiek van Suid-Afrika.

### 6 Skadeloosstellingsperk

Die maatskappy se totale algehele aanspreeklikheid vir verlies voortspruitend uit eise wat teen die versekerde ingestel word met betrekking tot een (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum), is hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word. Koste en uitgawes is ingesluit by die skadeloosstellingsperk en is nie bykomend daartoe nie.

### 7 Kennisgewing van omstandighede

Die versekerde moet die maatskappy so gou as redelikerwys moontlik, maar in elk geval binne 30 dae nadat hy bewus geword het van omstandighede wat redelikerwys tot 'n eis aanleiding kan gee, daarvan in kennis stel. Indien sodanige kennisgewing gedurende die versekeringstydperk plaasvind, word enige daaropvolgende eis wat voortspruit uit, gebaseer is op of toeskryfbaar is aan die omstandighede waarvan kennis gegee is, geag ingestel te gewees het ten tyde van sodanige kennisgewing aan die maatskappy.

Kennisgewing van sodanige omstandighede sluit is, maar is nie beperk nie tot, 'n beskrywing van die omstandighede, die aard en omvang van die beweerde omstandigheid en die omvang van die beweerde of potensiële skade of verlies, die name van werklike of potensiële eisers en versekerdes, en die datum en wyse waarop die versekerde vir die eerste keer van sodanige omstandighede bewus geword het.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 8 Diensverskaffer

Die versekerde moet 'n diensverskaffer raadpleeg voordat hy 'n werknemer afdank of ander dissiplinêre stappe teen die werknemer instel. Die versekerde moet advies of opdragte wat deur die diensverskaffer ten opsigte van sodanige afdanking of dissiplinêre stappe gegee word, volg of uitvoer. Indien die versekerde versuim om dit te doen, is die maatskappy geregtig om die daaropvolgende eis te verwerp.

## 9 Oorname of samesmelting

In die geval van 'n oorname of samesmelting van die versekerde, word dekking beperk tot onbillike arbeidspraktyke wat deur die versekerde gepleeg is wat nie met sodanige oorname of samesmelting verband hou nie.

## 10 Gebiedsgrense

Hierdie afdeling dek onbillike arbeidspraktyke wat plaasvind of eise wat ingestel word op enige plek ter wêreld, behalwe die Verenigde State van Amerika en Kanada.

# Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy betaal nie vir 'n verlies nie:

## 1 Versuim ten opsigte van professionele dienste

ten opsigte van werklike of beweerde versuim ten opsigte van professionele dienste of pligte deur 'n werknemer in die loop van die versekerde se aktiwiteite;

## 2 Oortreding van minimum loonregulasies

ten opsigte van die oortreding van minimum loonregulasies of nie-betaling van 'n statutêre kraamtoelae, siekteloon of soortgelyke voorsiening;

## 3 Eise voor aanvang

aangebring deur, of waartoe bygedra is deur, of voortspruitend uit omstandighede wat redelikerwys tot 'n eis aanleiding kan gee, waarvan die versekerde voor die aanvang van die afdeling bewus was;

## 4 Koste om aan statutêre gesondheids- en veiligheidstandaarde te voldoen

wat die koste uitmaak van nakoming van 'n verpligting om 'n perseel of werkwyses by die behoeftes van 'n gestremde persoon aan te pas of aan statutêre gesondheids- en veiligheidstandaarde of soortgelyke bepalings binne die wettereg, siviele reg of gemenereg te voldoen, behalwe koste en uitgawes;

## 5 Geregtigdheid op versekering of ander voordele

ten opsigte van werklike of beweerde geregtigdheid op versekering of ander voordele ingevolge wette, reëls en regulasies aangaande werkersvergoeding, werkloosheidstoelaes, gestremdheid, aftrede of bestaansveiligheid;

## 6 Bedrieglike of kriminele daad

voortspruitend uit of enigsins gemoeid met werklike oneerlike, opsetlike, bedrieglike of kwaadwillige optrede deur die versekerde;

## 7 Nywerheidsdispute of onderhandelings

voortspruitend uit nywerheidsdispute of onderhandelings, vakbondaktiwiteite of vakbondlidmaatskap, behalwe koste en uitgawes aangegaan om 'n interdik te verkry in die geval van 'n onbeskermde staking;

## 8 Besering en skade aan eiendom

ten opsigte van werklike of beweerde liggaamlike besering, siekte, ongesteldheid of sterfte van 'n persoon of werklike of beweerde skade aan of vernietiging van tasbare eiendom, insluitend verlies van gebruik daarvan;

## 9 Kennistydperk

wat vergoeding ten opsigte van 'n kennistydperk uitmaak, of waar bepaal is dat dit verskuldig is ingevolge 'n uitdruklike skriftelike dienskontrak of ooreenkomstig 'n uitdruklike skriftelike verpligting om in die geval van diensbeëindiging betalings te doen;

## 10 Uitdiensstelling

met betrekking tot 'n uitdiensstelling of beëindiging om bedryfsredes of 'n oortreding van die voorwaardes van artikel 189 van die Wet op Arbeidsverhoudinge van 1995;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 11 Oorname of samesmelting

voortspruitend uit 'n onbillike arbeidspraktyk wat tydens of na 'n oorname of samesmelting deur die versekerde gepleeg is;

## 12 Oordrag van 'n dienskontrak

voortspruitend uit die oordrag van 'n dienskontrak van die versekerde na 'n ander entiteit.

Vir die bepaling van die toepaslikheid van bogenoemde uitsonderings word die optrede van die versekerde of 'n werknemer nie 'n ander werknemer toegereken nie.

# Klousules, uitbreidings en beperkings

## 1 Verlengde aanmeldingstydperk (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Volgens die versekerde se keuse en onderworpe aan die betaling van 'n addisionele premie soos hieronder gespesifiseer, stem die maatskappy in om die tydperk waarin die versekerde 'n eis kan aanmeld te verleng met 'n tydperk waaroor ooreengekom sal word, maar wat onder geen omstandighede meer as 12 maande sal wees nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem).

Met dien verstande dat:

1.1 hierdie opsie slegs uitgeoefen kan word indien die maatskappy die afdeling kanselleer of weier om dit te hernu;

1.2 hierdie opsie skriftelik deur die versekerde uitgeoefen moet word binne 30 dae na kansellasie of nie-hernuwing;

1.3 hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die versekerde of die maatskappy gekanselleer kan word nie;

1.4 die versekerde nie versekering van dieselfde omvang en dekking as hierdie afdeling wat verstryk, verkry het nie;

1.5 die maatskappy slegs aanspreeklik is vir 'n onbillike arbeidspraktyk wat ná die terugwerkende datum maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing voorgekom het;

1.6 eise wat aanvanklik teen die versekerde ingestel is of omstandighede wat redelikerwys aanleiding kan gee tot 'n eis wat deur die versekerde aangemeld word, hanteer sal word asof hulle aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor die kansellasie of nie-hernuwing;

1.7 die totale bedrag wat deur die maatskappy betaalbaar is vir eise wat ingestel word of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing is, verhoog nie;

| Verlengde aanmeldingstydperk | Addisionele premie |
|---|---|
| 90 dae | 25% van die jaarpremie |
| 180 dae | 50% van die jaarpremie |
| 1 jaar | 100% van die jaarpremie |

## 2 Uitbreiding t.o.v. interne arbeidsadvies (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe daaraan dat paslik gekwalifiseerde en ervare arbeidspraktisyns in die versekerde se diens bly, word spesifieke voorwaarde 8 (Diensverskaffer) geskrap.

## 3 Oordrag van 'n dienskontrak

Spesifieke uitsondering 12 (Oordrag van 'n dienskontrak) word geskrap

## 4 Uitbreiding t.o.v. uitdiensstelling

Spesifieke uitsondering 10 (Uitdiensstelling) word geskrap.

## 5 Uitbreiding t.o.v. samesmeltings en oornames

Spesifieke uitsondering 11 (Oorname of samesmelting) word geskrap. In die geval van 'n oorname of samesmelting van die versekerde, beteken versekeringstydperk die tydperk wat in die bylae vermeld word plus 180 dae daarna.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 6 Uitbreiding t.o.v. afdanking weens onbeskermde staking

Die bepalings van spesifieke uitsondering 7 (Nywerheidsdispute of onderhandelings) word geskrap in soverre hulle van toepassing is op onbillike afdanking voortspruitend uit onbeskermde staking. Slegs vir die doeleindes van hierdie uitbreiding word 'n staking geag onbeskerm te wees indien die versekerde kan toon dat dit ten tyde van die afdanking redelik was om te aanvaar dat die staking onbeskerm is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# BRAND

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui.

### 1 Onbewoon

'n gebou word geag onbewoon te wees indien meer as 80% van sy totale vloerruimte nie beset word nie. Die teenwoordigheid van sekuriteitspersoneel in die gebou of op die perseel beteken nie op sigself bewoning van die gebou nie.

Omskrewe gebeurtenisse

Skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word, wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, insluitend verbouings deur die versekerde as huurder aan geboue en strukture, terwyl (tensy anders vermeld) in of op geboue met baksteen-, klip- of betonmure of metaalpanele op metaalraamwerk en leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdakke (insluitend verlies van huur (indien verseker) met betrekking tot sodanige geboue) op die perseel, veroorsaak deur die versekerde gevare.

## Versekerde gevare

### 1 Brand

brand insluitend onderaardse brande

### 2 Ontploffing

ontploffing

### 3 Weerlig of donderslag

weerlig of donderslag insluitend skade veroorsaak deur kragstuwings wat regstreeks uit sodanige weerligslae voortspruit

### 4 Bykomende gevare

sodanige bykomende gevare as wat in die bylae as ingesluit vermeld word.

## Bykomende gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

### 1 Aardbewing

aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting (insluitend getygolf en/of tsoenami wat uit aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting voortspruit) maar met uitsluiting van skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

### 2 Lekkasie

onlading of lekkasie van enige sprinkelaar-, drenkstelsel of brandblusinstallasie/-toestel.

2.1 Indien 'n eersteverliesperk in die bylae teenoor hierdie bykomende gevaar aangetoon word,

2.1.1 is die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis of reeks eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, hoogstens die bedrag wat in die bylae vermeld word;

2.1.2 word die eweredigheidsvoorwaarde slegs vir die doeleindes van hierdie gevaar vervang deur die volgende:

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur die ontlading of lekkasie, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit teen brandskade verseker is, is die maatskappy ingevolge hierdie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

gevaar slegs aanspreeklik vir dié deel van die eersteverliesperk wat die versekerde bedrag teen brand van die totale waarde van sodanige eiendom uitmaak en word die versekerde geag sy eie versekeraar te wees vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, waarop hierdie gevaar van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe.

2.2 Slegs ten opsigte van hierdie gevaar word spesifieke uitsondering 1 (Natuurontwrigting) van hierdie afdeling geskrap.

## 3 Kwaadwillige beskadiging

Skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

3.1 roerende eiendom wat:

3.1.1 gesteel word;

3.1.2 beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige gebou of perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word;

3.2 roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige gebou of persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

3.3 onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

3.3.1 die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

3.3.2 die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe; van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

3.1 skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

3.2 gevolglike of onregstreekse skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

3.3 skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

3.4 skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

3.5 skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.1, 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6, of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 3.1, 3.2, 3.3, 3.4 of 3.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien 'n versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 45 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering teen hierdie gevaar opgeskort ten opsigte van die geaffekteerde eiendom, tensy die versekerde voor die voorkoms van skade skriftelike instemming van die maatskappy verkry het om hierdie gevaar voort te sit.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 45 opeenvolgende dae van onbewoning, word die versekerde 'n medeversekerde saam met die maatskappy en dra hy 'n eweredige gedeelte van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis dra met 'n maksimum bedrag van R5 000 000 voor die aftrekking van enige bybetaling;

## 4 Oproer en staking (met uitsluiting van verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië voorkom)

verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

4.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

4.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 4.1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

4.1 verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

4.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

4.3 verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

4.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

4.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 4.1, 4.2, 4.3, 4.4 of 4.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 5 Spesiale gevare

skade wat veroorsaak word deur:

5.1 storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom;

5.1.1 wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

5.1.2 wat veroorsaak word deur 'n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

5.1.3 in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn;

5.1.4 in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting [wat nie voertuie insluit nie] wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk);

5.1.5 in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie;

5.1.6 wat keermure is;

} tensy dit so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker word;

5.2 lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;

5.3 botsing deur rotse en groot klippe (behalwe meteoriete, asteroïede of soortgelyke liggame wat die aarde se atmosfeer binnedring), diere, bome, antennes, satellietskottels of -voertuie, insluitend spoorweglokomotiewe of rollende materiaal, met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels of -voertuie, spoorweglokomotiewe of rollende materiaal of eiendom in of op sodanige voertuie, spoorweglokomotiewe of rollende materiaal.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

5.1 slytasie of geleidelike agteruitgang;

5.2 skade wat veroorsaak of vererger word deur:

5.2.1 lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar- of drenkstelsel in die geboue wat hierkragtens verseker word of in geboue wat eiendom bevat wat hierkragtens verseker word; lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar- of drenkstelsel in geboue wat eiendom bevat wat hierdeur verseker word. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op skade veroorsaak of vererger deur sodanige lekkasie of ontlading wat voorkom in areas van die geboue wat nie deur die versekerde geokkupeer word nie;

5.2.2 insakking of grondverskuiwing;

5.2.3 die versekerde se versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 6 Insakking, grondverskuiwing en opwelling

insakking, grondverskuiwing en opwelling, behalwe verlies of skade veroorsaak aan of deur:

6.1 verlies of skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit spesifiek verseker is;

6.2 verlies of skade wat veroorsaak word deur of wat toegeskryf kan word aan:

6.2.1 foutiewe ontwerp of konstruksie van of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;

6.2.2 werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige geboue wat op die versekerde perseel geleë is;

6.2.3 uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede;

6.2.4 normale vassakking, inkrimping of uitsetting;

6.2.5 inkrimping of uitsetting van klei of soortgelyke tipes grond weens die klammigheid of waterinhoud daarvan;

6.2.6 bestaande skade by die aanvang van hierdie gevaar;

6.3 gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld wanneer spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker.

Met dien verstande dat

6.1 die versekerde verantwoordelik is vir die bybetaling soos vermeld in die bylae ten opsigte van iedere en elke eis;

6.2 die maatskappy nie verantwoordelik is vir die koste van stutwerk, heiwerk of enige soortgelyke werk wat nodig is om te verhoed dat verlies of skade weens insakking, grondverskuiwing of opwelling weer voorkom nie, behalwe waar sodanige gepaste ontwerpvoorsorgmaatreëls reeds voor die skade by die oorspronklike konstruksie ingesluit is.

Indien die maatskappy beweer dat dekking ingevolge hierdie gevaar nie van toepassing is nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien 'n eersteverliesperk in die bylae teenoor hierdie gevaar aangetoon word, is die bedrag van sodanige perk die maksimum aanspreeklikheid van die maatskappy ten opsigte van enige enkele gebeurtenis en, slegs vir die doeleindes van hierdie gevaar, word die eweredigheidsvoorwaarde wat hierin uiteengesit is, vervang deur die volgende:

> Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur die lekkasie of ontlading, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit teen brandskade verseker is, is die maatskappy ingevolge hierdie gevaar slegs aanspreeklik vir dié deel van die eersteverliesperk wat die versekerde bedrag teen brand van die totale waarde van sodanige eiendom uitmaak en word die versekerde sy eie versekeraar geag vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, waarop hierdie gevaar van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe.

## Spesifieke voorwaarde

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. Tensy spesifiek anders vermeld in die bylae, word die versekerde bedrag geag die waarde te verteenwoordig van alle eiendom by die perseel wat deur die item beskryf word.

## Spesifieke uitsonderings

Hierdie versekering dek nie die volgende nie:

### 1 Natuurontwrigting

aardbewing (hetsy dit voortspruit uit mynboubedrywighede of andersins), seebewing, vulkaanuitbarsting of ander natuurontwrigting (behalwe onderaardse brande) tensy dit as 'n bykomende gevaar bygevoeg is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Enige skade wat plaasvind tydens die bestaan van abnormale toestande (hetsy fisiek of andersins) wat teweeggebring word deur of deur middel van of wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur enige van die genoemde gebeurtenisse word geag skade te wees wat nie deur hierdie versekering gedek word nie, behalwe in die mate waarin die versekerde bewys dat sodanige skade onafhanklik van die bestaan van sodanige abnormale toestande plaasgevind het. In enige aksie, geding of ander verrigtinge waar die maatskappy beweer dat enige skade uit hoofde van hierdie uitsondering nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

### 2 Verhitting of droging

skade aan eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings- of drogingsproses wat dit ondergaan;

### 3 Marine versekering

skade aan eiendom wat ten tyde van die skade verseker is of as dit nie vir hierdie versekering was nie, verseker sou gewees het deur enige marinepolis(se), behalwe ten opsigte van enige bybetaling bó die bedrag wat ingevolge die marinepolis(se) betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

## Klousule uitbreidings en beperkings

### 1 Klousule: Alle ander inhoud

Die uitdrukking "alle ander inhoud" waarna in die omskrywing van aanleg en masjinerie verwys word sluit in, maar is nie beperk nie tot, persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse wat die eiendom van die versekerde of direkteure of werknemers van die versekerde is in soverre sodanige eiendom nie andersins verseker is nie.

Die voordeel ingevolge hierdie uitbreiding word beperk tot R15 000 vir enige enkele persoon ten opsigte van eiendom wat verloor of beskadig word terwyl dit op die perseel is.

### 2 Klousule: Veranderings en wanbeskrywing

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie nie, hetsy te wyte aan die verskuiwing van prosesse of masjinerie of uit hoofde van die aanskaffing van bykomende persele, strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of toerusting met dien verstande dat die maatskappy so gou moontlik daarna in kennis gestel word en die versekerde instem om, indien vereis, 'n bykomende premie te betaal.

### 3 Klousule: Alternatiewe vervangingsvoorwaardes (ontwerp-vermoë)

Indien die versekerde eiendom wat oor 'n meetbare werkingsvermoë of produksie beskik, deur 'n omskrewe voorval beskadig word en dit nie moontlik is om sodanige eiendom ingevolge die herstelwaardevoorwaardes te vervang of te herstel nie, betaal die maatskappy die koste van vervanging van sodanige eiendom met eiendom waarvan die gehalte van werkingsvermoë of produksie so na moontlik maar nie minderwaardig is nie aan dié van die oorspronklike eiendom.

Met dien verstande dat:

3.1 voorbehoudsbepaling 20.1, 20.2, 20.3 en 20.4 van klousule 20 (Klousule: Herstelwaardevoorwaardes – van toepassing op ander eiendom as handelsvoorraad, motorvoertuie of kliënte se goedere) gelykwaardig op hierdie klousule van toepassing is;

3.2 by die toepassing van die bepalings van voorbehoudsbepaling 20.3 van die herstelwaardevoorwaardes, die koste (soos voorsien in voorbehoudsbepaling 20.3) "wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel indien die totale eiendom beskadig was" verhoog word deur sodanige bedrag wat ingevolge die alternatiewe vervangingsklousule betaalbaar is en wat meer is as dit wat betaalbaar sou gewees het ingevolge die klousule: Herstelwaardevoorwaardes sou dit moontlik gewees het om die eiendom daarkragtens te vervang of te herstel.

### 4 Klousule: Argitek- en ander professionele gelde

Die versekering ingevolge kolom 1 en 3 van die bylae sluit professionele gelde in (vir ramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die versekerde eiendom te herstel of te vervang na skade weens 'n omskrewe gebeurtenis, maar in geen geval oorskry dit 20 persent van die bedrag betaalbaar ten opsigte van sodanige skade nie, en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die geaffekteerde eiendom beloop.


Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van sodanige gelde sluit nie koste in wat aangegaan word in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

## 5 Klousule: Waarborgbreuk

Die bygaande waarborge en spesiale memoranda sal afsonderlik van toepassing wees op die betrokke items asof elkeen verseker is deur 'n aparte polis. Die breuk van enige waarborg of spesiale memorandum sal die polis nietig maak slegs ten opsigte van die items waar die breuk betrekking het en nie ten opsigte van die oorblywende items nie.

## 6 Klousule: Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag/bedrae nie) aan of tot die eiendom behalwe handelsvoorraad vir 'n bedrag van hoogstens 20 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die maatskappy elke kwartaal (of indien die versekeringstydperk meer dikwels as kwartaalliks is, elke maand) van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

## 7 Klousule: Koste van sloping en opruiming en die oprigting van skuttings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van geboue en masjinerie en/of die verwydering van puin (insluitend voorraadpuin) van eiendom verseker en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede ná skade aan die versekerde eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

Die maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

7.1 aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

7.2 voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis/afdeling verseker is nie.

## 8 Uitbreiding: Skade deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om verlies of skade aan versekerde eiendom in te sluit veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Met dien verstande dat:

8.1 wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere sal beteken die wat vrylik in die natuur lewe en wat nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word nie en sluit nie motte, knaagdiere en ongediertes in nie

8.2 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis of reeks eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron nie R10 000 sal oorskry nie

8.3 die versekerde verantwoordelik is vir die eerste R1 000 ten opsigte van iedere en elke eis ingevolge hierdie uitbreiding

## 9 Klousule: Toewysing van eiendom

Om waar nodig die omskrywing te bepaal waarvolgens 'n eiendom verseker is, stem die maatskappy in om die toewysing waaronder sodanige eiendom in die versekerde se boeke ingeskryf is, te aanvaar.

## 10 Uitbreiding: Verslegting van onbeskadigde voorraad

Die versekering ten opsigte van handelsvoorraad sluit in die verslegting van onbeskadigde voorraad weens die versekerde se onvermoë om sodanige voorraad te verwerk ná 'n omskrewe gebeurtenis ingevolge hierdie afdeling.

Met dien verstande dat:

10.1 sodanige voorraad deur die besigheid aangewend sou geword het indien die omskrewe gebeurtenis nie voorgekom het nie;

10.2 sodanige voorraad nie aangewend kan word voor of, sover redelikerwys voorsien kan word, na die verstryking van twee jaar na die datum van die gebeurtenis nie;

10.3 die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling hierkragtens beperk word tot die werklike aankoopkoste wat deur die versekerde vir sodanige voorraad aangegaan is, of die



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

vervaardigingskoste wat werklik deur die versekerde aangegaan is om sodanige voorraad te produseer tot en met die voorkoms van die omskrewe gebeurtenis, minus, indien die goedere as wrakgoedere verkoop word, die netto gerealiseerde bedrag van sodanige verkoping.

## 11 Klousule: Wegdoen met geredde goedere (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Sonder om die regte van die maatskappy te verminder om hom in geval van 'n verlies op die bepalings van die algemene voorwaardes te beroep, stem die maatskappy in om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis hierkragtens is sonder die toestemming van die versekerde te verkoop of andersins daarmee weg te doen nie, mits die versekerde tot die bevrediging van die maatskappy kan bewys dat sy belange sodoende benadeel word in welke geval die maatskappy instem om die versekerde die eerste keuse te bied om sodanige eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of markwaarde, wat ook al die grootste is.

Die versekerde is nie ingevolge die bepalings van hierdie klousule daarop geregtig om enige eiendom aan die maatskappy prys te gee nie, hetsy die maatskappy daarvan besit geneem het of nie.

## 12 Uitbreiding: Prysaanpassingsklousule (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(-e) ingevolge kolomme 1 en/of 3 van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag(-e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

By elke hernuwingsdatum moet die versekerde die maatskappy in kennis stel van die bedrag(-e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie uitbreiding is 50 persent van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is.

## 13 Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 14 Klousule: Beperkings

Die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van alle ander inhoud waarna in die omskrywing van aanleg en masjinerie verwys word, word beperk ten opsigte

14.1 geld en seëls tot 'n perk van R15 000;

14.2 dokumente, manuskripte, sakeboeke, planne, rekenaarstelselopgawes en -media, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms tot die waarde van die materiaal en die bedrae wat aan arbeid bestee word.

## 15 Klousule: Verbandhouer/finansier

Die belang van enige verbandhouer/finansier in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die versekerde waardeur die risiko of verlies of skade sonder die verbandhouer/finansier se medewete wesenlik verhoog word nie. Die verbandhouer/finansier moet die maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die maatskappy aanvaar word.

## 16 Klousule: Munisipale planondersoekgelde

Die versekering ingevolge kolom 1 van die bylae sluit die munisipale planondersoekgelde in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die gebou wat geraak word, beloop.

## 17 Klousule: Vereistes van openbare owerhede

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in as wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

17.1 die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is nie die volgende insluit nie:

17.1.1 die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogemelde regulasies:

17.1.1.1 ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;

17.1.1.2 ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;

17.1.1.3 ingevolge waarvan kennis aan die versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het;

17.1.1.4 ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van dié deel wat beskadig is;

17.1.2 die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die beskadigde eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogemelde regulasies te voldoen, nie ontstaan het nie;

17.1.3 die bedrag van enige munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogemelde regulasies;

17.2 die herstel- of herbouwerk met redelike spoed begin en uitgevoer word en dit mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien bogemelde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;

17.3 indien die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;

17.4 die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

## 18 Klousule: Hooftoevoerverbindings

Hierdie afdeling word uitgebrei om toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telekommunikasieverbindings, die eiendom van die versekerde of waarvoor hy regtens verantwoordelik is tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte te dek.

## 19 Klousule: Spoorweg- en ander subrogasie

Die versekerde word nie benadeel nie deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame.

## 20 Klousule: Herstelwaardevoorwaardes – van toepassing op ander eiendom as handelsvoorraad, motorvoertuie of kliënte se goedere

Ingeval eiendom behalwe handelsvoorraad, motorvoertuie of kliënte se goedere beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken sal word die koste van vervanging of herstel op dieselfde terrein van eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of groter as die versekerde eiendom toe dit nuut was nie,

Met dien verstande dat

20.1 die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer kan word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die versekerde se vereistes geskik is, op voorwaarde dat die aanspreeklikheid van die maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word, anders word geen betaling gedoen bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie herstelwaarde-voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

20.2 totdat uitgawes deur die versekerde aangegaan is om die eiendom te herstel of te vervang, die maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

20.3 indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, meer is as die versekerde bedrag daarop by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n omskrewe gebeurtenis, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies moet dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;

20.4 hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is indien

20.4.1 die versekerde versuim om binne ses maande na die datum van skade of binne sodanige verdere tydperk wat die maatskappy skriftelik kan toelaat, die maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;

20.4.2 die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of op 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## 21 Klousule: Herstelwaardevoorwaardes – van toepassing op motorvoertuie (insluitend kliënte se voertuie) indien as 'n spesifieke item verseker

21.1 In die geval van gedeeltelike skade aan motorvoertuie, is die skadeloosstellingsgrondslag die herstelkoste om die voertuig tot die toestand daarvan voor die skade te herstel.

21.2 In gevalle waar 'n nuwe voertuig as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis sodanig beskadig word dat dit na die maatskappy se oordeel nie ekonomies herstel kan word nie, is die skadeloosstellingsgrondslag die huidige koopprys van 'n nuwe voertuig van dieselfde model as die gesteelde of beskadigde voertuig of die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, wat ook al die minste is, met dien verstande dat indien die versekerde 'n vervangingsvoertuig vir minder as die huidige koopprys kan bekom, die voordeel van sodanige besparing aan die maatskappy deurgegee sal word.

Indien die versekerde nie die voertuig kan of wil vervang nie, sal die vereffeningsgrondslag weer die grondslag word soos bepaal deur 21.3.

21.3 In gevalle waar 'n motorvoertuig wat nie nuut is nie, as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis sodanig beskadig word dat dit na die maatskappy se oordeel nie ekonomies herstel kan word nie, is die skadeloosstellingsgrondslag die redelike markwaarde van die voertuig ten tyde van die verlies of skade of die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word, wat ook al die minste is.

21.4 Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding:

21.4.1 beteken privaat tipe motorvoertuig privaat tipe motors (insluitend stasiewaens, safarivoertuie, karweimotors en dies meer of soortgelyke voertuie wat ontwerp is om hoogstens sitplek vir 12 persone insluitend die bestuurder te verskaf) wat aan die versekerde of kliënte van die versekerde behoort (maar slegs as die motors spesifiek as spesifieke items verseker is).

21.4.2 beteken nuwe voertuig 'n privaat tipe motorvoertuig wat ten tyde van die verlies of skade as nuut geregistreer is in die laaste 12 maande en sedert registrasie gemiddeld minder as 3 500 kilometer per maand gereis het. Die bewyslas om die kilometers afgelê deur die voertuig te bewys, rus op die versekerde.

## 22 Klousule: Herstelwaardevoorwaardes – van toepassing op handelsvoorraad en kliënte se goedere

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis ten opsigte van

22.1 kliënte se goedere (behalwe kliënte se voertuie) bereken sal word indien dit as 'n spesifieke item verseker is, is een van die volgende:

22.1.1 die vervanging van die eiendom deur soortgelyke eiendom in 'n toestand wat ooreenstem met maar nie beter of omvangryker is nie as die toestand van die eiendom toe dit nuut was;

of

22.1.2 die herstel van die eiendom tot 'n toestand wat wesenlik dieselfde is, maar nie beter is nie, as die toestand van die eiendom toe dit nuut was;

22.2 handelsvoorraad bereken sal word, is die kosprys vir die versekerde ten tyde van die verlies.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Met dien verstande dat waar die eiendom nie vervang word nie, die voorwaardes van hierdie klousule nie sal geld nie.

## 23 Klousule: Huurgeld

Die maatskappy betaal die bedrag van die huurgeld wat ontvangbaar of betaalbaar is of die huurwaarde (na gelang van die geval) soos hieronder omskryf, in geval die perseel wat in die bylae vermeld word gedurende die termyn wat daarin gespesifiseer word, onverhuurbaar word as gevolg van skade deur 'n omskrewe gebeurtenis:

23.1 huurgeld ontvangbaar - die werklike huurgeld wat ten tyde van die gebeurtenis deur die versekerde ontvangbaar is ten opsigte van die vermelde perseel of ten opsigte van sodanige deel daarvan as wat dan verhuur mag wees.

23.2 huurgeld betaalbaar - die werklike huurgeld wat betaalbaar is deur die versekerde aan die eienaar of verhuurder van vermelde perseel.

23.3 huurgeldwaarde - die werklike huurwaarde van die vermelde perseel.

Die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, is in die verhouding waarin die versekerde bedrag staan tot die werklike huurgeld ontvangbaar/huurgeld betaalbaar of die huurwaarde van die perseel na gelang van die geval. Indien die perseel nie vir die hele vermelde termyn onverhuurbaar is nie, is die maatskappy slegs aanspreeklik om sodanige deel te betaal van die bedrag wat betaalbaar is as dié wat die tydperk waartydens die vermelde perseel onverhuurbaar bly, uitmaak van die hele termyn wat hierbo gespesifiseer is, maar die tydperk mag nie die tydsduur wat nodig is om die perseel in 'n verhuurbare toestand te bring, oorskry nie.

## 24 Klousule: Voorraadverklaringsvoorwaardes

Ten opsigte van bedryfsvoorraad en -materiaal wat ingevolge hierdie afdeling verseker word en wat onderworpe is aan die voorraadverklaringsvoorwaardes word die premie op 75 persent van die bedrag of bedrae waarteen dit verseker is, bereken, onderworpe aan die volgende spesifieke voorwaardes:

24.1 Die versekerde moet skriftelik aan die maatskappy die markwaarde van sy bedryfsvoorraad en materiaal op die laaste dag van elke maand/kwartaal (soos vermeld in die bylae) verklaar en sodanige verklaring moet binne 30 dae vanaf daardie datum gedoen word anders word dit geag dat hy die versekerde bedrag ten opsigte van sodanige eiendom as die markwaarde daarvan verklaar het.

24.2 Ná elke (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) word die premie bereken op die gemiddelde versekerde bedrag, naamlik die totaal van die waardes wat verklaar is of geag word verklaar te wees, gedeel deur die getal verklarings wat afgelê moes word. Indien die premie só bereken verskil van die voorlopige premie, word die verskil aan of deur die versekerde betaal na gelang van die geval, maar die bedrag wat deur die maatskappy betaalbaar is, is hoogstens 50 persent van die voorlopige premie.

24.3 Enige eis hierkragtens word ingevolge punt 22.2 van klousule 22 (Klousule: Herstelwaardevoorwaardes – van toepassing op handelsvoorraad en kliënte se goedere) hierbo geskik.

24.4 Indien daar ná die plaasvind van skade gevind word dat die bedrag van die laaste verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het, word die bedrag wat deur die versekerde verhaalbaar sou wees in sodanige verhouding verminder as dié wat die bedrag van die genoemde verklarings uitmaak van die bedrag wat verklaar moes gewees het, of tot die versekerde bedrag, wat ook al die kleinste bedrag is. Indien van toepassing, werk die bepalings van hierdie voorwaarde kumulatief saam met die bepalings van die spesifieke voorwaarde wat betrekking het op eweredigheid.

24.5 As teenprestasie daarvoor dat die versekering nie deur die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die versekerde vanaf die datum van die verlies tot die verstryking van die versekeringstydperk bykomende premie op die bedrag van die verlies betaal en sodanige bykomende premie word nie by die finale aanpassingspremie in ag geneem nie en word daarvan onderskei.

24.6 Die maatskappy se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag en die premie is nie ontvangbaar ten opsigte van waardes wat dit oorskry nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

24.7 Bogemelde spesifieke voorwaardes geld afsonderlik vir elke item van die spesifikasie waarop hierdie Voorraadverklaringsvoorwaardes van toepassing is.

## 25 Klousule: Tydelike verwydering

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die versekerde eiendom gedek terwyl dit tydelik na 'n ander plek verskuif word op die perseel wat in die bylae vermeld word of na enige ander perseel insluitend transito per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne die Republiek van Suid Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe.

Met dien verstande dat:

25.1 die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens 20 persent is van die versekerde bedrag wat vir elke item geld tensy die doel van sodanige tydelike verwydering die skoonmaak, hernuwing, herstel of 'n soortgelyke proses is;

25.2 enige voorwaardes, waarborge, vereistes of uitsonderings wat op die eiendom van toepassing is terwyl dit op sy oorspronklike plek is, sonder voorbehoud geld vir die eiendom terwyl dit tydelik verwyder is;

25.3 die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die skade op die deel van die perseel plaasgevind het waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

## 26 Klousule: Huurders

Die maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die versekerde) wat sonder die versekerde se medewete geskied nie. Die versekerde moet die maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die maatskappy aanvaar word.

## 27 Klousule: Voertuigvrag

Indien enige eiendom wat hierdeur verseker is op 'n voertuig gelaat word as vrag terwyl dit op die versekerde perseel is, sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade aan sodanige eiendom wat veroorsaak is deur enige van die versekerde gevare.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# BREË GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Skade

skade beteken

verlies van besit of beheer van of werklike skade aan tasbare eiendom of steuring van serwituut of reg van toegang of ander aantasting van werklike of persoonlike regte op die gebruik van eiendom

### 2 Besering

besering beteken

dood, liggaamlike besering, siekte of ongesteldheid of verstandelike besering van of aan enige persoon

### 3 Nalatige advies

nalatige advies beteken

onjuiste of ontoereikende advies of inligting van ’n tegniese aard wat ter bevordering van die versekerde se produkte of dienste verskaf word, maar nie waar sodanige advies of inligting:

3.1 gegee word in ruil vir ’n fooi of soortgelyke teenprestasie nie, of

3.2 ’n noodsaaklike deel is van die versekerde se aktiwiteit om ’n inkomste te verdien nie

### 4 Produk

produk beteken

enige tasbare eiendom wanneer dit nie meer in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is nie, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel is deur of namens die versekerde, maar dit beteken nie voedsel en drank wat deur of namens die versekerde hoofsaaklik aan die versekerde se werknemers as ’n personeelvoordeel verskaf word nie

### 5 Besoedeling

besoedeling beteken

die uitlating, storting, verspreiding, wegdoening, sypeling, vrylating of ontsnapping van enige vloeibare, vastestof-, gasagtige of termiese irriteermiddel, kontaminant of besoedelstof in of op grond, die atmosfeer of enige ander waterweg of poel water of die voortbring van reuke, geluide, vibrasies, lig, elektrisiteit, uitstraling, veranderings in temperatuur of enige ander sensoriese verskynsel, maar nie brand of ontploffing nie

### 6 Voertuig

voertuig beteken

enige landvoertuig of sleepwa (insluitend enige masjinerie of apparaat wat daarby aangeheg is), ongeag of dit aan voertuigregistrasie onderworpe is en of dit selfaangedrewe (insluitend lokomotiewe en rollende materiaal) is of nie

## Omskrewe gebeurtenisse

Besering, skade of verlies soos hierna bepaal in die gekose versekeringsonderafdelings en uitbreidings waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word ooreenkomstig die wette van enige land, maar nie ten opsigte van enige vonnis, toekenning, betaling of skikking aangegaan in lande wat aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada onderworpe is of enige bevel wat op enige plek in die wêreld gegee word om sodanige vonnis, toekenning of skikking gedeeltelik of ten volle ten uitvoer te bring nie.

Die skadeloosstelling hierin geld slegs vir eise wat gedurende die versekeringstydperk aanvanklik teen die versekerde ingestel word en voortspruit uit die besigheid wat in die bylae gespesifiseer word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Skadeloosstellingsperke

Die maatskappy se totale aanspreeklikheid om vergoeding, eisers se koste, fooie en uitgawes en verdedigingskoste te betaal, mag nie die skadeloosstellingsperke wat in die bylae gemeld word te bowe gaan nie. Die skadeloosstellingsperk is die maksimum bedrag van die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van alle eise voortspruitend uit een oorspronklike oorsaak.

Indien een oorspronklike oorsaak aanleiding gee tot 'n eis of reeks eise wat die onderwerp van skadeloosstelling deur meer as een onderafdeling van hierdie afdeling is, geld elke onderafdeling afsonderlik en is dit onderworpe aan sy eie afsonderlike aanspreeklikheidsperk, altyd met dien verstande dat die totale bedrag van die maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot die grootste skadeloosstellingsperk beskikbaar ingevolge enigeen van die onderafdelings wat skadeloosstelling vir die eis of reeks eise toestaan. Alle gemelde perke is betaalbaar benewens die eerste bedrag betaalbaar van toepassing op die betrokke eis.

# Onderafdeling A - Gemeenregtelike aanspreeklikheid

### 1 Onderafdeling A - Skadeloosstelling

Die versekerde word deur hierdie onderafdeling skadeloos gestel ten opsigte van besering of skade, maar nie teen eise vir en/of voortspruitend uit die volgende nie:

1.1 besoedeling

1.2 enige produk

1.3 nalatige advies.

### 2 Onderafdeling A - Uitsluitings

Hierdie onderafdeling dek nie aanspreeklikheid vir eise voortspruitend uit die volgende nie:

**2.1 Lugvaartuig, watervaartuig of skeertuig**

die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die versekerde van enige lugvaartuig, watervaartuig of skeertuig (behalwe 'n vaartuig wat hoogstens vyf meter lank is en dan slegs op binnelandse waterweë)

**2.2 Lughawe, landingstrook of helikopterdek**

die eienaarskap, huur, bruikhuur of bedryf van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek deur of namens die versekerde, behalwe landingstroke en helikopterdekke wat nie met beheertoringfunksies toegerus is nie.

**2.3 Wetgewing wat die besit of gebruik van motorvoertuie beheer**

aanspreeklikheid wat die onderwerp is van statutêre of soortgelyke wetgewing wat die besit of gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer en ten opsigte van welke aanspreeklikheid:

2.3.1 die versekerde verplig is om versekering aan te gaan of andersins sekuriteit te verskaf, of

2.3.2 die staat of ander staatsowerheid verantwoordelikheid aanvaar het

**2.4 Eiendom besit deur of in bewaring of onder beheer van die versekerde**

skade aan eiendom wat besit, gebruikhuur of gehuur word deur of onder huurkoop is of geleen word aan die versekerde, of andersins in die versekerde se sorg of bewaring of onder sy/haar beheer is, behalwe:

2.4.1 'n perseel (of die inhoud daarvan) wat tydelik deur die versekerde geokkupeer word vir werk daarin of ander eiendom wat tydelik in die versekerde se besit is vir werk daaraan (maar geen skadeloosstelling word toegestaan vir skade aan dié deel van die eiendom waarop die versekerde werk en wat uit sodanige werk voortspruit nie)

2.4.2 werknemers en besoekers se klere en persoonlike besittings

2.4.3 'n perseel wat deur die versekerde as huurder bewoon word, in soverre die versekerde in die afwesigheid van 'n spesifieke ooreenkoms aanspreeklik gehou sou word

2.4.4 eiendom wat aan 'n spoordiensverskaffer of 'n staats- of semistaatsdepartement, provinsiale administrasie, munisipaliteit of soortgelyke liggaam behoort, terwyl dit op 'n perseel is wat permanent deur die versekerde bewoon word



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 2.5 Voertuie

die eienaarskap, besit of gebruik van enige voertuig deur of namens die versekerde, behalwe eise:

2.5.1 wat veroorsaak is deur die gebruik van:

2.5.1.1 ’n werktuig of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met enige voertuig

2.5.1.2 ’n voertuig as ’n handelswerktuig

2.5.1.3 ’n sleepwa wat nie vasgeheg is aan en ook nie toevallig losgekom het van ’n motorvoertuig nie

2.5.2 wat ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang en veroorsaak word deur die laai of aflaai van enige voertuig

2.5.3 vir skade aan ’n brug, weegbrug, pad of enigiets daaronder wat deur die gewig van die voertuig of die vrag daarop veroorsaak word

2.5.4 wat ontstaan terwyl ’n voertuig tydelik in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is vir die doeleindes van parkering

2.5.5 wat voortspruit uit die besit of gebruik deur die versekerde van ’n voertuig wat aan ’n spoordiensverskaffer of ’n staats- of semistaatsdepartement, provinsiale administrasie, munisipaliteit of soortgelyke liggaam behoort, terwyl dit op ’n perseel is wat permanent deur die versekerde bewoon word

2.5.6 wat die onderwerp is van uitbreidings wat werkgewersaanspreeklikheid en aanspreeklikheid van werknemer teenoor werknemer dek

2.5.7 wat voortspruit uit skade aan persele geokkupeer (maar nie besit) deur die versekerde

# Onderafdeling B - Aanspreeklikheid vir besoedeling

## 1 Onderafdeling B - Skadeloosstelling

Die versekerde word deur hierdie onderafdeling skadeloos gestel teen eise vir besering of skade voortspruitend uit besoedeling, maar slegs in soverre bewys kan word dat sodanige besoedeling:

1.1 die regstreekse gevolg is van ’n skielike, spesifieke gebeurtenis wat gedurende die versekeringstydperk voorkom en skadeloos gestel kan word

1.2 nie die regstreekse gevolg is van versuim deur die versekerde om redelike voorsorgmaatreëls te tref om sodanige besoedeling te voorkom nie.

Die bedrag wat ingevolge hierdie onderafdeling betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur ’n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie onderafdeling in die bylae vermeld word.

## 2 Onderafdeling B - Uitsluitings

Hierdie onderafdeling is onderworpe aan die uitsluitings in onderafdeling A in soverre hulle toegepas kan word, en dek ook nie aanspreeklikheid vir eise voortspruitend uit of in verband met enige produk nie.

# Onderafdeling C - Produkaanspreeklikheid/Gebrekkige vakmanskap

## 1 Onderafdeling C - Skadeloosstelling

Die versekerde word deur hierdie onderafdeling skadeloos gestel teen eise vir besering of skade voortspruitend uit of in verband met enige produk of besoedeling wat daardeur veroorsaak word, altyd onderworpe aan die bepalings van onderafdeling B - Skadeloosstelling.

Die bedrag wat ingevolge hierdie onderafdeling betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur ’n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie onderafdeling in die bylae vermeld word.

### 2 Onderafdeling C - Uitsluitings

Hierdie onderafdeling dek nie aanspreeklikheid vir die volgende nie:

**2.1 Lugvaartuig**

eise voortspruitend uit

2.1.1 'n produk wat met die versekerde se wete bedoel is om by die struktuur, masjiene of beheer van enige lugvaartuig ingesluit te word

2.1.2 enige werk aan 'n lugvaartuig of 'n deel daarvan

**2.2 Die onvermoë van die produk om sy beoogde funksie te vervul**

eise voortspruitend uit die onvermoë van die produk of deel daarvan om sy beoogde funksie te vervul of te werk soos gespesifiseer of gewaarborg word, tensy sodanige onvermoë die gevolg van besering en/of skade is

**2.3 Oorhandiging**

eise wat ontstaan voor die oorhandiging van sodanige werk

**2.4 Ondoeltreffendheid van werk**

eise voortspruitend uit ondoeltreffendheid van sodanige werk of omdat die werk nie die resultate gelewer het wat verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie

**2.5 Nalatige advies**

eise voortspruitend uit nalatige advies ten opsigte van gebrekkige vakmanskap

**2.6 Terugtrekking**

vir koste voortspruitend uit die terugtrekking van 'n produk of 'n deel daarvan

**2.7 Herstel van foutiewe werk**

vir die koste om foutiewe werk te herstel of te onttrek

**2.8 Herstelkoste**

vir koste aangegaan met die herstel, opknapping of vervanging van enige produk of deel daarvan wat foutief is of na bewering foutief is

## Onderafdeling D - Nalatige advies

### 1 Onderafdeling D - Skadeloosstelling

Die versekerde word deur hierdie onderafdeling skadeloos gestel teen eise voortspruitend uit nalatige advies.

Die bedrag wat ingevolge hierdie onderafdeling betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie onderafdeling in die bylae vermeld word.

### 2 Onderafdeling D - Uitsluitings

Hierdie onderafdeling dek nie aanspreeklikheid vir eise voortspruitend uit die volgende nie:

**2.1 Laster**

laster of persoonlikheidskrenking

**2.2 Finansiële dienste**

finansiële dienste en/of kosteramings wat deur of namens die versekerde gegee word

**2.3 Insolvensie**

die insolvensie van die versekerde



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

**2.4 Produkaanspreeklikheid nie verseker nie**

nalatige advies wat ten opsigte van enige produk gegee is, tensy die versekerde dekking ingevolge onderafdeling C van hierdie afdeling aangegaan het

# Spesifieke voorwaardes

(Spesifieke voorwaardes 1 (Skulderkentenis, aanbod, belofte of betaling), 2 (Aanmelding van eise), 3 (Verlengde aanmelding van eise), 5 (Wesenlik verandering) en 6 (Betaling van perk) gaan die maatskappy se aanspreeklikheid om skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling te verskaf, vooraf.)

## 1 Skulderkentenis, aanbod, belofte of betaling

Geen skulderkentenis, aanbod, belofte of betaling mag sonder die skriftelike toestemming van die maatskappy deur of namens die versekerde gegee of gedoen word nie, en die maatskappy is geregtig om in die versekerde se naam die verdediging of skikking van 'n eis oor te neem en te hanteer of om in die versekerde se naam tot sy eie voordeel vervolging in te stel ten opsigte van enige eis vir skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins en het volle diskresie om verrigtinge te lei en enige eis te skik, en die versekerde moet al sodanige inligting en bystand verskaf wat die maatskappy redelikerwys kan verlang.

## 2 Aanmelding van eise

Die versekerde moet die maatskappy skriftelike kennis gee soos uiteengesit in algemene voorwaarde 5 (Eise), maar in elk geval nie later as die laaste dag van die versekeringstydperk nie, van 'n eis wat teen die versekerde ingestel is (of enige spesifieke gebeurtenis of omstandigheid wat daartoe kan lei dat 'n eis teen die versekerde ingestel word) en wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling uitmaak, en al sodanige bykomende inligting verskaf wat die maatskappy kan verlang. Elke eis, lasbrief, dagvaarding of proses en alle dokumente met betrekking tot die eisgebeurtenis of -omstandigheid moet aan die maatskappy gestuur word onmiddellik nadat die versekerde dit ontvang het.

## 3 Verlengde aanmelding van eise

Ondanks spesifieke voorwaarde 2 (Aanmelding van eise), kan die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 5 (Eise) tot 15 dae na kansellasie of nie-hernuwing by die maatskappy aanmeld, met dien verstande dat:

3.1 sodanige gebeurtenis ná die terugwerkende datum en voor die beëindiging van die versekeringstydperk voorgekom het

3.2 enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing

3.3 geen versekering ter vervanging hiervan deur of namens die versekerde gekoop is nie.

## 4 Vertolking

Die vertolking van die bepalings en uitsonderings van hierdie afdeling (en enige frase of woord daarin) word vertolk ooreenkomstig die wette van die Republiek van Suid-Afrika.

## 5 Wesenlik verandering

Die versekerde moet so gou as redelikerwys moontlik kennis gee van enige feit, gebeurtenis of omstandigheid wat die inligting wat aan die maatskappy verskaf is toe hierdie afdeling aangegaan is, wesenlik verander, en die maatskappy kan die voorwaardes van hierdie afdeling na gelang van die wesenlikheid van sodanige verandering wysig.

## 6 Betaling van perk

Die maatskappy kan te eniger tyd aan die versekerde in verband met 'n eis of reeks eise ingevolge hierdie afdeling waarop 'n skadeloosstellingsperk van toepassing is, die bedrag van sodanige perk betaal (na aftrekking van enige bedrae wat reeds betaal is) of enige kleiner bedrag waarvoor sodanige eise geskik kan word, en wanneer sodanige betaling gedoen word, doen die maatskappy afstand van die bestuur en beheer van en is die maatskappy onder geen verdere verpligting in verband met sodanige eise nie.

## 7 Voorlopige premie

Waar die premie voorlopig op die versekerde se ramings gebaseer is, moet die versekerde akkurate rekords hou en sodanige besonderhede so gou as moontlik na die verstryking van die



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

versekeringstydperk verklaar, soos die maatskappy vereis. Die premie word dan aangepas en enige verskil word betaal deur of toegestaan aan die versekerde, na gelang van die geval, onderworpe aan enige minimum premie wat van toepassing kan wees.

## Spesifieke uitsonderings (van toepassing op alle onderafdelings en uitbreidings van hierdie afdeling)

Hierdie afdeling dek nie aanspreeklikheid nie:

### 1 Dienskontrak

voortspruitend uit besering van enige persone wat 'n diens- of vakleerlingskapkontrak met die versekerde het, waar sodanige besering in die uitvoering van sodanige kontrak ontstaan, behalwe in soverre en waar die versekerde gekies het om werkgewersaanspreeklikheid te koop

### 2 Opsetlike verontagsaming

voortspruitend uit die opsetlike, bewustelike of doelbewuste verontagsaming deur die versekerde se tegniese of administratiewe bestuur van die nodigheid om alle redelike stappe te doen om eise te voorkom

### 3 Ontwerp, formule ens.

vir enige eise wat ontstaan uit 'n ontwerp, formule (behalwe die ontwerp of formule van 'n produk), spesifikasie of advies van 'n professionele aard wat deur of namens die versekerde in ruil vir 'n fooi gegee is

### 4 Bybetaling

vir die toepaslike bybetaling ten opsigte van elke eis of reeks eise wat uit een oorspronklike oorsaak voortspruit. Die bepalings van hierdie uitsondering geld vir eise voortspruitend uit skade alleenlik en geld ook vir verdedigingskoste wat deur die versekerde aangegaan word

### 5 Vasgestelde skadevergoeding

voortspruitend uit klousules wat vooraf vasgestelde skadevergoeding of boetes bepaal, of prestasiewaarborge, behalwe in soverre bewys kan word dat aanspreeklikheid in die afwesigheid van sodanige klousules of waarborge sou bestaan het

### 6 Magnetiese velde

vir enige eise wat ontstaan of wat kan ontstaan uit of in verband met magnetiese en/of elektriese velde

### 7 Ander versekering

wat die onderwerp van versekering deur 'n ander polis(se) uitmaak en hierdie afdeling word nie betrek om saam met sodanige ander versekering by te dra nie

### 8 Voor die aanvang van hierdie afdeling

vir enige eise waar die versekerde voor die aanvang van hierdie afdeling bewus was van die omstandighede of gebeurtenis wat tot die eis aanleiding gegee het

### 9 Terugwerkende datum

wat voorgekom het voor die toepaslike terugwerkende datum wat in die bylae gemeld word

### 10 Spesifieke versekerings

vir eise voortspruitend uit die oneerlikheid van direkteure, hoofde of werknemers van die versekerde of diefstal of bedrog deur enige ander persoon nie, en hierdie afdeling voorsien ook nie skadeloosstelling vir enige aanspreeklikheid wat ontstaan uit aktiwiteite of werksaamhede wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada gedomisilieer is nie.

### 11 Oorlog en terrorisme

Algemene uitsluiting 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang:

Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie afdeling of enige endossement daarby, word ooreengekom dat hierdie afdeling die volgende uitsluit: verlies, skade, koste of uitgawes van watter aard ook al wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur of in verband met of as gevolg van enige van die volgende, ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig daartoe bydra of in enige ander volgorde met betrekking tot die verlies:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

11.1 oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of oorlogbedrywighede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, rebellie, revolusie, opstand, burgerlike oproer wat die afmetings aanneem van of neerkom op 'n opstand, militêre mag of gesagsoorname; of

11.2 enige terreurdaad.

Vir die doeleindes van hierdie uitsluiting beteken terreurdaad - 'n daad, insluitend maar nie beperk nie tot die gebruik van krag of geweld en/of bedreiging daarvan ten opsigte van 'n persoon of groep(e) persone, deur hetsy alleen of namens of in verband met 'n organisasie of regering(s) op te tree, vir politieke, godsdienstige, ideologiese of soortgelyke doeleindes, insluitend die voorneme om 'n regering te beïnvloed en/of die publiek, of enige deel van die publiek, aan vrees te onderwerp.

Hierdie spesifieke uitsluiting sluit ook verlies, skade, koste of uitgawe van watter aard ook al uit wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit of verband hou met enige optrede ter wille van beheer, voorkoming of onderdrukking of wat op enige wyse verband hou met 11.1 en/of 11.2 hierbo.

Indien die maatskappy beweer dat enige verlies, skade, koste of uitgawe uit hoofde van hierdie uitsluiting nie deur hierdie versekering gedek word nie, is die onus op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien bevind word dat enige deel van hierdie uitsondering ongeldig of onafdwingbaar is, bly die res ten volle van krag.

### 12 Onregmatige daad

voortspruitend uit enige onregmatige daad wat deur 'n direkteur en/of beampte van die versekerde gepleeg word.

Vir die doeleindes van hierdie versekering beteken "onregmatige daad" enige werklike of beweerde pligsversuim, skending van vertroue, nalatigheid, fout, weglating, wanvoorstelling, misleidende verklaring, verkeerde behandeling, verbreking van vertrouensplig, laster, kwaadpratery, onregmatige handel, verbreking van waarborg van gesag of ander regsaanspreeklikheid deur 'n direkteur of beampte, gesamentlik of afsonderlik, wat suiwer uit hoofde van hul uitvoering van hul pligte of hul hoedanigheid as direkteure en beamptes ontstaan.

## Klousules, uitbreidings en beperkings

Die verstandhouding en ooreenkoms is dat hierdie afdeling uitgebrei word om die volgende in te sluit, onderworpe aan die perke en eerste bedrae betaalbaar soos gespesifiseer in die bylae en onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en uitsonderings van die afdeling in soverre hulle kan geld en met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy nie dit wat in die afwesigheid van sulke uitbreidings sou gegeld het, te bowe gaan nie.

### 1 Verkrygings en nuwe besigheid

Die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling toegestaan word, word uitgebrei na enige maatskappy wat gedurende die versekeringstydperk deur die versekerde gestig en/of verkry word, vir 'n tydperk van 30 dae na sodanige stigting of verkryging.

Altyd met dien verstande dat:

1.1 die terugwerkende datum ten opsigte van sodanige maatskappy geag word die datum van stigting te wees, of die datum waarop 'n pas verkreë maatskappy die eerste keer aanspreeklikheidsversekering van die aard wat hierdeur verseker word op 'n "Eise ingestel"-grondslag gekoop het, onderworpe aan 'n verklaring van die pas verkreë maatskappy se vorige bestuur dat daar geen bekende of aangemelde eise of omstandighede is wat waarskynlik op die datum van verkryging tot 'n eis aanleiding sal gee nie. In die afwesigheid van sodanige verklaring, is die terugwerkende datum die datum van verkryging

1.2 die versekerde se besigheidsaktiwiteit onveranderd bly teenoor dit wat verklaar is

1.3 die jaarlikse omset van alle pas gestigte en/of verkreë maatskappye hoogstens 5% (vyf persent) is van die geraamde jaarlikse omset van die versekerde soos by die aanvang hiervan aan die maatskappy verskaf

1.4 die versekerde die maatskappy van sodanige stigtings en/of verkrygings in kennis stel voor die verstryking van 30 dae daarna en dat die maatskappy die reg voorbehou om die voorwaardes van hierdie versekering dienooreenkomstig te wysig.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 2 Gebiede in Afrika

Ten opsigte van die versekerde se werksaamhede in Afrika buite die Republiek van Suid-Afrika, word die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling voorsien word beperk tot die verskil tussen die omvang van die dekking of die skadeloosstellingsperk wat deur enige versekeraar voorsien word in die gebied waar die werksaamhede gesetel is en die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie afdeling beskikbaar is.

Waar hierdie afdeling meer skadeloosstelling aanbied as wat ingevolge sodanige plaaslik gekoopte aanspreeklikheidsversekering verskaf word:

2.1 is die skadeloosstelling betaalbaar hierkragtens hoogstens sodanige verdere bedrag wat die maksimum skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling sou verskaf

2.2 is enige besluit van die onderliggende versekeraar om ’n eis “as guns” of “sonder benadeling” te aanvaar nie bindend op die maatskappy nie

2.3 is geen optrede of besluit van die onderliggende versekeraar wat die maatskappy in die hantering of skikking van ’n eis ingevolge hierdie afdeling benadeel, bindend op die maatskappy nie.

Indien geen versekering van die klas wat ingevolge hierdie afdeling verseker is plaaslik gekoop word nie, is hierdie afdeling die primêre versekeringsonderwerp, onderworpe aan die eerste bedrag betaalbaar soos bepaal in die bylae, met dien verstande dat sodanige dekking slegs sal geld:

2.1 vir eise wat gedurende die versekeringstydperk teen die versekerde ingestel word; en

2.2 ten opsigte van enige besering, skade of gebeurtenis wat aanleiding gee tot suiwer finansiële verlies (soos bepaal in dekking wat voorsiening maak vir verlies wat nie met fisiese skade aan eiendom verband hou nie) wat voorkom of na bewering voorgekom het op of na die toepaslike terugwerkende datum wat in die bylae gemeld word.

## 3 Klousule oor voortdurende blootstelling

Indien ’n besering of skade uit voortdurende inaseming, inname of gebruik van ’n stof voortspruit waar die versekerde en die maatskappy nie kan ooreenkom wanneer die besering of skade voorgekom het nie:

3.1 word besering geag te gebeur het toe die eiser vir die eerste keer ’n gekwalifiseerde mediese praktisyn ten opsigte van sodanige besering geraadpleeg het

3.2 word skade geag voor te gekom het toe dit die eerste keer vir die eiser duidelik geword het, selfs al was die oorsaak onbekend.

## 4 Kruisaanspreeklikhede

Elke persoon of party word afsonderlik skadeloos gestel ten opsigte van eise wat teen enigeen van hulle deur ’n ander ingestel kan word, met dien verstande dat die maatskappy se totale aanspreeklikheid nie die gemelde skadeloosstellingsperke te bowe gaan nie.

## 5 Laster (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van eise voortspruitend uit lasterlike uitlatings, hetsy skriftelik of mondeling, wat deur die versekerde gemaak word

Altyd met dien verstande dat:

5.1 geen skadeloosstelling toegestaan sal word nie ten opsigte van eise:

5.1.1 wat die onderwerp van die onregmatige inhegtenisname-uitbreiding is

5.1.2 voortspruitend uit enige publikasie in ’n joernaal, tydskrif of koerant of op radio of televisie

5.2 die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur ’n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 6 Verdedigingskoste

Die maatskappy sal alle koste, fooie en uitgawes betaal wat met sy voorafgoedkeuring aangegaan is in die ondersoek, verdediging of skikking van ’n eis wat teen die versekerde ingestel is, en die koste van



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

verteenwoordiging by enige nadoodse ondersoek, ondersoek of ander verrigtinge ten opsigte van sake wat regstreeks verband hou met 'n eis wat ingestel is of ingestel sou kon word teen die versekerde, met dien verstande dat sodanige eis(e) aan skadeloosstelling deur hierdie afdeling onderworpe is. Sodanige koste, fooie en uitgawes word verdedigingskoste genoem.

Die maatskappy sal ook vir sodanige mediese noodbehandeling betaal wat nodig kan blyk ten opsigte van besering wat die onderwerp van skadeloosstelling deur hierdie afdeling kan wees.

## 7 Werkgewers-aanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ondanks enige andersluidende bepaling vervat in spesifieke uitsondering 1 (Dienskontrak), word hierdie afdeling uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit vir eise voortspruitend uit die besering van enige persoon wat 'n diens- of vakleerlingskapkontrak met die versekerde het, waar sodanige besering ontstaan weens en in die uitvoering van sodanige kontrak

Altyd met dien verstande dat geen dekking ten opsigte van die volgende verskaf word nie:

7.1 aanspreeklikheid vir eise voortspruitend uit siekte of besering of waartoe bygedra word deur langdurige blootstelling aan stowwe, faktore of omstandighede eie aan 'n bepaalde werk of beroep;

7.2 bedrae verhaalbaar ingevolge enige Wet waarvolgens 'n werknemer vergoeding vir werkverwante beserings kan eis;

7.3 aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms deur die versekerde aanvaar word, tensy die versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.

Die maatskappy sal ook op versoek van die versekerde enige werknemer van die versekerde skadeloos stel, onderworpe aan die toestemming van die maatskappy (welke toestemming nie onredelikerwys weerhou mag word nie) ten opsigte van eise wat deur een werknemer teen 'n ander ingestel word, altyd met dien verstande dat:

7.1 sodanige besering tydens en in die loop van sy/haar diens ontstaan

7.2 geen skadeloosstelling hierkragtens voorsien word waar sodanige besering veroorsaak word terwyl die werknemer onder die invloed van bedwelmende middels of alkohol is nie

7.3 geen skadeloosstelling hierkragtens vir besering voortspruitend uit die gebruik van vuurwapens voorsien word nie

7.4 geen skadeloosstelling voorsien word vir aanspreeklikheid voortspruitend uit enige toestand wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is of verbind word met die Menslike Immuniteitsgebrekvirus (MIV) of mutasies of variasies daarvan of op enige wyse verband hou met die Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS) of enige sindroom of toestand van 'n soortgelyke aard en hoe dit ook al genoem word nie

Altyd met dien verstande dat die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 8 Verlengde aanmeldingsopsie (Kan in die geval van nie-hernuwing deur die versekerde uitgeoefen word)

Indien hierdie afdeling volgens die versekerde se keuse nie hernu word nie, stem die maatskappy in dat, ten opsigte van enige eis wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word voortspruitend uit 'n eis of omstandigheid waarvan kennis gegee moet word ingevolge spesifieke voorwaarde 2 (Aanmelding van eise), kennis wat binne 36 maande (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem) beginnende onmiddellik na die verstryking van hierdie versekering gegee word, geag word gegee te wees op die laaste dag voor die vervaldatum.

Met dien verstande dat:

8.1 hierdie opsie slegs uitgeoefen kan word indien die maatskappy hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernu

8.2 die versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking vir die verskaffing van skadeloosstelling ten opsigte van sodanige eis gelykstaande is aan hierdie afdeling wat verstryk nie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

8.3 die maatskappy slegs aanspreeklik is vir 'n omskrewe gebeurtenis wat plaasgevind het ná die terugwerkende datum, maar voor die verstryking van die versekeringstydperk

8.4 indien die eiser minderjarig is, hierdie verlengde aanmeldingstydperk sal voortduur tot die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het

8.5 die totale bedrag wat deur die maatskappy betaalbaar is vir eise wat ingestel word of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie

8.6 hierdie opsie skriftelik deur die versekerde uitgeoefen moet word binne 15 dae na kansellasie of nie-hernuwing, en dat die vereiste premie binne 30 dae na aanmaning betaal word

8.7 hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die versekerde of die maatskappy gekanselleer kan word nie.

## 9 Skadeloosstelling vir ander

Die skadeloosstelling wat toegestaan word, word uitgebrei om die volgende in te sluit:

9.1 enige party wat 'n ooreenkoms met die versekerde aangaan vir enige doel van die besigheid, maar slegs in soverre sodanige ooreenkoms vereis dat sodanige skadeloosstelling toegestaan word en onderworpe aan onderafdeling A - uitsluiting 2.4.3 (perseel wat deur die versekerde as huurder bewoon word) en spesifieke uitsondering 5 (Vasgestelde skadevergoeding)

9.2 beamptes van die versekerde in hul besigheidshoedanigheid, voortspruitend uit die prestasie van die besigheid, of in hul private hoedanigheid, voortspruitend uit hul tydelike indiensneming van die versekerde se werknemers

9.3 die beamptes, komitee en lede van die versekerde se kantien, sosiale, sport-, mediese, brandbestrydings- en welsynsorganisasie in hul onderskeie hoedanighede

9.4 enige besoekende sportspan of lid van so 'n span ten opsigte van die aktiwiteite van 'n sportklub wat deur die versekerde ten bate van sy werknemers gestig is

9.5 die persoonlike verteenwoordigers van die boedel van 'n persoon wat andersins deur hierdie afdeling skadeloos gestel sou word, maar slegs ten opsigte van aanspreeklikheid aangegaan deur sodanige persoon

altyd met dien verstande dat al sodanige persone of partye die bepalings, voorwaardes en uitsonderings van hierdie afdeling nakom en daaraan onderworpe is asof hulle die versekerde is.

## 10 Uitbreiding van kennisgewingklousule

Indien die versekerde die maatskappy gedurende die versekeringstydperk ooreenkomstig spesifieke voorwaarde 2 (Aanmelding van eise) van 'n spesifieke gebeurtenis of omstandighede in kennis stel wat die maatskappy aanvaar tot 'n eis(e) kan lei wat die onderwerp van skadeloosstelling deur hierdie afdeling uitmaak, beteken aanvaarding van sodanige kennisgewing dat die maatskappy sodanige eis(e) wat later kan ontstaan, sal hanteer asof hulle aanvanklik gedurende die versekeringstydperk teen die versekerde ingestel is.

## 11 Regsverdedigingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen regskoste, fooie en uitgawes wat met die toestemming van die maatskappy aangegaan word in die verdediging van enige strafregtelike geding wat teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n beweerde oortreding van 'n wet wat die bedryf van die besigheid beheer [behalwe wette wat die eienaarskap, besit, gebruik of lisensiëring van motorvoertuie, lug- of watervaartuie beheer; die toepaslike arbeidswette soos van tyd tot tyd in die Republiek van Suid-Afrika uitgevaardig; of die Maatskappywet No. 71 van 2008 (soos van tyd tot tyd gewysig)] en saamgelees met die Strafproseswet No. 56 van 1955 (soos van tyd tot tyd gewysig)

Altyd met dien verstande dat:

11.1 geen skadeloosstelling vir boetes of strafvoltrekkings toegestaan sal word nie

11.2 die maatskappy in die geval van 'n appèl nie die versekerde skadeloos stel nie, tensy 'n senior advokaat (wat deur die maatskappy goedgekeur moet word) adviseer dat sodanige appèl waarskynlik behoort te slaag

11.3 die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 12 Onregmatige inhegtenisname (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van eise voortspruitend uit onregmatige inhegtenisname (soos hierna omskryf) wat deur of na bewering (deur iemand anders as die versekerde) deur die versekerde gepleeg is in die loop van die besigheid

Altyd met dien verstande dat:

12.1 vir die doeleindes van hierdie uitbreiding, "onregmatige inhegtenisname" die volgende beteken:

12.1.1 aanranding wat gepleeg of na bewering gepleeg is ten tyde van 'n inhegtenisname of poging tot inhegtenisname of weerstand van 'n duidelike ontsnappingspoging deur 'n persoon onder arres voordat sodanige persoon onder bewaking van die polisie of 'n wetstoepassingsbeampte geplaas is of kon word

12.1.2 lastering, persoonlikheidskrenking, wederregtelike aanhouding of kwaadwillige vervolging wat hetsy gepleeg of na bewering gepleeg is regstreeks in verband met 'n inhegtenisname of voortspruitend uit die ondersoek van winkeldiefstal of diefstal

12.2 geen skadeloosstelling toegestaan sal word nie ten opsigte van eise:

12.2.1 wat teen die versekerde ingestel word deur enige persoon of persone behalwe dié wat in hegtenis geneem of onder arres is of na bewering in hegtenis geneem of onder arres is, of hul persoonlike verteenwoordigers

12.2.2 voortspruitend uit onbillike arbeidspraktyke soos beoog binne die betekenis van die toepaslike arbeidswette soos van tyd tot tyd in die Republiek van Suid-Afrika uitgevaardig

12.3 die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# DIEFSTAL

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die versekerde of waarvoor die versekerde verantwoordelik is) van enige versekerde gebou op die versekerde perseel wat in die bylae beskryf word, weens diefstal wat gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou (of enige poging daartoe) of weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Wesenlike verandering

Hierdie afdeling word nietig verklaar indien die aard van die risiko gedurende die geldigheidstermyn van die polis wesenlik verander sonder dat die skriftelike toestemming van die maatskappy vooraf verkry is.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

### 1 Brand

verlies of skade wat ingevolge ’n brandpolis verseker kan word, behalwe in die geval van ontploffing wat veroorsaak word in ’n poging om toegang te verkry;

### 2 Glas

verlies of skade wat ingevolge ’n glasversekeringspolis versekerbaar is;

### 3 Eiendom wat meer spesifiek verseker is

eiendom wat meer spesifiek verseker is of, tensy dit in die bylae gespesifiseer is, kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige verhandelbare seëls en dokumente of sertifikate van ’n verhandelbare aard;

### 4 Diefstal deur werknemers

verlies of skade waarby enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde of enige lid van die versekerde se huishouding as dader of medepligtige betrokke is.

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Uitbreiding: Bykomende perseel

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom te dek terwyl in ’n gebou op enige bykomende perseel wat deur die versekerde gebruik word, met dien verstande dat:

1.1 die maatskappy binne die getal dae in die bylae vermeld vanaf die datum waarop die risiko vir die maatskappy bestaan van sodanige bykomende perseel in kennis gestel word;

1.2 ’n bykomende premie, indien enige, betaal word

1.3 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie uitbreiding hoogstens 50% beloop van die hoogste bedrag wat in die bylae vermeld word ten opsigte van enige enkele perseel.

### 2 Klousule: Alle inhoud

Die uitdrukking “alle inhoud” sluit die volgende in: persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse wat die eiendom is van die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde in soverre sodanige eiendom nie anders verseker is nie, tot hoogstens R10 000 ten opsigte van enige enkele persoon.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 3 Diefalarmwaarborg

Ten opsigte van enige perseel wat in die bylae as onderhewig aan hierdie waarborg vermeld word, moet 'n diefalarm geïnstalleer word, en is dit 'n opskortende voorwaarde vir die maatskappy se aanspreeklikheid en word daar gewaarborg dat:

3.1 die diefalarm wat op die perseel geïnstalleer is ten volle in werking gestel word wanneer die beskermde gebou(e) ook al nie vir besigheidsdoeleindes oop is nie, tensy 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde in die beskermde gebou(e) is;

3.2 die maatskappy nie aanspreeklik is nie vir verlies van of skade aan die eiendom na aanleiding van die gebruik van die sleutels, die sleutelbordkode of afstandbeheerder van die diefalarmstelsel of enige duplikaat daarvan wat aan die versekerde behoort, tensy sodanige sleutels, sleutelbordkode of afstandbeheerder met geweld of weens 'n dreigement van geweld aan enige persoon verkry is of sodanige sleutels, sleutelbordkode of afstandbeheerder deur diefstal verkry is;

3.3 tensy spesifiek anders vermeld, alle geboue op die perseel deur die alarm beskerm word;

3.4 waar die kontrolepaneel 'n voorvalle-logskyf het, die aan- en afskakeling van die alarm aangeteken word en dat die maatskappy na die plaasvind van 'n eis daarop geregtig is om volledige inligting oor die toepaslike logskyf te versoek;

3.5 sodanige diefalarm in 'n behoorlike werkende toestand gehou word, maar dit word as gedoen geag indien die versekerde sy verpligtinge ingevolge 'n instandhoudingskontrak met die installerings-/diensmaatskappy van die alarmstelsel nagekom het;

## 4 Uitbreiding: Skuilhouding

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom te dek wat veroorsaak word deur of gepaardgaan met 'n dief of diewe wat hulle voor sluitingstyd op die versekerde perseel skuilhou

## 5 Skade aan geboue

Benewens die skadeloosstellingsperk in die bylae vermeld sluit die versekering ingevolge hierdie afdeling die volgende in

5.1 skade aan geboue (insluitende die verhuurder se los en vaste toebehore) op die versekerde perseel in die loop van diefstal of enige poging daartoe

5.2 verlies van geboue en verhuurder se los en vaste toebehore, by die versekerde persele weens diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal, of enige poging daartoe, wat volg op geweld of dreigement daartoe

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis of reeks eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, hoogstens R20 000 is.

## 6 Beperking: Dokumente, manuskripte, ens.

Die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, rekenaarstelselrekords en -media, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms word beperk tot die waarde van die materiaal en die bedrag aan arbeid bestee.

## 7 Uitbreiding: Slotte en sleutels

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van die vervangingskoste van slotte, sleutels, etikette en afstandbeheertoestelle vir enige versekerde perseel wat volg op die verdwyning van enige sodanige sleutels, etikette of toestelle vir sodanige perseel of indien die versekerde rede het om te glo dat 'n ongemagtigde persoon moontlik in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutels, etikette of toestelle kan wees.

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis of reeks eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, hoogstens R15 000 is.

## 8 Herstelwaardevoorwaardes – van toepassing op motorvoertuie wat as spesifieke as 'n afsonderlike item verseker is

8.1 In die geval van gedeeltelike skade aan motorvoertuie, is die skadeloosstellingsgrondslag die herstelkoste om die voertuig tot die toestand daarvan voor die skade te herstel.

8.2 In gevalle waar 'n nuwe voertuig

8.2.1 gesteel en nie teruggevind word nie;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

8.2.2 as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis sodanig beskadig word dat dit na die maatskappy se mening nie ekonomies herstel kan word nie

is die skadeloosstellingsgrondslag die huidige koopprys van 'n nuwe voertuig van dieselfde model as die gesteelde of beskadigde voertuig of die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, wat ook al die minste is, met dien verstande dat indien die versekerde 'n vervangingsvoertuig vir minder as die huidige koopprys kan bekom, die voordeel van sodanige besparing aan die maatskappy deurgegee sal word.

Indien die versekerde nie die voertuig kan of wil vervang nie, sal die vereffeningsgrondslag weer die grondslag word soos bepaal deur 8.3.

8.3 In gevalle waar 'n motorvoertuig wat nie nuut is nie

8.3.1 gesteel en nie teruggevind word nie;

8.3.2 as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis sodanig beskadig word dat dit na die maatskappy se mening nie ekonomies herstel kan word nie

is die skadeloosstellingsgrondslag die redelike kleinhandelswaarde van die voertuig ten tyde van die verlies of skade of die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, wat ook al die minste is.

8.4 Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding

8.4.1 beteken privaat tipe motorvoertuig privaat tipe motors (insluitend stasiewaens, safarivoertuie, gemotoriseerde motorwoonwaens en dies meer of soortgelyke voertuie wat ontwerp is om hoogstens sitplek vir 12 persone insluitend die bestuurder te verskaf) wat aan die versekerde of kliënte van die versekerde behoort (maar slegs as die motors spesifiek as aparte items verseker is).

8.4.2 beteken nuwe voertuig 'n privaat tipe motorvoertuig wat ten tyde van die verlies of skade as nuut geregistreer is in die laaste 12 maande en sedert registrasie gemiddeld minder as 3 500 kilometer per maand gereis het. Die bewyslas om die kilometers afgelê deur die voertuig te bewys, rus op die versekerde

8.4.3 beteken redelike kleinhandelswaarde die prys waarteen die motorhandel 'n voertuig verkoop wat standaard fabrieksgemonteerde toebehore en onderdele daarin en daaraan insluit, waarvan die koste by die kleinhandelswaarde ingesluit is. Die redelike kleinhandelswaarde word normaalweg bepaal met verwysing na sekerde erkende huidige publikasies wat vir die motorhandel beskikbaar is en word gebaseer op die kleinhandelswaarde wat in sulke publikasies verskyn. Die voertuig se ouderdom, toestand en kilometerlesing kan die redelike kleinhandelswaarde beïnvloed.

## 9 Herstelwaardevoorwaardes – van toepassing op ander eiendom as motorvoertuie

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis ten opsigte van

9.1 eiendom (behalwe voorraad) wat aan die versekerde behoort of waarvoor die versekerde verantwoordelik is bereken moet word, is hetsy:

9.1.1 die vervanging van die eiendom deur soortgelyke eiendom in 'n toestand wat ooreenstem met maar nie beter of omvangryker is nie as die toestand van die eiendom toe dit nuut was;

of

9.1.2 die herstel van die eiendom tot 'n toestand wat wesenlik dieselfde is, maar nie beter is nie, as die toestand van die eiendom toe dit nuut was.

9.2 voorraad wat aan die versekerde behoort bereken moet word, is die kosprys vir die versekerde ten tyde van die verlies

Met dien verstande dat waar die eiendom nie vervang word nie, die voorwaardes van hierdie klousule nie sal geld nie.

## 10 Uitbreiding: Lopers

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom te dek wat veroorsaak word deur of gepaardgaan met betreding en/of verlating van die perseel deur gebruik te maak van 'n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van 'n duplikaatsleutel).



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Met dien verstande dat die versekerde tot bevrediging van die maatskappy kan bewys dat 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

## 11 Klousule: Tydelike herstel

Bykomend tot die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, sal die maatskappy die versekerde vergoed vir alle redelike koste en uitgawes wat aangegaan word vir sodanige tydelike herstel en vir tydelike maatreëls wat redelikerwys nodig kan wees na verlies of skade wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling.

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis of reeks eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, hoogstens R15 000 is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# DIREKTEURE EN BEAMPTES AANSPREEKLIKHEID

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Eis

eis beteken:

1.1 'n skriftelike aanmaning, of

1.2 'n siviele geding, insluitend derdeparty-geding, teeneis of arbitrasiegeding, wat begin is deur die betekening van 'n lasbrief, dagvaarding of soortgelyke geding, of

1.3 'n kriminele geding, wat begin is deur 'n akte van beskuldiging in te dien of 'n soortgelyke proses te volg, of

1.4 'n formele administratiewe of regulatoriese geding, wat begin is deur 'n kennisgewing van aanklagte, formele ondersoekbevel of soortgelyke dokument in te dien, of

1.5 'n arbitrasiegeding vir 'n onregmatige daad, insluitend 'n appèl daarvan.

ten opsigte van 'n beweerde onregmatige daad.

### 2 Verdedigingskoste

verdedigingskoste beteken

daardie deel van 'n verlies wat bestaan uit redelike koste, heffings, fooie (insluitend maar nie beperk nie tot prokureursfooie en kundiges se fooie) en uitgawes (behalwe gereelde of oortydlone, salarisse of fooie van die direkteure, beamptes of werknemers van die versekerde maatskappy) wat aangegaan word vir die verdediging of ondersoek van eise.

Verdedigingskoste sluit ook premies in wat betaal word vir versekeringspolisse of effekte wat vereis kan word om 'n appèl in te stel of aangegaan word om teen 'n ongunstige uitspraak te appelleer, mits 'n senior regsadviseur wat deur die maatskappy aangewys is van mening is dat sodanige appèl waarskynlik suksesvol behoort te wees.

### 3 Werkverwante onregmatige daad

werkverwante onregmatige daad beteken

enige daad wat aanleiding gee tot 'n eis of reeks verwante eise met betrekking tot 'n vorige, huidige of voornemende werknemer van die versekerde en voortspruitend uit 'n werklike of beweerde onbillike of onregmatige afdanking, ontslag of beëindiging, hetsy werklik of konstruktief, van diens, werkverwante wanvoorstelling, onregmatige versuim om in diens te neem of te bevorder, onregmatige ontneming van loopbaangeleenthede, onregmatige dissiplinêre optrede; versuim om akkurate posverwysings te verskaf; versuim om 'n aanstelling te maak, of nalatige werknemerbeoordeling; of seksuele of werkplekteistering of teistering van enige aard op grond van ras of gestremdheid (insluitend die beweerde skep van 'n teisterende werkomgewing); of onregmatige diskriminasie, hetsy direk, indirek, opsetlik of onopsetlik, of versuim om 'n toereikende werknemerbeleid en -prosedures te verskaf.

### 4 Uitvoerende beampte

uitvoerende beampte beteken

die voorsitter, hoof uitvoerende beampte, besturende direkteur, hoof finansiële beampte of interne hoofregsadviseur van die versekerde maatskappy.

### 5 Versekerde

versekerde, waarvan die enkelvoud die meervoud insluit en die manlike geslag die vroulike geslag insluit beteken

die versekerde persone en slegs ten opsigte van versekeringsooreenkoms B (indien verseker), die versekerde maatskappy.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 6 Versekerde maatskappy

versekerde maatskappy

beteken die maatskappy of organisasie wat in die bylae genoem word, insluitend sy filiale wat in die bylae genoem word.

## 7 Versekerde persoon/persone

versekerde persoon/persone beteken:

7.1 enige natuurlike persoon wat behoorlik verkies of aangestel is, word of sal word as direkteur of beampte van die versekerde maatskappy; en

7.2 'n werknemer van die versekerde maatskappy maar slegs in soverre sodanige werknemer

7.2.1 in 'n bestuurs- of toesighoudende hoedanigheid optree

7.2.2 as die versekerde maatskappy se maatskappysekretaris optree

7.2.3 as medeverweerder saam met 'n direkteur of beampte ten opsigte van 'n eis benoem word.

Versekerde persoon sluit nie eksterne ouditeure in wat deur die versekerde aangestel word nie.

## 8 Insolvensie

insolvensie beteken

die status van die versekerde maatskappy voortspruitend uit die aanstelling deur 'n staatsamptenaar, agentskap, bank ooreenkomstig 'n algemene of spesifieke notariële verband, of hof, van 'n ontvanger, bewaarder, likwidateur, administrateur, trustee, rehabiliteerder of ekwivalent om beheer oor te neem van of toesig te hou oor sodanige versekerde of sodanige versekerde te bestuur, likwideer of administreer.

## 9 Samehangende onregmatige dade

samehangende onregmatige dade beteken

alle onregmatige dade wat met mekaar verband hou ten opsigte van 'n feit, omstandigheid, situasie, gebeurtenis, transaksie, oorsaak of reeks verwante feite, omstandighede, situasies, gebeurtenisse, transaksies of oorsake.

## 10 Verlies

verlies beteken

die bedrag wat die versekerde regtens verplig word om te betaal op grond van elke eis en vir alle eise gedurende die versekeringstydperk en die blootstellingstydperk, indien uitgeoefen, wat teen hulle ingestel word vir onregmatige dade waarvoor dekking geld, insluitend maar nie beperk nie tot skadevergoeding, uitsprake, skikkings en verdedigingskoste insluitend ongunstige hofkostebevele of maatskappy-bekragtigde instemming om regskoste te betaal.

Verlies sluit nie die volgende in nie:

10.1 enige bedrag waarvoor die versekerde kwytskelding van betaling ontvang het;

10.2 belastings, boetes of strafvoltrekkings wat deur die wet opgelê word;

10.3 die meervoudige deel van 'n vermenigvuldigde skadevergoedingstoekenning of bestraffende skadevergoeding deur die versekerde aangegaan; of

10.4 sake wat ingevolge die wet as onversekerbaar beskou word;

met dien verstande dat hierdie omskrywing nie bestraffende skadevergoeding wat deur die versekerde aangegaan word, uitsluit in soverre sodanige skadevergoeding ingevolge toepaslike wetgewing versekerbaar is nie.

## 11 Entiteit sonder winsoogmerk

entiteit sonder winsoogmerk

beteken korporasie, gemeenskapskas, fonds of stigting sonder winsoogmerk wat

11.1 nie by die omskrywing van versekerde ingesluit is nie;

11.2 beoog word in Bylae 1 van die Maatskappywet Nr. 71 van 2008 soos gewysig.

## 12 Beampte

beampte word uitgebrei om enige natuurlike persoon in te sluit wat in 'n bestuurs- of toesighoudende hoedanigheid by die versekerde in diens is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 13 Buite-entiteit

buite-entiteit beteken

'n entiteit wat nie by die omskrywing van versekerde maatskappy ingesluit is nie en

13.1 waarin die versekerde maatskappy 'n uitgereikte aandeel/aandele hou; of

13.2 wat 'n belastingvrygestelde entiteit of handelsvereniging sonder winsoogmerk of 'n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie is wat 'n handelsvereniging of geregistreerde liefdadigheidsorganisasie is.

## 14 Versekeringstydperk

versekeringstydperk beteken

Versekeringstydperk beteken die tydperk wat in die bylae vermeld word, onderworpe aan vroeë beëindiging ooreenkomstig spesifieke voorwaarde 18 (Beëindiging van dekking).

## 15 Besoedelstowwe

besoedelstowwe beteken

enige stof wat gevaarlike eienskappe openbaar soos omskryf of geïdentifiseer deur die Wet op Gevaarlike Stowwe van 1973. Sulke stowwe sluit in, sonder beperking, vaste stowwe, vloeistowwe, gasagtige of termiese irriteermiddels, kontaminante of rook, damp, roet, walms, sure, alkalieë, chemikalieë of afvalstowwe.

Besoedelstowwe beteken ook enige ander luguitlating, reuk, afvalwater, olie of olieprodukte, aansteeklike of mediese afvalstowwe, asbes of asbesprodukte, elektriese of magnetiese of elektromagnetiese velde en geraas.

## 16 Aansoek

aansoek beteken

alle getekende aansoeke, insluitend aanhangsels en dokumente wat daarmee saam ingedien word, vir hierdie afdeling of vir enige polis waarvan hierdie afdeling 'n hernuwing of vervanging is. Al sodanige aansoeke, aanhangsels en dokumente word geag by hierdie afdeling aangeheg en daarby ingelyf te wees.

## 17 Afdeling

afdeling beteken

die aansoekvorm, hierdie afdeling die bylae en enige endossemente hierby.

## 18 Sekuriteit(e)

sekuriteit(e) beteken

enige aandele in die kapitaal van 'n maatskappy en sluit effekte en skuldbriewe wat in aandele omskep kan word en enige regte of belange in 'n maatskappy of ten opsigte van sodanige aandele, effekte of skuldbriewe in.

## 19 Filiaal

filiaal beteken

enige organisasie waarin die versekerde maatskappy hetsy direk of indirek deur een of meer van sy filiale

19.1 'n meerderheid van stemregte het; of

19.2 die reg het om 'n meerderheid van sy direkteure aan te stel of te verwyder; of

19.3 ooreenkomstig 'n skriftelike ooreenkoms met ander aandeelhouers alleen 'n meerderheid van stemregte daarin beheer.

## 20 Onregmatige daad

onregmatige daad beteken

20.1 enige fout, verdraaiing, misleidende stelling, daad, weglating, nalatigheid of pligsversuim wat werklik of na bewering gepleeg of probeer pleeg is deur enige van die versekerde persone, individueel of andersins, in hul hoedanigheid as sodanig; of

20.2 enige saak ten opsigte waarvan 'n eis teen 'n versekerde persoon ingestel word suiwer op grond van sy diens in sodanige hoedanigheid.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Behalwe soos andersins spesifiek in hierdie afdeling bepaal kan word, sluit onregmatige daad nie gedrag in nie wat werklik of na bewering gepleeg of probeer pleeg is deur versekerde persone in hul hoedanigheid as ’n direkteur, beampte, trustee of werknemer van ’n ander organisasie as die versekerde maatskappy, selfs al is diens in hierdie hoedanigheid met die kennis en toestemming van, in opdrag of op versoek van, of deel van die pligte wat gereeld aan die versekerde persoon opgelê word deur die versekerde maatskappy.

## Omskrewe gebeurtenisse

Onregmatige dade soos hierna bepaal in die gekose versekeringsooreenkomste en uitbreidings, wat voorkom op of na die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word en lei tot eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk ingestel word.

Die maatskappy stem in om die volgende skadeloos te stel:

### 1 Versekeringsooreenkoms A - Direkteure en beamptes se individuele dekking

die versekerde persone teen verlies voortspruitend uit ’n eis wat teen hulle gesamentlik of afsonderlik ingestel word op grond van ’n onregmatige daad wat deur hulle gepleeg of na bewering deur hulle gepleeg is.

### 2 Versekeringsooreenkoms B - Versekerde se terugbetalingsdekking

die versekerde maatskappy vir bedrae betaal deur die versekerde maatskappy om versekerde persone teen ’n eis skadeloos te stel, maar slegs in soverre die versekerde maatskappy kontraktueel of regtens toegelaat word om dit te doen.

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Verkrygings

Indien die versekerde maatskappy gedurende die versekeringstydperk

1.1 sekuriteite in ’n ander organisasie verkry of ’n ander organisasie stig, wat as gevolg van sodanige verkryging of stigting ’n filiaal word; of

1.2 ’n ander organisasie by wyse van ’n samesmelting of konsolidering met die versekerde maatskappy verkry,

word sodanige organisasie en sy versekerde persone soos volg deur hierdie afdeling gedek:

1.3 indien die billike waarde van alle kontant, sekuriteite, veronderstelde skuld en ander teenprestasie wat deur die versekerde maatskappy vir sodanige verkryging of stigting betaal is minder is as 25% van die totale bates van al die maatskappye soos weerspieël in die versekerde maatskappy se jongste finansiële state soos by die aanvang van die versekeringstydperk, word sodanige organisasie en sy versekerde persone outomaties deur hierdie afdeling gedek, maar slegs ten opsigte van onregmatige dade wat ná sodanige verkryging of stigting plaasvind;

1.4 ten opsigte van alle ander verkrygings of stigtings soos beskryf in 1.1 of 1.2 hierbo word sodanige organisasie en sy versekerde persone outomaties deur hierdie afdeling gedek, maar slegs vir negentig (90) dae of die res van die versekeringstydperk, wat ook al die minste is, na die effektiewe datum van sodanige verkryging of stigting (“outomatiese dekkingstydperk”) en slegs ten opsigte van onregmatige dade wat ná sodanige verkryging of stigting plaasvind.

### 2 Toewysing van bedrae

Indien die versekerde maatskappy en/of versekerde persoon/persone gesamentlik met ander verlies aangaan in ’n eis, of verlies aangaan wat gedeeltelik deur hierdie afdeling en gedeeltelik nie gedek word nie, moet die versekerde en die maatskappy sodanige bedrag tussen verlies gedek en nie gedek nie toeken op grond van die relatiewe geregtelike blootstelling van die partye aan sake wat gedek word en nie gedek word nie.

Indien daar ooreengekom kan word oor ’n toewysing van verdedigingskoste, moet die maatskappy op ’n lopende grondslag verdedigingskoste toegeken aan die gedekte verlies voorskiet. Indien daar nie ooreengekom kan word oor ’n toewysing van verdedigingskoste nie, moet die maatskappy op ’n lopende grondslag verdedigingskoste wat na die maatskappy se mening ingevolge hierdie afdeling gedek word, voorskiet totdat ’n ander toewysing beding of by wyse van arbitrasie of geregtelik bepaal word. ’n Voorskot van verdedigingskoste is onderworpe aan, en afhanklik van ontvangs deur die maatskappy van ’n skriftelike onderneming deur die versekerde maatskappy en elke versekerde persoon dat sodanige voorskotbedrae deur die versekerdes afsonderlik ooreenkomstig hul onderskeie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

belange aan die maatskappy terugbetaal sal word indien en in soverre hulle volgens die bepalings en voorwaardes van hierdie afdeling nie op dekking vir sodanige verdedigingskoste geregtig is nie.

'n Toewysing van verdedigingskoste wat onderhandel of by wyse van arbitrasie of geregtelik op grond van 'n eis bepaal is, word terugwerkend toegepas op alle verdedigingskoste op grond van sodanige eis, ondanks enige andersluidende vorige voorskot. 'n Toewysing of voorskot van verdedigingskoste op grond van 'n eis geld nie vir of skep nie 'n vermoede ten opsigte van die toewysing van 'n ander verlies op grond van sodanige eis of 'n ander eis nie.

## 3 Verandering in belang

Geen verandering of wysiging aan of oordrag van belang ingevolge hierdie afdeling is geldig nie, behalwe wanneer dit geskied by wyse van 'n skriftelike endossement by hierdie afdeling wat deur 'n gemagtigde verteenwoordiger van die maatskappy onderteken is.

## 4 Eise

4.1 Dit is die versekerde persoon/persone se plig om 'n eis te verdedig, en nie die maatskappy se plig nie.

4.2 Die versekerde en versekerde persoon/persone kom ooreen om nie sonder die maatskappy se skriftelike toestemming 'n eis te skik of aan te bied om dit te skik, verdedigingskoste aan te gaan of andersins enige kontraktuele verpligting te aanvaar of aanspreeklikheid te erken ten opsigte van 'n eis nie. Die maatskappy is nie aanspreeklik vir 'n skikking, verdedigingskoste, aanvaarde verpligting of erkenning waartoe hy nie ingestem het nie.

4.3 Ten opsigte van 'n eis wat ingevolge hierdie afdeling ingedien word, het die maatskappy die reg en moet hy die geleentheid gegee word om doeltreffend te assosieer met, en moet hy vooraf deur die versekerde geraadpleeg word aangaande:

4.3.1 die keuse van geskikte verdedigingsprokureurs en regsadviseurs;

4.3.2 substantiewe verdedigingstrategieë, insluitend sonder beperking besluite aangaande die indiening en inhoud van substantiewe mosies;

4.3.3 skikkingsonderhandelings.

4.4 Die versekerde moet aan die maatskappy alle inligting, bystand en samewerking gee wat die maatskappy redelikerwys versoek en instem dat hy in die geval van 'n eis niks sal doen wat die maatskappy se posisie of die versekerde se potensiële of werklike verhaalreg kan benadeel nie. Die maatskappy kan enige ondersoek instel wat hy nodig ag.

4.5 Die maatskappy kan, met die skriftelike toestemming van die versekerde maatskappy, 'n eis skik alleenlik vir 'n monetêre bedrag wat die maatskappy redelik ag. Indien die versekerde instemming tot sodanige skikking weerhou, is die maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verlies op grond van sodanige eis hoogstens die bedrag waarvoor die maatskappy sodanige eis kon geskik het, plus verdedigingskoste opgeloop vanaf die datum waarop sodanige skikking skriftelik deur die maatskappy aan die versekerde voorgelê is.

## 5 Nakoming, regte en verpligtinge

5.1 Die maatskappy is nie aanspreeklik nie, tensy 'n opskortende voorwaarde is dat al die voorwaardes van hierdie afdeling nagekom word.

5.2 Geen persoon of organisasie het 'n reg ingevolge hierdie afdeling om by die maatskappy aan te sluit as 'n party tot 'n geding teen versekerde persone nie en die maatskappy mag ook nie deur die versekerde of hul regsverteenwoordigers gehinder word nie.

5.3 Likwidasie of insolvensie van 'n versekerde maatskappy of die boedel van 'n versekerde persoon onthef nie die maatskappy van sy verpligtinge en ontneem ook nie die maatskappy van sy regte of verweer ingevolge hierdie afdeling nie

## 6 Verdedigingskoste

Die maatskappy kan geheel na eie goeddunke namens die versekerde persoon/persone verdedigingskoste wat die versekerde persoon/persone in verband met eise teen hulle aangegaan het, voorskiet voordat sodanige eise finaal afgehandel is. In so 'n geval stem die versekerde in dat:

6.1 indien uiteindelik vasgestel word dat sodanige verdedigingskoste nie deur hierdie afdeling gedek word nie, dit aan die maatskappy terugbetaal sal word;

6.2 sodanige voorskot van verdedigingskoste die skadeloosstellingsperk vir sodanige eis verminder;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

6.3 sodanige voorskot van verdedigingskoste nie 'n vermoede ten opsigte van die toewysing van 'n ander verlies op grond van 'n eis skep nie;

6.4 sodanige voorskot van verdedigingskoste aan spesifieke voorwaarde 2 (Toewysing van bedrae) onderworpe is.

## 7 Toegerekende feite

Geen feit met betrekking tot of kennis in besit van 'n versekerde persoon word 'n ander versekerde persoon toegereken vir die toepassing van uitsonderings wat in hierdie afdeling uiteengesit word nie. Slegs feite met betrekking tot of kennis in besit van 'n uitvoerende beampte word die versekerde maatskappy toegereken vir die toepassing van uitsonderings wat in hierdie afdeling uiteengesit word.

## 8 Jurisdiksie

Hierdie afdeling is onderworpe aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika en aan die eksklusiewe jurisdiksie van bevoegde howe daarvan.

## 9 Skadeloosstellingsperk

9.1 Vir die doeleindes van hierdie afdeling word alle eise voortspruitend uit dieselfde onregmatige daad en alle samehangende onregmatige dade van die versekerde persone geag een eis te wees, en sodanige eis word geag aanvanklik ingestel te wees op die datum van die vroegste van sodanige eise wat aanvanklik teen hulle ingestel is, ongeag of sodanige datum voor of gedurende die versekeringstydperk is.

9.2 Algemene voorwaarde 15 (Herstel van dekking na verlies) is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.

Die maatskappy se maksimum aanspreeklikheid vir verlies op grond van alle eise wat aanvanklik gedurende dieselfde versekeringstydperk ingestel word, hetsy deur een of meer versekeringsooreenkomste gedek, is die skadeloosstellingsperk vir elke versekeringstydperk soos in die bylae uiteengesit is.

9.3 Behalwe soos andersins in hierdie klousule bepaal, geld die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van verlies voortspruitend uit elke eis slegs vir daardie deel van verlies bo die toepaslike eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae, en sodanige eerste bedrag betaalbaar word deur die versekerde op eie risiko gedra.

9.4 Verdedigingskoste is deel van en nie bykomend tot die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word nie, en gemelde skadeloosstellingsperk word met die bedrag van sodanige verdedigingskoste verminder.

9.5 Die uitoefening van die blootstellingstydperk-opsie verhoog of herstel nie die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word nie, welke skadeloosstellingsperk die maatskappy se maksimum aanspreeklikheid is vir alle verlies op grond van alle eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk en blootstellingstydperk, gekombineer, ingestel is.

## 10 Mandaat van die versekerde deur versekerde persone

Die versekerde maatskappy stem in om namens die versekerde op te tree ten opsigte van die gee en ontvangs van kennis van 'n eis of beëindiging, die betaling van premies en die ontvangs van terugbetalingspremies wat ingevolge hierdie afdeling verskuldig kan word, die instemming tot en aanvaarding van endossemente, en die gee of ontvangs van kennis waarvoor hierdie afdeling voorsiening maak (behalwe ten opsigte van die versekerde persoon/persone se vermoë om aansoek te doen om die blootstellingstydperk). Die versekerde persone stem in dat die versekerde maatskappy namens hulle sodanig kan optree.

## 11 Samesmeltings

Indien dit gedurende die versekeringstydperk gebeur dat

11.1 die versekerde maatskappy met 'n ander organisasie saamsmelt of konsolideer, of

11.2 'n ander organisasie of persoon of groep organisasies en/of persone wat gesamentlik optree, sekuriteite of stemregte verkry wat tot gevolg het dat die ander organisasie(s) of persoon/persone eienaarskap of beheer oor stemreg verkry van meer as vyftig persent (50%) van die uitstaande sekuriteite wat die huidige stemreg vir die verkiesing van direkteure van die versekerde maatskappy verteenwoordig,

gaan dekking ingevolge hierdie afdeling voort totdat hierdie afdeling beëindig word, maar slegs ten opsigte van eise vir onregmatige dade wat voor sodanige samesmelting, konsolidasie of verkryging



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

plaasvind. Vanaf die effektiewe datum van sodanige samesmelting, konsolidasie of verkryging word alle premies wat op enige tydstip ingevolge hierdie afdeling betaal of verskuldig is, geag ten volle verdien en nie-terugbetaalbaar te wees.

Die versekerde maatskappy moet so gou as redelikerwys moontlik aan die maatskappy skriftelike kennis gee van sodanige samesmelting, konsolidasie of verkryging, tesame met sodanige inligting wat die maatskappy kan aanvra.

## 12 Ander versekering

Nieteenstaande algemene voorwaarde 13 (Ander versekering), indien 'n verlies voortspruitend uit 'n eis wat ingevolge hierdie afdeling ingestel word deur 'n ander geldige en invorderbare polis(se) verseker is, hetsy voorheen of nou, dek hierdie afdeling sodanige verlies, onderworpe aan sy bepalings, voorwaardes en uitsluitings, slegs in soverre die bedrag van sodanige verlies meer is as die bedrag van sodanige ander versekering, ongeag of sodanige ander versekering as primêr, bydraend, bykomend, voorwaardelik of andersins vermeld word, tensy sodanige ander versekering slegs as spesifieke ekstra versekering bo die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling aangegaan is.

## 13 Aansoekvorm

Vir die toestaan van dekking ingevolge hierdie afdeling het die maatskappy op die verklaring en voorstellings in die aansoekvorm staatgemaak. Die versekerde verklaar dat al sodanige verklarings en voorstellings waar is en geag word wesenlik te wees vir die aanvaarding van die risiko of gevaar deur die maatskappy ingevolge hierdie afdeling, wat uitgereik word op grond van die waarheid daarvan.

Die versekerde erken dat indien enige sodanige verklarings en voorstellings onwaar is, hierdie afdeling nie dekking ten opsigte van enige van die volgende versekerde persone verskaf nie:

13.1 'n versekerde persoon wat geweet het dat die feite oor hom nie eerlik in die aansoekvorm weergegee is nie;

13.2 die versekerde maatskappy, ingevolge versekeringsooreenkoms B (Versekerde se terugbetalingsdekking), in soverre dit 'n versekerde persoon waarna in 13.1 hierbo verwys is skadeloos stel.

## 14 Republiek van Suid Afrika

Hierdie afdeling dek slegs onregmatige dade wat voorkom en eise wat ingestel word in die Republiek van Suid-Afrika.

## 15 Vereistes van die versekerde

Die versekerde moet, as 'n opskortende voorwaarde vir sy regte ingevolge hierdie afdeling:

15.1 die maatskappy so gou as redelikerwys moontlik van 'n eis in kennis stel, maar nie later as 30 dae nadat sodanige eis aanvanklik teen 'n versekerde persoon ingestel is nie;

15.2 die maatskappy so gou as redelikerwys moontlik in kennis stel nadat hy bewus geword het van omstandighede wat tot 'n eis aanleiding kan gee; 'n eis wat daarna voortspruitend uit sodanige omstandighede ontstaan, word geag ingestel te gewees het op die tydstip toe die omstandighede die eerste keer aangemeld is;

15.3 aan die maatskappy sodanige inligting en samewerking gee wat hy redelikerwys kan vereis, insluitend maar nie noodwendig beperk nie tot 'n beskrywing van die eis of omstandighede, die aard van die beweerde onregmatige daad, die aard van die beweerde of potensiële skade, die name van werklike of potensiële eisers en die wyse waarop die versekerde die eerste keer van die eis of omstandighede bewus geword het.

## 16 Subrogasie

Die versekerde moet op die maatskappy se onkoste al sodanige dinge doen en toelaat dat sodanige dinge gedoen word wat nodig kan wees of redelikerwys deur die maatskappy vereis kan word om regte af te dwing waarop die maatskappy by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, hetsy sodanige dinge voor of na sodanige skadeloosstelling vereis word.

## 17 Filiale

Indien 'n organisasie voor of gedurende die versekeringstydperk ophou om 'n filiaal te wees, word dekking ten opsigte van sodanige filiaal en sy versekerde persone voortgesit totdat hierdie afdeling beëindig word, maar slegs ten opsigte van eise vir onregmatige dade wat plaasvind voordat sodanige organisasie ophou om 'n filiaal te wees.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 18 Beëindiging van dekking

Hierdie afdeling word beëindig op die vroegste van die volgende:

18.1 die effektiewe datum van beëindiging gespesifiseer in 'n vorige skriftelike kennisgewing deur die versekerde maatskappy aan die maatskappy, met dien verstande dat hierdie afdeling nie na die effektiewe datum van die versekerde maatskappy se samesmelting, konsolidasie of verkryging soos beskryf in spesifieke voorwaarde 11 (Samesmeltings) deur die versekerde maatskappy beëindig mag word nie; of

18.2 by verstryking van die versekeringstydperk soos in die bylae vermeld; of

18.3 tien (10) dae na ontvangs deur die versekerde maatskappy van 'n skriftelike kennisgewing van beëindiging van die maatskappy vir versuim om 'n premie betyds te betaal, tensy die premie binne sodanige tiendae-tydperk betaal word; of

18.4 op sodanige ander tydstip waarop die maatskappy en die versekerde maatskappy kan ooreenkom.

Die maatskappy mag nie hierdie afdeling beëindig voordat die versekeringstydperk verstryk het nie, behalwe soos hierbo bepaal indien 'n premie nie betaal word nie. Die maatskappy moet die nog onverdiende premie wat bereken is, teen gebruiklike korttermynkoerse terugbetaal indien hierdie afdeling deur die versekerde maatskappy beëindig word.

In enige ander omstandighede word die terugbetaling proporsioneel bereken. Betaling of die aanbied van 'n onverdiende premie deur die maatskappy is nie 'n opskortende voorwaarde vir die geldigheid van sodanige beëindiging nie, maar sodanige betaling moet so gou as redelikerwys moontlik gedoen word.

# Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies voortspruitend uit 'n eis

## 1 Oortreding van wette

wat gegrond is op, voortspruit uit of 'n oortreding is van hetsy die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (No. 1 van 1999 soos gewysig) of die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (No. 56 van 2003 soos gewysig);

## 2 Deur of namens die versekerde of 'n versekerde persoon

ingestel of aan die gang gehou deur of namens die versekerde maatskappy of 'n versekerde persoon in enige hoedanigheid behalwe:

2.1 'n eis wat 'n afgeleide aksie is wat ingestel is of aan die gang gehou word namens die versekerde deur een of meer persone wat nie versekerde persone is nie en wat die eis sonder die versoek of aansporing van 'n versekerde instel en in stand hou; of

2.2 'n eis ingestel of aan die gang gehou deur 'n versekerde persoon vir kontribusie of skadeloosstelling, indien die eis direk voortspruit uit 'n ander eis wat deur hierdie afdeling gedek word; of

2.3 'n eis ingestel of aan die gang gehou deur 'n versekerde persoon vir kontribusie of skadeloosstelling, indien die eis direk voortspruit uit 'n ander eis wat deur hierdie afdeling gedek word; of

2.4 'n eis ingestel of aan die gang gehou deur 'n versekerde persoon vir 'n werklike of beweerde werkverwante onregmatige daad;

## 3 Eise en omstandighede wat voor aanvang ontstaan

wat gegrond is op, voortspruit uit of toeskryfbaar is aan

3.1 'n onregmatige daad waarvan die versekerde by die aanvang van hierdie afdeling bewus was;

3.2 'n feit, omstandigheid of situasie wat die onderwerp is van 'n skriftelikte kennisgewing wat gegee is ingevolge 'n afdeling waarvan hierdie afdeling 'n hernuwing of vervanging is;

3.3 'n vorige of hangende regsgeding teen die versekerde by die aanvang van hierdie afdeling of dieselfde of wesenlik dieselfde feit, omstandigheid of situasie onderliggend daaraan of soos daarin beweer;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 4 Werknemervoordele

wat gegrond is op, direk of indirek voortspruit uit, die gevolg is van of op enige wyse gemoeid is met 'n pensioen-, winsdelende of werknemervoordeel- of welsynsprogram of enige aandeelopsie, aandeelaansporingskema of trust wat geheel en al of gedeeltelik ten bate van enige van die direkteure, beamptes of werknemers van die versekerde gestig is;

## 5 Bedrieglike dade

vir 'n opsetlik bedrieglike daad of versuim of 'n opsetlike oortreding van 'n wet of regulasie indien 'n uitspraak of ander finale beslissing wat vir sodanige versekerde persoon ongunstig is, bepaal dat sodanige versekerde persoon trouens sodanige daad, versuim of opsetlike oortreding gepleeg het;

## 6 Besering en skade aan eiendom

vir liggaamlike besering, sielskwelling, emosionele nood, siekte of sterfte van 'n persoon, of vir skade aan of vernietiging van tasbare eiendom insluitend verlies van gebruik daarvan, of vir karakterskending of inbreuk op 'n persoon se reg op privaatheid;

Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie geld nie ten opsigte van werklike of beweerde sielskwelling, emosionele nood, belastering, beswaddering, karakterskending of inbreuk op 'n persoon se reg op privaatheid in 'n eis deur 'n vorige, huidige of voornemende werknemer van die versekerde maatskappy vir 'n werkverwante onregmatige daad;

## 7 Insolvensie

voortspruitend uit die insolvensie van die versekerde maatskappy indien, by die aanvang van hierdie afdeling,

7.1 die versekerde maatskappy se laste sy bates oorskry;

7.2 die versekerde maatskappy geregverdigde rede gehad het om ondernemingsreddingverrigtinge te oorweeg;

## 8 Versekering

wat gegrond is op, voortspruit uit of die gevolg is van versuim om versekering te reël, in stand te hou of te koop;

## 9 Groot aandeelhouer

ingestel teen die versekerde vir 'n werklike of beweerde onregmatige daad deur 'n groot aandeelhouer. Vir die doeleindes van hierdie uitsondering is 'n groot aandeelhouer 'n aandeelhouer van die versekerde

9.1 wat meer as 50 persent van die gewone aandele besit of beheer; of

9.2 wat die reg het om direkteure aan te stel of te verwyder en meer as 50 persent van die stemregte by vergaderings van die direksie het; of

9.3 wat alleen beheer oor meer as 50 persent van die stemregte in die versekerde maatskappy het, ongeag of dit ooreenkomstig 'n ooreenkoms met ander lede is of nie;

## 10 Geldwassery

Die maatskappy is nie aanspreeklik vir enige betaling in verband met 'n verlies voortspruitend uit, gegrond op of toeskryfbaar aan of op enige wyse gemoeid met 'n werklike of beweerde daad van geldwassery nie. Die bewyslas rus op die versekerde om te bewys dat 'n verlies nie binne die geldwassery-uitsondering val nie.

Geldwassery beteken die werklike of gepoogde sameswering om 'n daad te pleeg of te laat pleeg, hulp daartoe te verleen, advies daaroor te gee, dit te bewerkstellig of aan te stig, wat 'n oortreding(s) is van en/of 'n misdaad/misdade uitmaak ingevolge:

10.1 geldwassery-wetgewing (of enige bepaling en/of reëls of regulasies neergelê deur 'n regulatoriese liggaam of owerheid daarkragtens), insluitend 'n daad wat, indien dit in 'n deel van die Verenigde Koninkryk voorgekom het, onregmatig sou wees ingevolge Deel 7 van die "Proceeds of Crime Act 2002 (c.29) *et seq*." en/of 'n daad wat, indien dit in 'n deel van die Verenigde State voorgekom het, onregmatig sou wees ingevolge die "Racketeer Influenced and Corrupt, Organisation Act 18 United States Code 1961 *et seq*."; of

10.2 wetgewing wat die "European Council Directive, 91/308/EEC" soos gewysig (insluitend Deel 3 van die "United Kingdom Terrorism Act 2000 (c.11) *et seq*.") oor die voorkoming van die gebruik van die finansiële stelsel vir geldwasserydoeleindes toepas of ontwerp is om dit toe te pas; en/of



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

10.3 'n oortreding ingevolge die Internasionale Konvensie teen die Finansiering vir Terrorisme.

### 11 Buite-entiteit

vir 'n onregmatige daad deur 'n versekerde persoon in 'n buite-entiteit;

### 12 Betalings, kommissies, gratifikasies

voortspruitend uit of ten gevolge van beweerde of werklike

12.1 betalings, kommissies, gratifikasies, voordele of enige ander gunste vir of ten bate van enige heeltydse of deeltydse plaaslike of buitelandse regering of weermagbeamptes, agente, verteenwoordigers, werknemers of lede van hul gesinne of 'n entiteit waarby hulle geaffilieer is; of

12.2 betalings, kommissies, gratifikasies, voordele of enige ander gunste vir of ten bate van enige heeltydse of deeltydse beamptes, direkteure, agente, vennote, verteenwoordigers, hoofaandeelhouers, eienaars, werknemers of geaffilieerdes (insluitend beamptes, direkteure, agente, eienaars, vennote, verteenwoordigers, hoofaandeelhouers of werknemers van sodanige geaffilieerdes) of kliënte van die versekerde of lede van hul gesinne of 'n entiteit waarby hulle geaffilieer is; of

12.3 politieke bydraes, hetsy plaaslik of in die buiteland.

### 13 Persoonlike wins

wat gegrond is op, voortspruit uit of toeskryfbaar is aan die feit dat sodanige versekerde persoon persoonlike wins, vergoeding of finansiële voordeel verkry waarop sodanige versekerde persoon nie regtens geregtig is nie;

### 14 Besoedeling

wat gegrond is op, voortspruit uit of toeskryfbaar is aan

14.1 die werklike, beweerde of dreigende storting, vrystelling, ontsnapping, sypeling, migrasie of uitlating van besoedelstowwe in of op vaste of persoonlike eiendom, water of die atmosfeer; of

14.2 'n opdrag of versoek dat die versekerde toets vir besoedelstowwe of besoedelstowwe monitor, opruim, verwyder, beperk, behandel, detoksifiseer of neutraliseer, of 'n vrywillige besluit om dit te doen; insluitend sonder beperking enige sekuriteite-eis of enige ander eis namens of deur die versekerde, sy sekuriteitehouers of krediteure op grond van, voortspruitend uit of toeskryfbaar aan die sake wat in hierdie uitsondering beskryf word;

### 15 Professionele dienste

wat gegrond is op, voortspruit uit of die gevolg is van die lewering van of versuim om professionele dienste te lewer;

### 16 Sekuriteite

wat gegrond is op, voortspruit uit of toeskryfbaar is aan 'n werklike of beoogde privaat plasing of openbare aanbod van sekuriteite van die versekerde;

### 17 Onregmatige dade wat voor die terugwerkende datum voorgekom het

voortspruitend uit 'n onregmatige daad wat voor die terugwerkende datum vermeld in die bylae voorgekom het, met dien verstande dat niks wat in hierdie uitsondering vervat is vertolk word as die ontheffing van die versekerde van sy verpligting om alle besonderhede van eise wat ingestel of uitstaande is of gebeurtenisse wat waarskynlik tot 'n eis aanleiding sal gee, as 'n wesenlike feit bekend te maak nie;

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Uitbreiding t.o.v. korporatiewe manslagkoste

Ondanks enige andersluidende bepaling in spesifieke uitsondering 6 (Besering en skade aan eiendom), sal die maatskappy die versekerde persone skadeloos stel ten opsigte van redelike koste, heffings, fooie (insluitend maar nie beperk nie tot prokureursfooie en kundiges se fooie) en uitgawes (behalwe gereelde of oortydlone, salarisse of fooie van die direkteure, beamptes of werknemers van die versekerde maatskappy) wat noodsaaklikerwys aangegaan word in verband met 'n formele verhoor aangaande die sake van die versekerde maatskappy voortspruitend uit beweerde korporatiewe manslag, selfs al is die versekerde persone nie in die ondersoek genoem nie, met dien verstande dat



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie uitbreiding nie die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld is, oorskry nie

## 2 Uitbreiding t.o.v. ontneming van bates

Die maatskappy sal diensverskaffers direk vergoed vir uitgawes aangegaan deur 'n versekerde persoon met betrekking tot skoling, behuising, nutsdienste en persoonlike versekering vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, wat begin 30 dae na die uitvoering van 'n tussentydse bevel om regte van eienaarskap te konfiskeer, te beheer, op te skort of te vries, of 'n vordering ten opsigte van vaste of persoonlike bates van sodanige versekerde persoon te skep, met dien verstande dat:

2.1 'n persoonlike toelae deur 'n hof voorgeskryf is om sodanige betalings te dek; en

2.2 sodanige persoonlike toelae uitgeput is; en

2.3 die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding verder beperk word tot 1% van die skadeloosstellingsperk vir elke versekerde persoon en jaarliks altesaam tot 10% van die skadeloosstellingsperk, welke perk bo die algemene skadeloosstellingsperk is.

## 3 Uitbreiding t.o.v. blootstellingstydperk

Indien die maatskappy of die versekerde maatskappy nie hierdie afdeling hernu nie of hierdie afdeling beëindig, is die versekerde maatskappy en versekerde persone by betaling van 'n addisionele premie gelyk aan 100% van die jaarpremie vir hierdie afdeling geregtig op 'n verlenging van die dekking vir 'n tydperk van 12 maande (die blootstellingstydperk) na die effektiewe datum van sodanige nie-hernuwing of beëindiging, maar slegs ten opsigte van 'n onregmatige daad soos andersins deur hierdie afdeling gedek indien dit voor die effektiewe datum van sodanige nie-hernuwing of beëindiging plaasgevind het.

Hierdie reg op verlenging verval tensy skriftelike kennisgewing van sodanige keuse, saam met die betaling van die addisionele verskuldigde premie, deur die versekerde maatskappy aan die maatskappy gegee word binne 30 dae na die effektiewe datum van beëindiging of nie-hernuwing. 'n Eis wat gedurende die blootstellingstydperk ingestel word, word geag gedurende die versekeringstydperk ingestel te gewees het.

Die premie verskuldig vir die blootstellingstydperk word by betaling geag ten volle verdien en nie-terugbetaalbaar te wees. Die versekerde maatskappy is nie geregtig om die blootstellingstydperk ingevolge hierdie uitbreiding te kies indien 'n verlenging van dekking ooreenkomstig spesifieke voorwaarde 11 (Samesmeltings) toegestaan word nie.

## 4 Uitbreiding t.o.v. noodkoste

Indien die maatskappy se skriftelike toestemming nie verkry kan word voordat verdedigingskoste aangegaan word ten opsigte van verlies wat ingevolge hierdie afdeling skadeloos gestel kan word nie, sal die maatskappy terugwerkende goedkeuring vir sodanige verdedigingskoste verleen, met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens 10% van die skadeloosstellingsperk is en dat sodanige goedkeuring so gou as redelikerwys prakties moontlik verkry word.

## 5 Uitbreiding t.o.v. boedels en regsverteenwoordigers

Hierdie afdeling dek eise vir onregmatige dade teen die boedels, erfgename, regsverteenwoordigers of regverkrygendes van versekerde persone wat oorlede is of teen die regsverteenwoordigers of regverkrygendes van 'n versekerde persoon/persone wat onbevoeg, insolvent of gelikwideer is in soverre sodanige eise by afwesigheid van sodanige sterfte, onbevoegdheid, insolvensie of likwidasie deur hierdie afdeling gedek sou word.

## 6 Uitbreiding t.o.v. uitleweringskoste

### 6.1 Koste vir verdediging van uitleweringsgedinge

Die maatskappy sal die redelike fooie, koste en uitgawes van elke versekerde persoon (behalwe die vergoeding van die versekerde persoon, koste van hul tyd of koste of bedryfskoste van die versekerde maatskappy) betaal wat met die maatskappy se vooraf skriftelike toestemming aangegaan is deur of namens sodanige versekerde persoon wat in hul hoedanigheid as sodanig optree, in verband met die betwisting, teenstaan en/of verdediging van 'n uitleweringsgeding wat teen sodanige versekerde persoon aanhangig gemaak is, na:

6.1.1 ontvangs deur sodanige versekerde persoon van 'n amptelike skriftelike kennisgewing van die verantwoordelike staatsowerheid dat 'n versoek om uitlewering teen die versekerde persoon ingebring is; of



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

6.1.2 die uitvoering van 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van sodanige versekerde persoon,

wat ook al die vroegste is.

Uitleweringsgedinge sluit 'n appèl met betrekking daartoe asook regterlike hersieningsaansoeke in wat die aanwysing van 'n gebied betwis vir die doeleindes van Wet op Uitlewering van 1962 en die Wysigingswet, No. 79 van 1996 van die Republiek van Suid-Afrika (of die ekwivalente wetgewing in 'n ander gebied), (om twyfel te vermy, insluitend die keuse van die VSA as 'n aangewese kategorie 2-gebied), enige uitleweringsbesluit deur die Minister van Buitelandse Sake of aansoeke by die Europese Hof van Menseregte of soortgelyke hof met betrekking tot uitleweringsgedinge.

Die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie uitbreiding is hoogstens 20% van die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

**6.2 Uitleweringskrisiskoste en media-uitgawes**

Die maatskappy sal, as deel van die skadeloosstellingsperk, volgens die versekerde persoon se keuse:

6.2.1 tot 10% van die sub-perk vir uitleweringskoste vir uitleweringskrisiskoste betaal; en

6.2.2 tot 10% van die sub-perk vir uitleweringskoste vir media-uitgawes betaal.

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding

6.1 beteken uitleweringskrisiskoste die redelike fooie, koste en uitgawes van 'n geakkrediteerde regsadviseur en/of belastingadviseur wat met die maatskappy se vooraf skriftelike toestemming deur die versekerde persoon gebruik word, direk in verband met uitleweringsgedinge wat teen sodanige versekerde persoon aanhangig gemaak is;

6.2 beteken media-uitgawes die redelike fooie, koste en uitgawes van openbarebetrekkinge-konsultante wat met die maatskappy se vooraf skriftelike toestemming deur die versekerde persoon gebruik word, direk in verband met uitleweringsgedinge wat teen sodanige versekerde persoon aanhangig gemaak is;

## 7 Uitbreiding t.o.v. boetes en strafvoltrekkings

Ondanks enige andersluidende bepaling in die afdeling, sal die maatskappy namens die versekerde persone siviele boetes en strafvoltrekkings betaal wat volgens wet aan sodanige versekerde persone opgelê word na 'n amptelike ondersoek of soortgelyke geding wat gelas is deur 'n beampte of regulerende owerheid aan wie 'n erkenningsbevel deur die Raad op Finansiële Dienste toegestaan is of ekwivalente beampte of regulerende owerheid in enige ander jurisdiksie waarop hierdie versekering van toepassing is om die sake van die versekerde maatskappy te ondersoek, behalwe die volgende:

7.1 boetes of strafvoltrekkings wat opgelê word in verband met opsetlike, doelbewuste of bedrieglike dade;

7.2 enige vorm van kriminele boetes of strafvoltrekkings;

7.3 boetes of strafvoltrekkings wat volgens wetgewing van toepassing op die afdeling of deur enige ander toepaslike wetgewing as onversekerbaar beskou word;

7.4 boetes of strafvoltrekkings wat opgelê word in verband met 'n oortreding van enige vorm van belastingregulasie, of belastingskending.

Die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding is hoogstens 2.5% van die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## 8 Uitbreiding t.o.v. aanspreeklikheid vir hoofregsadviseur

Die lewering van professionele advies deur of dienste van 'n interne hoofregsadviseur wat heeltyds by die versekerde maatskappy in diens is, wat eksklusief aan die versekerde maatskappy gelewer word met betrekking tot die leiding of bestuur van die versekerde, word nie geag binne die bestek te val van professionele dienste soos deur spesifieke uitsondering 15 (Professionele dienste) beoog word nie.

## 9 Uitbreiding t.o.v. verdedigingskoste vir besering en skade

Ondanks enige andersluidende bepaling in spesifieke uitsondering 5, sal die maatskappy slegs die nie-skadeloosstelbare verlies met betrekking tot verdedigingskoste van 'n versekerde persoon betaal indien die algemene aanspreeklikheidsversekering wat deur die versekerde maatskappy aangegaan is, nie versekering aanbied nie. Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding beteken nie-skadeloosstelbare verlies daardie verlies van 'n versekerde persoon waarvoor die versekerde maatskappy weens regsbeperking



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

of weens sy insolvensie nie skadeloosstelling kan verskaf nie. Die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte hiervan word verder beperk tot 20% van die skadeloosstellingsperk.

## 10 Uitbreiding t.o.v. beskerming van nie-uitvoerende direkteure

Indien die maatskappy vanaf aanvang of vanaf die tydstip van verandering in dekking weens bedrieglike optrede, nie-openbaarmaking, wanvoorstelling of opset om te bedrieg deur die versekerde maatskappy of een of meer van die versekerde persone hierdie afdeling vermy, hou die maatskappy vir elke nie-uitvoerende direkteur wat ingevolge hierdie afdeling verseker is dekking in stand tot die datum waarop die afdeling verstryk, tensy die maatskappy kan vasstel dat sodanige nie-uitvoerende direkteur betrokke was by of bewus was van enige sodanige bedrieglike optrede, nie-openbaarmaking, wanvoorstelling of opset om te bedrieg.

## 11 Uitbreiding t.o.v. verdedigingskoste vir besoedeling

Ondanks enige andersluidende bepaling in spesifieke uitsondering 14 (Besoedeling) word dekking toegestaan ten opsigte van verdedigingskoste van tot R250 000 wat aangegaan word in verband met die werklike, beweerde of dreigende storting, vrystelling, ontsnapping, sypeling, migrasie of uitlating van besoedelstowwe.

## 12 Uitbreiding t.o.v. uitgawes vir openbare betrekkinge

Onderworpe aan hul vooraf skriftelike instemming, sal die maatskappy fooie, koste en uitgawes betaal van openbarebetrekkinge-konsultante, 'n krisisbestuursfirma of regsfirma wat deur die versekerde persoon gebruik word en redelikerwys deur sodanige versekerde persoon aangegaan word ter voorkoming of beperking van nadelige gevolge of negatiewe publisiteit wat na verwagting kan voortspruit uit 'n eis of ondersoek wat direk met 'n onregmatige daad verband hou waarvoor 'n eis ingevolge hierdie afdeling toegestaan is, met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid hierkragtens verder beperk word tot 5% van die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## 13 Uitbreiding t.o.v. herstelling van skadeloosstellingsperk

Indien die skadeloosstellingsperk gespesifiseer in die bylae geheel en al of gedeeltelik verminder word as gevolg van die betaling van 'n verlies wat koste en uitgawes insluit, word sodanige skadeloosstellingsperk outomaties tot die omvang van sodanige vermindering herstel, met dien verstande dat:

13.1 sodanige herstelde skadeloosstellingsperk slegs geld ten opsigte van eise wat nie oorsaaklik of logies verband hou op grond van onder meer gemeenskaplike feite, omstandighede, situasies, transaksies, gebeurtenisse of besluite of verwante reekse daarvan nie, as die eis(e) wat aanleiding gegee het tot hierdie bepaling; en

13.2 die totale aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie afdeling hoogstens 'n totale bedrag is van twee keer die bedrag wat in die bylae vermeld word.

Indien ekstra oftewel oormaatversekering bestaan met 'n skadeloosstellingsperk wat spesifiek skadeloosstelling bo die perk van hierdie afdeling voorsien, word hierdie bepaling gewysig om te geld slegs as die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling en die skadeloosstellingsperk(e) wat ingevolge enige toepaslike oormaatversekeringspolisse verskaf word, uitgeput is.

## 14 Uitbreiding t.o.v. uitgawes t.o.v. naambeskerming

Onderworpe aan hul vooraf skriftelike instemming, sal die maatskappy die redelike fooie en verwante uitgawes betaal van 'n openbarebetrekkinge-firma of -konsultant wat deur die versekerde persoon gebruik word om die bevindings bekend te maak van 'n finale uitspraak ten gunste van die versekerde persoon voortspruitend uit 'n eis wat ingevolge hierdie afdeling toegestaan is, met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid nie die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, oorskry nie.

## 15 Uitbreiding t.o.v. afgetrede direkteure en beamptes

Indien hierdie afdeling nie hernu word of vervang word deur 'n ander polis wat dekking vir direkteure en beamptes se aanspreeklikheid verskaf nie en 'n blootstellingstydperk nie opgeroep word nie, word die dekking wat deur hierdie afdeling verskaf word, onderworpe aan die skadeloosstellingsperk, uitgebrei om 'n afgetrede direkteur of beampte skadeloos te stel ten opsigte van eise wat gedurende die tydperk van ses jaar onmiddellik na die datum van sodanige nie-hernuwing teen sodanige persoon ingestel word. Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding beteken 'n afgetrede direkteur of beampte 'n persoon wat voor die verstryking van die versekeringstydperk opgehou het om die amp te beklee om enige ander rede as onbevoegdverklaring om die amp van maatskappydirekteur te beklee.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 16 Uitbreiding t.o.v. spesiale ekstra beskerming vir direkteure

Die maatskappy sal die nie-skadeloosstelbare verlies van elke direkteur en nie-uitvoerende direkteur, tot die direkteure en nie-uitvoerende direkteure se spesiale ekstra perk, weens 'n onregmatige daad betaal wanneer:

16.1 die skadeloosstellingsperk; en

16.2 alle ander toepaslike bestuursaanspreeklikheidversekering, hetsy spesifiek geskryf as bo die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling of andersins; en

16.3 alle ander skadeloosstelling vir verlies wat aan 'n direkteur en nie-uitvoerende direkteur beskikbaar is,

alles uitgeput is.

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding beteken nie-skadeloosstelbare verlies slegs daardie verlies ten opsigte van verdedigingskoste van 'n versekerde persoon waarvoor die versekerde maatskappy weens regsbeperking of weens sy insolvensie nie skadeloosstelling kan verskaf nie.

Die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding word verder beperk tot 1% van die skadeloosstellingsperk vir elke direkteur en nie-uitvoerende direkteur en jaarliks altesaam tot 10% van die skadeloosstellingsperk.

## 17 Uitbreiding t.o.v. aanspreeklikheid van gade

Indien 'n eis teen 'n versekerde persoon 'n eis teen die versekerde persoon se wettige gade insluit suiwer op grond van

17.1 sodanige gade se regstatus as 'n gade van die versekerde persoon, of

17.2 sodanige gade se eienaarsbelang in eiendom ten opsigte waarvan die eiser beweerde onregmatige dade van die versekerde persoon wil verhaal,

word alle verlies wat sodanige gade regtens verplig word om op grond van sodanige eis te betaal, vir die doeleindes van hierdie afdeling hanteer as verlies wat die versekerde persoon regtens verplig word om te betaal op grond van die eis wat teen die versekerde persoon ingestel is. Alle bepalings en voorwaardes van hierdie afdeling, insluitend sonder beperking die eerste bedrag betaalbaar, van toepassing op verlies deur sodanige versekerde persoon aangegaan in die eis geld ook vir sodanige verlies ten opsigte van die gade.

Die dekking wat deur hierdie uitbreiding verskaf word, geld nie in soverre die eis ten opsigte van 'n beweerde onregmatige daad deur die versekerde persoon se gade is nie.

## 18 Uitbreiding t.o.v. belasting, die Wet op Vergoeding vir Beroepsbesering en -siektes en die Werkloosheidsversekeringsfonds

Hierdie afdeling word uitgebrei om verlies in te sluit van 'n versekerde persoon voortspruitend uit sy persoonlike aanspreeklikheid vir onbetaalde belastings, vergoeding vir bydraes ten opsigte van beroepsbesering en -siektes en die Werkloosheidsversekeringsfonds indien die versekerde maatskappy insolvent geraak het, behalwe in soverre sodanige aanspreeklikheid voortspruit uit 'n opsetlike voorneme van die versekerde persone om 'n statutêre plig wat die betaling van sodanige belastings en bydraes reguleer te versuim, met dien verstande dat:

18.1 die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hiervan verder beperk word tot 10% van die skadeloosstellingsperk; en

18.2 die maatskappy nie spesifieke uitsondering 7 (Insolvensie) opgeroep het nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# ELEKTRONIESE TOERUSTING

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Ongeval

1.1 (slegs van toepassing op verhoogde bedryfskoste) fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom omskryf in die bylae weens enige oorsaak soos verleen ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling, welke aanspreeklikheid ingevolge die onderafdeling, behalwe vir bepalings met betrekking tot die eerste bedrag betaalbaar of die onderhoud-/huurooreenkomste, 'n voorwaarde vir aanspreeklikheid hierkragtens is.

1.2 versuim van die openbare voorsiening van elektrisiteit by die eindpunte van die voorsieningsowerhede in die perseel weens enige toevallige oorsaak behalwe:

1.2.1 die opsetlike daad van die versekerde of enige voorsieningsowerheid;

1.2.2 droogte of brandstoftekort by enige elektrisiteitvoorsieningsowerheid;

met dien verstande dat:

1.2.1 die maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag ingevolge onderafdeling B oorskry nie.

1.2.2 die skadeloosstellingstydperk begin 12 ure na die onderbreking en eindig nie later nie as 30 dae na sodanige onderbreking.

### 2 Skadeloosstellingstydperk

skadeloosstellingstydperk beteken

die tydperk waartydens die resultate van die besigheid geraak word as gevolg van die ongeval wat begin met die getal ure/dae vermeld in die bylae as die tyduitsluiting na die plaasvind van die ongeval en wat eindig nie later nie as die verstryking van die tydperk vermeld in die bylae as die skadeloosstellingstydperk ná sodanige gebeurtenis.

Die tyduitsluiting is nie van toepassing nie op verlies of skade regstreeks veroorsaak deur brand, storm (met uitsluiting van weerlig), insakking, wind of die ineenstorting van geboue.

### 3 Gebiedsgrense

gebiedsgrense beteken

3.1 ten opsigte van eiendom behalwe soos beskryf in 3.2 hieronder, die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek

3.2 ten opsigte van skoot-, notaboek- en palmrekenaars, slimfone en ander draagbare rekenaartoerusting wat tydelik buite die gebiede is waarna in 3.1 hierbo verwys word, enige plek in die wêreld.

### 4 Onbewaakte voertuig

onbewaakte voertuig beteken

enige voertuig wat deur die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde gebruik word waar sodanige persoon nie die voertuig konstant onder toesig kan hou en terselfdertyd 'n redelike verwagting het om enige ongemagtigde gepeuter met die voertuig te verhoed nie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Omskrewe gebeurtenisse

**1 Verlies van of skade soos uiteengesit in onderafdeling A**

**2 Verlies en/of uitgawes soos uiteengesit in onderafdeling B.**

## Onderafdeling A - Materiële skade

Fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die bylae beskryf word deur enige oorsaak wat nie hierin uitgesluit word nie terwyl:

1 in werking of nie in gebruik nie enige plek binne daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die bylae;

2 in transito met inbegrip van laai en aflaai of terwyl dit tydelik op enige perseel onderweg gestoor word;

3 tydelik verwyder van daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die bylae na enige ander gebou.

### 1 Onderafdeling A - Skadeloosstelling

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling, altyd onderhewig aan die versekerde bedrae vermeld in die bylae of enige spesifieke aanspreeklikheidsperk wat in hierdie onderafdeling vermeld word, is soos hierna vermeld word en soos van toepassing met inbegrip van demontering, heroprigting, vervoer, verwydering van beskadigde versekerde eiendom en, waar van toepassing, invoerbelasting en belasting op toegevoegde waarde.

#### 1.1 Gedeeltelike verlies

Indien die versekerde eiendom herstelbare skade opdoen, is die skadeloosstellingsgrondslag die hersteluitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word om die beskadigde eiendom tot sy werkende toestand te herstel, met dien verstande dat:

1.1.1 die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat ten tyde van die herstelwerk uitgevoer word nie kragtens hierdie onderafdeling verhaalbaar is nie;

1.1.2 indien tydelike herstelwerk sonder die maatskappy se toestemming deur die versekerde uitgevoer is in belang van veiligheid of om verdere verlies of beskadiging van die versekerde eiendom te beperk, die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur die maatskappy gedra word. In geval die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of beskadiging van die versekerde eiendom veroorsaak, moet enige bykomende koste wat so opgeloop word of die gevolge daarvan deur die versekerde betaal word;

1.1.3 indien die skade beperk is tot 'n deel of dele van 'n versekerde item, die maatskappy nie aanspreeklik is nie vir 'n bedrag groter as die waarde van sodanige verlore of beskadigde deel of dele waarvoor in die versekerde bedrag voorsiening gemaak is.

#### 1.2 Totale verlies

In die geval van die algehele verlies of vernietiging van die nuwe versekerde eiendom is die skadeloosstellingsgrondslag die koste van die vervanging of herstel daarvan op dieselfde terrein met nuwe eiendom van gelyke werkverrigting en/of kapasiteit, of indien dit nie moontlik is, vervanging daarvan met nuwe eiendom met die naaste gelykwaardige werkverrigting en/of kapasiteit as dié van die verlore of beskadigde eiendom altyd met dien verstande dat:

1.2.1 die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen benewens die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die skade nie;

1.2.2 totdat uitgawe deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die verlore of beskadigde versekerde eiendom, die maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige betaling bó die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

1.2.3 hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is, indien:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

1.2.3.1 die versekerde versuim om binne ses (6) maande vanaf die datum van die verlies of skade, of sodanige verdere tydperk wat die maatskappy skriftelik mag toelaat die maatskappy skriftelik in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde eiendom te vervang of te herstel;

1.2.3.2 die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel;

## 2 Onderafdeling A - Spesifieke voorwaardes

### Eweredigheid

Ten opsigte van 1.1 (Gedeeltelike verlies) en 1.2 (Totale verlies) van Onderafdeling A - Skadeloosstelling hierbo, indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige verlies van of skade aan sodanige eiendom, word die versekerde sy eie maatskappy geag vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien meer as een, van hierdie afdeling waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan dié bepaling onderworpe.

## 3 Onderafdeling A - Uitsonderings

Die maatskappy stel die versekerde nie skadeloos nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, ten opsigte van:

### 3.1 Ontwrigting

ontwrigting tensy dit gepaard gaan met fisieke skade wat andersins deur hierdie onderafdeling gedek word;

### 3.2 Koste van die reproduksie van data

die koste van die reproduksie van data en/of programmatuur hetsy dit op kaarte, bande, diskette of anders opgeneem is tensy onderafdeling B spesifiek daarvoor voorsiening maak;

### 3.3 Bybetaling

die bybetaling soos vermeld in die bylae ten opsigte van onderafdeling A van elke gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee. Indien meer as een item van die versekerde eiendom fisieke verlies of skade tydens enige enkele gebeurtenis opdoen, is die eerste bedrag betaalbaar die hoogste enkele bedrag van toepassing op sodanige versekerde eiendom;

### 3.4 Foute of defekte

foute of defekte wat ten tyde van die reël van hierdie versekering of gedurende die geldigheidsduur van die versekering aan die versekerde (of sy verantwoordelike werknemers) bekend is en wat nie aan die maatskappy openbaar is nie of enige gevolge daarvan;

### 3.5 Verlies van gebruik

verlies van gebruik van die eiendom of ander gevolglike verlies, skade of aanspreeklikheid van welke aard ook al behalwe verlies waarvoor hierin spesifiek voorsiening gemaak word;

### 3.6 Onderhoud ooreenkoms

skade of verlies verhaalbaar ingevolge 'n onderhoud- en/of huurooreenkoms wat deur of namens die versekerde aangegaan is en wat die versekerde eiendom dek;

### 3.7 Onderdele met 'n kort lewensduur

onderdele met 'n kort lewensduur soos (maar nie daartoe beperk nie) gloeilampe, kleppe, Kontakte, x-straal buise, katodestraalbuise, termioniese emissiebuise, sekerings en offerstroombane. Indien sodanige dele beskadig word as gevolg van fisieke verlies van of skade aan ander dele van die versekerde eiendom waarvoor in hierdie afdeling voorsiening gemaak word, stel die maatskappy die versekerde skadeloos vir die reswaarde voor die verlies van sodanige uitruilbare dele;

### 3.8 Vermeerdering in die kragspanning of kragstuwing

Verlies van of skade aan die versekerde eiendom soos omskryf in die bylae as gevolg van 'n skielike geringe vermeerdering in die kragspanning en/of kragstuwing en/of 'n nie genoegsame



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

voltspanningstoestand, voortspruitend uit die vrystellende energie van enige bystand kragopwekkingstoerusting waaraan die versekerde eiendom/masjinerie gekoppel is.

Hierdie uitsondering sal nie van krag wees indien die bystand kragopwekkingstoerusting met toepaslike voltspannings- en herhalingsregulerendetoerusting toegerus is nie.

**3.9 Diefstal**

3.9.1 verlies weens diefstal of weens die wegraak van die versekerde eiendom tensy dit gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating (of enige poging daartoe) vanuit daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die bylae of as gevolg van diefstal of enige poging daartoe volgende op geweld of dreigement tot geweld ander dan ten opsigte van skoot-, notaboek- en palmrekenaars, slimfone en ander draagbare rekenaartoerusting waar kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die gebou of die gedeelte van die gebou nie van toepassing sal wees nie. Dit is 'n voorwaarde dat skoot-, notaboek- en palmrekenaars, slimfone en ander draagbare rekenaartoerusting individueel gespesifiseer word in die bylae van die afdeling.

3.9.2 verlies van die versekerde eiendom deur diefstal terwyl in transito of terwyl tydelik van die versekerde perseel verwyder tensy dit deur die versekerde geïdentifiseer kan word met 'n spesifieke voorval wat onmiddellik aan die polisie en die maatskappy gerapporteer is.

**3.10 Onbewaakte voertuig**

verlies van of skade voortspruitend uit of veroorsaak deur diefstal uit 'n onbewaakte voertuig, tensy die eiendom gehou word in 'n voertuig wat heeltemal toe en behoorlik gesluit is of die voertuig self in 'n gebou gehuisves word wat veilig toegesluit is, en betreding van of verlating van sodanige geslote voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaardgaan.

Indien die versekerde deur middel van videobewakingsbeeldmateriaal (of enige ander afdoende bewys) bewys kan lewer dat 'n poging aangewend is om die voertuig met die voertuig se afstandbeheerder te sluit, maar dat die sluitmeganisme deur middel van 'n elektroniese toestel deur diewe geblokkeer is, word sodanige bewys geag te voldoen aan die vereiste vir 'n voertuig wat heeltemal toe en behoorlik gesluit is.

Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op verlies of skade wat kan voorkom as gevolg van 'n ongeluk waarby 'n padvoertuig betrokke is waarin 'n prinsipaal of werknemer of vertroude persoon weens liggaamlike besering wat opgedoen is, nie in staat is om besit van of beheer oor die eiendom te behou nie;

**3.11 Vermorsing van materiaal**

vermorsing van materiaal of dies meer of slytasie of uitslyt van enige deel van die versekerde eiendom wat veroorsaak word deur of natuurlik ontstaan uit die gewone gebruik of werking of ander geleidelike agteruitgang, die ontwikkeling van swak kontakte of skraping van geverfde of gepoleerde oppervlakte van kosmetiese aard;

# Onderafdeling B - Gevolglike verlies

## 1 Onderafdeling B – Skadeloosstelling

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling, altyd onderhewig aan die versekerde bedrae vermeld in die bylae, is soos hierna vermeld word.

Die aanspreeklikheid van die maatskappy beloop hoogstens die bedrae gespesifiseer in die bylae ten opsigte van enige enkele ongeval of reeks ongevalle wat voortspruit uit of ontstaan in verband met enige enkele gebeurtenis.

### 1.1 Verhoogde bedryfskoste

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot alle bykomende koste en uitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys gedurende die skadeloosstellingstydperk deur die versekerde aangegaan word met die uitsluitlike doel om die onderbreking of belemmering van die normale werksaamhede van die versekerde te voorkom of tot die minimum te beperk



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

minus enige bedrag bespaar tydens die skadeloosstellingstydperk ten opsigte van sodanige heffings en uitgawes van die besigheid wat mag staak of verminder word as gevolg van die ongeval.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie item is nie regstreeks of onregstreeks van toepassing nie op:

1.1.1 die dekking waarvoor ingevolge item 1.2 (Herstel van data/programmatuur) van hierdie onderafdeling voorsiening gemaak word;

1.1.2 die intrinsieke waarde (met inbegrip van herstelwaarde) van die eiendom verseker ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling.

#### 1.2 Herstel van data/programmatuur

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot koste en uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys deur die versekerde aangegaan vir die heropstel of hersamestelling van data en/of programmatuur opgeneem of gestoor op datadraende media wat verlore raak as gevolg van toevallige uitwissing (wat die gebeure insluit omskryf in die skadeloosstellingsklousule tot onderafdeling A van hierdie afdeling) of deur diefstal of deur die opsetlike kwaadwillige of moedswillige bedoeling om die kansellasie of ontwrigting van data of programmatuur te veroorsaak soos voor voorsien in onderafdeling A van hierdie afdeling.

Met dien verstande dat:

1.2.1 die skadeloosstelling nie uitgebrei word om sodanige koste opgeloop vanweë programmatuurfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of ontwrigting van data en/of programmatuur in te sluit nie;

1.2.2 ten opsigte van elke gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit of verband hou met een oorspronklike oorsaak of oorsprong wat ingevolge hierdie item skadeloos gestel word, die versekerde verantwoordelik is vir die bedrag wat in die bylae as die eerste bedrag betaalbaar vermeld word;

1.2.3 indien die versekerde kies om programmatuur (sagteware) te verseker, 'n bylae van sodanige programmatuur by die aanvang van elke (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) by die maatskappy ingedien word.

### 2 Onderafdeling B - Uitsonderings

Tensy uitdruklik anders voor voorsiening gemaak is, die maatskappy is nie aanspreeklik nie om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van

#### 2.1 Boetes en straftoekennings

boetes of straftoekennings vir kontrakbreuk vir laat uitvoering van bestellings of vir enige bestraffing van welke aard ook al.

#### 2.2 Verlies aan wins

die verlies aan wins of gevolglike verlies van welke aard ook al tensy hierin spesifiek daarvoor voorsiening gemaak word.

# Spesiale uitsondering (van toepassing op onderafdelings A (Materiële skade) en B (Gevolglike verlies))

## Virusse, trojane en wurms

Die maatskappy stel nie die versekerde skadeloos nie teen verlies of skade van watter aard ook al wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met die werking van enige rekenaarvirus, Trojaan of wurm(s) of soortgelyke skadelike media.

# Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Uitbreiding by onderafdeling A (Materiële skade): Argitek- en ander professionele gelde

Die maatskappy sal, benewens die versekerde bedrae vermeld in die bylae, betaal vir professionele gelde wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word vir die herstel of vervanging van eiendom ná skadeloosstelbare verlies of skade met dien verstande dat die totale betaalbare bedrag ten opsigte



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

van sodanige gelde hoogstens 15% van die totale bedrag van die eis beloop, maar dit sluit nie koste in wat in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis aangegaan word nie.

## 2 Uitbreiding: Kapitaaltoevoegings en geldeenheidskommelings

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling sluit in:

2.1 bykomende toerusting of programmatuur van 'n soortgelyke aard as dié in die bylae gespesifiseer wat deur die versekerde aangekoop word, met dien verstande dat, ten opsigte van verlies of skade weens elektriese, meganiese of elektroniese onklaarraking of ontploffing, die versekering eers in werking tree ná bevredigende voltooiing van installering of opdraggewing/toetsing en ingebruikneming by die versekerde se persele;

2.2 voorsiening vir die waardevermindering of herwaardasie van die geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika teen dié van die land van oorsprong van die versekerde eiendom en ander inflasie-tendense wat mag lei tot 'n verhoging in die versekerde bedrag (wat die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde verteenwoordig) van die versekerde eiendom.

Met dien verstande dat die verhoging nie die totale versekerde bedrag wat in die bylae vir onderafdeling A gespesifiseer word, met meer as 25% oorskry nie, en dit word ooreengekom dat die versekerde die maatskappy ná die verstryking van elke (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) sal verwittig en die toepaslike premie daarop betaal, tot hoogstens 50% van die verskil.

## 3 Uitbreiding by onderafdeling A (Materiële skade): Opruimingskoste

Die maatskappy sal, benewens die versekerde bedrae vermeld in die bylae, betaal vir koste wat noodsaakliker- en redelikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping of demontering van eiendom en/of puinverwydering en by die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings en ander soortgelyke strukture wat vereis word tydens sloping, demontering, puinverwydering en herbouing ná skadeloosstelbare verlies van of skade aan sodanige eiendom, met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die persentasie vermeld in die bylae van die totale bedrag van die eis beloop.

## 4 Uitbreiding by onderafdeling A (Materiële skade): Spoedaflewering en oortyd

Die maatskappy sal, benewens die versekerde bedrae vermeld in die bylae, betaal vir ekstra koste wat gevra word vir spoedaflewering, lugvrag, oortyd, Sondag- en vakansiedag-tariewe van lone betaalbaar ten opsigte van die nodige en redelike bykomende koste wat deur die versekerde aangegaan word om herstelwerk of vervanging te laat doen wat deur die maatskappy goedgekeur is, beperk tot die persentasie wat in die bylae vermeld word van die bedrag wat die herstelwerk of vervanging sou gekos het indien hierdie bykomende koste nie aangegaan is nie.

## 5 Uitbreiding by onderafdeling A (Materiële skade): Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die maatskappy regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 6 Klousule: Huurkoop/finansieringsooreenkomste

Indien die maatskappy kennis dra dat die versekerde eiendom of enige individuele item daarvan die onderwerp is van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms, word betaling hieronder gedoen aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die maatskappy ten opsigte van verlies of skade wat ingevolge hierdie onderafdeling van die afdeling skadeloos gestel word.

## 7 Uitbreiding by onderafdeling A (Materiële skade) en onderafdeling B (Gevolglike verlies): Onversoenbaarheidsdekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs in die polis vervat, stel die skadeloosstelling verleen ingevolge onderafdelings A (Materiële skade) en B (Gevolglike verlies) van hierdie afdeling die versekerde skadeloos teen onkoste aangegaan ten opsigte van:

7.1 modifikasies of veranderings aan die versekerde eiendom wat regstreeks volg op skadeloosstelbare verlies of skade om die bedryfsintegriteit van die elektroniese sisteem te verseker;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

7.2 vervanging of opgradering van wettige programmatuur om versoenbaarheid met die gemodifiseerde of veranderde elektroniese sisteem te bereik;

7.3 die herstel van voorheen vasgelegde data wat ontoeganklik geword het weens die modifikasie van of veranderings aan die elektroniese sisteem of as gevolg van die vervanging of opgradering van wettige programmatuur.

Altyd met dien verstande dat:

7.1 die koste waarvoor in 7.1, 7.2 en 7.3 hierbo voorsiening gemaak word noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word ten einde normale werkomstandighede in stand te hou;

7.2 sodanige bykomende koste aangegaan word as regstreekse gevolg van skadeloosstelbare verlies of skade ingevolge onderafdeling A (Materiële skade ) of B (Gevolglike verlies) (item 1.2 (Herstel van data/programmatuur)) van hierdie afdeling;

7.3 die dekking hieronder verskaf beperk word tot:

7.3.1 parte of onderdele van die elektroniese sisteem wat nie ingevolge onderafdeling A hiervan skadeloosstelbaar is nie;

7.3.2 programmatuur of data herskep wat nie ingevolge item 1.2 (Herstel van data/programmatuur) van onderafdeling B hiervan skadeloosstelbaar is nie;

7.4 die skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding ten opsigte van enige enkele voorval in totaal beperk word tot twintig persent (20%) van die toepaslike versekerde bedrag ingevolge onderafdeling A (Materiële skade ) en onderafdeling B (Gevolglike verlies) (item 1.2 (Herstel van data/programmatuur)) hiervan of R35 000, wat ookal die minste is.

## 8 Uitbreiding by onderafdeling A (Materiële skade): Nie-kragdadige en gewelddadige betreding van voertuig (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsondering 3.10 (Onbewaakte voertuig) sal nie van toepassing wees op goedere gehou in 'n voertuig wat heeltemal toe en behoorlik gesluit is waar die versekerde beweer dat die voertuig gesluit was, maar geen bewyse van kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die voertuig bestaan nie, met dien verstande dat:

8.1 die polisie se saaknommer aan die maatskappy verskaf word;

8.2 na die aftrekking van die bybetalings soos in die bylae vermeld, die maatskappy se aanspreeklikheid verder beperk word tot 75% van die eis met 'n maksimum van R20 000.

## 9 Uitbreiding by onderafdeling A (Materiële skade): Planondersoekgelde

Die skadeloosstelling deur hierdie polis sluit planondersoekgelde in soos deur die verantwoordelike openbare owerheid gehef kan word, wat regstreeks, noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word in die herstel of vervanging van die versekerde eiendom.

## 10 Kragstuwings of weerligslae beperking van toepassing op onderafdeling A (Materiële skade)

Alle verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens kragstuwings of weerligslae is onderworpe aan 'n bykomende bybetaling per voorval van 10% van die netto bedrag betaalbaar vir die items sodanig beskadig, onderworpe aan 'n minimum van R1 000, maar hoogstens R2 000 per gebeurtenis. Indien die versekerde eiendom egter behoorlik en voldoende deur geskikte beskermingsmaatreëls teen variasies in die kragtoevoer beskerm is, sal hierdie bykomende bybetaling kwytgeskeld word.

## 11 Uitbreiding by onderafdeling B (Gevolglike verlies): Verhindering van toegang

Indien die besigheid by die perseel gedurende die skadeloosstellingstydperk onderbreek of belemmer word as gevolg van die feit dat die versekerde nie toegang tot die versekerde eiendom geleë op die perseel kan kry nie weens skade aan eiendom binne 'n omtrek van 15 km vanaf die versekerde perseel soos beskryf in die bylae, deur brand, weerlig, ontploffing, storm, stormwind, oorstroming, vloed, aardbewing of botsing deur voertuie, stel die maatskappy die versekerde skadeloos teen verlies voortspruitend uit sodanige onderbreking of belemmering in ooreenstemming met die voorbehoude wat hierin vervat word.

met dien verstande dat:

11.1 die versekerde nie ingevolge enige ander polis of ander afdeling van hierdie polis geregtig is op skadeloosstelling soos in hierdie uitbreiding voorsiening gemaak word nie;

11.2 hierdie afdeling nie bydra saam met enige ander polis of afdeling van hierdie polis wat 'n soortgelyke uitbreiding bevat nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 12 Beperking by onderafdeling B (Gevolglike verlies): Herstel

Ondanks enige andersluidende bepalings vervat in onderafdeling B, word hiermee verklaar en ooreengekom dat in geval van enige onderbreking wat volg op verlies of skade en wat vererger word deur:

12.1 die versekerde se onvermoë of onwilligheid om die vernietigde of beskadigde eiendom te vervang of te herstel, of sy versuim om sodanige vervanging of herstel binne redelike tyd uit te voer, of

12.2 verbouings, toevoegings of verbeterings aan die versekerde eiendom wat tydens die herstel aangebring word

hou die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie afdeling slegs verband met sake onderbreking wat in die afwesigheid van 12.1 en 12.2 sou ontstaan het.

## 13 Uitbreiding by onderafdeling B (Gevolglike verlies): Telkom-verbindingslyne (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe aan die perke wat in die bylae gespesifiseer word, word gevolglike verlies soos voorsien in 1.1 (Verhoogde bedryfskoste) en 1.2 (Herstel van data/programmatuur) van onderafdeling B – Skadeloosstelling wat uit die toevallige onderbreking van die Telkom-verbindingslyne ontstaan - ingesluit altyd met dien verstande dat die versekering ingevolge hierdie uitbreiding onderworpe is aan die spesiale voorwaardes hieronder.

### Spesiale voorwaardes van toepassing op Telkom-verbindingslyne

13.1 Die maatskappy se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag ingevolge hierdie onderafdeling.

13.2 Die skadeloosstellingstydperk begin 12 ure ná die onderbreking en eindig nie later nie as 30 dae ná sodanige onderbreking.

13.3 Die versekering verskaf dek nie verlies nie veroorsaak deur die opsetlike optrede van enige Telkom owerheid of deur die uitoefening van sy reg om toegang tot sy verbindingslyne te beperk of te weerhou.

## 14 Uitbreiding: Huurders

Hierdie versekering word nie ongeldig gemaak nie deur enige handeling of versuim van 'n huurder van die versekerde (waar die versekerde die gebou besit) of 'n ander huurder of die eienaar van die gebou (waar die versekerde 'n huurder is), met dien verstande dat die versekerde die maatskappy in kennis stel sodra hy van sodanige handeling of versuim bewus word, en op aanvraag die toepaslike bykomende premie betaal.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GEBOUE OMVATTEND

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn, tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Geboue

geboue beteken

1.1 geboue (gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-beton- of asbesdak, tensy anders vermeld in die bylae) insluitend verhuurder se los en vaste toebehore daarin en daarop, masjinerie en toerusting wat deel van sodanige gebou uitmaak en permanente los en vaste toebehore daarin en daarop, insluitend maar nie beperk nie tot televisie- en radio-antennes, satellietskottels en -maste, kring-TV's en kameras, diefalarms, brandblustoerusting, weerligafleiers, lugversorgingseenhede, lugwaaiers en warmwatertoestelle (insluitend sonwarmwatertoestelle en sonwarmwatertoestel-verhittingspanele);

1.2 alle buitegeboue (gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdak, tensy anders vermeld in die bylae) daarby;

1.3 spoorwegsylyne;

1.4 motorafdakke;

1.5 hael- en skadunette en hul strukture (onderhewig aan uitbreiding 9 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Hael- en skadunette en skerms));

1.6 skerms, blindings en afdakke (onderhewig aan uitbreiding 9 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Hael- en skadunette en skerms));

1.7 reënwatertenke;

1.8 sport- en ontspanningstrukture;

1.9 mure (behalwe damwalle);

1.10 hekke en hekmotors, hekpale en heinings (insluitend palissades);

1.11 teer-, beton- of geplaveide paaie, opritte, paadjies, parkeerareas of patio's;

1.12 swembaddens (behalwe swembaddens wat bo grondvlak gebou is en vinielswembaddens), saunas en borrelbaddens (jacuzzi's) (insluitend pompe en motors);

1.13 vaste waterversierings, standbeelde en dammetjies;

1.14 boorgate en puttoerusting (insluitend pompe en motors);

1.15 buitelug-advertensieborde, reklameborde wat teen geboue aangebring is;

die eiendom van die versekerde waarvoor hulle verantwoordelik is.

### 2 Perseel

perseel beteken

die perseel soos vermeld in die bylae, wat deur die versekerde besit of gebruik word in verband met die besigheid.

### 3 Onbewoon

'n gebou word geag onbewoon te wees indien meer as 80% van sy totale vloerruimte nie beset word nie. Die teenwoordigheid van sekuriteitspersoneel in die gebou of op die perseel beteken nie op sigself bewoning van die gebou nie.

## Omskrewe gebeurtenisse

### 1 Verlies of skade veroorsaak deur die versekerde gevare

1.1 in onderafdeling A aan die geboue;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

1.2 in onderafdeling B aan openbare toevoerverbindings;

geleë by die perseel.

## 2 Verlies van huurgeld soos in onderafdeling C voorsien

## 3 Regsaanspreeklikheid soos in onderafdeling D voorsien

# Onderafdeling A Eiendom

## Versekerde gevare

### 1 Brand

brand insluitend onderaardse brande.

### 2 Lugvaartuie

lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word, insluitend skade veroorsaak deur klankskokgolwe.

### 3 Aardbewing

aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting (insluitend getygolf en/of tsoenami wat uit aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting voortspruit).

### 4 Ontploffing

ontploffing

### 5 Botsing

botsing deur rotse en groot klippe (behalwe meteoriete, asteroïede of soortgelyke liggame wat die aarde se atmosfeer binnedring), diere, bome, antennes, satellietskottels of -voertuie, insluitend spoorweglokomotiewe of rollende materiaal, met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels of -voertuie, spoorweglokomotiewe of rollende materiaal of eiendom in of op sodanige voertuie, spoorweglokomotiewe of rollende materiaal.

### 6 Weerlig

weerlig of donderslag, insluitend skade wat veroorsaak word deur kragstygings wat direk voortspruit uit sulke weerligstaking

### 7 Sanitêre ware

toevallige skade aan sanitêre ware.

Met dien verstande dat

7.1 die versekerde is verantwoordelik vir 'n bybetaling van R300 ten opsigte van iedere en elke eis ingevolge hierdie gevaar;

7.2 die spesifieke eweredigheidsvoorwaarde geld nie vir hierdie gevaar nie.

### 8 Storm en water

storm, wind, water, hael of sneeu, verlies van of skade aan eiendom uitgesluit

8.1 voortspruitend uit 'n proses wat die eiendom ondergaan wat noodwendig die gebruik of aanwending van water behels;

8.2 veroorsaak deur slytasie of geleidelike agteruitgang;

8.3 aan keermure;

8.4 veroorsaak of vererger deur

8.4.1 insakking, grondverskuiwing of opwelling;

8.4.2 die versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die instandhouding en beveiliging van die versekerde eiendom en om vernietiging of skade tot die minimum te beperk;

8.5 veroorsaak deur 'n getygolf as gevolg van 'n aardbewing of vulkaanuitbarsting.

### 9 Diefstal wat gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating

diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou.

Met dien verstande dat:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

9.1 hierdie gevaar spesifiek verlies van of skade aan die volgende uitsluit:

9.1.1 versekerde eiendom wat nie binne 'n ten volle geslote struktuur (gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdak, tensy anders vermeld in die bylae) ingesluit is nie);

9.1.2 die verhuurder se los en vaste toebehore wat aan die buitekant van enige gebou of buitegebou of aan enige muur, hek of heining (insluitend palissades) of aan enige paal vasgeheg is;

9.2 hierdie gevaar spesifiek skade insluit aan

9.2.1 sodanige geboue na kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige geboue;

9.2.2 hekke en hekmotors, heinings (insluitend palissades en elektriese heinings), hek- en heiningpale veroorsaak terwyl

9.2.2.1 daar eers toegang tot die perseel verkry word voordat daar by die versekerde geboue ingebreek of uitgebreek word, of

9.2.2.2 die perseel daarna verlaat word;

9.3 indien 'n versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 45 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, die versekering teen hierdie gevaar opgeskort word ten opsigte van die geaffekteerde eiendom, tensy die versekerde voor die voorkoms van skade skriftelike instemming van die maatskappy verkry het om hierdie gevaar voort te sit;

9.4 gedurende die aanvanklike tydperk van onbewoning van 45 opeenvolgende dae, die versekerde 'n medeversekerde saam met die maatskappy word en 'n eweredige gedeelte van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis dra met 'n maksimum bedrag, van R5 000 000, voor die aftrekking van enige bybetaling.

## Spesifieke voorwaarde by onderafdeling A

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. Tensy spesifiek anders vermeld in die bylae, word die versekerde bedrag geag die waarde te verteenwoordig van alle eiendom by die perseel wat deur die item beskryf word.

# Onderafdeling B Hooftoevoerverbindings

Toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telekommunikasieverbindings wat die eiendom van die versekerde is of waarvoor hy regtens verantwoordelik is, tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte.

# Onderafdeling C Huurgeld

Verlies aan huurgeld weens die feit dat die versekerde eiendom sodanig beskadig word deur enige van die gespesifiseerde gevare dat dit onverhuurbaar is (insluitend gedeeltelik onverhuurbaar), maar slegs vir die tydperk wat vir vervanging nodig is plus 'n verdere maksimum tydperk van 6 maande waartydens die perseel onbevoeg is en vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die versekerde bedrag ingevolge onderafdeling A van toepassing op die geaffekteerde geboue.

Die berekeningsgrondslag is:

### 1 Hotels, gastehuise, bed-en-ontbyt- of soortgelyke okkupasie

waar die besigheid dié is van 'n hotel, gastehuis, bed-en-ontbyt- of soortgelyke okkupasie:

die huurgeld wat onmiddellik voor die skade deur die versekerde as huurder van die geboue betaalbaar was of indien die versekerde nie die huurder van die geboue is nie, die ekwivalent van die huurgeld wat hulle as die verhuurder sou ontvang het vir die verhuring van al die geboue aan 'n enkele regsentiteit.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 2 Ander beroepe as dié wat by 1 hierbo vermeld is

waar die besigheid anders is as vermeld in 1 hierbo:

die huurgeld betaalbaar onmiddellik voor die skade of die ekwivalent daarvan in huurwaarde.

# Onderafdeling D Aanspreeklikheid

Skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik gehou word as gevolg van die toevallige dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon (hierna besering genoem) of die toevallige verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna skade genoem) wat voorkom gedurende die versekeringstydperk in, op of in die omgewing van die versekerde eiendom en wat voortspruit uit die versekerde se eienaarskap daarvan.

## Die skadeloosstellingsperk

Die maksimum bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of enige getal eisers, en ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se goedkeuring aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens R5 000 000.

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling D (Aanspreeklikheid)

Die maatskappy stel nie die versekerde ingevolge hierdie onderafdeling skadeloos ten opsigte van die volgende nie:

### 1 Bewaring of beheer

skade aan eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde of enige werknemer van die versekerde is;

### 2 Boetes

boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

### 3 Jurisdiksie

3.1 skadevergoeding ten opsigte van uitsprake in die eerste instansie gelewer of verkry in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland;

3.2 regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal is en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 3.1 hierbo beskryf word nie;

### 4 Aanspreeklikheid aanvaar volgens ooreenkoms

aanspreeklikheid wat volgens 'n ooreenkoms aanvaar word, tensy die versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

### 5 Meganies aangedrewe voertuie

besering of skade wat opgedoen word deur enige persoon en wat spruit uit die eienaarskap van of die gebruik deur of namens die versekerde van meganies aangedrewe voertuie (behalwe trapfietse en grassnyers);

### 6 Lid van dieselfde huishouding as die versekerde

besering of skade wat opgedoen word deur enige lid van dieselfde huishouding as die versekerde;

### 7 Persone in diens van die versekerde

besering of skade wat opgedoen word deur enige persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is, en wat regstreeks ontstaan uit en in die loop van sodanige diens by die versekerde;

### 8 Besoedeling

8.1 aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade of verlies aan die gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word;

8.2 die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat, by die afwesigheid van hierdie uitsondering, nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie;

### 9 Eiendom wat aan die versekerde behoort

skade aan eiendom wat aan die versekerde behoort;

### 10 Vibrasie of verswakking van stut

skade aan eiendom wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of versteuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur;

### 11 Oorlog en terrorisme

Algemene uitsluiting 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) word slegs ten opsigte van hierdie onderafdeling geskrap en deur die volgende vervang:

Hierdie onderafdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, verband hou met, of voortspruit uit oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (ongeag of oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Wysigings en onjuiste beskrywing

Die versekering ingevolge onderafdeling A word nie deur 'n wysiging of onjuiste beskrywing van bewoning of okkupasie, hetsy as gevolg van die oordrag van prosesse of masjinerie of op grond van die verkryging van 'n addisionele perseel, strukturele wysigings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of toerusting aangetas nie, met dien verstande dat die maatskappy so gou as prakties moontlik na sodanige gebeurtenis daarvan in kennis gestel word en die versekerde instem om addisionele premies te betaal indien nodig.

### 2 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Argitek- en ander professionele gelde

Die versekering ingevolge onderafdeling A sluit professionele gelde in (vir ramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan is om die versekerde eiendom te herstel of te vervang ná skade weens 'n omskrewe gebeurtenis, maar in geen geval sal dit 20 persent van die bedrag wat ten opsigte van sodanige skade betaalbaar is, oorskry nie en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die eiendom wat geraak word, beloop. Die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige gelde sluit nie koste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

### 3 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge onderafdeling A dek verbouings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag/bedrae nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 20 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die maatskappy elke kwartaal (of indien die versekerings-tydperk meer dikwels as kwartaalliks is, elke maand) van sodanige verbouings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

### 4 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Koste van sloping en opruiming en die oprigting van skuttings

Die versekering ingevolge onderafdeling A sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van versekerde eiendom en/of die verwydering van puin van versekerde eiendom en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede na skade aan die versekerde eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

Die maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

4.1 wat aangegaan word vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

4.2 wat voortspruit uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis/afdeling verseker is nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 5 Klousule in onderafdeling D (Aanspreeklikheid): Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die maatskappy ingevolge onderafdeling D elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elkeen uitgereik is.

Met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat vir onderafdeling D in die bylae vermeld word.

## 6 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Skade deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Die versekering ingevolge onderafdeling A word uitgebrei om verlies of skade aan versekerde eiendom in te sluit veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Met dien verstande dat:

6.1 wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere sal beteken die wat vrylik in die natuur lewe en wat nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word nie en sluit nie motte, knaagdiere en ongediertes in nie

6.2 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis of reeks eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron nie R10 000 sal oorskry nie

6.3 die versekerde verantwoordelik is vir die eerste R1 000 ten opsigte van iedere en elke eis ingevolge hierdie uitbreiding

## 7 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Prysaanpassingsklousule (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(-e) ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag (-e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

By elke hernuwingsdatum moet die versekerde die maatskappy in kennis stel van die bedrag(-e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie uitbreiding is 50 persent van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is

## 8 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur die brand bedreig is.

## 9 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Hael- en skadunette en skerms

9.1 Die bedrag betaalbaar ten opsigte van skade aan hael- en skadunette en hul strukture en tekstiel- en materiaalskerms, blindings en afdakke wat ingevolge onderafdeling A verseker word, word beperk tot die volgende persentasies van die herstelkoste van sodanige nette, strukture, skerms, blindings en afdakke onmiddellik voor sodanige skade:

9.1.1 Strukture

| Ouderdom van struktuur | Persentasie van herstelkoste betaalbaar |
|---|---|
| 0 tot 36 maande | 100% |
| meer as 36 maande maar nie meer as 60 maande nie | 80% |
| meer as 60 maande maar nie meer as 84 maande nie | 60% |
| meer as 84 maande maar nie meer as 108 maande nie | 40% |
| meer as 108 maande | 0% |

9.1.2 Hael- en skadunette

| Ouderdom van hael- en skadunette | Persentasie van herstelkoste betaalbaar |
|---|---|
| 0 tot 12 maande | 100% |



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

meer as 12 maande maar nie meer as 24 maande nie ____ 85%
meer as 24 maande maar nie meer as 36 maande nie ____ 70%
meer as 36 maande maar nie meer as 48 maande nie ____ 55%
meer as 48 maande ____ 0%

9.1.3 Skerms, blindings en afdakke

| Ouderdom van skerms, blindings en afdakke | Persentasie van herstelkoste betaalbaar |
|---|---|
| 0 tot 119 maande | 100% |
| meer as 119 maande | 50% |

9.2 Die woorde "slytasie of geleidelike agteruitgang" soos vervat in 8.2 van gevaar 8 (Storm en water) by onderafdeling A is nie van toepassing op hael- en skadunette en hul strukture wat ingevolge hierdie afdeling verseker word nie.

9.3 Die bedrag betaalbaar sal verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan 10% van die eis met 'n minimum van R1 000 en 'n maksimum van R25 000. Sodanige bybetaling sal geld ondanks enige vermindering van herstelkoste waarvoor in 9.1 hierbo voorsiening gemaak word.

## 10 Uitbreiding by onderafdeling D (Aanspreeklikheid): Bykomende versekerdes

Met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy nie verhoog word bó die skadeloosstellingsperk wat ten opsigte van onderafdeling D vermeld word nie, stel die maatskappy ook, asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is, die volgende skadeloos:

10.1 in geval van die dood van die versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die versekerde opgeloop is;

10.2 enige vennoot of direkteur of lid of werknemer van die versekerde (indien die versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is.

## 11 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Kwaadwillige beskadiging

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsonderings, uitsluitings en waarborge hierin vervat, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die doelbewuste of opsetlike daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe verlies of skade aan:

11.1 roerende eiendom wat:

11.1.1 gesteel word;

11.1.2 beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige gebou of perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word terwyl daar in- of uitgebreek word of gepoog word om in of uit te breek;

11.2 roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige gebou of perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of gepoog word om in of uit te breek;

11.3 onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

11.3.1 die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

11.3.2 die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel;

met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

11.1 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

11.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

11.3 verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

11.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

11.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.1, 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 11.1, 11.2, 11.3, 11.4 of 11.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien 'n versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 45 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering teen hierdie gevaar opgeskort ten opsigte van die geaffekteerde eiendom, tensy die versekerde voor die voorkoms van skade skriftelike instemming van die maatskappy verkry het om hierdie gevaar voort te sit.

Gedurende die aanvanklike tydperk van onbewoning van 45 opeenvolgende dae, word die versekerde 'n medeversekerde saam met die maatskappy word en 'n eweredige gedeelte van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis dra met 'n maksimum bedrag van R5 000 000, voor die aftrekking van enige bybetaling;

## 12 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Verbandhouer/finansier

Die belang van enige verbandhouer/finansier in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die versekerde waardeur die risiko of verlies of skade sonder die verbandhouer/finansier se medewete wesenlik verhoog word nie. Die verbandhouer/finansier moet die maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die maatskappy aanvaar word.

## 13 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Munisipale planondersoekgelde

Die versekering ingevolge onderafdeling A sluit munisipale planondersoekgelde in.

Met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die eiendom wat aldus geraak word, beloop.

## 14 Klousule in onderafdeling D (Aanspreeklikheid): Ander versekering

Indien, ten tyde van enige voorval wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge onderafdeling D, skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering verskaf word, dra hierdie onderafdeling nie saam met enige ander versekering by nie, behalwe met betrekking tot enige oorskryding bó die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

## 15 Uitbreiding by onderafdeling C (Huurgeld): Verhindering van toegang (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien eiendom binne 'n omtrek van 15km vanaf die persele soos in die bylae vermeld, gedurende die versekeringstydperk verloor of beskadig word as gevolg van 'n gevaar soos in onderafdeling A omskryf en dit die gebruik van of toegang tot die persele wat ingevolge hierdie afdeling verseker word, verhinder of belemmer, betaal die maatskappy vir enige verlies aan huurgeld wat die versekerde as gevolg daarvan ly soos bepaal in onderafdeling C.

## 16 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Vereistes van openbare owerhede

Die versekering ingevolge onderafdeling A sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, afdelings-, munisipale of ander plaaslike owerheid.

Met dien verstande dat:

16.1 die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is, nie die volgende insluit nie:

16.1.1 die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van bogenoemde regulasies;

16.1.1.1 ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;

16.1.1.2 ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;

16.1.1.3 ingevolge waarvan kennis aan die versekerde gegee is voordat die



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

skade plaasgevind het;

16.1.1.4 ten opsigte van onbeskadigde eiendom, onbeskadigde dele van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van daardie deel wat beskadig is;

16.1.2 die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die eiendom te herstel tot bylae toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;

16.1.3 die bedrag van munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar kan wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies;

16.2 die herstel- of herbouwerk met redelike spoed begin en uitgevoer moet word en in die geheel of gedeeltelik op bylae ander terrein uitgevoer mag word (indien bogenoemde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;

16.3 indien die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;

16.4 die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

## 17 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Spoorweg- en ander subrogasie

Die versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## 18 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Herstelwaardevoorwaardes

Ingeval die eiendom beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was, met dien verstande dat:

18.1 die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op bylae ander terrein en op enige manier wat vir die versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen bó en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

18.2 totdat uitgawes deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom, die maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie klousule nie hierby ingelyf was nie;

18.3 indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur bylae omskrewe gebeurtenis, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig bylae eweredige deel van die verlies moet dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;

18.4 hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is, indien:

18.4.1 die versekerde versuim om binne ses maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die maatskappy skriftelik mag toelaat, die maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;

18.4.2 die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of bylae ander terrein te vervang of te herstel.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 19 Uitbreiding by onderafdelings A (Eiendom), B (Hooftoevoerverbindings) en C (Huurgeld): Oproer en staking (met uitsluiting van verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië voorkom) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

19.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

19.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 19.1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

19.1 verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

19.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

19.3 verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

19.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

19.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 19.1, 19.2, 19.3, 19.4 of 19.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien hierdie gevaar in die bylae as ingesluit vermeld word, geld dit ook vir onderafdelings B en C indien dit verseker is.

## 20 Uitbreiding by onderafdeling D (Aanspreeklikheid): Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande spesifieke uitsondering 4 (Aanspreeklikheid aanvaar volgens ooreenkoms) ten opsigte van onderafdeling D, indien die versekerde (as die eienaar van die persele wat in die bylae gespesifiseer word) ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir hierdie onderafdeling.

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te doen nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

## 21 Uitbreiding by onderafdelings A (Eiendom): Insakking, grondverskuiwing en opwelling (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsonderings, uitsluitings en waarborge hierin vervat, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van insakking, grondverskuiwing en opwelling, behalwe verlies of skade veroorsaak aan of deur:

21.1 verlies of skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit spesifiek verseker is;

21.2 verlies of skade wat veroorsaak word deur of wat toegeskryf kan word aan:

21.2.1 foutiewe ontwerp of konstruksie van of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

21.2.2 werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige geboue wat op die versekerde perseel geleë is;

21.2.3 uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede;

21.2.4 normale vassakking, inkrimping of uitsetting;

21.2.5 inkrimping of uitsetting van klei of soortgelyke tipes grond weens die klammigheid of waterinhoud daarvan;

21.2.6 bestaande skade by die aanvang van hierdie gevaar;

21.3 gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld wanneer spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker.

Met dien verstande dat

21.1 die versekerde verantwoordelik is vir die bybetaling soos vermeld in die bylae ten opsigte van iedere en elke eis;

21.2 die maatskappy nie verantwoordelik is vir die koste van stutwerk, heiwerk of enige soortgelyke werk wat nodig is om te verhoed dat verlies of skade weens insakking, grondverskuiwing of opwelling weer voorkom nie, behalwe waar sodanige gepaste ontwerpvoorsorgmaatreëls reeds voor die skade by die oorspronklike konstruksie ingesluit is.

Indien die maatskappy beweer dat dekking ingevolge hierdie gevaar nie van toepassing is nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien 'n eersteverliesperk in die bylae teenoor hierdie gevaar aangetoon word, is die bedrag van sodanige perk die maksimum aanspreeklikheid van die maatskappy ten opsigte van enige enkele gebeurtenis en, slegs vir die doeleindes van hierdie gevaar, word die eweredigheidsvoorwaarde wat hierin uiteengesit is, vervang deur die volgende:

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur die lekkasie of ontlading, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit teen brandskade verseker is, is die maatskappy ingevolge hierdie gevaar slegs aanspreeklik vir dié deel van die eersteverliesperk wat die versekerde bedrag teen brand van die totale waarde van sodanige eiendom uitmaak en word die versekerde sy eie versekeraar geag vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, waarop hierdie gevaar van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe.

## 22 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Tydelike verwydering

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die verhuurder se los en vaste toebehore gedek terwyl dit tydelik na enige ander perseel verskuif word, insluitende transito per pad, spoor of binnelandse waterweg binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

Met dien verstande dat die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die verlies of skade plaasgevind het op die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

## 23 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Huurders

Die maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige huurder (behalwe die versekerde) wat sonder die versekerde se medewete geskied nie. Die versekerde moet die maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die maatskappy aanvaar word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GELD

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Klerasie

klerasie beteken

klerasie en persoonlike besittings wat nie andersins verseker is nie wat aan die versekerde of aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde behoort.

### 2 Geld

geld beteken

kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige onderhandelbare pos-, inkomsteen vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en dokumente, sertifikate of ander middele van 'n verhandelbare aard, die eiendom van die versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is.

### 3 Houer

houer beteken

enige brandkas, -kluis, -trommel, kasregister, geldlaai, geldkis of ander houer vir geld insluitend enige outomatiese tellermasjien waarvoor die versekerde verantwoordelik is, wat by die versekerde se perseel geleë is, of enige frankeermasjien.

### 4 Gebiedsgrense

gebiedsgrense beteken

Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan geld wat plaasvind in die gebiedsgrense behalwe indien andersins gespesifiseer

met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verlies of skade wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak hoogstens die spesifieke perke vermeld in die bylae beloop.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies van of skade:

### 1 Oneerlikheid

aan geld voortspruitend uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur, persoon of persone in diens van die versekerde wat nie binne 14 werkdae ná die plaasvind daarvan ontdek word nie;

Ten opsigte van enige verlies of skade voortspruitend uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur, persoon of persone in diens van die versekerde wat binne 14 werkdae ná die plaasvind daarvan ontdek word, is die versekerde verantwoordelik vir 'n bybetaling van 10% van die eis met 'n minimum van R2 500 vir elke eis.

### 2 Foute of weglatings

aan geld voortspruitend uit tekort te wyte aan fout of weglating;

### 3 Getrouheidsversekering

voortspruitend uit enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis betaalbaar is of betaalbaar sou gewees het, as dit nie was nie vir die eerste bedrag betaalbaar of medeversekeringsklousule ingevolge die Getrouheidsafdeling van die polis of enige ander getrouheidsversekering.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 4 Geld in ongesluite kluis

aan geld in 'n ongesluite brandkas of -kluis terwyl die deel van die perseel wat sodanige brandkas- of kluis bevat, onbewaak is, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie indien tot die bevrediging van die maatskappy bewys kan word dat die sleutelhouer van die brandkas of -kluis dit doelbewus ongesluit gelaat het met die doel om die diefstal van die geld toe te laat;

### 5 Geld nie in 'n gesluite kluis

aan geld nie gehou in 'n gesluite brandkas of -kluis nie terwyl die deel van die perseel wat sodanige geld bevat, onbewaak is, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie indien tot die bevrediging van die maatskappy bewys kan word dat die persoon/persone wie se verantwoordelikheid die geld is, dit doelbewus buite die brandkas of -kluis gelaat laat het met die doel om die diefstal daarvan toe te laat;

### 6 Geld in voertuig

aan geld in enige voertuig wat deur die versekerde of 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde gebruik word, tensy 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde inderdaad in sodanige voertuig is, of indien nie in sodanige voertuig nie, binne 10 meter daarvandaan in 'n posisie van waar die voertuig duidelik sigbaar is. Hierdie uitsondering is nie van toepassing nie ná 'n ongeluk, waarby sodanige voertuig betrokke is, wat die vermelde persoon onbevoeg laat.

### 7 Gebruik van sleutels

aan geld voortspruitend uit die gebruik van sleutels van enige brandkas of -kluis tensy die sleutels:

7.1 deur geweld of dreigement van geweld bekom is;

7.2 deur die sleutelhouer of 'n ander persoon met die geheime samewerking van die sleutelhouer gebruik word en die versekerde tot die bevrediging van die maatskappy kan bewys dat die sleutelhouer of sodanige ander persoon die sleutel gebruik het om die houer oop te maak;

Spesiale uitsonderings 4 (Geld in ongesluite kluis), 5 (Geld nie in 'n gesluite kluis), 6 (Geld in voertuig) en 7 (Gebruik van sleutels) is nie van toepassing nie op bedrae tot R10 000 of die perk wat in die bylae by spesifieke beperking 1.3 aangedui word, wat ook al die minste is, en sodanige verliese word nie met enige bybetaling verminder nie.

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Gebeurlikheidsuitbreiding

Waar die versekerde 'n kontrak met 'n kontantvervoermaatskappy of die versekerde se bank aangegaan het met die strekking dat die kontantvervoermaatskappy of bank die versekerde se geld ingevolge hul polis (hierna "ander polis" genoem) sal verseker, sal die maatskappy, onderworpe aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en polis, die versekerde skadeloos stel vir 'n omskrewe gebeurtenis op die volgende gebeurlikheidsgrondslae:

#### 1.1 Verskil in voorwaardes

Indien die ander polis as gevolg van 'n polisuitsondering of 'n skending van 'n polisvoorwaarde nie skadeloosstelling verskaf nie en indien die bank of kontantvervoermaatskappy nie die versekerde vergoed nie, sal hierdie afdeling geld asof sodanige ander polis nie bestaan het nie.

#### 1.2 Verskil in perke

Indien die bedrag verhaalbaar ingevolge die ander polis minder is as die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling, sal hierdie afdeling dekking verskaf vir die verskil tussen die bedrag verhaalbaar ingevolge die ander polis en die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling.

Die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling sluit in en is nie bykomend tot enige bedrag verhaalbaar ingevolge die ander polis nie, en met die betaling van al sodanige verliese sal die bedrag verhaalbaar ingevolge die ander polis afgetrek word van die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling sodat die werklike eisbetaling altyd minder sal wees as die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling.

Die bybetaling van toepassing op hierdie afdeling sal kwytgeskeld word indien die ander polis op die verlies reageer, met dien verstande dat indien die skadeloosstelling wat deur die ander polis verskaf word minder is as hierdie bybetaling, die versekerde nog steeds verantwoordelik sal wees vir 'n gedeelte van die bybetaling wat bereken word deur die bedrag betaalbaar deur die ander polis van die bybetaling af te trek.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Algemene voorwaarde 13 van hierdie polis (Ander versekering) is nie op hierdie uitbreiding van toepassing nie.

## 2 Kredietkaart-uitbreiding

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid voortspruitend uit verlies van en na ongemagtigde gebruik deur persone van enige krediet-, debiet- of kontantkaart wat in die naam van die versekerde uitgereik is, op enige plek in die wêreld, met dien verstande dat

2.1 die maatskappy nie die versekerde skadeloos stel vir enige verliese wat ontstaan nadat die uitreikers van sodanige kaart aanspreeklikheid vir sodanige ongemagtigde gebruik aanvaar het nie

2.2 die versekerde aan die bepalings en voorwaardes van die uitreiking van sodanige kaart voldoen, in soverre dit verband hou met die verlies of diefstal van die kaart

2.3 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele kaart beperk word tot R10 000.

## 3 Afpersing-uitbreiding

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade aan geld indien die versekerde of enige direkteur, lid, vennoot, trustee of werknemer van die versekerde of 'n familielid van enige sodanige persoon met fisieke besering gedreig word wat sodanige persoon dwing om geld te neem wat aan die versekerde behoort, met dien verstande dat die persoon wat gedreig word elke redelike poging aangewend het om die bedreiging by die vroegste redelike geleentheid by 'n geassosieerde en die wetstoepassingsowerheid aan te meld.

Hierdie uitbreiding is nie van toepassing op enige verlies wat verseker is of versekerbaar sou wees ingevolge enige afdeling, polis of ander meer spesifieke versekering wat geld dek nie.

## 4 Slotte en sleutels

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van die koste om slotte, sleutels, toegangskyfies en afstandbeheertoestelle vir enige houer by die versekerde perseel te vervang na die verdwyning van enige sodanige sleutels, skyfies of toestelle vir sodanige houer, of wanneer die versekerde rede het om te vermoed dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutels, skyfies of toestelle kan wees, met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron hoogstens R15 000 is.

## 5 Uitbreiding: Persoonlike ongevalle (aanranding) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrewe gebeurtenisse word geag om liggaamlike besering in te sluit wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word as gevolg van diefstal of enige poging daartoe aan die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie uitbreiding versekerde persoon genoem) terwyl die versekerde persoon optree in die loop van sy pligte in die versekerde se diens.

Die maatskappy betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel aan die versekerde die bedrag of bedrae vermeld in die bylae in die geval van liggaamlike besering van enige versekerde persoon wat binne 24 kalendermaande lei tot

5.1 Dood **die kapitale bedrag**

5.2 Permanente ongeskiktheid ________ **die gespesifiseerde persentasie van die kapitale bedrag**

| | | | **Persentasie van kapitale bedrag** |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate | | 100 |
| 5.2.2 | permanente en algehele verlies van | | |
| | 5.2.2.1 | hele oog | 100 |
| | 5.2.2.2 | sig in oog | 100 |
| | 5.2.2.3 | sig in oog behalwe waarneming van lig | 100 |
| 5.2.3 | permanente en algehele gehoorverlies in | | |
| | 5.2.3.1 | albei ore | 100 |
| | 5.2.3.2 | een oor | 25 |



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.4 | permanente en algehele spraakverlies | 100 |
| 5.2.5 | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander ekwivalente beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | 100 |
| 5.2.6 | verlies van vier vingers | 70 |
| 5.2.7 | verlies van duim | |
| 5.2.7.1 | albei falankse | 30 |
| 5.2.7.2 | een falanks | 15 |
| 5.2.8 | verlies van wysvinger | |
| 5.2.8.1 | drie falankse | 15 |
| 5.2.8.2 | twee falankse | 10 |
| 5.2.8.3 | een falanks | 5 |
| 5.2.9 | verlies van enige ander vinger | |
| 5.2.9.1 | drie falankse | 10 |
| 5.2.9.2 | twee falankse | 8 |
| 5.2.9.3 | een falanks | 4 |
| 5.2.10 | verlies van middelhandbeentjies | |
| 5.2.10.1 | eerste of tweede (elke middelhandbeentjie) | 3 |
| 5.2.10.2 | derde, vierde of vyfde (elke middelhandbeentjie) | 2 |
| 5.2.11 | verlies van tone | |
| 5.2.11.1 | almal aan een voet | 30 |
| 5.2.11.2 | groottoon, | |
| 5.2.11.2.1 | albei falankse | 10 |
| 5.2.11.2.2 | een falanks | 5 |
| 5.2.11.3 | ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen | 5 |

**Memoranda (van toepassing op permanente-ongeskiktheidsvoordele)**

1 Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die maatskappy sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met die voormelde bepalings nie.

2 Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou

3 100 persent is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele versekerde persoon.

5.3 In die geval van algehele en absolute ongeskiktheid om die gewone besigheid of beroep te behartig is die weeklikse bedrag wat in die bylae gespesifiseer is, betaalbaar.

5.4 Die redelike koste aangegaan, tot hoogstens die bedrag gespesifiseer in die bylae, is betaalbaar ten opsigte van mediese, chirurgiese, tandheelkundige, optiese, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (met inbegrip van die koste van kunsmatige hulpmiddels en -ledemate en die koste en uitgawe wat aangegaan word vir noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.

Met dien verstande dat:

5.1 die maatskappy nie aanspreeklik is om meer as die kapitale bedrag plus die bedrae gespesifiseer ingevolge items 5.3 en 5.4 ten opsigte van enige versekerde persoon te betaal nie;

5.2 die bedrag gespesifiseer ingevolge item 5.3 slegs betaalbaar is vir die duur van die ongeskiktheid van versekerde persoon en nie vir langer as 104 weke nie en sodanige betaling gestaak word sodra die besering wat die ongeskiktheid veroorsaak, sover redelikerwys moontlik geheel het nieteenstaande die feit dat permanente ongeskiktheid mag voortduur;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

5.3 vergoeding betaalbaar ingevolge item 5.4 word verminder met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is ingevolge enige ongevallewetgewing ten opsigte van enige behandeling waarvoor vergoeding ingevolge item 5.4 betaalbaar is;

5.4 hierdie uitbreiding nie van toepassing is op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 of bó die ouderdom van 75 jaar nie;

5.5 sodanige persoon nadat hy 'n liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan. Die maatskappy is nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie tensy hierdie voorbehoudsbepaling na sy bevrediging nagekom is;

5.6 algemene voorwaardes 13 (Ander versekering) en 15 (Herstel van dekking na verlies) nie op hierdie uitbreiding van toepassing is nie;

5.7 slegs ten opsigte van hierdie uitbreiding algemene uitsondering 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) geskrap en deur die volgende vervang word:

Hierdie uitbreiding dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand teen gesag, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

**Uitbreidings op die uitbreiding: persoonlike ongevalle (aanranding)**

**5.1 Blootstelling uitbreiding**

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente en wat regstreeks of onregstreeks voortspruit daaruit dat versekerde persoon die slagoffer van diefstal of enige poging daartoe is.

**5.2 Verdwyning uitbreiding**

In die geval van die verdwyning van enige versekerde persoon in omstandighede wat die maatskappy tevrede stel dat hy besering opgedoen het waarop hierdie Uitbreiding: persoonlike ongevalle (aanranding) van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van die versekerde persoon gelei het, veronderstel die maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie uitbreiding verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die maatskappy 'n betaling hieronder gedoen het ten opsigte van die versekerde persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die versekerde aan die maatskappy terugbetaal word onderworpe daaraan dat die versekerde sodanige betaling kan verhaal van die persoon/persone aan wie dit betaal is.

## 6 Houers en klerasie

Benewens enige betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis stel die maatskappy die versekerde skadeloos ten opsigte van houers en klerasie wat verloor of beskadig word weens diefstal, of poging daartoe, van geld met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens R10 000 beloop ten opsigte van klerasie en die bedrag vermeld in die bylae ten opsigte van houers of R15 000, of wat ook al die hoogste is.

## 7 Oproer en staking (met uitsluiting van verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië voorkom) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

7.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

7.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna daar in 9.1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

7.1 verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;

7.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

7.3 verlies of skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

7.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

7.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6, of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 7.1, 7.2, 7.3, 7.4 of 7.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys;

### 8 Lopers

Die versekering kragtens hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom in te sluit wat veroorsaak word deur of gepaard gaan met toegang tot houers deur middel van die gebruik van 'n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van 'n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die versekerde tot bevrediging van die maatskappy bewys dat 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

## Spesifieke voorwaardes van toepassing aan tjeks

### 1 Eerste bedrag betaalbaar van toepassing op diefstal van tjeks

Enige verlies of reeks verliese toeskryfbaar aan een oorspronklike gebeurtenis wat ingevolge hierdie polis betaalbaar is en wat voortspruit uit die diefstal van enige tjek of tjeks word met 'n bybetaling van 20 persent van die verlies verminder tensy:

#### 1.1 Tjeks getrek deur die versekerde

1.1.1 die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande “Aanbevole prosedure vir trekking en kruising van tjeks” of enige ander beter metode goedgekeur deur die maatskappy en die gedrukte gedeelte van die tjek (in teenstelling met die geskrewe of getikte gedeelte) gedruk is deur die bank self of 'n drukker gelisensieer deur die Outomatiese Klaringsburo om die tjeks te druk

of

1.1.2 die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos.

#### 1.2 Tjeks getrek deur enige persoon anders as die versekerde en wat deur die versekerde deur die pos of direk by die kassier ontvang word

1.2.1 sodanige tjek onmiddellik ná ontvangs daarvan deur die versekerde gekruis en “nie verhandelbaar nie” en “nie oordraagbaar nie” gemerk is en

1.2.2 die versekerde in staat is om die trekker en die bedrag van die tjek uit hul rekords te identifiseer.

#### 1.3 Tjeks waarvan die versekerde die ware eienaar is en wat getrek is deur enige persoon anders as die versekerde en wat aan die versekerde gepos is maar wat nie ontvang is nie

1.3.1 die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande “Aanbevole prosedure vir trekking en kruising van tjeks” of enige ander beter metode goedgekeur deur die maatskappy

of

1.3.2 die tjek per gesertifiseerde pos aan die versekerde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos

of

1.3.3 die faktuur van die versekerde (waarop die betaling per tjek betrekking het) 'n boodskap daarop bevat (goedgekeur deur die maatskappy) wat aanbeveel of vereis dat die tjek getrek word in ooreenstemming met die “Aanbevole prosedure vir trekking en kruising van tjeks”.

### 2 Aanbevole prosedure vir trekking en kruising van tjeks en druk van blanko tjeks

#### 2.1 Trekking en kruising van tjeks

Een van die veiligste metodes om 'n tjek te trek en te kruis en wat vir banke aanvaarbaar is word hieronder uiteengesit. Hierdie metode word deur die maatskappy aanbeveel.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

2.1.1 Skrap die voorafgedrukte woorde "of toonder". Dit beperk die moontlikheid dat die bank aan 'n toonder uitbetaal wat nie op betaling geregtig is nie.

2.1.2 Indien die woorde "of order" in plaas van "of toonder" op u tjek gedruk is moet hierdie woorde ook geskrap word.

2.1.3 Skryf die woorde "nie oordraagbaar nie" op die voorkant van die tjek.

2.1.4 Kruis die tjek deur twee parallelle lyne deur die tjek te trek.

2.1.5 Skryf die woorde "nie verhandelbaar nie" tussen die twee parallelle lyne waarna in 2.1.4 hierbo verwys word.

2.1.6 Maak seker dat die begunstigde noukeurig, behoorlik en volledig beskryf is byvoorbeeld wanneer die begunstigde 'n maatskappy is moet die volle naam gebruik word, soos byvoorbeeld: RH Jones (Edms.) Bpk. Waar die bankrekeningnommer of BK-nommer van die begunstigde bekend is, moet dit na die naam van die begunstigde ingevoeg word, soos byvoorbeeld "RH Jones (Edms.) Bpk., Mpy. Nr.: 69/123456" of "RH Jones (Edms.) Bpk. ABC bankrekeningnommer: 123456789"

Alhoewel dit sterk aanbeveel word, is dit nie verpligtend om die bankrekeningnommer van die begunstigde te gebruik nie.

2.1.7 Met trekking van die tjek moet geen spasies gelaat word wat iemand in staat sal stel om ekstra woorde of syfers by te voeg nie.

2.1.8 'n Voorbeeld van hierdie metode om 'n tjek te trek word as Aanhangsel A aangeheg.

2.1.9 Die bewoording wat in Aanhangsel B uiteengesit is, moet op die voorkant van die tjek gedruk word (sien laaste bladsy van hierdie afdeling). Maak seker dat spasie op die agterkant van die tjek gelaat word vir bankstempels en endossemente.

2.1.10 Al die merke op die tjek moet leesbaar en duidelik sigbaar wees. Persone wat tjeks trek moenie afkortings of ander weergawes gebruik van die terminologie wat in die voorbeeld gebruik is nie. Die woorde "nie verhandelbaar" en 'n kruising d.m.v. 'n stempel met 'n reghoek in plaas van twee parallelle lyne is nutteloos.

2.1.11 Die metode waarop tjeks voltooi word moet 'n inkafdruk op die papier laat soos handskrif, 'n tikmasjien of 'n matriksdrukker. Die lint wat in die drukker/tikmasjien gebruik word moet van die tipe wees wat ink op die papier afdruk. Vermy die volgende:

2.1.11.1 ou linte

2.1.11.2 laserdrukkers wat nie 'n afdruk op die papier laat nie

2.1.11.3 die "omgekeerde druktegniek"

2.1.11.4 wysigbare tiklinte

## 2.2 Druk van blanko tjeks

Blanko tjeks moet net deur die bank self of 'n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo gelisensieer is gedruk word. Hierdie drukkers is bekend met die aanbevole vereistes van banke en moet slegs gebruikmaak van goedgekeurde:

2.2.1 sekuriteitspapier (CBS1 of beter)

2.2.2 sekuriteitsontwerpe


2.2.3 spesiale sekuriteitsink verenigbaar met die sekuriteitspapier/-ontwerp

2.2.4 metodes wat dit moeilik maak vir enigiemand om 'n voorraad blanko tjeks te maak deur die oorspronklikes te fotokopieer



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## AANHANGSEL A – VOORGESTELDE TJEK




## AANHANGSEL B – VOORGESTELDE TJEK

**Waarskuwing wat in die linkerkantsteonderste hoek van die tjek gedruk moet word – laat genoeg spasie vir bankstempels, ens.**

**WAARSKUWING**

Aan die persoon wat hierdie tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang:
Indien 'n tjek van die ware eienaar gesteel of deur hom verloor is mag u aanspreeklik word om hom vir sy verlies te vergoed indien u sodanige tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding vervang (Artikel 81 van die Wet op Wissels, 1964)
**LW** Hierdie tjek is gekruis en "nie verhandelbaar nie" en "nie oordraagbaar nie" gemerk



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID (EISE-INGESTEL GRONDSLAG)

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

**1 Skade**

skade beteken

die toevallige verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom

**2 Besering**

besering beteken

die toevallige dood, liggaamlike besering of siekte van enige persoon

**3 Gebiedsgrense**

gebiedsgrense beteken

enige plek ter wêreld, maar nie in verband met die volgende nie:

3.1 enige besigheid wat die versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

of

3.2 enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe.

## Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van besering of skade wat gedurende die versekeringstydperk in die loop van of in verband met die besigheid binne die gebiedsgrense plaasvind.

## Die skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## Spesifieke voorwaardes

**1 Kansellasie of nie-hernuwing**

In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis:

1.1 word enige eis as gevolg van 'n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word gedurende die 36 maande onmiddellik ná kansellasie of nie-hernuwing hanteer asof dit teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag wat die versekerde die gebeurtenis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 36 maande verleng tot ná die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig word;

1.2 mag die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) by die maatskappy aanmeld tot 15 dae na kansellasie of nie-hernuwing met dien verstande dat:

1.2.1 sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het;

1.2.2 enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie hernuwing en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 36 maande wat in 1.1 hierbo gespesifiseer word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 2 Aangemelde gebeurtenis

Enige eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) aangemeld word (hierna 'n aangemelde gebeurtenis genoem) word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die maatskappy aangemeld het.

## 3 Reeks eise deur een of meer eisers

Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die versekerde ingestel word as gevolg van een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof almal aanvanklik teen die versekerde ingestel is

3.1 op die datum waarop die versekerde die gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) aangemeld het

of

3.2 op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word indien die versekerde onbewus was van enige gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee.

# Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy stel die versekerde nie ten opsigte van die volgende skadeloos nie:

## 1 Lugvaartuie

aanspreeklikheid wat volg op besering of skade wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met:

1.1 die brandstofinname van lugvaartuie;

1.2 die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van lugvaartuie of 'n lugredery;

1.3 die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek;

## 2 Gebrekkige vakmanskap

wat ontstaan ná die voltooiing en oorhandiging van enige werk en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige gebrek, fout, of weglating in sodanige werk;

## 3 Bybetaling

Die versekerde is verantwoordelik vir die bybetaling soos in die bylae vermeld van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule is van toepassing op eise wat voortspruit uit skade en is van toepassing op koste en uitgawe wat deur die versekerde aangegaan word.

## 4 Gebeurtenis wat nie aangemeld is nie

4.1 enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is:

4.1.1 wat nie ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) by die maatskappy aangemeld is nie;

4.1.2 voor die aanvang van hierdie afdeling;

4.2 enige eis (in die geval van die kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie aanvanklik binne die tydperk van 36 maande (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) skriftelik teen die versekerde ingestel word nie soos gespesifiseer in spesifieke voorwaarde 1 (Kansellasie of nie-hernuwing);

## 5 Boetes en strafvoltrekkings

boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

## 6 Besering van enige persoon in diens van die versekerde

aanspreeklikheid as gevolg van die besering van enige persoon wat kragtens 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is en wat voortspruit uit en in die loop van sodanige diens by die versekerde;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 7 Jurisdiksie

7.1 skadevergoeding ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer is deur of verkry is in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland;

7.2 regsonkoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 7.1 hierbo beskryf word nie;

## 8 Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word

aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word (behalwe die versekerde se eie standaard-kontrakvoorwaardes), tensy die versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

## 9 Besoedeling

9.1 aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade aan of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande of onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word;

9.2 die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie;

## 10 Produkte

aanspreeklikheid wat volg op besering of skade wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat verkoop of verskaf word en wat plaasvind elders as op die perseel wat deur die versekerde geokkupeer word, behalwe voedsel en drank wat toevallig verskaf word vir verbruik op die perseel;

## 11 Professionele advies

aanspreeklikheid wat volg op besering of skade wat veroorsaak word deur of in verband met enige advies of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) wat deur of in opdrag van die versekerde gegee of toegedien word;

## 12 Eiendom wat aan die versekerde behoort

skade aan eiendom wat aan die versekerde behoort

## 13 Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is

skade aan eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde of enige werknemer van die versekerde is;

## 14 Eiendom waaraan die versekerde werk

skade aan die deel van enige eiendom waaraan die versekerde werk of gewerk het, indien sodanige skade regstreeks weens sodanige werk ontstaan;

## 15 Voertuie

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die versekerde van enige meganiesaangedrewe voertuig (behalwe 'n trapfiets of grassnyer of enige voetgangerbeheerde tuintoerusting) of van enige sleepwa, watervaartuig, lokomotief of rollende materiaal. Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie die maatskappy onthef nie van die verpligting om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat volg op 'n besering of skade wat veroorsaak word of ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang in verband met die laai of aflaai van enige voertuig, in die mate wat sodanige besering of skade nie deur enige ander versekeringspolis verseker is nie;

## 16 Verswakking van die stut

skade wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of steuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# Klousules, uitbreidings en beperkings

## 1 Bykomende versekerdes

Die maatskappy stel ook die volgende skadeloos asof 'n afsonderlike polis aan elk uitgereik is:

1.1 in die geval van die dood van die versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die versekerde opgeloop is;

1.2 enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (indien die versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is;

1.3 in die mate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word (en nieteenstaande spesifieke uitsondering 8 (Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word)) en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werkgewer wat vermeld word in enige kontrak wat die versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangaan;

1.4 ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer of ambulansdiens, kafeteria en dies meer wat aan die versekerde behoort of deur hom tot stand gebring is tot voordeel van sy werknemers:

1.4.1 enige beampte of lid daarvan;

1.4.2 enige besoekende sportspan of lid daarvan.

Met dien verstande dat:

1.1 die maatskappy se totale aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperke beloop wat in die bylae vermeld word;

1.2 enige persoon of organisasie op wie die uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;

1.3 die skadeloosstelling ingevolge 1.1, 1.2 en 1.3 slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor die versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die versekerde ingestel was.

Die maatskappy doen vir die doel van hierdie uitbreiding afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hy mag hê of wat hy mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

## 2 Parkeerterreine

Nieteenstaande die bepalings van spesifieke uitsondering 13 (Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is), stel die maatskappy die versekerde skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan voertuie en hulle inhoud en toebehore, die eiendom van huurders, klante, besoekers of werknemers van die versekerde wat parkeergeriewe gebruik wat deur die versekerde voorsien word.

## 3 Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die maatskappy elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## 4 Aanspreeklikheid vir gebrekkige vakmanskap (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsonderings 2 (Gebrekkige vakmanskap) en 14 (Eiendom waaraan die versekerde werk) word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawe wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die aanspreeklikheidsperk wat vir die uitbreiding in die bylae vermeld word.

**Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op aanspreeklikheid ten opsigte van gebrekkige vakmanskap)**

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikheid nie:

**4.1 Lugvaartuie**

wat voortspruit uit enige werk aan enige lugvaartuig of enige deel daarvan.

**4.2 Herstel- of ontrekkingkoste**

vir die koste van die herstel of onttrekking van foutiewe werk;

**4.3 Gebrekkige ontwerp**

wat voortspruit uit gebrekkige ontwerp;

**4.4 Oorhandiging**

wat ontstaan voor die oorhandiging van sodanige werk;

**4.5 Ondoeltreffendheid**

voortspruitend uit ondoeltreffendheid van sodanige werk of omdat die werk nie die resultate gelewer het wat daarvan verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie;

## 5 Nood- mediese onkoste

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos vir alle billike onkoste wat deur die versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen die versekerde mag wees.

## 6 Eiendom van werknemers en besoekers

Spesifieke uitsondering 13 (Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is) is nie van toepassing nie op eiendom wat behoort aan enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde of enige besoeker aan die versekerde se perseel.

## 7 EU-aanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en beperkings word die volgende veranderinge aan hierdie afdeling van die polis aangebring ten opsigte van "besering" of "skade" (soos verseker deur die uitbreiding produkaanspreeklikheid) wat ontstaan uit goedere of produkte wat na enige lidland van die Europese Unie (EU) of enige lidland van die Europese Vryehandelsvereniging (EVHV) (European Free Trade Association) uitgevoer word.

7.1 Spesifieke uitsondering 7 (Jurisdiksie) is nie van toepassing nie op skadevergoeding of regskoste en uitgawe wat deur enige eiser verhaal word ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer word in howe in die gebied van die EU of EVHV.

7.2 Ten opsigte van hierdie goedere of produkte (behalwe grondstowwe) moet die versekerde:

7.2.1 'n stelsel instel en in stand hou ingevolge waarvan die goedere of produkte duidelik geïdentifiseer kan word deur 'n besending- of reeksnommer, of datumstempel of op 'n ander soortgelyke wyse;

7.2.2 die datum waarop die werklike goedere of produkte die eerste keer in omloop gebring is, aanteken en handhaaf.

Hierdie opgawe moet in stand gehou word sodat dit die verlangde besonderhede kan lewer vir 'n tydperk van minstens 10 jaar nadat die goedere of produkte aanvanklik in omloop gebring is.

7.3 Die inligting in 7.2 genoem, tesame met alle stawende dokumentasie, moet te eniger tyd op aanvraag aan die maatskappy of sy benoemde beskikbaar gestel word.

7.4 Die versekerde is, ten opsigte van hierdie skadeloosstelling, verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar wat ten opsigte van hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 8 Verlengde aanmeldingsopsie

Na die keuse van die versekerde en onderworpe aan die betaling van 'n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, stem die maatskappy in om die tydperk waartydens die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

algemene voorwaarde 4 (Eise) mag aanmeld, te verleng vir 'n tydperk waarop ooreengekom sal word, maar onder geen omstandighede langer as 36 maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem).

met dien verstande dat:

8.1 hierdie opsie net uitgeoefen mag word indien die maatskappy hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernieu;

8.2 hierdie opsie skriftelik deur die versekerde uitgeoefen moet word binne 30 dae na kansellasie of nie hernuwing;

8.3 hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die versekerde of die maatskappy gekanselleer kan word nie;

8.4 die versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is aan die afdeling wat verstryk het nie;

8.5 die maatskappy slegs aanspreeklik is vir 'n omskrewe gebeurtenis wat plaasgevind het ná die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing;

8.6 eise wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word of enige gebeurtenis wat deur die versekerde aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk hanteer word asof dit aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing;

8.7 die bedrag wat deur die maatskappy betaalbaar is vir eise wat ingestel word of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie;

8.8 enige eis wat ná 'n aangemelde gebeurtenis gedurende die verlengde aanmeldingstydperk ingestel word en wat aanvanklik langer as 48 maande ná die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing skriftelik teen die versekerde ingestel is, nie onderworpe is aan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding nie. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot ná die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het.

## 9 Regsverdedigingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde dit verlang, stel die maatskappy enige werknemer, vennoot of direkteur van die versekerde skadeloos teen koste en uitgawes wat hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word en wat met die toestemming van die maatskappy aangegaan word deur of namens sodanige persoon in die verdediging van enige strafregtelike geding wat teen sodanige persoon ingestel word in die loop van sy werk by die versekerde en wat voortspruit uit 'n beweerde oortreding van die wette soos hierin omskryf gedurende die versekeringstydperk.

Met dien verstande dat:

9.1 die maatskappy in die geval van 'n appèl nie sodanige persoon skadeloos stel nie, tensy 'n senior advokaat wat deur die maatskappy goedgekeur is, adviseer dat sodanige appèl na sy mening behoort te slaag;

9.2 die maatskappy nie sodanige persoon skadeloos stel ten opsigte van enige boete of bestraffing wat deur enige landdros of regter opgelê word nie en ook nie ten opsigte van enige verlies wat daarop volg nie;

9.3 sodanige persoon, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en hierdie afdeling daarvan nakom uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees.

### Die Wette

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid nr. 85 van 1993 (soos gewysig),

Die Wet op Myne en Bedrywe nr. 27 van 1956 (soos gewysig),

Die Elektrisiteitswet nr. 41 van 1987 (soos gewysig), en/of enige ander wet of ordonnansie wat met die verskaffing van elektrisiteit verband hou

almal saamgelees met die Strafproseswet nr. 51 van 1977 (soos gewysig).



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 10 Aanspreeklikheid ingevolge ooreenkoms

Nieteenstaande die bepalings van spesifieke uitsonderings 8 (Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word), 13 (Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is) en 15 (Voertuie) word hierdie afdeling uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel:

10.1 teen aanspreeklikheid wat deur die versekerde aanvaar word ingevolge enige kontrak wat aangegaan word met, of vrywaring wat verleen word aan, Transnet, die staat of semi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en/of soortgelyke liggame wat die gebruik van spoorwegsylyne dek of ten opsigte van vervoerooreenkomste (gevaarlike persele) en/of ooreenkomste van 'n soortgelyke aard;

10.2 teen aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom wat aan Transnet behoort terwyl dit in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is;

10.3 ten opsigte van aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige voertuig, sleepwa, lokomotief of rollende materiaal wat aan Transnet behoort terwyl dit by enige spoorwegsylyn deur of namens die versekerde gebruik word.

## 11 Produkaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs in spesifieke uitsondering 10 (Produkte) vervat, stel die maatskappy die versekerde skadeloos ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse wat plaasvind te enige plek in die gebiede wat in die bylae vermeld word elders as op 'n perseel wat deur die versekerde geokkupeer word en wat veroorsaak word deur goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat deur die versekerde verkoop of verskaf word in verband met die besigheid (insluitende foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde goedere).

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

### Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die uitbreiding: produkaanspreeklikheid)

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikhede nie:

**11.1 Lugvaartuie**

wat voortspruit uit goedere of produkte wat bedoel is om in 'n lugvaartuig geïnstalleer te word en daarin geïnstalleer is, of wat bedoel is om deel van 'n lugvaartuig uit te maak en deel daarvan uitmaak;

**11.2 Koste van sloping**

die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die goedere of produkte (insluitende houers en etikette) en enige ander eiendom wat vir sodanige herstel, verandering of vervanging noodsaaklik is, tensy dit fisies deur die goedere of produkte beskadig is;

**11.3 Herstel**

die herstel-, verandering-, herroeping- of vervangingskoste van goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat besering of skade veroorsaak;

**11.4 Gebrekkige ontwerp**

wat voortspruit uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, plan of spesifikasie maar indien die versekerde 'n kleinhandelaar is, is spesifieke uitsonderings 11.4 (Gebrekkige ontwerp) en 11.5 (Ondoeltreffendheid) nie van toepassing nie indien die versekerde se aktiwiteite in hulle geheel beperk is tot verkope, verspreiding en/of bemarking (insluitende enige bemarkingsadviesdiens wat die produkte vergesel) van die produk en die versekerde se aktiwiteite nie die finale voorbereiding insluit nie wat beteken die herverpakking, verpakking, etikettering, skoonmaak of verskaffing van gebruiksaanwysings voor die verkoop aan die versekerde se oorspronklike klante en ook nie enige opknapping aanpassing of wysiging aan die produk nie;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

**11.5 Ondoeltreffendheid**

wat voortspruit uit ondoeltreffendheid of die versuim om aan die spesifikasie te voldoen. Tensy sodanige ondoeltreffendheid of versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie;

**11.6 Verenigde State van Amerika of Kanada**

ten opsigte van besering of skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte wat deur of in opdrag van die versekerde verkoop of verskaf is indien sodanige goedere of produkte na die versekerde se wete deur of namens die versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is.

## 12 Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande spesifieke uitsondering 8 (Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word), indien die versekerde ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae.

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

## 13 Huurdersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsonderings 13 (Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is) en 15(Voertuie) van hierdie afdeling is nie van toepassing nie ten opsigte van persele wat deur die versekerde as huurder (maar nie as eienaar nie) geokkupeer word.

## 14 Handelswerktuig

Spesifieke uitsondering 15 (Voertuie) is nie van toepassing op die werkverrigting, as 'n werktuig, van enige voertuig of toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vasgeheg is nie, met dien verstande dat die maatskappy nie hierkragtens aanspreeklik is nie ten opsigte van soveel van enige aanspreeklikheid as wat binne die bestek van enige soort motorvoertuigversekering of wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering val nie, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is. Die maatskappy is ook nie aanspreeklik nie indien enige ander soort motorversekering wat dieselfde aanspreeklikheid dek, deur die versekerde aangegaan is.

## 15 Los sleepwaens

Sover dit sleepwaens aangaan, is spesifieke uitsondering 15 (Voertuie) nie van toepassing nie ten opsigte van enige sleepwa wat nie aan enige meganiesaangedrewe voertuig vas is nie en wat nie per abuis daarvandaan losgekom het nie, met dien verstande dat die maatskappy nie hierkragtens aanspreeklik is nie vir die deel van enige verlies wat:

15.1 deur enige ander polis of polisse wat deur die versekerde aangegaan is, verseker is of wat, in die afwesigheid van hierdie afdeling, so verseker sou gewees het;

15.2 binne die bestek val van enige wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie.

## 16 Oorlog

Algemene uitsondering 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang:

"Hierdie afdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 17 Onregmatige inhegtenisname en laster (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

17.1 wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname);

17.2 ten opsigte van laster;

altyd met dien verstande dat die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, met inbegrip van enige regskoste verhaalbaar van die versekerde deur ’n eiser of enige getal eisers, en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir ’n enkele gebeurtenis, hoogstens die skadeloosstellingsperk soos in die bylae vir hierdie uitbreiding vermeld beloop, en gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum), in totaal hoogstens dubbeld hierdie bedrag beloop.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID (GEBEURTENISGRONDSLAG)

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

**1 Skade**

skade beteken

die toevallige verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom

**2 Besering**

besering beteken

die toevallige dood, liggaamlike besering of siekte van enige persoon

**3 Gebiedsgrense**

gebiedsgrense beteken

enige plek ter wêreld, maar nie in verband met die volgende nie:

3.1 enige besigheid wat die versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

of

3.2 enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland, en Zimbabwe.

## Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van besering of skade wat gedurende die versekeringstydperk in die loop van of in verband met die besigheid binne die gebiedsgrense plaasvind.

## Die skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy stel die versekerde nie ten opsigte van die volgende skadeloos nie:

**1 Lugvaartuie**

aanspreeklikheid wat volg op besering of skade wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met:

1.1 die brandstofinname van lugvaartuie;

1.2 die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van lugvaartuie of 'n lugredery;

1.3 die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek;

**2 Gebrekkige vakmanskap**

wat ontstaan ná die voltooiing en oorhandiging van enige werk en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige gebrek, fout, of weglating in sodanige werk;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 3 Bybetaling

Die versekerde is verantwoordelik vir die bybetaling soos in die bylae vermeld van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule is van toepassing op eise wat voortspruit uit skade en is van toepassing op koste en uitgawe wat deur die versekerde aangegaan word.

## 4 Boetes en strafvoltrekkings

boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

## 5 Besering van enige persoon in diens van die versekerde.

aanspreeklikheid as gevolg van die besering van enige persoon wat kragtens 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is en wat voortspruit uit en in die loop van sodanige diens by die versekerde;

## 6 Jurisdiksie

6.1 skadevergoeding ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer is deur of verkry is in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland;

6.2 regsonkoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 6.1 hierbo beskryf word nie;

## 7 Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word

aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word (behalwe die versekerde se eie standaard-kontrakvoorwaardes), tensy die versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

## 8 Besoedeling

8.1 aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade aan of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande of onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word;

8.2 die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie;

## 9 Produkte

aanspreeklikheid wat volg op besering of skade wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat verkoop of verskaf word en wat plaasvind elders as op die perseel wat deur die versekerde geokkupeer word, behalwe voedsel en drank wat toevallig verskaf word vir verbruik op die perseel;

## 10 Professionele advies

aanspreeklikheid wat volg op besering of skade wat veroorsaak word deur of in verband met enige advies of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) wat deur of in opdrag van die versekerde gegee of toegedien word;

## 11 Eiendom wat aan die versekerde behoort

skade aan eiendom wat aan die versekerde behoort

## 12 Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is

skade aan eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde of enige werknemer van die versekerde is;

## 13 Eiendom waaraan die versekerde werk

skade aan die deel van enige eiendom waaraan die versekerde werk of gewerk het, indien sodanige skade regstreeks weens sodanige werk ontstaan;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 14 Voertuie

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die versekerde van enige meganiesaangedrewe voertuig (behalwe 'n trapfiets of grassnyer of enige voetgangerbeheerde tuintoerusting) of van enige sleepwa, watervaartuig, lokomotief of rollende materiaal. Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie die maatskappy onthef nie van die verpligting om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat volg op 'n besering of skade wat veroorsaak word of ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang in verband met die laai of aflaai van enige voertuig, in die mate wat sodanige besering of skade nie deur enige ander versekeringspolis verseker is nie;

## 15 Verswakking van die stut

skade wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of steuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur.

# Klousules, uitbreidings en beperkings

## 1 Bykomende versekerdes

Die maatskappy stel ook die volgende skadeloos asof 'n afsonderlike polis aan elk uitgereik is:

1.1 in die geval van die dood van die versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die versekerde opgeloop is;

1.2 enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (indien die versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is;

1.3 in die mate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word (en nieteenstaande spesifieke uitsondering 7 (Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word)) en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werkgewer wat vermeld word in enige kontrak wat die versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangaan;

1.4 ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer of ambulansdiens, kafeteria en dies meer wat aan die versekerde behoort of deur hom tot stand gebring is tot voordeel van sy werknemers:

1.4.1 enige beampte of lid daarvan;

1.4.2 enige besoekende sportspan of lid daarvan.

Met dien verstande dat:

1.1 die maatskappy se totale aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperke beloop wat in die bylae vermeld word;

1.2 enige persoon of organisasie op wie die uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;

1.3 die skadeloosstelling ingevolge 1.1, 1.2 en 1.3 slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor die versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die versekerde ingestel was.

Die maatskappy doen vir die doel van hierdie uitbreiding afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hy mag hê of wat hy mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

## 2 Parkeerterreine

Nieteenstaande die bepalings van spesifieke uitsondering 12 (Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is), stel die maatskappy die versekerde skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan voertuie en hulle inhoud en toebehore, die eiendom van huurders, klante, besoekers of werknemers van die versekerde wat parkeergeriewe gebruik wat deur die versekerde voorsien word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 3 Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die maatskappy elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## 4 Aanspreeklikheid vir gebrekkige vakmanskap (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsonderings 2 (Gebrekkige vakmanskap) en 13 (Eiendom waaraan die versekerde werk) word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawe wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die aanspreeklikheidsperk wat vir die uitbreiding in die bylae vermeld word.

**Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op aanspreeklikheid ten opsigte van gebrekkige vakmanskap)**

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikheid nie:

**4.1 Lugvaartuie**

wat voortspruit uit enige werk aan enige lugvaartuig of enige deel daarvan.

**4.2 Herstel- of ontrekkingkoste**

vir die koste van die herstel of onttrekking van foutiewe werk;

**4.3 Gebrekkige ontwerp**

wat voortspruit uit gebrekkige ontwerp;

**4.4 Oorhandiging**

wat ontstaan voor die oorhandiging van sodanige werk;

**4.5 Ondoeltreffendheid**

voortspruitend uit ondoeltreffendheid van sodanige werk of omdat die werk nie die resultate gelewer het wat daarvan verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie;

## 5 Nood- mediese onkoste

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos vir alle billike onkoste wat deur die versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen die versekerde mag wees.

## 6 Eiendom van werknemers en besoekers

Spesifieke uitsondering 12 (Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is) is nie van toepassing nie op eiendom wat behoort aan enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde of enige besoeker aan die versekerde se perseel.

## 7 EU-aanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en beperkings word die volgende veranderinge aan hierdie afdeling van die polis aangebring ten opsigte van "besering" of "skade" (soos verseker deur die uitbreiding produkaanspreeklikheid) wat ontstaan uit goedere of produkte wat na enige lidland van die Europese Unie (EU) of enige lidland van die Europese Vryehandelsvereniging (EVHV) (European Free Trade Association) uitgevoer word.

7.1 Spesifieke uitsondering 6 (Jurisdiksie) is nie van toepassing nie op skadevergoeding of regskoste en uitgawe wat deur enige eiser verhaal word ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer word in howe in die gebied van die EU of EVHV.

7.2 Ten opsigte van hierdie goedere of produkte (behalwe grondstowwe) moet die versekerde:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

7.2.1 'n stelsel instel en in stand hou ingevolge waarvan die goedere of produkte duidelik geïdentifiseer kan word deur 'n besending- of reeksnommer, of datumstempel of op 'n ander soortgelyke wyse;

7.2.2 die datum waarop die werklike goedere of produkte die eerste keer in omloop gebring is, aanteken en handhaaf.

Hierdie opgawe moet in stand gehou word sodat dit die verlangde besonderhede kan lewer vir 'n tydperk van minstens 10 jaar nadat die goedere of produkte aanvanklik in omloop gebring is.

7.3 Die inligting in 7.2 genoem, tesame met alle stawende dokumentasie, moet te eniger tyd op aanvraag aan die maatskappy of sy benoemde beskikbaar gestel word.

7.4 Die versekerde is, ten opsigte van hierdie skadeloosstelling, verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar wat ten opsigte van hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 8 Regsverdedigingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde dit verlang, stel die maatskappy enige werknemer, vennoot of direkteur van die versekerde skadeloos teen koste en uitgawes wat hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word en wat met die toestemming van die maatskappy aangegaan word deur of namens sodanige persoon in die verdediging van enige strafregtelike geding wat teen sodanige persoon ingestel word in die loop van sy werk by die versekerde en wat voortspruit uit 'n beweerde oortreding van die wette soos hierin omskryf gedurende die versekeringstydperk.

Met dien verstande dat:

8.1 die maatskappy in die geval van 'n appèl nie sodanige persoon skadeloos stel nie, tensy 'n senior advokaat wat deur die maatskappy goedgekeur is, adviseer dat sodanige appèl na sy mening behoort te slaag;

8.2 die maatskappy nie sodanige persoon skadeloos stel ten opsigte van enige boete of bestraffing wat deur enige landdros of regter opgelê word nie en ook nie ten opsigte van enige verlies wat daarop volg nie;

8.3 sodanige persoon, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en hierdie afdeling daarvan nakom uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees.

### Die Wette

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid nr. 85 van 1993 (soos gewysig),

Die Wet op Myne en Bedrywe nr. 27 van 1956 (soos gewysig),

Die Elektrisiteitswet nr. 41 van 1987 (soos gewysig), en/of enige ander wet of ordonnansie wat met die verskaffing van elektrisiteit verband hou

almal saamgelees met die Strafproseswet nr. 51 van 1977 (soos gewysig).

## 9 Aanspreeklikheid ingevolge ooreenkoms

Nieteenstaande die bepalings van spesifieke uitsonderings 7 (Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word), 12 (Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is) en 14 (Voertuie) word hierdie afdeling uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel:

9.1 teen aanspreeklikheid wat deur die versekerde aanvaar word ingevolge enige kontrak wat aangegaan word met, of vrywaring wat verleen word aan, Transnet, die staat of semi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en/of soortgelyke liggame wat die gebruik van spoorwegsylyne dek of ten opsigte van vervoerooreenkomste (gevaarlike persele) en/of ooreenkomste van 'n soortgelyke aard;

9.2 teen aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom wat aan Transnet behoort terwyl dit in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is;

9.3 ten opsigte van aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige voertuig, sleepwa, lokomotief of rollende materiaal wat aan Transnet behoort terwyl dit by enige spoorwegsylyn deur of namens die versekerde gebruik word.

## 10 Produkaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs in spesifieke uitsondering 9 (Produkte) vervat, stel die maatskappy die versekerde skadeloos ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse wat plaasvind te enige plek in die gebiede wat in die bylae vermeld word elders as op 'n perseel wat deur die versekerde geokkupeer



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

word en wat veroorsaak word deur goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat deur die versekerde verkoop of verskaf word in verband met die besigheid (insluitende foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde goedere).

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

**Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die uitbreiding: produkaanspreeklikheid)**

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikhede nie:

**10.1 Lugvaartuie**

wat voortspruit uit goedere of produkte wat bedoel is om in 'n lugvaartuig geïnstalleer te word en daarin geïnstalleer is, of wat bedoel is om deel van 'n lugvaartuig uit te maak en deel daarvan uitmaak;

**10.2 Koste van sloping**

die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die goedere of produkte (insluitende houers en etikette) en enige ander eiendom wat vir sodanige herstel, verandering of vervanging noodsaaklik is, tensy dit fisies deur die goedere of produkte beskadig is;

**10.3 Herstel**

die herstel-, verandering-, herroeping- of vervangingskoste van goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat besering of skade veroorsaak;

**10.4 Gebrekkige ontwerp**

wat voortspruit uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, plan of spesifikasie maar indien die versekerde 'n kleinhandelaar is, is spesifieke uitsonderings 10.4 (Gebrekkige ontwerp) en 10.5 (Ondoeltreffendheid) nie van toepassing nie indien die versekerde se aktiwiteite in hulle geheel beperk is tot verkope, verspreiding en/of bemarking (insluitende enige bemarkingsadviesdiens wat die produkte vergesel) van die produk en die versekerde se aktiwiteite nie die finale voorbereiding insluit nie wat beteken die herverpakking, verpakking, etikettering, skoonmaak of verskaffing van gebruiksaanwysings voor die verkoop aan die versekerde se oorspronklike klante en ook nie enige opknapping aanpassing of wysiging aan die produk nie;

**10.5 Ondoeltreffendheid**

wat voortspruit uit ondoeltreffendheid of die versuim om aan die spesifikasie te voldoen. Tensy sodanige ondoeltreffendheid of versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie;

**10.6 Verenigde State van Amerika of Kanada**

ten opsigte van besering of skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte wat deur of in opdrag van die versekerde verkoop of verskaf is indien sodanige goedere of produkte na die versekerde se wete deur of namens die versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is.

## 11 Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande spesifieke uitsondering 7 (Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word), indien die versekerde ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

## 12 Huurdersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsonderings 12 (Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is) en 14(Voertuie) van hierdie afdeling is nie van toepassing nie ten opsigte van persele wat deur die versekerde as huurder (maar nie as eienaar nie) geokkupeer word.

## 13 Handelswerktuig

Spesifieke uitsondering 14 (Voertuie) is nie van toepassing op die werkverrigting, as 'n werktuig, van enige voertuig of toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vasgeheg is nie, met dien verstande dat die maatskappy nie hierkragtens aanspreeklik is nie ten opsigte van soveel van enige aanspreeklikheid as wat binne die bestek van enige soort motorvoertuigversekering of wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering val nie, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is. Die maatskappy is ook nie aanspreeklik nie indien enige ander soort motorversekering wat dieselfde aanspreeklikheid dek, deur die versekerde aangegaan is.

## 14 Los sleepwaens

Sover dit sleepwaens aangaan, is spesifieke uitsondering 14 (Voertuie) nie van toepassing nie ten opsigte van enige sleepwa wat nie aan enige meganiesaangedrewe voertuig vas is nie en wat nie per abuis daarvandaan losgekom het nie, met dien verstande dat die maatskappy nie hierkragtens aanspreeklik is nie vir die deel van enige verlies wat:

14.1 deur enige ander polis of polisse wat deur die versekerde aangegaan is, verseker is of wat, in die afwesigheid van hierdie afdeling, so verseker sou gewees het;

14.2 binne die bestek val van enige wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie.

## 15 Oorlog

Algemene uitsondering 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang:

"Hierdie afdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

## 16 Onregmatige inhegtenisname en laster (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

16.1 wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname);

16.2 ten opsigte van laster;

altyd met dien verstande dat die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, met inbegrip van enige regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of enige getal eisers, en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir 'n enkele gebeurtenis, hoogstens die skadeloosstellingsperk soos in die bylae vir hierdie uitbreiding vermeld beloop, en gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum), in totaal hoogstens dubbeld hierdie bedrag beloop.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GETROUHEID

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Versekerde werknemer

versekerde werknemer beteken

1.1 enige persoon wat ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die versekerde in diens is;

1.2 enige persoon wat van enige ander party aan die diens van die versekerde gehuur of geleen word;

1.3 studente, vrywilligers of persone wat deur die versekerde in diens geneem word in jeugopleiding- of werkervaringskemas

wat die versekerde te alle tye in die loop van sy besigheid geregtig is om te beheer en te beveel in die uitvoering van sy werk en, indien hierdie afdeling op 'n naam- en/of posgrondslag is, wat by wyse van hierdie naam en/of pos in die bylae beskryf word.

## Omskrewe gebeurtenisse

1 Verlies van geld en/of ander eiendom wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is en wat deur 'n versekerde werknemer gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling gesteel word.

2 Regstreekse finansiële verlies wat die versekerde ly weens bedrog of oneerlikheid van 'n versekerde werknemer wat alles gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling plaasvind en wat lei tot oneerlike persoonlike finansiële voordeel vir die betrokke werknemer.

Met dien verstande dat:

1 die maatskappy nie aanspreeklik is nie vir alle verliese wat langer as 24 maande voor ontdekking plaasgevind het;

2 alle verliese ontdek word nie langer as twaalf maande nie ná die beëindiging van:

2.1 hierdie afdeling, of

2.2 hierdie afdeling ten opsigte van enige versekerde werknemer betrokke by 'n verlies, of

2.3 die diens van die versekerde werknemer of die laaste van die versekerde werknemers betrokke by 'n verlies

na gelang van wat eerste plaasvind;

3 **Oordekkende grondslag** - die maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verliese hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae beloop hetsy dit enige enkele werknemer is of enige aantal werknemers wat saamspan of onafhanklik van mekaar optree;

4 **Naam of posgrondslag** - die maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verliese waarby enige werknemer betrokke is hoogstens die versekerde bedrag beloop wat teenoor sy naam in die bylae vermeld word, of as hy nie vermeld word nie, die versekerde bedrag teenoor die pos wat hy in die besigheid beklee, soos in die bylae vermeld;

5 hernuwing van hierdie versekering van tydperk tot tydperk of enige verlenging van enige versekeringstydperk nie die uitwerking het dat dit die maatskappy se aanspreeklikheid ophoop of verhoog bó die versekerde bedrag vermeld in die bylae nie. Indien die versekeringstydperk korter as 12 maande is, word die maatskappy se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag in die bylae vermeld gedurende enige versekeringstydperk van 12 maande bereken vanaf aanvang of hernuwing;

6 die uitdrukking "oneerlike persoonlike finansiële voordeel" nie voordeel deur 'n werknemer in die vorm van salaris, salarisverhogings, gelde, kommissies, bonusse, bevorderings of ander vergoeding insluit nie.

7 die bedrag betaalbaar gedurende enige enkele tydperk van 12 agter-eenvolgende maande vanaf die aanvanklike aanvangs- of verjaardagdatum sal nie die versekerde bedrag vermeld in die bylae op



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

vermelde aanvangs- of verjaardagdatum na gelang van die geval (of dubbel die versekerde bedrag indien die "Verlaging/ herstelling van die versekerde bedrag-klousule" geld) oorskry nie Indien die versekerde bedrag verhoog word geld die 12 agtereenvolgende maande vanaf die verjaardagdatum. Enige herstelling tussen die datum van verhoging en die verjaardagdatum sal nie twee maal die versekerde bedrag oorskry nie.

# Spesifieke voorwaardes

## 1 Algemene uitsonderings en voorwaardes

Algemene uitsonderings 4 (Kern), 6 (Diefstal deur valse voorwendsels en bedrog) en 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) en algemene voorwaarde 15 (Herstel van dekking na verlies) is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.

## 2 Verswyging

Verswyging van sy eie bedrog of oneerlikheid of dié van ander persone met wie hy saamspan, deur enige persoon wat die aansoekvorm onderteken of hernuwing of enige ander instruksies gee, benadeel nie enige eis ingevolge hierdie afdeling nie.

## 3 Verhalings deur die versekerde

Indien die versekerde enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is wat die bedrag betaalbaar hierkragtens oorskry ten opsigte van sodanige verlies, is die versekerde geregtig op alle verhalings (behalwe uit borgstelling, versekering, herversekering, sekuriteit of skadeloosstelling geneem of aangegaan deur die maatskappy of vir die bedrag van enige bybetaling) deur wie ook al gemaak as gevolg van sodanige verlies totdat dit ten volle vergoed is, min die werklike koste om dit aan te gaan, en enige oorblywende deel word aangewend tot vergoeding van die maatskappy.

## 4 Aanmeld by polisie

In die geval van die ontdekking van enige verlies wat uit 'n omskrewe gebeurtenis voortspruit mag die versekerde, nieteenstaande enigiets tot die teendeel in paragraaf 7.1.2 van algemene voorwaarde 7 (Eise), nalaat om die aangeleentheid by die polisie aan te meld, maar sal dit onmiddellik doen indien die maatskappy of wetgewing van die betrokke land sodanige aksie vereis.

## 5 Verhoging van versekerde bedrag

Indien die versekerde bedrag te eniger tyd verhoog word, is sodanige verhoogde bedrag slegs van toepassing op omskrewe gebeurtenisse wat ná die datum van sodanige verhoging gepleeg word.

## 6 Kontrole- en beheerstelsels

Die versekerde moet al sodanige kontrole- en beheerstelsels, rekening- en klerikale prosedures en metodes vir die bedryf van sy besigheid instel en/of in stand hou en voortgaan om dit toe te pas soos wat deur hom aan die maatskappy voorgehou word, maar die versekerde mag:

6.1 die vergoeding en diensvoorwaardes van enige werknemer verander;

6.2 ten opsigte van enige werknemer wat by sy naam in die bylae beskryf word, sy pligte en pos verander;

6.3 ten opsigte van enige werknemer wat slegs by sy pos in die bylae beskryf word, sodanige werknemer verwyder en enige ander persoon wat binne die woordomskrywing van werknemer val, in sy plek aanstel;

6.4 sodanige ander veranderings maak as wat vooraf skriftelik deur die versekerde se ouditeure goedgekeur word.

# Spesifieke uitsonderings

## 1 Verkrygings

Hierdie afdeling dek nie enige maatskappy of ander regsentiteit wat gedurende die versekeringstydperk verkry word nie.

## 2 Gevolglike verlies

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige gevolglike verlies van enige aard wat plaasvind ná verliese waarna in die omskrewe gebeurtenisse verwys word;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 3 Verliese na die versekerde bewus word van bedrog

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies voortspruitende uit of waartoe bygedra word deur enige omskrewe gebeurtenis deur enige werknemer vanaf die tyd dat die versekerde bewus word dat sodanige werknemer enige daad van bedrog of oneerlikheid gepleeg het;

### 4 Manipulasie van data

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige omskrewe gebeurtenis indien dit spruit uit oneerlike:

4.1 manipulasie van

4.2 invoering in

4.3 onderdrukking van invoering in

4.4 vernietiging van

4.5 verandering aan

enige rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wat by die versekerde se elektroniese dataverwerkingsafdeling of -gebied in diens is.

Hierdie uitsondering geld nie vir versekerde werknemers wat in diens is by die elektroniese dataverwerkingsafdeling/ -gebied van enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaar nie.

### 5 Deelname van enige onbetrokke vennoot/ prinsipaal/direkteur of lid

Die maatskappy is slegs tot die mate van die deelname/aandeelhouding van enige onbetrokke vennoot/ prinsipaal/direkteur of lid aanspreeklik vir 'n versekerde gebeurtenis waarby enige vennoot/prinsipaal/direkteur of lid van die versekerde regstreeks betrokke is of was.

Hierdie spesifieke uitsondering geld slegs vir vennootskappe, privaatmaatskappye of beslote maatskappye.

### 6 Vennoot

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies voortspruitende uit of waartoe bygedra word deur enige omskrewe gebeurtenis deur Hierdie afdeling dek nie enige vennoot van die versekerde tot die mate waartoe sodanige vennoot baat sou vind by die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie polis verleen word;

### 7 Prinsipaal, direkteur of lid

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies voortspruitende uit of waartoe bygedra word deur enige omskrewe gebeurtenis deur enige prinsipaal, direkteur of lid van die versekerde tensy sodanige prinsipaal, direkteur of lid ook 'n werknemer is;

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Klousule: Rekenmeesters

Enige besonderhede of gegewens wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente vervat word wat deur die maatskappy benodig mag word ingevolge hierdie afdeling om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie-bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

### 2 Klousule: Verpligte bybetaling

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis waarby een werknemer of enige getal werknemers wat saamspan betrokke is, word verminder met 'n bedrag van 10 persent van die eis met 'n minimum van R2 500. Dié bedrag word ten volle deur die versekerde gedra en bly onverseker.

### 3 Klousule: Rekenaarverliese - bybetaling

Die persentasie aangetoon in klousule 2 (Klousule: Verpligte bybetaling) word van 10 persent na 20 persent verhoog indien die omskrewe gebeurtenis voortspruit uit oneerlike

3.1 manipulasie van

3.2 invoering in

3.3 onderdrukking van invoering in

3.4 vernietiging van

3.5 verandering aan



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wie se pligte die bestuur, toesig, ontwerp, skepping of verandering van rekenaarstelsels of –programme behels.

## 4 Uitbreiding: Rekenaarverliese (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde 'n bevredigende vraelys voltooi het, word spesifieke uitsondering 4 (Manipulasie van data) en klousule 3 (Klousule: Rekenaarverliese - bybetaling) geskrap.

## 5 Uitbreiding: Verhalingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is en wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry, betaal die maatskappy benewens die versekerde bedrag hoogstens die bedrag vermeld in die bylae aan die versekerde vir koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys met die toestemming van die maatskappy (welke toestemming nie onredelikerwys weerhou mag word nie) aangegaan word vir die verhaling of poging tot verhaling vanaf die werknemer met betrekking tot wie die eis ingestel is, van daardie deel van die verlies wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry. Alle bedrae bó die gemelde deel van die verlies wat deur die versekerde verhaal word, is tot die voordeel van die maatskappy.

## 6 Bybetaling vir verliese ontdek langer as 12 maande nadat dit gepleeg is

Indien enige versekerde gebeurtenis ontdek word langer as 12 maande nadat:

6.1 dit gepleeg is

6.2 die eerste gebeurtenis binne 'n reeks gebeurtenisse gepleeg is deur een persoon of 'n aantal persone wat saamspan

word die persentasies vervat in klousules 2 (Klousule: Verpligte bybetaling) en 3 (Klousule: Rekenaarverliese - bybetaling) soos volg verhoog:

| **Klousule: Bybetaling** | **Bybetaling verhoog tot persentasie hieronder aangedui** | |
|---|---|---|
| | Indien verliese ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 24 maande daarna nie | Indien die polis verleng is om daardie gedeelte van verliese te dek wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 36 maande daarna nie |
| **Verpligtend** | Van 10% tot 15% | Van 10% tot 20% |
| **Rekenaarverliese** | Van 20% tot 30% | Van 20% tot 35% |

Nieteenstaande bogemelde mag die versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 maande ontdek is, in welke geval die eerste bedrag betaalbaar toepaslik vir daardie tydperk van toepassing is.

## 7 Uitbreiding: Uitgebreide dekking vir voormalige werknemers

Enige persoon wat nie meer 'n werknemer is nie word vir die doeleindes van hierdie afdeling beskou as synde 'n werknemer te wees vir 'n tydperk van 30 dae nadat hy opgehou het om 'n werknemer te wees.

## 8 Uitbreiding: Verlenging vir verliese wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 36 maande daarna nie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

8.1 Voorbehoudsbepaling 1 van die omskrewe gebeurtenisse word vervang met:

1. die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir alle verliese wat plaasgevind het langer as 36 maande voor ontdekking.

8.2 Indien hierdie afdeling uitbreiding 13 (Uitbreiding: Vervangde versekering) insluit, word die tydperk waarna in voorbehoudsbepaling 13.6 daarvan verwys word vanaf 24 maande tot 36 maande verleng.

## 9 Uitbreiding: Verlenging toegestaan by ontvangs van 'n bevredigende stelseloudit ten opsigte van verliese wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie daarvoor dat die ouditeursfirma vermeld in die bylae 'n bevredigende oudit gedoen het van die versekerde se stelsels van

9.1 beheer

9.2 ontdekking van bedrog, oneerlikheid en diefstal



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

en onderworpe daaraan dat die versekerde al die aanbevelings vervat in sodanige oudit implementeer en in stand hou

9.3 word voorbehoudsbepaling 1 van die omskrewe gebeurtenisse (wat dekking beperk tot daardie deel van verliese wat binne 24 maande ontdek word) en voorbehoudsbepaling 13.6 van uitbreiding 13 (Uitbreiding: Vervangde versekering) (indien van toepassing) geskrap;

9.4 indien enige versekerde voorval ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is, word die persentasies vervat in ondergemelde Klousule: Bybetaling, soos volg verhoog:

| Klousule: Bybetaling | Bybetaling verhoog tot persentasie hieronder aangedui indien verliese ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is |
|---|---|
| **Verpligtend** | Van 10% tot 12,5% |
| **Rekenaarverliese** | Van 20% tot 25% |

Nieteenstaande bogemelde mag die versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 maande ontdek is, in welke geval die eerste bedrag betaalbaar toepaslik vir daardie tydperk van toepassing is.

9.5 Klousule 6 (Bybetaling vir verliese ontdek langer as 12 maande nadat dit gepleeg is), word geskrap.

## 10 Klousule: Ander versekering

Dit is 'n voorwaarde van hierdie afdeling dat behalwe:

10.1 'n geldpolis;

10.2 dit wat by aanvangs- of hernuwingsdatum of ten tyde van die instel van 'n eis aan die maatskappy verklaar is;

10.3 'n pensioenfondsgetrouheidspolis wat nie hierdie afdeling in waarde oorskry nie;

10.4 hierdie polis

daar geen ander polis gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling van krag is om te verseker teen die risiko's wat hierkragtens verseker word nie.

## 11 Klousule: Vermindering/herstel van versekerde bedrag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Betaling deur die maatskappy van enige verlies waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is verminder nie die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van die res van die versekerde werknemers nie, met dien verstande dat:

11.1 die maksimum bedrag wat deur die maatskappy betaalbaar is vir alle versekerde werknemers hoogstens dubbel die versekerde bedrag in die bylae beloop;

11.2 die versekerde 'n bykomende premie betaal op die bedrag van die versekerde verlies, bereken volgens die volgende formule:

$$\text{Jaarlikse premie van krag ten tyde van ontdekking van verlies} \times \frac{\text{Bedrag van eisskikking}}{\text{Versekerde bedrag ten tyde van ontdekking van verlies}}$$

Waar die versekeringstydperk:

11.2.1 maandeliks is, word die woorde "Jaarlikse premie" verander na "Twaalf keer die maandelikse premie"

11.2.2 kwartaalliks is, word die woorde "Jaarlikse premie" verander na "Vier keer die kwartaallikse premie"

11.2.3 halfjaarliks is, word die woorde "Jaarlikse premie" verander na "Twee keer die halfjaarlikse premie"

Die bykomende premie is ten volle betaalbaar en mag nie verminder word omrede die tydperk tussen die datum van ontdekking van die verlies en die verstrykingsdatum korter as twaalf maande is nie.

## 12 Uitbreiding: Terugwerkende dekking - geen vorige versekering van krag nie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling is ook van toepassing op omskrewe gebeurtenisse soos hierkragtens verseker wat tot 12 maande voor aanvang van hierdie afdeling plaasvind maar nie langer as 24 maande voordat dit



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

ontdek is nie, met dien verstande dat die gebeurtenisse ontdek word binne 12 maande ná die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 maande ná die verstryking van hierdie afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind.

## 13 Uitbreiding: Vervangde versekering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling is ook van toepassing op omskrewe gebeurtenisse wat hierkragtens verseker is wat plaasgevind het gedurende die geldigheidsduur van enige versekering wat deur hierdie afdeling vervang word en in die bylae gespesifiseer word met dien verstande dat:

13.1 hierdie uitbreiding beperk word tot verliese wat deur die vervangde versekering betaalbaar sou gewees het maar wat nie opeisbaar is nie weens die verstryking van die tydperk wat deur die vervangde versekering toegelaat word vir die ontdekking van die versekerde gebeurtenisse;

13.2 die omskrewe gebeurtenisse ontdek word binne 12 maande ná die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 maande na die verstryking van hierdie afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind;

13.3 die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens die bedrag kragtens hierdie afdeling verseker of die bedrag kragtens die vervangde versekering verseker, wat ook al die minste is, beloop;

13.4 indien die omskrewe gebeurtenisse waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling sowel as die geldigheidsduur van die vervangde polis plaasvind, die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die bedrag beloop verseker deur hierdie afdeling ten tyde van ontdekking van die omskrewe gebeurtenisse;

13.5 hierdie uitbreiding nie van toepassing is op omskrewe gebeurtenisse wat langer as die getal jare in die bylae vermeld, voor die aanvang van hierdie afdeling, plaasgevind het nie;

13.6 die maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige verlies wat langer as 24 maande voor ontdekking plaasgevind het.

## 14 Klousule: Vrywillige bybetaling (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Benewens die bedrag wat deur die versekerde betaalbaar is ingevolge die Klousule: Verpligte bybetaling, is die versekerde verantwoordelik vir die verskil tussen sodanige bedrag en die bedrag vermeld in die bylae as die vrywillige bybetaling, met dien verstande dat sodanige vrywillige bedrag die verpligte bedrag oorskry.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GLAS

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan interne en eksterne glas (insluitende spieëls), letterskilderwerk en die behandeling daarvan op die versekerde persele, soos in die bylae vermeld, wat die eiendom van die versekerde is of waarvoor hy verantwoordelik is.

Ná verlies van of skade aan glas stel die maatskappy die versekerde ook teen die volgende skadeloos:

### 1 Aanbring van skuttings

die koste van die aanbring van sodanige skuttings as wat redelikerwys nodig mag wees;

### 2 Los en vaste toebehore

die koste van die verwydering en herinstallering van los en vaste toebehore (insluitend bewegingsensors, kameras, elektriese motors en ander outomatiese oop- of toesluittoestelle wat nie andersins verseker is nie en wat vas is aan die glas of saam met 'n versekerde glasdeur werk) wat nodig is om die glas te vervang;

### 3 Winkeltoonvensters ens.

skade aan winkeltoonvensters, rame, vensteruitstallings (insluitende los en vaste toebehore), diefalarmstroke, -drade en -vibrators as 'n regstreekse gevolg van sodanige verlies of skade;

### 4 Wagdiens

die koste van die aanstel van 'n wagdiens voor die vervanging van die glas of die aanbring van skuttings of die herstel van die diefalarmstelsel, tensy dit ingevolge enige ander versekering wat deur die versekerde gereël is, betaalbaar is;

met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die volgende beloop

1 vir die vervanging van die glas, letterskilderwerk en behandeling - die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word as van toepassing op die perseel waar die verlies of skade plaasvind;

2 vir alle ander koste en uitgawe waarvoor voorsiening gemaak word deur hierdie afdeling en wat voortspruit uit een gebeurtenis of 'n reeks gebeurtenisse wat aan een bron of oorspronklike oorsaak toeskryfbaar is - in totaal die bedrag van R20 000.

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is, gesamentlik van groter waarde is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

### 1 Gebars of gebreek

glas wat by die aanvang van hierdie versekering gebars of gebreek is, tensy die maatskappy ingestem het om dit te dek;

### 2 Skending

skending of skade, behalwe 'n bars dwarsdeur die dikte van die glas of enige laminering daarvan;

### 3 Brand ens.

verlies of skade wat verseker word deur, of in die afwesigheid van hierdie afdeling verseker sou word, deur enige brandversekering, behalwe ten opsigte van enige bedrag bó dié bedrag wat ingevolge sodanige brandversekering betaalbaar sou gewees het indien die versekering ingevolge hierdie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

afdeling nie aangegaan is nie. Hierdie spesifieke uitsondering is egter nie van toepassing nie op verlies of skade waarvoor die versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is;

**4 Handelsvoorraad**

glas wat deel uitmaak van handelsvoorraad;

## Klousules, uitbreidings en beperkings

**1 Uitbreiding: Oproer en staking (met uitsluiting van verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië voorkom) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes. uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

1.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1.1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1.1 verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

1.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

1.3 verlies of skade wat spruit uit 'n algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

1.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

1.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 1.1, 1.2, 1.3, 1.4 of 1.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Hierdie uitbreiding is slegs van toepassing op verlies of skade waarvoor die versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is.

**2 Uitbreiding: Spesiale herstel (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Indien die versekerde ná verlies of skade wat hierkragtens verseker is, ingevolge die Nasionale Bouregulasies of soortgelyke wetgewing verplig word om die beskadigde glas te vervang met glas van 'n beter gehalte, is die maatskappy verantwoordelik vir die verhoogde koste van sodanige vervanging insluitende (maar nie daartoe beperk nie) rame daarvoor, met dien verstande dat indien die koste om die hele versekerde eiendom (insluitende ander versekerde items) so te vervang groter is as die bedrag waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade dra.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GOEDERE IN TRANSITO

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Versekerde eiendom

versekerde eiendom beteken

alle eiendom wat gebruiklik is in die versekerde se besigheid, insluitend

1.1 gereedskap, aanleg, masjinerie, toerusting, persoonlike beskermende toerusting, verbruiksgoedere, onderdele en/of soortgelyke items wat deur die versekerde en/of enige werknemer gebruik word vir die doeleindes van die besigheid, met uitsluiting van selfone, skootrekenaars en soortgelyke items

1.2 toue, dekseile en verpakkingsmateriaal in verband met die vervoer

wat deur die versekerde besit word of waarvoor hy verantwoordelik is.

### 2 Transito

ten opsigte van

#### 2.1 Afgestuurde goedere

word transito geag te begin vanaf die tydstip waarop die versekerde eiendom by die afsender se perseel verwyder word (insluitend gedra word na en gelaai word op enige vervoermiddel), voortgesit te word met die vervoer na die ontvanger (insluitend tydelike berging van hoogstens 96 uur in die loop van die reis) en te eindig wanneer die aflaai en aflewering voltooi is by enige gebou of bergingsplek by die ontvanger se perseel.

Indien 'n ontvanger weier om eiendom wat versend is te ontvang of dit nie kan ontvang nie, word transito geag voortgesit te word en die versekering ten opsigte van sodanige eiendom bly van krag totdat die eiendom deur enige vervoermiddel by die perseel van die afsender afgelewer word, met dien verstande dat die versekerde alle redelike maatreëls tref om seker te maak dat die eiendom so gou as redelikerwys moontlik teruggestuur word.

#### 2.2 Goedere behalwe afgestuurde goedere

word transito geag te begin met die laai van die versekerde eiendom op enige voervoermiddel, voortgesit te word met die vervoer en te eindig wanneer dit van die vervoermiddel afgelaai word.

### 3 Onbewaakte voertuig

onbewaakte voertuig beteken

enige voertuig wat deur die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde gebruik word waar sodanige persoon nie die voertuig konstant onder toesig kan hou en terselfdertyd 'n redelike verwagting het om enige ongemagtigde gepeuter met die voertuig te verhoed nie

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan die versekerde eiendom in die loop van transito deur die vervoermiddel wat in die bylae vermeld word of ander metodes wat daarmee gepaardgaan, en veroorsaak deur enige ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie,

met dien verstande dat:

1 die versekerde verantwoordelik is vir die bybetaling in die bylae vermeld ten opsigte van elke omskrewe gebeurtenis behalwe 'n eis voortspruitend uit brand, weerlig of ontploffing

2 die maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verlies of skade voortspruitend uit enige enkele omskrewe gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

3 indien die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig is, die skadeloosstellingsperk ten opsigte van elke voertuig wat in die bylae gespesifiseer is die bedrag is wat langs die betrokke voertuig vermeld word, en die maksimum bedrag betaalbaar deur die maatskappy vir alle verlies of skade voortspruitend uit enige enkele omskrewe gebeurtenis waarby meer as een sodanige voertuig betrokke is, nie die akkumulasieperk vermeld in die bylae oorskry nie.

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Padwaardigheid

Dit is 'n opskortende voorwaarde vir die maatskappy se aanspreeklikheid en daar word gewaarborg dat alle voertuie wat deur die versekerde besit, gebruikhuur of gehuur word of in die bewaring of onder beheer van die versekerde is, hetsy op hul eie of as deel van 'n kombinasie van voertuie, en vir die vervoer van die versekerde eiendom gebruik word, te alle tye in 'n padwaardige toestand gehou word.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

### 1 Kontant

verlies van of skade aan kontant, bank- en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard;

### 2 Gevolglike verlies

gevolglike verlies van enige aard, oponthoud, verlies aan markte, waardevermindering of veranderings wat teweeggebring word deur natuurlike oorsake;

### 3 Oneerlikheid

verlies van of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word deur die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, hetsy hy alleen optree of saamspan;

### 4 Inherente fout

verlies van of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word deur inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, klamheid, muf of roes;

### 5 Meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking

meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring van die versekerde eiendom, tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

### 6 Ander versekering

Verlies van of skade aan eiendom wat andersins verseker is, of wat in die afwesigheid van hierdie afdeling, verseker sou word deur enige ander versekering, behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige versekering betaalbaar sou gewees het as die versekering ingevolge hierdie afdeling nie aangegaan is nie;

### 7 Verkoelingstoerusting

verlies van of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word deur die onklaarraking van verkoelingstoerusting;

### 8 Gebiedsgrense

verlies of skade aan eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe;

### 9 Diefstal uit onbewaakte voertuie

verlies van of skade voortspruitend uit of veroorsaak deur diefstal uit 'n onbewaakte voertuig, tensy die eiendom gehou word in 'n voertuig wat heeltemal toe en behoorlik gesluit is of die voertuig self in 'n gebou gehuisves word wat veilig toegesluit is, en betreding van of verlating van sodanige geslote voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaardgaan.

Indien die versekerde deur middel van videobewakingsbeeldmateriaal (of enige ander afdoende bewys) bewys kan lewer dat 'n poging aangewend is om die voertuig met die voertuig se afstandbeheerder te sluit, maar dat die sluitmeganisme deur middel van 'n elektroniese toestel deur diewe geblokkeer is, word sodanige bewys geag te voldoen aan die vereiste vir 'n voertuig wat heeltemal toe en behoorlik gesluit is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Hierdie uitsondering is nie van toepassing op verlies of skade wat kan voorkom as gevolg van 'n ongeluk waarby 'n padvoertuig betrokke is waarin 'n prinsipaal of werknemer of vertroude persoon weens liggaamlike besering wat opgedoen is, nie in staat is om besit van of beheer oor die eiendom te behou nie;

### 10 Transito per see

verlies of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word of wat ontstaan gedurende transito per see of binnelandse transito wat daarmee gepaard gaan.

### 11 Slytasie

slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig-, klimaats- of atmosferiese toestande) tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Onklaarraking van die vervoermiddel

Ingeval 'n gespesifiseerde vervoermiddel onklaar raak gedurende transito of indien die eiendom om enige rede buite die beheer van die versekerde in gevaar gestel word verhinder niks hierin vervat die versekerde daarvan om gebruik te maak van enige ander soort vervoermiddel ten einde die transito te voltooi nie en die versekering verleen word nie daardeur beïnvloed nie.

### 2 Uitbreiding: Puinverwyderings-, herlaai- en oorlaaikoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van

2.1 die opruiming en verwydering van puin na skade aan die vervoermiddel of aan die versekerde eiendom daarop;

2.2 die herlaai van versekerde eiendom op die vervoermiddel indien dit afgeval het van sodanige vervoermiddel

2.3 die oorlaai van versekerde eiendom op 'n ander vervoermiddel en aflewering by die oorspronklike bestemming, of terugsending na die plek waarvandaan dit gestuur is na fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom of 'n ongeluk van die vervoermiddel,

met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R15 000 of die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae beloop ten opsigte van enige enkele omskrewe gebeurtenis.

### 3 Beperking t.o.v. brand-, ontploffing-, botsing-, ontsporing- en omslaan (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot verlies van of skade aan die eiendom wat voortspruit uit brand of ontploffing of botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel wat in die bylae beskryf word.

### 4 Brandbluskoste uitbreiding

Indien die eiendom omskryf in die bylae verlore raak of deur brand beskadig word terwyl in transito wat ingevolge hierdie afdeling verseker word, betaal die maatskappy, benewens skadeloosstelling aan die versekerde vir sodanige verlies of skade, ook die koste van die blus van die brand of poging daartoe met dien verstande dat die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop teenoor hierdie uitbreiding in die bylae vermeld plus (indien van toepassing) die verhoogde brandbluskosteuitbreidingsperk.

### 5 Onvervangbare goedere (van toepassing op 2.1 Afgestuurde goedere)

Die maatskappy stem in om enige eis vir onvervangbare goedere wat verlore raak of beskadig word, te betaal op die grondslag van die verkoopprys van sodanige goedere op die datum van die verlies of skade.

### 6 Vervangingswaarde-voorwaarde (van toepassing op 2.2 Goedere behalwe afgestuurde goedere)

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar ten opsigte van goedere behalwe afgestuurde goedere bereken word, is hetsy



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

6.1 die vervanging van die eiendom deur soortgelyke eiendom in 'n toestand wat ooreenstem met maar nie beter of omvangryker is nie as die toestand van die eiendom toe dit nuut was

of

6.2 die herstel van die eiendom tot 'n toestand wat wesenlik dieselfde is, maar nie beter is nie, as die toestand van die eiendom toe dit nuut was

met dien verstande dat

6.1 indien, ten tyde van die vervanging of herstel, die bedrag wat die vervangingskoste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het indien die hele eiendom verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig is, groter is as die versekerde bedrag daarop by die aanvang van die verlies of skade, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra

6.2 waar die eiendom nie vervang word nie, die bepalings van hierdie voorwaarde nie van toepassing sal wees nie.

## 7 Uitbreiding: Oproer en staking (met uitsluiting van verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië voorkom) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes. uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

7.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

7.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 7.1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

7.1 verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

7.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

7.3 verlies of skade wat spruit uit 'n algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

7.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

7.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 7.1, 7.2, 7.3, 7.4 of 7.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Hierdie uitbreiding is slegs van toepassing op verlies of skade waarvoor die versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is.

## 8 Gespesifiseerde voertuig wat herstel of versien word

Waar die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig is, is die versekering ingevolge hierdie afdeling van toepassing op eiendom op enige voertuig wat tydelik in die plek daarvan gebruik word terwyl 'n gespesifiseerde voertuig herstel of versien word, welke vervangingsvoertuig nie die eiendom van die versekerde is of deur hom gebruikhuur of gehuur word ingevolge 'n bruikhuur- of opskortende verkoopsooreenkoms nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder. gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui.

### 1 Versekerde persoon

versekerde persoon beteken

enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde gespesifiseer in die bylae.

### 2 Mediese onkoste

mediese onkoste beteken

alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en -ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, optiese, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling en voorrade (insluitende die koste en uitgawe wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.

### 3 Permanente ongeskiktheid

permanente ongeskiktheid beteken

| | | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|---|
| 3.1 | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate | | 100 |
| 3.2 | permanente en algehele verlies van | | |
| | 3.2.1 | hele oog | 100 |
| | 3.2.2 | sig in oog | 100 |
| | 3.2.3 | sig in oog behalwe waarneming van lig | 100 |
| 3.3 | permanente en algehele gehoorverlies in | | |
| | 3.3.1 | albei ore | 100 |
| | 3.3.2 | een oor | 25 |
| 3.4 | permanente en algehele spraakverlies | | 100 |
| 3.5 | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander ekwivalente beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | | 100 |
| 3.6 | verlies van vier vingers | | 70 |
| 3.7 | verlies van duim | | |
| | 3.7.1 | albei falankse | 30 |
| | 3.7.2 | een falanks | 15 |
| 3.8 | verlies van wysvinger | | |
| | 3.8.1 | drie falankse | 15 |
| | 3.8.2 | twee falankse | 10 |
| | 3.8.3 | een falanks | 5 |
| 3.9 | verlies van enige ander vinger – elke vinger | | |
| | 3.9.1 | drie falankse | 10 |
| | 3.9.2 | twee falankse | 8 |
| | 3.9.3 | een falanks | 4 |



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

3.10 verlies van middelhandbeentjies

3.10.1 eerste of tweede (elke middelhandbeentjie) ____ 3

3.10.2 derde vierde of vyfde (elke middelhandbeentjie) ____ 2

3.11 verlies van tone

3.11.1 almal aan een voet ____ 30

3.11.2 groottoon,

3.11.2.1 albei falankse ____ 10

3.11.2.2 een falanks ____ 5

3.11.3 ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen ____ 5

**Memoranda**

1 Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die maatskappy sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met voormelde bepalings nie.

2 Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.

3 100% is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele versekerde persoon.

### 4 Tydelike algehele ongeskiktheid

tydelike algehele ongeskiktheid beteken

die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen.

## Omskrewe gebeurtenisse

Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige versekerde persoon.

Die maatskappy betaal ten behoewe van die versekerde persoon of sy boedel aan die versekerde die vergoeding wat in die bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die bylae onder die opskrif omstandighede.

## Voorbehoudsbepalings

Daar word verklaar en ooreengekom dat

### 1 Akkumulasieperk

die maksimum vergoeding betaalbaar deur die maatskappy ten opsigte van alle persone verseker onder die Groep persoonlike ongevalle en Aangegewe voordele afdelings, weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit, sal nie die bedrag vermeld in die bylae as die akkumulasieperk oorskry nie.

### 2 Ouderdoms beperking

tensy anders hierin bepaal, hierdie afdeling nie van toepassing is nie op 'n versekerde persoon

2.1 voordat hy15 jaar oud word, of

2.2 na die verstryking van die versekeringstydperk waarin hy 75 jaar oud word.

### 3 Maksimum vergoeding

die maatskappy nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir dood of permanente ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir tydelike algehele ongeskiktheid, mediese onkoste en enige uitbreidings wat van toepassing is, vir die dood of ongeskiktheid van enige enkele versekerde persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit;

### 4 Maksimum tydperk vir tydelike algehele ongeskiktheid

die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak sover redelikerwys moontlik herstel het, nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

**5 Mediese ondersoek**

die versekerde persoon, nadat hy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar kan wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die maatskappy van hom vereis word. Die maatskappy is nie aanspreeklik vir enige betaling nie, tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot die maatskappy se bevrediging nagekom is.

**6 Mediese onkoste**

enige betaling van mediese onkoste vir enige enkele versekerde persoon ten opsigte van elke eis is bo, en word nie verminder nie deur, die bedrag van die bybetaling soos vermeld in die bylae;

**7 Ander versekering en herstel van dekking na verlies**

algemene voorwaardes 13 (Ander versekering) en 15 (Herstel van dekking na verlies) nie op hierdie afdeling van toepassing is nie;

**8 Oorlog**

slegs ten opsigte van hierdie afdeling algemene uitsondering 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) geskrap en deur die volgende vervang word:

Hierdie afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie om vergoeding te betaal ten opsigte van enige versekerde persoon:

**1 Lug reis**

terwyl hy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie;

**2 Alkohol**

weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op die versekerde persoon tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe hyself);

**3 Bestaande gebrek**

wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid van die versekerde persoon;

**4 Motorfietsry**

terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan motorfietsry, vierwielmotorfietsry, driewielmotorfietsry (hetsy as 'n bestuurder of passasier) behalwe op besigheid van die versekerde;

**5 Bergklim ens.**

terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan bergklim wat die gebruik van toue vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal of hangswewery.

**6 Wedrenne**

terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe

6.1 voertuig

6.2 vaartuig

6.3 tuig

**7 Oproer**

weens sy deelname aan enige oproer, burgerlike beroering of daad van terrorisme;

**8 Selfdood**

deur sy selfdood of moedswillige selfbesering;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Skending weens brandwonde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe aan die uitsluiting hieronder, word die volgende item gevoeg by die omskrywing "Permanente ongeskiktheid":

| | Persentasie van vergoeding |
|---|---|
| 3.12 permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die | |
| 3.12.1 gesig en nek | |
| 100 persent van die oppervlak geskend | 60 |
| minder as 100 persent van die oppervlak geskend | die deel van 60 waarin die werklik geskende staan tot 100 persent van die geskende oppervlakte |
| 3.12.2 oorblywende dele van die liggaam behalwe as die gesig en nek | |
| 100 persent van die oppervlak geskend | 30 |
| minder as 100 persent van die oppervlak geskend | die deel van 30 waarin die werklik geskende staan tot 100 persent van die geskende oppervlakte |

Die maatskappy betaal nie ingevolge enige sub-item van hierdie uitbreiding nie tensy die skending 10 persent oorskry ten opsigte van die sub-item ingevolge waarvan 'n eis ingestel word.

### 2 Besigheidsbeperking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse wat ontstaan uit en in die loop van die versekerde persoon se diens by die besigheid.

### 3 Uitbreiding: Verdwyning

In die geval van die verdwyning van enige versekerde persoon in omstandighede wat die maatskappy tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die maatskappy 'n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van die versekerde persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die versekerde aan die maatskappy terugbetaal word onderworpe daaraan dat die versekerde sodanige betaling kan verhaal van die persoon/persone aan wie dit betaal is.

### 4 Uitbreiding: Blootstelling

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

### 5 Uitbreiding: Lewensondersteuningselsel

Nieteenstaande enigiets vervat in die omskrewe gebeurtenisse, sluit die gemelde 24-maandetydperk nie 'n tydperk(e) in die dood van die versekerde persoon uitsluitlik deur die gebruik van lewensondersteuningmasjiene, -toerusting of -apparaat vir tydperke van minstens drie opeenvolgende dae vertraag word nie.

Die maatskappy sal, benewens enige vergoeding betaalbaar, betaal vir die redelike koste en uitgawes wat aangegaan word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis ten opsigte van die huurkoste van lewensondersteuningmasjiene, -toerusting of –apparaat,

met dien verstande dat

5.1 die maatskappy se aanspreeklikheid vir sodanige koste en uitgawes wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit, nie R20 000 vir enige enkele versekerde persoon, oorskry nie;

5.2 hierdie uitbreiding nie die maksimum vergoeding betaalbaar deur die maatskappy ooreenkomstig voorbehoudsbepaling 1 (Akkumulasieperk) verhoog nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 6 Uitbreiding: Plaasvervangende persone

Enige persoon wat gedurende die versekeringstydperk deur die versekerde in diens geneem word as 'n direkte plaasvervanger vir 'n versekerde persoon wat in die bylae benoem word, sal outomaties deur hierdie afdeling gedek word, met dien verstande dat

6.1 sodanige veranderings aan die einde van die versekeringstydperk aan die maatskappy verklaar word;

6.2 daar geen verskil is in die beroep van die plaasvervangende persoon en die persoon wat vervang word nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# HUISBEWONERS

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Versekerde eiendom

versekerde eiendom beteken:

1.1 huishoudelike goedere en persoonlike besittings (insluitende geld en verhandelbare instrumente tot en met R2 500)

1.2 besigheidsgoedere en toerusting tot R30 000 uitgesonderd

1.2.1 elektroniese dataverwerkingstoerusting

1.2.2 enige handelsvoorraad en toerusting wat verband hou met 'n tuisnywerheid

en vaste toerusting en toebehore (nie die eienaar se vaste toerusting en toebehore nie) die eiendom van die versekerde of waarvoor die versekerde aanspreeklik is of eiendom van enige lid van die versekerde se gesin wat gewoonlik by die versekerde inwoon:

1.3 die geboue van die versekerde woning met insluiting van huishoudelike buitegeboue of op die persele (uitgesluit besigheidsgoedere en toerusting) geleë by die risiko adres soos in die bylae vermeld

1.4 enige ander bewoonde private woning

1.5 enige gebou waarin die versekerde tydelik woonagtig is

1.6 enige gebou waarin die versekerde in diens is

1.7 enige meubelbewaringsdepot, bank of veilige bewaringsloket

1.8 enige ander gebou.

## Omskrewe gebeurtenisse

1 Verlies of skade veroorsaak deur die versekerde gevare in onderafdeling A aan die versekerde eiendom;

2 Verlies van huurgeld soos in onderafdeling B voorsien

3 Regsaanspreeklikheid soos in onderafdeling C voorsien

## Onderafdeling A – Eiendom

Versekerde gevare

### 1 Brand

brand insluitend onderaardse brande.

### 2 Lugvaartuie

lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word, insluitend skade veroorsaak deur klankskokgolwe.

### 3 Bars

bars, lek of oorloop van watertoerusting, waterpype en vaste olieverwarmingsinstallasies (met uitsluiting van skade veroorsaak daaraan)

### 4 Aardbewing

aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting (insluitend getygolf en/of tsoenami wat uit aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting voortspruit).

### 5 Ontploffing

ontploffing



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 6 Botsing

botsing

## 7 Weerlig

weerlig of donderslag, insluitend skade wat veroorsaak word deur kragstygings wat direk voortspruit uit sulke weerligstaking

## 8 Kwaadwillige beskadiging

verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon gepleeg met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak maar behalwe verlies of skade aan

8.1 roerende eiendom wat:

8.1.1 gesteel word

8.1.2 beskadig word in 'n poging om dit of 'n gedeelte daarvan te verwyder vanaf enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word

8.2 roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar in- of uitgebreek word by enige persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word of in 'n poging om daarby in- of uit te breek

8.3 onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word, veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van:

8.3.1 die verwydering of gedeeltelike verwydering of enige poging daartoe van

8.3.2 die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe

van die vermelde onroerende eiendom of enige gedeelte daarvan met die doel om enige gedeelte daarvan te steel

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

8.4 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is

8.5 verlies of skade wat uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of operasie voortspruit

8.6 verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitsontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortspruit

8.7 verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.1, 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking daarvan of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 8.4, 8.5, 8.6 of 8.7 hierbo beweer dat verlies of skade nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 45 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van onbewoning van 45 opeenvolgende dae, word die versekerde 'n medeversekerde saam met die maatskappy word en 'n eweredige gedeelte van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis dra met 'n maksimum bedrag van R5 000 000, voor die aftrekking van enige bybetaling.

## 9 Storm en water

storm, vloed, wind, water, hael of sneeu, maar met uitsluiting van verlies of skade aan eiendom:

9.1 in die buitelug tensy die eiendom ontwerp is om in die buitelug te bly of te werk

9.2 wat ontstaan terwyl eiendom enige proses noodsaaklikerwys ondergaan wat die gebruik of aanwending van water vereis

9.3 as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 10 Diefstal

10.1 diefstal of enige poging daartoe vanuit:

10.1.1 die privaat woning uitgesluit diefstal terwyl die geboue of enige deel daarvan onbeset gelaat word of deur die versekerde uitgeleen, verhuur of onderverhuur is (met dien verstande dat vir die doel hiervan die inneem van betalende gaste, kosgangers en loseerders tot hoogstens 3 in getal nie geag word om uitgeleen, verhuur of onderverhuur van die gebou te wees nie) tensy sodanige diefstal gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die geboue deur wesenlike, sigbare en gewelddadige optrede

10.1.2 enige huishoudelike buitegeboue wat nie regstreeks toegang verleen tot die private woning nie, beperk is tot R10 000 of die bedrag vermeld in die bylae wat ookal die meeste is, tensy sodanige diefstal gepaard gaan met wesenlike, sigbare en gewelddadige inbreek in of uitbreek uit die geboue

10.1.3 enige meubelbewaringsdepot, bank of veilige bewaringsloket

10.1.4 enige ander bewoonde privaat woning

10.1.5 enige gebou waarin die versekerde tydelik woonagtig is

10.1.6 enige gebou waarin die versekerde in diens is

10.1.7 enige ander gebou onderhewig daaraan dat sodanige diefstal gepaard gaan met wesenlike sigbare en gewelddadige inbreek in of uitbreek uit die gebou

10.2 diefstal:

10.2.1 van wasgoed, tuinmeubels en swembadmeubels, tuinonderhoudstoerusting, outomatiese swembadskoonmaakapparate, swembadveiligheidsnette en swembad-bedekkings van 'n soortgelyke aard vanaf die gronde van die woning tot en met R10 000 enige enkele eis

10.2.2 in transito gedurende die verloop van verwydering as gevolg van permanente verandering van woonplek

10.2.3 terwyl in transito na of van 'n meubelbewaringsdepot, bank of veilige bewaringsloket

10.2.4 of poging tot diefstal terwyl in transito onder die beheer van die versekerde of sy gemagtigde verteenwoordiger na of van enige plek van aankoop, reparasie of opknapping veroorsaak deur botsing van die vervoermiddel of diefstal wat gepaard gaan met gewelddadige en kragdadige inbreek in of uitbreek uit die voertuig tot en met 'n bedrag van R10 000 enige enkele gebeurtenis.

# Spesifieke voorwaardes by onderafdeling A

## 1 Eweredigheid

Indien die hierkragtens versekerde eiendom ten tye van enige verlies gesamentlik van groter waarde is as die daarop versekerde bedrag, dan word die versekerde beskou as sy eie versekeraar vir die verskil te wees en dra hy dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien meer as een, van hierdie afdeling is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## 2 Verpligte bybetaling

Die versekerde sal verantwoordelik wees vir

2.1 die eerste R1 000 van elke eis ten opsigte van 'n versekerde gevaar van onderafdeling A (Eiendom) ten opsigte van persele wat bewoon is, en

2.2 die eerste R1 500 van elke eis ten opsigte van 'n versekerde gevaar van onderafdeling A (Eiendom) ten opsigte van onbewoonde persele.

## 3 Weerligafleiers

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid onder hierdie afdeling voorafgaan dat alle geboue met gras-, strooi- of rietdakbedekking met 'n voldoende en behoorlik geïnstalleerde SABS-goedgekeurde weerligafleier of weerligafleier van 'n soortgelyke standaard of beter toegerus is wat spesifiek daargestel is om weerlig van die betrokke gebou af te lei tensy anders vermeld in die bylae.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 4 Meer as 60 dae onbewoon

In geval die versekerde se private woning vir meer as 60 (sestig) dae of meer as die getal dae bo 60 dae in die bylae vermeld, hetsy aaneenlopend al dan nie, gedurende 365 dae na aanvang van die polis en daarna met frekwensies van 365 dae aaneenlopend meer as 60 dae sonder 'n inwoner daarin gelaat word, sal die versekering ten opsigte van onderafdeling A (Eiendom) gevaar 10 (Diefstal) wat betref verlies van of skade aan die inhoud van die vermelde private woning, huishoudelike buitevertrekke, motorhuise en huishoudelike buitegeboue geheel en al opgeskort wees ten opsigte van enige tydperk of tydperke wat die vermelde private woning vir meer as die vermelde tydperk onbewoon mag wees tensy andersins deur endossement ooreengekom.

### 5 Platinum-, goud- en silwerartikels, juweliersware, pelse, fotografiese-toerusting en oosterse tapyte en matte

Die totale waarde van platinum-, goud- en silwerartikels, juweliersware, pelse, fotografiese toerusting en oosterse tapyte en matte sal geag word om nie meer as een derde van die versekerde bedrag, wat ten opsigte van inhoud in die bylae vermeld word, te wees nie, tensy spesifiek vermeld en ooreengekom.

### 6 Vervangingswaarde

In geval die eiendom verseker kragtens hierdie afdeling verloor, vernietig of beskadig word, sal die grondslag waarop die bedrae betaalbaar kragtens hierdie afdeling bereken word, wees die koste om eiendom van dieselfde aard of soort maar nie meerderwaardig of meer omvangryk as die versekerde eiendom toe dit nuut was nie, te vervang of te herstel, onderworpe aan alle ander bepalings van die polis behalwe in soverre dit hierdeur gewysig mag wees.

### 7 Veiligheidshekke en diefwering

Dit is 'n voorwaarde wat enige aanvaarding van aanspreeklikheid voorafgaan dat in terme van onderafdeling A (Eiendom) gevaar 10 (Diefstal) veiligheidshekke by alle buite deure en diefwering voor alle oopmakende vensters geïnstalleer is, tensy anders vermeld in die bylae.

## Onderafdeling B - Huurgeld

Indien die privaat woning onbewoonbaar raak as gevolg van verlies of skade veroorsaak deur 'n gevaar soos omskryf in onderafdeling A (Eiendom sal) die maatskappy vir die tydperk wat noodsaaklik is vir die herstelling daarvan die versekerde skadeloos stel vir:

1 die werklike huurgeld waarvoor die versekerde as huurder van die privaat woning aanspreeklik is

2 enige redelike bykomende kostes aangegaan om alternatiewe losies of herberg vir die versekerde en sy gesin en huishoudelike personeel wat normaalweg by die versekerde inwoon te voorsien

3 noodsaaklike vervoer en bergingskostes ten opsigte van meubels

tot en met 25% van die versekerde bedrag van toepassing op die geaffekteerde versekerde eiendom.

## Onderafdeling C – Regsaanspreeklikheid

1 alle bedrae waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is as huisbewoner wat die perseel okkupeer of enige lid van die versekerde se gesin wat normaalweg by die versekerde inwoon vir vergoeding ten opsigte van:

1.1 dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon (hierna in hierdie onder-afdeling besering genoem)

1.2 fisieke verlies van, of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna in hierdie onder-afdeling skade genoem)

wat gedurende die versekeringstydperk as gevolg van 'n ongeluk plaasvind

2 alle regskoste en -uitgawes:

2.1 deur enige eiser van die versekerde verhaal

2.2 met die maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan

ten opsigte van 'n eis teen die versekerde vir vergoeding waarop die skadeloosstelling in hierdie onderafdeling uiteengesit van toepassing is

Met dien verstande dat die betaalbare bedrag ten opsigte van enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, nie R5 000 000 met inbegrip van alle vergoeding en alle regskoste en alle ander koste en uitgawes sal oorskry nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling D

Die skadeloosstelling kragtens hierdie onderafdeling verleen is nie van toepassing nie op en sluit nie die volgende in nie:

### 1 Besigheid of beroep

aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit enige besigheid of beroep van die versekerde;

### 2 Dienskontrak

aanspreeklikheid ten opsigte van die besering van enige persoon wat 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die versekerde het indien die aanspreeklikheid bestaan ten opsigte van dood, liggaamlike besering of siekte wat uit en in die loop van die persoon se diens by die versekerde ontstaan;

### 3 Opsetlike dade

aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit opsetlike of kwaadwillige dade;

### 4 Uitgawes aangegaan na volle betaling van eis

koste en uitgawes aangegaan ná die datum waarop die maatskappy óf die volle bedrag van die eis óf die totale bedrag wat ten opsigte van enige gebeurtenis verhaalbaar is betaal het of aangebied het om dit te betaal

### 5 Plofstowwe

aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit plofstowwe

### 6 Boetes of strafvoltrekkings

aanspreeklikheid vir boetes, strafvoltrekkings, straf- of bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding toegestaan in enige hof

### 7 Geleidelik werkende oorsaak

eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van besering toe te skryf is aan ’n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit ’n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie

### 8 Aanspreeklikheid aanvaar volgens ooreenkoms

aanspreeklikheid wat die versekerde deur ooreenkoms aanvaar en wat in die afwesigheid van die ooreenkoms sou bestaan het nie

### 9 Meganies aangedrewe voertuie

aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit die eiendomsreg op of besit van of gebruik deur of namens die versekerde van hysers of meganies aangedrewe voertuie of sleepwaens behalwe voetgangerbeheerde tuinimplemente

### 10 Lid van die versekerde se huishouding

aanspreeklikheid ten opsigte van die besering van enige persoon wat 'n lid van die versekerde se huishouding of gesin is hetsy sodanige persoon by die versekerde inwoon al dan nie

### 11 Besoedeling

11.1 aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade aan of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur ’n skielike onbeplande of onvoorsiene gebeurtenis wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind veroorsaak word;

11.2 die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur ’n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie uitsondering brei nie die onder-afdeling uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie onder-afdeling verseker sou gewees het nie;

### 12 Eiendom wat aan die versekerde behoort

aanspreeklikheid ten opsigte van skade aan eiendom wat aan die versekerde of enige lid van die versekerde se gesin of huishouding of bediende of agent van die versekerde behoort of in sy/haar sorg of onder sy beheer is



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# Spesifieke voorwaardes van toepassing op alle onderafdelings

## 1 Bouers risiko

Terwyl die gebou beskryf in die bylae van hierdie afdeling in aanbou is of onderhewig is aan bouveranderings en totdat dit finaal afgehandel is, is die volgende voorwaardes van toepassing:

1.1 die volgende gevare van onderafdeling A (Eiendom) is gekanselleer:

1.1.1 3 (Bars)

1.1.2 8 (Kwaadwillige beskadiging)

1.1.3 10 (Diefstal)

1.2 gevaar 6 (Botsing) onder onderafdeling A (Eiendom) is gekanselleer en deur die volgende vervang:

### 6 Botsing

botsing met enige gebou deur enige voertuig of dier met uitsondering van voertuie of diere wat behoort aan, onder bewaring van en/of onder die beheer van enige kontrakteur of subkontrakteur of enige van hulle werknemers terwyl besig is met:

6.1 die bou van of voltooiing van die versekerde eiendom

6.2 argitektoniese veranderings en/of toevoegings en/of restourasie aan die versekerde eiendom of die voltooiing van sodanige veranderings, toevoegings of restourasie

1.3 gevaar 9 (Storm en water) onder onderafdeling A (Eiendom) is gekanselleer en deur die volgende vervang:

### 9 Storm

storm met uitsluiting van verlies of skade:

9.1 veroorsaak deur insakking of grondverskuiwing

9.2 as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang

9.3 aan eiendom in die ope tensy ontwerp om in die ope te bly of te werk”

1.4 die volgende uitbreidings is gekanselleer:

1.4.1 3 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Oudiovisuele toerusting)

1.4.2 8 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Dokumente)

1.4.3 9 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Inhoud van huishoudelike yskaste, vrieskaste, koelkamers en vrieskamers)

1.4.4 16 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Sleutels en slotte)

1.4.5 19 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Mediese en veeartsenykundige uitgawes)

1.4.6 20 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Spieëls en glas)

1.5 Onderafdeling B (Huurgeld) is gekanselleer

1.6 Onderafdeling C () is gekanselleer.

## 2 Eisvryegroepe

Indien geen eis ingevolge hierdie afdeling gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) wat die hernuwing van die polis onmiddellik voorafgaan voorval nie, word die hernuwingspremie vir hierdie afdeling op die toepaslike eisvryegroep soos volg gebaseer:

| Versekeringstydperk | Eisvryegroep |
|---|---|
| minder as een jaar | 0 |
| die voorafgaande jaar | 1 |
| die voorafgaande twee agtereenvolgende jare | 2 |
| die voorafgaande drie agtereenvolgende jare | 3 |
| die voorafgaande vier agtereenvolgende jare | 4 |
| die voorafgaande vyf agtereenvolgende jare | 5 |



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

die voorafgaande ses agtereenvolgende jare ..................................................................................6

die voorafgaande sewe agtereenvolgende jare ...............................................................................7

die voorafgaande agt agtereenvolgende jare .................................................................................8

die voorafgaande nege of meer agtereenvolgende jare................................................................9

Indien 'n eis egter gedurende enige versekeringstydperk ontstaan terwyl eisvryegroep 4, 5, 6, 7, 8 of 9 van toepassing is sal die hernuwingspremie vir die daaropvolgende versekeringstydperk volgens eisvryegroepe 2, 3, 4, 5, 6 of 7 onderskeidelik bereken word.

Indien meer as een private woning in die bylae beskryf word geld die eisvryekorting asof 'n afsonderlike polis ten opsigte van elke private woning uitgereik was.

Die eisvryegroep sal nie geaffekteer word nie deur enige eis ten opsigte van die volgende uitbreidings

2.1 2 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Toevallige dood)

2.2 7 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Ongeriefdekking)

2.3 19 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Mediese en veeartsenykundige uitgawes)

2.4 31 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Transito)

2.5 32 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Trauma)

Tensy die maatskappy tot 'n oordrag van belang in hierdie polis toestem is die eisvryegroep nie oordraagbaar nie.

### 3 Meer as een woning

Indien die inhoud van meer as een private woning kragtens afsonderlike items verseker is, sal die bepalings, voorwaardes, beperkings en uitsonderings hierin vervat afsonderlik op elke item van toepassing wees asof elk kragtens 'n afsonderlike polis verseker is.

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op alle onderafdelings

Hierdie afdeling dek nie:

### 4 Gevolglike verlies

gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd behalwe soos in onderafdeling B (Huurgeld) bepaal

### 5 Elektroniese dataverwerkingstoerusting

enige elektroniese dataverwerkingstoerusting wat nie vir huishoudelike- en/of boerdery besigheidsdoeleindes alleen gebruik word nie

Met dien verstande dat:

5.1 sodanige elektroniese dataverwerkingstoerusting wat vir huishoudelike- en/of boerdery besigheidsdoeleindes alleen gebruik word onderhewig is aan 'n bybetaling van R1 000 ten opsigte van iedere en elke eis

5.2 die aanspreeklikheid van die maatskappy met betrekking tot sodanige elektroniese toerusting gebruik vir boerdery besigheidsdoeleindes beperk is tot 10% van die versekerde bedrag tot 'n maksimum van R25 000 enige enkele gebeurtenis.

### 6 Eiendom meer spesifiek verseker

eiendom meer spesifiek verseker of tensy anders vermeld, aktes, verbande, wissels, geldbewyse, geld, tjeks, sekuriteite vir geld, seëls, dokumente van enige aard, manuskripte, medaljes, muntstukke (ander dan geld en verhandelbare instrumente soos in omskrywing 1 (Versekerde eiendom) tot en met R2 500), motorvoertuie en toebehore in of op sulke voertuie, lugvaartuie en enige deel daarvan, watervaartuie en enige deel daarvan (behalwe modelvliegtuie en modelwatervaartuie), kano's en diere

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Toevallige skade (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om toevallige beskadiging van die inhoud anders as oudiovisuele toerusting (soos omskryf in terme van uitbreiding 3 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Oudiovisuele toerusting) van hierdie afdeling van die polis), antennes en satellietskottels op uitwendige wyse weens 'n ongeluk terwyl in die geboue op die perseel te dek



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Met dien verstande dat:

1.1 die maatskappy nie aanspreeklik is nie ten opsigte van:

1.1.1 brekasie van glas of porselein met inbegrip van erdegoed

1.1.2 skade opgedoen deur slytasie, waardevermindering, muf, roes, motte, ongediertes, insekte, larwes, enige skoonmaak-, repareer- of restoureer-proses, kleuring, geleidelike agteruitgang wat die werking van lig, atmosferiese- of klimaatstoestande insluit

1.1.3 krapmerke, skaafmerke, induiking of afsplintering

1.1.4 meganiese of elektriese onklaarraking

1.1.5 skade aan elektroniese dataverwerkingstoerusting

1.2 die maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die bedrag per item vermeld in die bylae maar sal nie R10 000 enige enkele gebeurtenis per item oorskry nie

1.3 die versekerde verantwoordelik is vir die eerste 10% van die eis met 'n minimum van R350 ten opsigte van iedere en elke eis

1.4 spesifieke voorwaarde 1 (Eweredigheid) sal nie van toepassing wees nie.

## 2 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Toevallige dood

In die geval van toevallige liggaamlike besering aan die versekerde of aan enige lid van die versekerde se gesin wat normaalweg by die versekerde inwoon binne die grense van die woning of die terrein van die woning en as 'n regstreekse gevolg van die besering sterf betaal die maatskappy:

2.1 R7 500 vir 'n persoon van 18 jaar en jonger

2.2 R10 000 vir 'n persoon ouer as 18 jaar maar jonger as 76 jaar

met dien verstande dat die dood binne 12 maande vanaf die besering intree.

## 3 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Oudiovisuele toerusting

Onderafdeling A (Eiendom) dek toevallige verlies van of skade anders as meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking aan enige televisiestel, video-opnemer, dekodeerder, DVD, klankreproduksietoerusting, uitgesonderd rekenaar toerusting, satellietskottels of antenne terwyl in of op die woning weens 'n toevallige gebeurtenis.

## 4 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Opruimingskoste

Die maatskappy sal die versekerde tot en met R10 000 skadeloos stel vir enige eis vir noodsaaklike koste wat aangegaan word ten opsigte van die verwydering van puin vanaf die perseel na verlies of skade wat hierdeur verseker word.

## 5 Uitbreiding by onderafdeling C (Regsaanspreeklikheid): Gemeenregtelike aanspreeklikheid teenoor huisbediendes

Nieteenstaande spesifieke uitsondering 2 (Dienskontrak) by onderafdeling C (Regsaanspreeklikheid), word onderafdeling C uitgebrei om die volgende te dek:

5.1 alle bedrae waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is vir vergoeding ten opsigte van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige huisbediende wat ontstaan uit en in die loop van die tydperk van sodanige huisbediende se diens by die versekerde in sy/haar hoedanigheid as 'n huisbewoner by die perseel en wat gedurende die versekeringstydperk as gevolg van 'n ongeluk plaasvind

5.2 alle regskoste en -uitgawes:

5.2.1 deur enige eiser van die versekerde verhaal

5.2.2 met die maatskappy se skriftelike toestemming

aangegaan ten opsigte van 'n eis teen die versekerde vir vergoeding waarop die skadeloosstelling in hierdie uitbreiding uiteengesit van toepassing is

Met dien verstande dat die betaalbare bedrag ten opsigte van enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, nie R5 000 000 met inbegrip van alle vergoeding en alle regskoste en alle ander koste en uitgawes sal oorskry nie.

Daarbenewens en in verband met die diens van sodanige huisbediendes by die versekerde sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel teen koste en uitgawes tot hoogstens R2 000 deur die versekerde met die maatskappy se toestemming aangegaan ter verdediging van enige kriminele



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

geding wat teen die versekerde aanhangig gemaak is as gevolg van 'n beweerde oortreding van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, Nr. 85 van 1993.

## 6 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Skade deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om verlies of skade aan die huishoudelike goedere wat verseker is binne die gebou(e) van die privaat woonhuis(e), huishoudelike buite-vertrek(ke) of huishoudelike buitegebou(e) in te sluit geleë by die risiko adres vermeld in die bylae, veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Met dien verstande dat:

6.1 wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere sal beteken die wat vrylik in die natuur lewe en wat nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word nie en sluit nie motte, knaagdiere en ongediertes in nie

6.2 die maatskappy se aanspreeklikheid nie R10 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie

6.3 die versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste R1 000 van iedere en elke eis.

## 7 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Ongeriefdekking

In die geval van 'n totale verlies van die inhoud veroorsaak deur 'n versekerde gevaar waarvoor die maatskappy die versekerde skadeloos gestel het, sal 'n bykomende bedrag van R7 500 aan die versekerde betaal word ten opsigte van enige ongerief wat gely is

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid beperk sal wees tot 'n maksimum bedrag van R7 500 in die geval van 'n totale verlies waar die gebou sowel as die inhoud verseker is.

## 8 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Dokumente

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om verlies of skade aan dokumente en manuskripte die eiendom van die versekerde terwyl in die woning soos in die bylae vermeld in te sluit veroorsaak deur 'n versekerde gevaar tot en met 'n bedrag van R10 000 enige enkele eis. Die maatskappy sal slegs aanspreeklik wees vir die waarde van die materiaal en bedrag aan arbeid op die dokumente bestee om dit te herstel en/of duplikate daarvan te bekom en nie vir die waarde van die inligting wat daarin vervat is nie.

## 9 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Inhoud van huishoudelike yskaste, vrieskaste, koelkamers en vrieskamers

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om die bederwing van die inhoud alleenlik as gevolg van die verandering in temperatuur voortspruitend uit die toevallige onderbreking van krag (beurtkrag uitgesluit) asook toevallige en meganiese onklaarraking van enige yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer in die versekerde se woning in te sluit

Met dien verstande dat:

9.1 hierdie uitbreiding dek nie bederwing van voorraad weens die doelbewuste afsny van kragtoevoer (gas en paraffien inbegrepe) deur enige instansie

9.2 hierdie uitbreiding dek nie skade aan die yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer self

9.3 die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding nie R7 500 sal oorskry nie ten opsigte van enige enkel gebeurtenis

9.4 die maatskappy nie verantwoordelik sal wees nie vir die eerste R250 van iedere en elke gebeurtenis.

## 10 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Huishulp se eiendom

Onderafdeling A (Eiendom) dek verlies van of skade aan huishoudelike goedere en persoonlike besittings uitgesonderd geld en verhandelbare instrumente wat aan die versekerde se huishulp wat voltyds in diens van die versekerde is, behoort weens enige versekerde gevaar terwyl sodanige eiendom vervat is in die woning

Met dien verstande dat:

10.1 verlies of skade as gevolg van diefstal uitgesluit is tensy sodanige diefstal gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang in of uit die woning

10.2 die aanspreeklikheid van die maatskappy ten opsigte van enige enkel gebeurtenis sal nie R10 000 oorskry nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 11 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Huishoudelike telefooninstrumente

Indien enige huishoudelike telefooninstrument (sellulêre telefone uitgesluit) per ongeluk in die woning beskadig word sal die maatskappy die versekerde tot en met R1 000 per instrument vir enige enkele eis skadeloos stel.

## 12 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Brandbluskoste

Enige koste in verband met die blus of bestryding van brand word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 13 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Gastehuise (Akkommodasie en verblyf) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Paragraaf 10.1.1 van versekerde gevaar 10 (Diefstal) van onderafdeling A ( Eiendom) gewysig is om soos volg te lees:

10.1.1 die privaat woning uitgesluit diefstal terwyl die gebou(e) of enige deel daarvan deur die versekerde uitgeleen, verhuur of onderverhuur is tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die gebou(e) deur wesenlike, sigbare en gewelddadige optrede. Vir die doeleindes van hierdie gevaar 10.1.1 sal die inneem van betalende gaste, besoekers, kosgangers en/of loseerders wat hoogstens 4 (vier) kamers, of die aantal kamers in die bylae vermeld, wat ookal die meeste is, in die gebou(e) okkupeer, nie geag word om die uitleen, verhuur of onderverhuur van die gebou(e) te wees nie

Met dien verstande dat die versekerde aanspreeklik is vir 'n bykomende bybetaling van R250 bo en behalwe die basiese bybetaling (ander dan ten opsigte van wonings onbewoon) ten opsigte van elk en iedere eis weens diefstal (of enige poging daartoe) wat nie gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die gebou(e) deur wesenlike, sigbare en gewelddadige optrede.

## 14 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Eiendom van gaste

Onderafdeling A (Eiendom) dek verlies van of skade aan huishoudelike goedere en persoonlike besittings uitgesonderd geld en verhandelbare instrumente wat nie andersins verseker is nie, wat aan 'n gas behoort wat tydelik by die versekerde inwoon weens enige van die gevare soos gespesifiseer in 1 tot 9 van onderafdeling A (Eiendom) of weens diefstal uit die private woning wat verlore of beskadig word met dien verstande dat die maatskappy die gas tot en met R10 000 vir enige enkele eis skadeloos sal stel.

## 15 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Inflasie

Die versekerde bedrag ten opsigte van versekerde eiendom sal maandeliks outomaties met 'n persentasie eweredig met die prysindekse verhoog word.

Geen premie aanpassing sal gedoen word tot die verjaringsdatum wanneer die premie dan op grond van die aangepaste bedrag bereken sal word. Hierdie stel die versekerde nie kwyt van sy/haar verantwoordelikheid nie om te verseker dat die versekerde bedrag te alle tye die volle vervangingswaarde verteenwoordig.

## 16 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Sleutels en slotte

Onderafdeling A (Eiendom) dek die koste om sleutels en slotte insluitende die afstandbeheerder en/of alarmbeheerder te vervang en indien noodsaaklik die herprogrammering van sodanige gekodifiseerde alarmstelsel van die versekerde eiendom volgende op verlies van of skade aan die slot of sleutel, afstand- en/of alarmbeheerder of volgende daarop dat die versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel, afstand- en/of alarmbeheerder.

Hierdie afdeling dek ook die redelike koste aangegaan om 'n slotmaker as gevolg van die verlies van sodanige sleutels, afstand- en/of alarmbeheerder in 'n noodgeval in te roep

Met dien verstande dat:

16.1 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele verlies hoogstens R10 000 beloop

16.2 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir die eerste R250 ten opsigte van iedere en elke gebeurtenis.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 17 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Verlies van water weens lekke

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir die verlies van water weens lekke uit pype op die versekerde se eiendom waar die versekerde verantwoordelik is om die koste van sodanige water te betaal, onderworpe aan die volgende:

17.1 indien die kwartaallikse lesing van waterverbruik die gemiddelde van die voorafgaande 4 (vier) kwartaallikse lesings met 50% of meer oorskry, sal die maatskappy die versekerde tot en met 'n perk van R7 500 skadeloos stel vir die koste van sodanige addisionele waterverbruik

17.2 tot en met R7 500 is betaalbaar vir hoogstens twee afsonderlike gebeurtenisse gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum)

17.3 'n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid kragtens hierdie uitbreiding is dat sodra 'n lek ontdek is (deur fisiese bewys of na ontvangs van 'n buitengewone hoë rekening) die versekerde onmiddellike stappe moet doen om die betrokke pyp(e) te herstel

17.4 hierdie uitbreiding dek nie die koste van regstelling insluitende herstelwerk aan die betrokke pyp(e) nie

17.5 die maatskappy is nie aanspreeklik vir eise:

17.5.1 voortspruitend uit lekkende krane, warmwatertoestelle, toiletstelsels en swembaddens nie

17.5.2 terwyl die eiendom onbewoon is vir 'n tydperk van meer as 30 dae nie

17.5.3 waar die watervlak van 'n swembad aangevul moet word as gevolg van 'n lekkende inlaat- of uitlaatpyp.

## 18 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Meganiese onklaarraking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om toevallige meganiese of elektriese onklaarraking van enige elektriese toerusting terwyl in die geboue op die perseel soos vermeld in die bylae te dek:

Met dien verstande dat:

18.1 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van skade wat ontstaan uit slytasie, waardevermindering, roes, motte, ongediertes, enige skoonmaak, repareer- of restoureerproses en geleidelike agteruitgang wat die werking van lig atmosferiese- of klimaatstoestande insluit

18.2 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van krapmerke, skaafmerke, duike of afsplintering

18.3 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van skade wat ontstaan uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, materiaal of vakmanskap

18.4 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van skade wat ontstaan uit inherente fout of latente defek

18.5 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van skade wat ontstaan uit gebrek aan instandhouding

18.6 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van skade aan nie-draagbare en draagbare rekenaars en/of dataverwerkingstoerusting

18.7 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van skade aan gereedskap van enige aard insluitende tuinmaakgereedskap, werktuie en outomatiese swembadskoonmaakapparate

18.8 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van skade wat ontstaan deur enige verontagsaming van die vervaardigers se aanwysings aangaande die funksionering van die elektriese toerusting

18.9 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van skade waarvoor voorsiening gemaak word kragtens die waarborg van die vervaardigers van enige elektriese toerusting

18.10 Spesifieke voorwaarde 1 (Eweredigheid) sal nie van toepassing wees nie

18.11 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n enkel gebeurtenis nie die bedrag vermeld in die bylae per item sal oorskry nie

18.12 die maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir die eerste R500 ten opsigte van elke gebeurtenis nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 19 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Mediese en veeartsenykundige uitgawes

Onderafdeling A (Eiendom) dek mediese en veeartsenykundige uitgawes aangegaan as gevolg van toevallige liggaamlike besering opgedoen deur enige:

19.1 persoon behalwe die versekerde en veroorsaak deur 'n huishoudelike troeteldier wat aan die versekerde behoort

19.2 gas of besoeker as gevolg van 'n defek in die woning

19.3 huishulp in die loop van hulle diens by die versekerde

19.4 huishoudelike troeteldier wat aan die versekerde behoort as gevolg van 'n padongeluk

tot en met R10 000 per persoon of R1 000 per dier enige enkele gebeurtenis.

## 20 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Spieëls en glas

Onderafdeling A (Eiendom) dek toevallige brekasie van spieëlglas, glasblaaie van stowe en meubels of vasteglas wat deel uitmaak van enige meubelstuk (behalwe radio- of televisie-apparaat) terwyl in die woning.

## 21 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Yskaste-, vrieskaste-, koelkamers en vrieskamersdekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitbreiding 9 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Inhoud van huishoudelike yskaste, vrieskaste, koelkamers en vrieskamers) van onderafdeling A (Eiendom) is gekanselleer en vervang met die volgende:

9 Onderafdeling A (Eiendom) dek die bederwing van die inhoud alleenlik as gevolg van die verandering in temperatuur voortspruitend uit die toevallige onderbreking van krag (uitgesluit beurtkrag) asook toevallige of meganiese onklaarraking van enige yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer in die voornoemde woonhuise asook toevallige fisiese skade aan genoemde yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer en daaropvolgende fisiese skade aan die voornoemde geboue en permanente vashegtings

Met dien verstande dat:

9.1 hierdie uitbreiding dek nie verlies of skade weens die doelbewuste afsny van kragtoevoer (gas en paraffien inbegrepe) deur enige instansie

9.2 hierdie uitbreiding dek nie verlies of skade, ander dan die bederwing van die inhoud, te wyte aan enige meganiese onklaarraking van die genoemde yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer

9.3 die aanspreeklikheid van die maatskappy nie die bedrag of bedrae wat in die bylae ten opsigte van hierdie endossement aangetoon, sal oorskry nie

9.4 die versekerde verantwoordelik is vir die eerste R350 of die bedrag in die bylae vermeld welke ookal die meeste ten opsigte van iedere en elke eis.

## 22 Uitbreiding by onderafdelings A (Eiendom) en B (Huurgeld): Oproer en staking (met uitsluiting van verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië voorkom) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word onderafdelings A en B uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

22.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting

22.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

22.1 verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind

22.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is

22.3 verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid

22.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

22.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 22.1, 22.2, 22.3, 22.4 of 22.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 23 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Sekuriteitswag

Die maatskappy sal die versekerde tot en met R10 000 vir enige eis skadeloos stel vir kostes wat redelikeren noodsaaklikerwys aangegaan word vir die aanstelling van 'n sekuriteitswag na verlies of skade wat deur 'n omskrewe gevaar veroorsaak is.

## 24 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Handelsvoorraad en toerusting ) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om verlies of skade aan handelsvoorraad en toerusting terwyl in die geboue soos omskryf in die bylae veroorsaak deur 'n versekerde gevaar te dek:

Met dien verstande dat:

24.1 die handelsvoorraad en toerusting moet verband hou met die tuisnywerheid soos omskryf in die bylae en wat die versekerde bedryf vanaf die persele soos omskryf in die bylae

24.2 enige deelnemer in die tuisnywerheid soos omskryf in die bylae en wat die versekerde bedryf vanaf die genoemde persele moet in die bylae vermeld word.

## 25 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Bergingskoste vir inhoud na skade

Onderafdeling A (Eiendom) dek noodsaaklike bergingskoste wat deur die versekerde aangegaan is om die inhoud te beveilig na die plaasvind van enige gevaar omskryf in onderafdeling A (Eiendom)

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding beperk is tot R5 000 enige enkele gebeurtenis.

## 26 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Insakking en grondverskuiwing (beperkte dekking)

Onderafdeling A (Eiendom) word uitgebrei om verlies of skade aan die inhoud van die privaatwoning veroorsaak deur insakking of rysing van die grond wat die privaatwoning stut of grondverskuiwing in te sluit

Met dien verstande dat:

26.1 sodanige verlies of skade nie deur die volgende veroorsaak word of daaruit voortspruit nie:

- 26.1.1 uitgrawings, behalwe mynbou-uitgrawings
- 26.1.2 veranderings, aanbouings of herstelwerk aan die privaatwoning
- 26.1.3 die verdigting van opvullings
- 26.1.4 foutiewe ontwerp, materiaal of vakmanskap
- 26.1.5 normale vestiging, inkrimping of uitsetting van die privaatwoning

26.2 die versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste R5 000 van iedere en elke eis.

## 27 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Insakking en grondverskuiwing (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderafdeling A (Eiendom) word uitgebrei om verlies of skade veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing te dek:

Met dien verstande dat:

27.1 hierdie uitbreiding dek nie:

- 27.1.1 skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare of heinings tensy dit spesifiek verseker word
- 27.1.2 skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan:
  - 27.1.2.1 foutiewe ontwerp of konstruksie van of verwydering of verswakking van ondersteuning van enige gebou op die versekerde persele
  - 27.1.2.2 werksmense in die uitvoering van enige strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

persele

27.1.2.3 uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

27.1.3 gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van huur indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker.

27.2 die versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste R5 000 ten opsigte van iedere en elke eis. Hierdie bedrag geld kumulatief tot enige ander bybetaling wat van toepassing mag wees.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die maatskappy beweer dat skade uit hoofde van hierdie endossement nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 28 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Swembadmasjinerie

Onderafdeling A (Eiendom) dek skielike toevallige verlies van of skade aan die swembadmasjinerie en filtreertoerusting geïnstalleer by die private woonhuis in die bylae vermeld die eiendom van die versekerde as huurder en/of die versekerde as eienaar asook okkupeerder indien die woonhuis elders verseker is weens 'n verpligting deur 'n finansiële instelling

Met dien verstande dat:

28.1 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van:

28.1.1 verlies of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur roes, insakking, grond-verskuiwing of die ineenstorting van enige gebou

28.1.2 die verkeerde gebruik van gereedskap of toerusting, eksperimente, opsetlike oorlading of die indiening van abnormale toestande

28.1.3 skade wat voortspruit uit hidrouliese toetsing of wat gedurende roetine-ondersoek ontdek word

28.1.4 skade as gevolg van gebreke of defekte wat aan die versekerde of sy verantwoordelike werknemer ten tye van die aanvaarding van hierdie versekering bekend was en nie aan die maatskappy geopenbaar is nie

28.1.5 herstelling of vervanging:

28.1.5.1 toe te skrywe aan afslyting of wegtering van die materiaal van die aanleg, verwringing of vervorming wat stadig ontwikkel of ander geleidelike verslegting van enige deel van die aanleg, onklaarraking van verbindings of lasse, gebrekkige ontwerp, vakmanskap of materiaal

28.1.5.2 van sekerings of elektriese kontakpunte waar vonking of boogvorming plaasvind, verhittingselemente, kollektorborsels, sleepdrade, kleppe, matryse, vere, koppelaarplate, suierringe, pakstukke, seëls, wisselbare of ontbeerlike onderdele soos boor-punte, boorysters, snyers, messe, lemme, kettings, bande, verbindings- of digtingsmiddele of toebehore soos smeltbare proppe, skuifpenne, veiligheidskakels en onderdele nie van metaal vervaardig nie (behalwe isolering van elektriese geleiers) transformatorolie of skakelaarolie of koelmiddels

28.1.6 gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard

28.1.7 enige eis waarvoor voorsiening gemaak word kragtens 'n waarborg deur die vervaardigers van die swembadmasjinerie of deur 'n dienskontrak verskaf ten opsigte van sodanige swembad masjinerie

28.1.8 die eerste R500 watter ookal die meeste is vir iedere en elke eis.

28.2 die maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die bedrag van R3 000 ten opsigte van enige een gebeurtenis.

## 29 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Tydelike verhoging van die versekerde bedrag

Die versekerde bedrae ten opsigte van onderafdeling A (Eiendom) soos vermeld in die bylae word jaarliks vanaf 15 Desember tot 31 Januarie met 10% verhoog.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 30 Uitbreiding by onderafdeling C (Regsaanspreeklikheid ): Huurdersaanspreeklikheid

Die maatskappy sal alle bedrae betaal waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is as huurder en bewoner van enige private woning vir vergoeding ten opsigte van:

30.1 fisieke verlies of fisieke beskadiging van die geboue van die private woning (maar slegs terwyl die gemelde privaat woning gemeubileer en bewoon is) regstreeks deur enige van die versekerde gevare veroorsaak

30.2 fisieke breekskade (maar slegs terwyl die gemelde privaat woning gemeubileer en bewoon is) aan:

30.2.1 vaste glas en spieëls teen mure, in vensters, deure, boligte, dakvensters, sonverhittingstelsels, kweekhuise, glashuise, verandas, stoofglasblaaie, vaste wasbakke, baddens, voetstukke, opwasbakke, latrinebakke, spatskerms en spoelbakke (maar met uitsondering van afsplintering, afskilfering, skraping en ander ontsiering)

30.2.2 fisieke skade aan ondergrondse pype en kabels wat van die geboue van die private woning tot by die openbare hoofleiding strek of aan ondergrondse oliebrandstofpype wat gedurende die versekeringstydperk as gevolg van 'n ongeluk plaasvind

Met dien verstande dat die betaalbare bedrag ten opsigte van enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, nie R5 000 000 met inbegrip van alle vergoeding en alle regskoste en alle ander koste en uitgawes sal oorskry nie.

## 31 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Transito

Die maatskappy sal die versekerde tot en met R10 000 skadeloos stel vir skade aan huishoudelike goedere in die versekerde of sy/haar gemagtigde verteenwoordiger se bewaring terwyl dit na of vanaf enige plek van aankoop herstel of restourasie vervoer word met dien verstande dat die skade veroorsaak word deur brand, botsing of die omslaan van die voertuig wat dit vervoer insluitende diefstal volgende op die vermelde gebeurtenisse uitgesonderd diefstaldekking soos omskryf in terme van gevaar 10.2.4 van onderafdeling A (Eiendom).

## 32 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Trauma

Indien die versekerde of enige lid van die versekerde se gesin wat normaalweg by die versekerde inwoon, terwyl op die versekerde se perseel, 'n slagoffer is van geweld of diefstal, poging tot diefstal, 'n aanhouding, kaping of brand wat professionele berading noodsaak sal die maatskappy tot en met R10 000 vir enige enkele gebeurtenis betaal.

## 33 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Meer as 60 dae onbewoon (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde woonhuis hierin beskryf, onbewoon gelaat mag word vir die periode in die bylae vermeld gedurende elke en iedere termyn van versekering voordat onderafdeling A (Eiendom) gevaar 10 (Diefstal) opgeskort is kragtens spesifieke voorwaarde 4 (Meer as 60 dae onbewoon) van hierdie afdeling.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# HUISEIENAARS

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Geboue

geboue beteken

1.1 die gebou(e) van die privaat woonhuis(e) (gebou van steen, klip of beton met dak van leisteen, teëls, metaal, beton of asbes, behalwe indien anders vermeld in die bylae) met inbegrip van die huiseienaar se vaste toebehore daarin of daarop;

1.2 alle privaat motorhuise, huishoudelike buitevertrekke en huishoudelike buitegeboue (gebou van steen, klip of beton met dak van leisteen, teëls, metaal, beton of asbes, behalwe indien anders vermeld in die bylae);

1.3 motorafdakke;

1.4 huishoudelike watertenks en strukture daarvan, septiese riooltenk;

1.5 tennisbane, muurbalbane;

1.6 mure;

1.7 hekke met inbegrip van masjinerie daarvan, heinings (behalwe aangeplante heinings) insluitend palissades en elektriese heining, hekpale;

1.8 baksteen-, teer- of betoninritte en patio's;

1.9 spabaddens, sauna-kamers, jacuzzis, gesonke swembaddens met inbegrip van die filtreertoerusting, spa-, sauna-, jacuzzi- en swembadmasjinerie (behalwe outomatiese swembadskoonmaaktoerusting), swembadveiligheidsnette en oortreksels;

1.10 vaste waterversierings, standbeelde en dammetjies;

1.11 huishoudelike boorgatpompe en puttoerusting, elektriese motors asook enige ander huishoudelike waterverskaffingstoerusting (uitgesonderd windpompe en windpomp-toerusting);

die eiendom van die versekerde of waarvoor die versekerde aanspreeklik is.

op die perseel soos vermeld in die bylae

## Omskrewe gebeurtenisse

### 1 Verlies of skade veroorsaak deur die versekerde gevare

1.1 in onderafdeling A aan die geboue;

1.2 in onderafdeling B aan openbare toevoerverbindings;

geleë by die perseel.

### 2 Verlies van huurgeld soos in onderafdeling C voorsien

### 3 Regsaanspreeklikheid soos in onderafdeling D voorsien

## Ondersafdeling A – Eiendom

### Versekerde gevare

### 1 Brand

brand insluitend onderaardse brande.

### 2 Lugvaartuie

lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word, insluitend skade veroorsaak deur klankskokgolwe.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 3 Bars

die ontsnap van water vanuit wasmasjiene of skottelgoedwassers en die bars of oorloop van watertenks, watertoerusting of waterpype insluitende skade aan die watertoerusting of waterpype en die toevallige lekkasie van olie vanuit vaste olieverwarmingsinstallasies

## 4 Aardbewing

aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting (insluitend getygolf en/of tsoenami wat uit aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting voortspruit).

## 5 Ontploffing

ontploffing

## 6 Botsing

botsing

## 7 Weerlig

weerlig of donderslag, insluitend skade wat veroorsaak word deur kragstygings wat direk voortspruit uit sulke weerligstaking

## 8 Kwaadwillige beskadiging

verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon gepleeg met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak maar behalwe verlies of skade aan

8.1 roerende eiendom wat:

8.1.1 gesteel word

8.1.2 beskadig word in 'n poging om dit of 'n gedeelte daarvan te verwyder vanaf enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word

8.2 roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar in- of uitgebreek word by enige persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word of in 'n poging om daarby in- of uit te breek

8.3 onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word, veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van:

8.3.1 die verwydering of gedeeltelike verwydering of enige poging daartoe van

8.3.2 die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe

van die vermelde onroerende eiendom of enige gedeelte daarvan met die doel om enige gedeelte daarvan te steel

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

8.4 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is

8.5 verlies of skade wat uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of operasie voortspruit

8.6 verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitsontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortspruit

8.7 verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.1, 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking daarvan of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 8.4, 8.5, 8.6 of 8.7 hierbo beweer dat verlies of skade nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 45 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van onbewoning van 45 opeenvolgende dae, word die versekerde 'n medeversekerde saam met die maatskappy word en 'n eweredige gedeelte van enige



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

skade gelykstaande aan 20 persent van die eis dra met 'n maksimum bedrag van R5 000 000, voor die aftrekking van enige bybetaling.

### 9 Storm en water

storm, vloed, wind, water, hael of sneeu, maar met uitsluiting van verlies of skade:

9.1 wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels

9.2 as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang

9.3 veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing

9.4 aan stutmure/keermure

9.5 aan hekke en heinings wat nie van klip, beton, staal of baksteen gebou is nie

### 10 Diefstal

diefstal/inbraak of enige poging daartoe van eienaar se vaste toerusting of toebehore in of op die geboue, soos omskryf, maar met uitsluiting van diefstal terwyl die private woonhuis en alle private motorhuise, huishoudelike buitevertrekke en huishoudelike buitegeboue onbeset gelaat word of deur die versekerde geheel of gedeeltelik uitgeleen, verhuur of onderverhuur is behalwe dat vir die doel hiervan die inneem van betalende gaste, kosgangers en loseerders tot hoogstens 3 (drie) in getal nie geag word om uitgeleen, verhuur of onderverhuur van die geboue te wees nie tensy sodanige diefstal gepaard gaan met wesenlike, sigbare en gewelddadige toegang in of uit die gebou

## Spesifieke voorwaardes by onderafdeling A

### 1 Eweredigheid

Indien die hierkragtens versekerde eiendom ten tye van enige verlies gesamentlik van groter waarde is as die daarop versekerde bedrag, dan word die versekerde beskou as sy eie versekeraar vir die verskil te wees en dra hy dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien meer as een, van hierdie afdeling is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### 2 Verpligte bybetaling

Die versekerde sal verantwoordelik wees vir

2.1 die eerste R1 000 van elke eis ten opsigte van 'n versekerde gevaar van onderafdeling A (Eiendom) ten opsigte van persele wat bewoon is, en

2.2 die eerste R1 500 van elke eis ten opsigte van 'n versekerde gevaar van onderafdeling A (Eiendom) ten opsigte van persele wat nie permanent as 'n woonhuis gebruik word en aldus bewoon word nie waarvan die oorsaak ontstaan het terwyl die eiendom onbewoon was.

### 3 Weerligafleiers

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid onder hierdie afdeling voorafgaan dat alle wonings met gras- of strooi- of rietdakbedekking met 'n voldoende en behoorlik geïnstalleerde SABS-goedgekeurde weerligafleier of weerligafleier van 'n soortgelyke standaard of beter toegerus is wat spesifiek daargestel is om weerlig van die betrokke gebou af te lei, tensy anders vermeld in die bylae.

### 4 Vervangingswaarde

Ingeval die gebou beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was

Met dien verstande dat:

4.1 die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word en moet in elk geval binne 12 maande na die vernietiging of beskadiging voltooi word of binne sodanige verdere tydperk as wat die maatskappy (tydens die gemelde 12) maande) skriftelik mag toelaat anders word geen betaling gedoen bo en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie

4.2 totdat uitgawes deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom die maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

4.3 indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n omskrewe gebeurtenis, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe

4.4 hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is nie, indien:

4.4.1 die versekerde versuim om binne 6 (ses) maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die maatskappy skriftelik mag toelaat, die maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel

4.4.2 die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## Onderafdeling B – Hooftoevoerverbindings

Toevallige verlies van of skade aan water-, rioolstelsel-, gas-, elektrisiteits- en telefoonverbindings en ander ondergrondse pype die eiendom van die versekerde of waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is tussen die vermelde persele en die openbare- en hooftoevoere.

## Onderafdeling C – Huurgeld

Verlies van huurgeld ten opsigte van die voormelde private woonhuis indien so deur enige van die vermelde gevare beskadig dat dit onbewoonbaar gemaak word, maar slegs ten opsigte van die tydperk wat vir herstel nodig is en vir 'n bedrag van hoogstens 25% van die bedrag waarvoor die voormelde beskadigde privaat woonhuis ingevolge hierdie afdeling verseker is. Die basis van berekening sal wees die jaarlikse huurgeld van die voormelde private woonhuis ongemeubileerd of 'n bedrag gelykstaande aan sy huurwaarde.

## Onderafdeling D – Regsaanspreeklikheid

1 alle bedrae waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is as eienaar (en nie as private huisbewoner nie) van die perseel vir vergoeding ten opsigte van:

1.1 dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon (hierna in hierdie onder-afdeling besering genoem)

1.2 fisiese verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom (hierna in hierdie onder-afdeling skade genoem)

wat gedurende die versekeringstydperk as gevolg van 'n ongeluk plaasvind

2 alle regskoste en -uitgawes:

2.1 deur enige eiser van die versekerde verhaal

2.2 met die maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan

ten opsigte van 'n eis teen die versekerde vir vergoeding waarop die skadeloosstelling in hierdie onderafdeling uiteengesit van toepassing is

Met dien verstande dat die betaalbare bedrag ten opsigte van enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, nie R5 000 000 met inbegrip van alle vergoeding en alle regskoste en alle ander koste en uitgawes sal oorskry nie.

### Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling D

Die skadeloosstelling kragtens hierdie onderafdeling verleen is nie van toepassing nie op en sluit nie die volgende in nie:

#### 1 Besigheid of beroep

aanspreeklikheid ten opsigte besering of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit enige besigheid of beroep van die versekerde



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 2 Dienskontrak

aanspreeklikheid ten opsigte van die besering van enige persoon wat 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die versekerde het indien die aanspreeklikheid bestaan ten opsigte van besering wat uit en in die loop van die persoon se diens by die versekerde ontstaan

## 3 Opsetlike dade

aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit opsetlike of kwaadwillige dade

## 4 Uitgawes aangegaan na volle betaling van eis

koste en uitgawes aangegaan ná die datum waarop die maatskappy óf die volle bedrag van die eis óf die totale bedrag wat ten opsigte van enige gebeurtenis verhaalbaar is betaal het of aangebied het om dit te betaal.

## 5 Plofstowwe

aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit plofstowwe

## 6 Boetes of strafvoltrekkings

aanspreeklikheid vir enige boetes, strafvoltrekkings, straf- of bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding

## 7 Geleidelik werkende oorsaak

vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van besering wat toe te skryf is aan 'n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie

## 8 Aanspreeklikheid aanvaar volgens ooreenkoms

aanspreeklikheid wat die versekerde deur ooreenkoms aanvaar en wat nie in die afwesigheid van die ooreenkoms sou bestaan het nie

## 9 Meganies aangedrewe voertuie

aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit die eiendomsreg op of besit van of gebruik deur of namens die versekerde van hysers of meganies aangedrewe voertuie of sleepwaens behalwe voetgangerbeheerde tuinimplemente

## 10 Lid van die versekerde se huishouding

aanspreeklikheid ten opsigte van die besering van enige persoon wat 'n lid van die versekerde se huishouding of gesin is hetsy sodanige persoon by die versekerde inwoon al dan nie

## 11 Besoedeling

11.1 aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade aan of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande of onvoorsiene gebeurtenis wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind veroorsaak word;

11.2 die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie uitsondering brei nie die onder-afdeling uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie onder-afdeling verseker sou gewees het nie;

## 12 Eiendom wat aan die versekerde behoort

aanspreeklikheid ten opsigte van skade aan eiendom wat aan die versekerde of enige bediende of agent van die versekerde of 'n lid van sy gesin of huishouding behoort of in sy sorg of onder sy beheer is

# Spesifieke voorwaardes van toepassing op alle onderafdelings

## 1 Bouers risiko

### 1.1 In aanbou

Terwyl die gebou beskryf in die bylae van hierdie afdeling in aanbou is en totdat dit finaal voltooi is, is die volgende voorwaardes van toepassing:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

1.1.1 die volgende versekerde gevare van onderafdeling A (Eiendom) is gekanselleer:

1.1.1.1 3 (Bars)

1.1.1.2 8 (Kwaadwillige beskadiging)

1.1.1.3 10 (Diefstal)

1.1.2 versekerde gevaar 6(Botsing) is gekanselleer en deur die volgende vervang:

**6 Botsing**

botsing met enige gebou deur enige voertuig of dier met uitsondering van voertuie of diere wat behoort aan, onder bewaring van en/of onder die beheer van enige kontrakteur of subkontrakteur of enige van hulle werknemers terwyl besig is met:

6.1 die bou van of voltooiing van die versekerde eiendom

6.2 argitektoniese veranderings en/of toevoegings en/of restourasie aan die versekerde eiendom of die voltooiing van sodanige veranderings, toevoegings of restourasie

1.1.3 versekerde gevaar 9 (Storm en water) is gekanselleer en deur die volgende vervang:

**9 Storm**

storm met uitsluiting van verlies of skade:

9.1 veroorsaak deur insakking of grondverskuiwing

9.2 as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang

9.3 aan alle heinings en hekke

9.4 aan stut- en keermure

1.1.4 Onderafdeling B (Hooftoevoerverbindings) is gekanselleer

1.1.5 Onderafdeling C (Huurgeld) is gekanselleer

1.1.6 Onderafdeling D (Regsaanspreeklikheid) is gekanselleer

1.1.7 die volgende uitbreidings is gekanselleer:

1.1.7.1 1 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Toevallige breekskade van glas en sanitêre ware)

1.1.7.2 2 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Toevallige skade aan masjinerie vir huishoudelike gebruik)

1.1.7.3 3 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Antennes en satellietskottels)

**1.2 Bouveranderings**

Die volgende voorwaardes is van toepassing terwyl die gebou beskryf in die bylae van hierdie afdeling onderhewig is aan bouveranderings en totdat dit finaal voltooi is, maar alleenlik ten opsigte van 'n eis wat voortspruit uit of veroorsaak word of toeskryfbaar is as gevolg van sodanige bouveranderings:

Die volgende onderafdelings is gekanselleer:

1.2.1 Onderafdeling C (Huurgeld)

1.2.2 Onderafdeling D (Regsaanspreeklikheid)

1.2.3 Uitbreiding 1 (Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Toevallige breekskade van glas en sanitêre ware) is gekanselleer

## Spesifieke uitsonderings

Hierdie afdeling dek nie:

**1 Boorgatpompe**

verlies van of beskadiging aan huishoudelike boorgatpompe en elektriese motors soos omskryf in 1.11 van woordomskrywing 1 (Geboue) veroorsaak deur versekerde gevaar 9 (Storm en water) van onderafdeling A (Eiendom) wat onderkant die normale vloedlyn geïnstalleer is nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 2 Gevolglike verlies

gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd nie behalwe ten opsigte van verlies van huurgeld soos in hierdie afdeling bepaal

## 3 Strukturele gebreke

enige verlies of skade as gevolg van strukturele gebreke, foutiewe ontwerp, gebrekkige vakmanskap, gebrek aan instandhouding, normale verwering, korrosie, inherente defek, latente defek en slytasie

# Klousules, uitbreidings en beperkings

## 1 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Toevallige breekskade van glas en sanitêre ware

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) dek toevallige breekskade (maar slegs terwyl die private woonhuis gemeubileer is en bewoon word) van vaste glas en spieëls teen mure en in vensters, deure, boligte, dakvensters, sonverhittingstelsels, kweekhuise, glashuise en verandas, stoofglasblaaie, vaste wasbakke, baddens, voetstukke, opwasbakke, latrinebakke, spatskerms en spoelbakke (maar met uitsondering van afsplintering, afskilfering, skraping en ander ontsiering) wat deel uitmaak van die geboue.

## 2 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Toevallige skade aan masjinerie vir huishoudelike gebruik

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) dek skielike toevallige verlies van of skade (uitgesluit slytasie) aan vaste masjinerie vir huishoudelike gebruik alleenlik van swembaddens (uitgesluit outomatiese swembadskoonmakers), jacuzzis, boorgate (uitgesluit windpompe), besproeiingstelsels, filtreertoerusting, lugverkoelers, alarmstelsels en elektriese motors vir hekke en motor-huisdeure geïnstalleer by die private woning van die versekerde

Met dien verstande dat:

2.1 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van:

2.1.1 verlies of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur roes of wat voortspruit uit die uitloop van water vanuit enige houer, insakking, grondverskuiwing of die ineenstorting van enige gebou

2.1.2 die verkeerde gebruik van gereedskap of toerusting, eksperimente, opsetlike oorlading of die invoering van abnormale toestande

2.1.3 skade wat voortspruit uit hidrouliese toetsing of wat gedurende roetine ondersoek ontdek word

2.1.4 skade as gevolg van gebreke of defekte wat aan die versekerde of sy verantwoordelike werknemer ten tye van die aanvaarding van hierdie versekering bekend was en nie aan die maatskappy geopenbaar is nie

2.1.5 herstelling of vervanging:

2.1.5.1 toe te skrywe aan afslyting of wegtering van die materiaal van die aanleg, verwringing of vervorming wat stadig ontwikkel of ander geleidelike verslegting van enige deel van die aanleg, onklaarraking van verbindings of lasse, gebrekkige ontwerp, vakmanskap of materiaal

2.1.5.2 van sekerings of elektriese kontakpunte waar vonking of boogvorming plaasvind, verhittingselemente, kollektorborsels, sleepdrade, kleppe, matryse, vere, koppelaarplate, suierringe, pakstukke, seëls, wisselbare of ontbeerlike onderdele soos boorpunte, boorysters, snyers, messe, lemme, kettings, bande, verbindings- of digtingsmiddele of toebehore soos smeltbare proppe, skuifpenne, veiligheidskakels en onderdele nie van metaal vervaardig nie (behalwe isolering van elektriese geleiers) transformatorolie of skakelaarolie of koelmiddels

2.1.6 gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard

2.1.7 enige eis waarvoor voorsiening gemaak word kragtens 'n waarborg deur die vervaardigers van die voormelde masjinerie of deur 'n dienskontrak verskaf ten opsigte van sodanige masjinerie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

2.1.8 die eerste R500 van iedere en elke eis.

2.2 die maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot R10 000 of die bedrag vermeld in die bylae watter ookal die meeste is ten opsigte van enige enkele gebeurtenis.

## 3 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Antennes en satellietskottels

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) dek skade aan antennes en satellietskottels veroorsaak deur brekasie of ineenstorting daarvan.

## 4 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Kapitale toevoegings

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) dek veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bo die versekerde bedrae nie) aan of tot die geboue, vir 'n bedrag van hoogstens 15% van die bedrae op sodanige geboue verseker, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die maatskappy so gou as moontlik van sodanige veranderings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarvoor te betaal.

## 5 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Verwyderingskoste van bome wat geval het

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) dek koste redelikerwys en noodsaaklikerwys aangegaan om bome of gedeeltes van bome wat geval het weens ’n omskrewe gebeurtenis soos omskryf in onderafdeling A - Eiendom vanaf die woning(s) of die perseel(e) geleë soos omskryf in die bylae te verwyder of leunende bome wat in gevaar is om skade aan versekerde eiendom aan te rig

Met dien verstande dat:

5.1 die maatskappy se aanspreeklikheid nie R7 500 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie

5.2 sodanige koste onderhewig is aan die maatskappy se voorafgaande skriftelike toestemming

5.3 die versekerde vir die eerste R500 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis verantwoordelik sal wees.

## 6 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Skade deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om verlies of skade aan die privaat woonhuis(e), huishoudelike buitevertrek(ke) of huishoudelike buitegebou(e) in te sluit geleë op die perseel by die risiko adres vermeld in die bylae, veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Met dien verstande dat:

6.1 wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere sal beteken die wat vrylik in die natuur lewe en wat nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word nie en sluit nie motte, knaagdiere en ongediertes in nie

6.2 die maatskappy se aanspreeklikheid nie R10 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie

6.3 die versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste R1 000 van iedere en elke eis.

## 7 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Skade aan tuin

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om koste redelikerwys en noodsaaklikerwys deur die versekerde in die versekerde se hoedanigheid as eienaar van die geboue aangegaan vir die vervanging van bome struike, plante en waterfonteintjies in te sluit op die perseel geleë wat volg op beskadiging weens enige versekerde gevaar.

Met dien verstande dat:

7.1 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis nie R10 000 oorskry nie

7.2 die versekerde vir die eerste R500 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis verantwoordelik sal wees.

## 8 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Ongeriefdekking

In die geval van 'n totale verlies van die persele veroorsaak deur 'n versekerde gevaar waarvoor die maatskappy die versekerde skadeloos stel sal 'n addisionele bedrag van R7 500 aan die versekerde betaal word ten opsigte van enige ongerief wat gely is

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid beperk sal wees tot ’n maksimum bedrag van R7 500 in die geval van ’n totale verlies waar die gebou sowel as die inhoud verseker is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 9 Beperking by onderafdeling A (Eiendom): Huishoudelike boorgatpompe en elektriese motors

Die versekerde is verantwoordelik vir die eerste R500 van elke eis vir enige skade aan of verlies van enige pompe en/of elektriese motors en elektriese skakeltuig daaraan (uitgesonderd windpompe en windpomptoerusting) veroorsaak deur enige van versekerde gevaar. Hierdie bedrag geld kumulatief tot enige ander bybetaling wat van toepassing mag wees.

## 10 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 11 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Inflasie

Die versekerde bedrag ten opsigte van geboue hierkragtens verseker sal elke maand outomaties met 'n persentasie wat ooreenstem met prysindekse verhoog word.

Geen premie aanpassings sal gemaak word tot verjaringsdatum nie wanneer die premie dan op grond van die gewysigde versekerde bedrag aangepas sal word. Hierdie stel die versekerde nie kwyt van sy/haar verantwoordelikheid nie om te verseker dat die versekerde bedrag te alle tye die volle vervangingswaarde verteenwoordig.

## 12 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Sleutels en slotte

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) dek die koste om sleutels en slotte insluitende die afstandbeheerder en/of alarmbeheerder te vervang en indien noodsaaklik die herprogrammering van sodanige gekodifiseerde alarmstelsel van die versekerde eiendom volgende op verlies van of skade aan die slot of sleutel, afstand- en/of alarmbeheerder of volgende daarop dat die versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel, afstand- en/of alarmbeheerder.

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) dek ook die redelike koste aangegaan om 'n slotmaker as gevolg van die verlies van sodanige sleutels, afstand- en/of alarmbeheerder in 'n noodgeval in te roep

Met dien verstande dat:

12.1 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele verlies hoogstens R10 000 beloop

12.2 die maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir die eerste R250 ten opsigte van iedere en elke gebeurtenis.

## 13 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Waterverlies weens lekke

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir die koste van waterverlies weens lekke uit pype op die versekerde se eiendom waar die versekerde verantwoordelik is om die koste van sodanige water te betaal onderworpe aan die volgende:

13.1 indien die kwartaallikse lesing van waterverbruik die gemiddelde van die voorafgaande vier kwartaallikse lesings met 50% of meer oorskry, sal die maatskappy die versekerde tot en met 'n perk van R7 500 skadeloos stel vir die koste van sodanige addisionele waterverbruik

13.2 tot en met R7 500 is betaalbaar vir hoogstens twee afsonderlike gebeurtenisse gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum)

13.3 'n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid kragtens hierdie uitbreiding is dat sodra 'n lek ontdek is (deur fisiese bewys of na ontvangs van 'n buitengewone hoë rekening) die versekerde onmiddellike stappe moet doen om die betrokke pyp(e) te herstel

13.4 hierdie uitbreiding dek nie die koste van regstelling insluitende herstelwerk aan die betrokke pyp(e) nie

13.5 die maatskappy is nie aanspreeklik vir eise:

13.5.1 voortspruitend uit lekkende krane, warmwatertoestelle, toiletstelsels en swembaddens nie

13.5.2 terwyl die eiendom onbewoon is vir 'n tydperk van meer as 30 (dertig) dae nie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

13.5.3 waar die watervlak van 'n swembad aangevul moet word as gevolg van 'n lekkende inlaat- of uitlaatpyp.

## 14 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Meganiese onklaarraking (elektriese stowe alleen) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om toevallige meganiese of elektriese onklaarraking van enige elektriese stoof terwyl in die geboue op die perseel soos vermeld in die bylae te dek:

Met dien verstande dat:

14.1 die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van:

14.1.1 skade wat ontstaan uit slytasie, waardevermindering, roes, motte, ongediertes, enige skoonmaak-, repareer- of restoureerproses en geleidelike agteruitgang wat die werking van lig-, atmosferiese- of klimaatstoestande insluit

14.1.2 krapmerke, skaafmerke, duike of afsplintering

14.1.3 skade wat ontstaan uit foutiewe of gebrekkige ontwerp materiaal of vakmanskap

14.1.4 skade wat ontstaan uit inherente fout of latente defek

14.1.5 skade wat ontstaan uit gebrek aan instandhouding

14.1.6 skade wat ontstaan deur enige verontagsaming van die vervaardigers se aanwysings aangaande die werkverrigtinge van die elektriese stoof

14.1.7 skade waarvoor voorsiening gemaak word kragtens die waarborg van die vervaardigers van enige elektriese stoof

14.2 Spesifieke voorwaarde 1 (Eweredigheid) by onderafdeling A nie van toepassing sal wees nie

14.3 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n enkel gebeurtenis nie die bedrag vermeld in die bylae per item sal oorskry nie

14.4 die maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir die eerste R500 ten opsigte van elke gebeurtenis nie.

## 15 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Mobiliteit

In geval van liggaamlike besering, as 'n slagoffer van geweld wat gepaard gaan met diefstal, poging tot diefstal, 'n aanhouding, kaping of brand, aan die versekerde of enige lid van die versekerde se gesin wat normaalweg by die versekerde inwoon, binne die grense van die woning of die terrein van die woning en as direkte gevolg van die voorval permanent afhanklik is van 'n rolstoel vir mobiliteit, sal die maatskappy betaal vir kostes redelikerwys en noodsaaklik aangegaan vir:

15.1 'n selfaangedrewe rolstoel en/of

15.2 veranderinge aan die versekerde privaat woning by die risiko adres vermeld in die bylae, om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rolstoel

Met dien verstande dat:

15.1 die maatskappy se aanspreeklikheid nie R15 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie

15.2 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele verlies onder hierdie uitbreiding hoogstens R15 000 beloop in die geval waar hierdie uitbreiding beskikbaar is onder enige ander afdeling van die polis.

## 16 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Verbandhouer/finansier

Die belang van enige verbandhouer/finansier in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die versekerde waardeur die risiko of verlies of skade sonder die verbandhouer/finansier se medewete wesenlik verhoog word nie. Die verbandhouer/finansier moet die maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die maatskappy aanvaar word.

## 17 Klousule in onderafdeling A (Eiendom): Vereistes van openbare owerhede

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om sodanige bykomende herstelkoste of herboukoste van die vernietigde of beskadigde eiendom hierkragtens verseker in te sluit as wat aangegaan mag word alleenlik as gevolg van die noodsaaklikheid om aan bou- of ander



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

regulasies kragtens of gemaak ingevolge enige parlementswet of verordeninge van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid te voldoen

Met dien verstande dat:

17.1 die bedrag ingevolge hierdie klousule verhaalbaar, nie die volgende insluit nie:

17.1.1 die koste aangegaan om te voldoen aan enige van die voornoemde verordeninge:

17.1.1.1 ten opsigte van vernietiging of skade wat plaasgevind het voor hierdie klousule toegestaan is

17.1.1.2 ten opsigte van vernietiging of skade wat nie deur hierdie afdeling verseker is nie

17.1.1.3 waarkragtens kennis aan die versekerde gegee is voor die vernietiging of skade plaasgevind het

17.1.1.4 ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde gedeeltes van eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van die deel wat beskadig is

17.1.2 die bykomende koste wat vereis sou word om die beskadigde of vernietigde eiendom te herstel tot 'n toestand gelyk aan die toestand daarvan toe dit nuut was indien die noodsaaklikheid om aan enige van die voornoemde verordeninge te voldoen, nie ontstaan het nie

17.1.3 die bedrag van enige eiendomsbelasting, belasting, heffing, uitbreiding of enige ander heffing of waardasie wat ontstaan uit kapitale waardevermeerdering wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom, of deur die eienaar daarvan, as gevolg van die feit dat aan voorgenoemde verordeninge voldoen moes word

17.2 die herstelwerk of herbouwerk met redelike spoed 'n aanvang moet neem en uitgevoer moet word en in elk geval voltooi moet word binne twaalf maande na die vernietiging of skade of binne sodanige verdere tydperk as wat die maatskappy (gedurende die gemelde twaalf maande) skriftelik mag toestaan en mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien die voornoemde verordeninge dit aldus verplig) onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie

17.3 indien die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, deur die toepassing van enige van die bepalings of voorwaardes van hierdie afdeling verminder word, word die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie klousule in dieselfde verhouding verminder

17.4 die totale bedrag verhaalbaar kragtens enige item van hierdie afdeling, nie die bedrag daardeur verseker sal oorskry nie.

## 18 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Herboukoste

Die versekering kragtens onderafdeling A (Eiendom) dek koste noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan ten opsigte van die volgende as gevolg van verlies of skade deur enige van die versekerde gebeurtenisse veroorsaak:

18.1 gelde van argitekte, bourekenaars, raadgewende ingenieurs en ander gelde deur die maatskappy goedgekeur

18.2 sloping, verwydering van puin of die oprigting van sypadskuttings gedurende herboubedrywighede

18.3 koste aangegaan ter voldoening aan bouregulasies uitgevaardig kragtens enige parlementswet of deur ordonnansie van enige munisipale of ander plaaslike owerheid

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie koste betaalbaar bo en behalwe enige ander betaling waarvoor die maatskappy in terme van hierdie afdeling aanspreeklik mag wees hoogstens 20% van die versekerde bedrag van die geaffekteerde eiendom is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 19 Uitbreiding by onderafdelings A (Eiendom), B (Hooftoevoerverbindings) en C (Huurgeld): Oproer en staking (met uitsluiting van verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië voorkom) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word onderafdelings A, B en C uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

19.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting

19.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

19.1 verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind

19.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is

19.3 verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid

19.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid

19.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 19.1, 19.2, 19.3, 19.4 of 19.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 20 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Sekuriteitswagte

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir kostes wat redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan word vir die aanstelling van sekuriteitswagte na verlies of skade aan enige versekerde gebou(e) veroorsaak deur 'n versekerde gebeurtenis

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid nie R10 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie.

## 21 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Spesiale vervanging van warmwatertoestelle (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die maatskappy onderneem om in geval van 'n totale verlies van 'n warmwatertoestel, wat veroorsaak word deur 'n versekerde gevaar, sodanige konvensionele warmwatertoestel te vervang met 'n hitte pomp, solar- of gas warmwatertoestel

Met dien verstande dat:

21.1 die aanspreeklikheid van die maatskappy kragtens hierdie uitbreiding nie die bedrag vermeld in die bylae sal oorskry nie

21.2 die maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir die eerste R1 000 ten opsigte van iedere en elke eis.

Indien die koste om die warmwatertoestel te vervang groter is as die bedrag waarteen dit verseker is ten tye van die verlies of skade, sal die versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil geag word en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade dra.

Alle items, indien meer as een sal afsonderlik onderhewig wees aan hierdie voorwaarde.

## 22 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Insakking en grondverskuiwing (Beperkte dekking)

Onderafdeling A (Eiendom) word uitgebrei om verlies of skade aan die privaatwoning veroorsaak deur insakking of rysing van die grond wat die privaatwoning stut of grondverskuiwing in te sluit

Met dien verstande dat

22.1 sodanige verlies of skade nie deur die volgende veroorsaak word of daaruit voortspruit nie:

22.1.1 uitgrawings, behalwe mynbou-uitgrawings



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

22.1.2 veranderings, aanbouings of herstelwerk aan die privaatwoning

22.1.3 die verdigting van opvullings

22.1.4 foutiewe ontwerp, materiaal of vakmanskap

22.1.5 normale vestiging, inkrimping of uitsetting van die privaatwoning

22.2 die maatskappy is nie vir verlies of skade aan die volgende aanspreeklik nie:

22.2.1 soliede vloerblokke of enige ander gedeelte van die privaatwoning as gevolg van die beweging van sodanige blokke, tensy die fondamente wat die buitemure van die privaatwoning of die buitegeboue daarvan ondersteun terselfdertyd deur dieselfde oorsaak beskadig word

22.2.2 swembaddens, tennisbane, patio's, terrasse, rylane, paaie, septiese of opgaartenks, riole, waterlope, mure, hekke, pilare en heinings, tensy die privaatwoning of die buitegeboue daarvan terselfdertyd deur dieselfde oorsaak beskadig word

22.3 die maatskappy is nie vir die volgende aanspreeklik nie: werk wat nodig is om verdere vernietiging of skade as gevolg van grondinsakking, -rysing of -verskuiwing te voorkom, behalwe indien toepaslike ontwerpvoorkomingsmaatreëls gedurende die oorspronklike oprigting van die privaatwoning en enige daaropvolgende aanbouings daaraan geïmplementeer is

22.4 die versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste R5 000 van iedere en elke eis.

## 23 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Insakking en grondverskuiwing (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderafdeling A (Eiendom) word uitgebrei om verlies of skade veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing te dek

Met dien verstande dat:

23.1 hierdie uitbreiding dek nie:

23.1.1 skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare of heinings tensy dit spesifiek verseker word

23.1.2 skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan:

23.1.2.1 foutiewe ontwerp of konstruksie van of verwydering of verswakking van ondersteuning van enige gebou op die versekerde persele

23.1.2.2 werksmense in die uitvoering van enige strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele

23.1.2.3 uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

23.1.3 gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van huur indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker.

23.2 die versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste R5 000 ten opsigte van iedere en elke eis. Hierdie bedrag geld kumulatief tot enige ander eerste bedrag betaalbaar wat van toepassing mag wees.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die maatskappy beweer dat skade uit hoofde van hierdie endossement nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys

## 24 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Tydelike herstelwerk en maatreëls na 'n verlies

Onderafdeling A (Eiendom) is uitgebrei om in te sluit alle kostes en/of uitgawes wat redelikerwys aangegaan is deur die versekerde om sodanige tydelike herstelwerk uit te voer en/of sodanige tydelike maatreëls te tref wat redelikerwys noodsaaklik mag wees nadat 'n omskrewe gebeurtenis plaasgevind het

Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy vir sulke kostes en/of uitgawes nie R10 000 sal oorskry ten opsigte van enige enkele gebeurtenis nie.

## 25 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Huurders

Die maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die versekerde) wat sonder die versekerde se medewete geskied nie. Die versekerde moet die maatskappy egter van enige



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die maatskappy aanvaar word.

## 26 Uitbreiding by onderafdeling A (Eiendom): Werklui

Kontrakteurs mag in of op enige van die geboue hierin beskryf werk sonder benadeling van hierdie versekering.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# KANTOORINHOUD

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder. gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui.

### 1 Elektroniese dataverwerkingstoerusting

elektroniese dataverwerkingstoerusting beteken

rekenaars en alle verwante hardeware, komponente en rekenaarsagteware en die inligting of data wat daarin of daarop gestoor is.

### 2 Dokumente

dokumente beteken

films, bande, adressograafplate, boeke, rekords, planne, tekeninge, uittreksels, aktes, testamente, verbandbriewe, ooreenkomste, manuskripte, briewe, sertifikate, dokumente en soortgelyke papiere waarop skrif, tik- of drukwerk aangebring is, wat deur die versekerde in die besigheid gebruik word en wat aan hom behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, met uitsluiting van geld, geldige pos- of inkomsteseëls, gekanselleerde en ongekanselleerde koepons, effekte, toonderobligasies, tjeks, wissels en enige skriftelike opdrag om ’n bepaalde bedrag te betaal en enige skriftelike bewys van skuld of verpligting en alle eiendom wat vervoer of aangehou word as monsters of vir verkoop of naverkoop aflewering en rekenaarprogrammatuur en rekenaardatadraende media tensy anders in die bylae vermeld.

### 3 Onbewoon

’n gebou word geag onbewoon te wees indien meer as 80% van sy totale vloerruimte nie beset word nie. Die teenwoordigheid van sekuriteitspersoneel in die gebou of op die perseel beteken nie op sigself bewoning van die gebou nie.

## Omskrewe gebeurtenisse

1 Verlies van of skade aan die inhoud (behalwe dokumente soos omskryf in onderafdeling C indien dit daarkragtens verseker is en elektroniese dataverwerkingstoerusting), insluitende die verhuurder se los en vaste toebehore, die eiendom van die versekerde of waartoe hy verantwoordelik is en tensy andersins vermeld in die bylae, tot die mate waarin die eiendom nie andersins verseker is nie, eiendom wat besit word deur enige vennoot, of direkteur of werknemer van die versekerde tot hoogstens ’n bedrag van R10 000 per persoon terwyl dit gehou word in die kantore en/of spreekkamers wat geleë is soos in die bylae vermeld (hierna die kantoorperseel genoem) deur enige van die gevare wat in onderafdeling A gespesifiseer word.

2 Verlies van of skade aan die geheel of ’n deel van die eiendom wat ingevolge item C van die bylae verseker word en ingevolge onderafdeling C omskryf en die gevolge daarvan wat ingevolge item D van die bylae verseker en ingevolge onderafdeling D beskryf word.

3 Verlies en/of uitgawe wat ingevolge onderafdelings B en E beskryf word.

## Onderafdeling A Inhoud

### Gevare

#### 1 Brand

brand insluitend onderaardse brande

#### 2 Toevallige brekasie van spieëlglas

toevallige brekasie van spieëlglas, glasblaaie van meubels of vaste glas wat deel uitmaak van enige meubelstuk.

Die spesifieke eweredigheidsvoorwaarde geld nie vir hierdie gevaar nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

**3 Lugvaartuie**

lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word, insluitend skade veroorsaak deur klankskokgolwe.

**4 Aardbewing**

aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting (insluitend getygolf en/of tsoenami wat uit aardbewing, seebewing of vulkaanuitbarsting voortspruit), maar met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

**5 Ontploffing**

ontploffing

**6 Botsing**

botsing deur rotse en groot klippe (behalwe meteoriete, asteroïede of soortgelyke liggame wat die aarde se atmosfeer binnedring), diere, bome, antennes, satellietskottels of -voertuie, insluitend spoorweglokomotiewe of rollende materiaal, met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels of -voertuie, spoorweglokomotiewe of rollende materiaal of eiendom in of op sodanige voertuie, spoorweglokomotiewe of rollende materiaal.

**7 Weerlig**

weerlig of donderslag, insluitend skade wat veroorsaak word deur kragstygings wat direk voortspruit uit sulke weerligstaking

**8 Storm en water**

storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels.

## Beperkingsklousule

Die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling word ten opsigte van dokumente, manuskripte, sakeboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms beperk tot die waarde van die materiaal en die bedrae wat aan die arbeid bestee is.

## Spesifieke voorwaarde by onderafdeling A (Inhoud)

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige verlies of skade deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom verseker, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. Tensy spesifiek anders vermeld in die bylae, word die versekerde bedrag geag die waarde te verteenwoordig van alle eiendom by die perseel wat deur die item beskryf word.

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling A (Inhoud)

Hierdie onderafdeling dek nie die volgende nie:

**1 Ontwerpe**

ontwerpe, patrone, modelle of gietvorms (behalwe tot die mate wat die vermelde artikels ingevolge onderafdeling A verseker is), bedryfsvoorraad, monsters, motorvoertuie en toebehore daarvoor, geld, effekte, seëls, juweliersware of edelgesteentes;

**2 Weerligskade**

die eerste 10 persent van die skadeloosstelbare bedrag of R500, welke ook al die grootste is, indien die verlies of skade aan weerligskade te wyte is.

**3 Gebiedsgrense**

eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe;

# Onderafdeling B Huurgeld

Verlies aan huurgeld wat werklik deur die versekerde gely is as gevolg van die feit dat die kantoorperseel of 'n deel daarvan sodanig beskadig is deur enige van die gevare in onderafdeling A gespesifiseer dat dit onbewoonbaar is, maar slegs ten opsigte van die tydperk wat vir herstel nodig is. Die skadeloosstelling



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

ingevolge hierdie onderafdeling beloop hoogstens 25% van die versekerde bedrag van alle inhoud van die geaffekteerde kantoorperseel.

Vir die doeleindes van hierdie onderafdeling word die woord "kantoorperseel" geag enige perseel of deel daarvan in die nabyheid van die kantoorperseel in te sluit indien skade aan sodanige perseel toegang tot die kantoorperseel verhinder of beperk.

# Onderafdeling C Dokumente

Verlies van of skade aan dokumente wat normaalweg by die kantoorperseel gehou word deur enige gevaar wat nie spesifiek uitgesluit is nie.

## Beperkingsklousule

Die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling word beperk tot alle koste, heffings en uitgawes wat deur die versekerde aangegaan word ter vervanging of herstel van sodanige dokumente.

### Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling C (Dokumente)

Hierdie onderafdeling dek nie die volgende nie:

**1 Oneerlikheid**

die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot of direkteur van die versekerde, hetsy hy alleen optree of saamspan. Hierdie uitsondering geld nie vir enige direkteur wat ook 'n werknemer van die versekerde is en ten opsigte van wie die versekerde die reg het om te alle tye in die uitvoering van sy werk in diens van die versekerde en in die loop van die besigheid te bestuur, beheer of opdrag te gee nie;

**2 Elektriese of elektroniese of magnetiese beskadiging**

elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, versteuring of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames, tensy te wyte aan weerlig in welke geval die weerligverlies- of skadeloosstelbare bedrag met die grootste van 10 persent of R500 verminder word;

**3 Geleidelike agteruitgang**

geleidelike agteruitgang of slytasie;

**4 Films oor op te neem**

koste aangegaan om films en video's en klankbane oor op te neem;

**5 Ongedierte ens.**

ongedierte of inherente defek of deur verwerking, kopiëring of ander werk aan die dokumente.

# Onderafdeling D Regsaanspreeklikheid dokumente

Regsaanspreeklikheid as 'n regstreekse gevolg van verlies van of skade aan dokumente soos omskryf in onderafdeling C en ten opsigte waarvan betaling, vervanging of herstelwerk gedoen, of aanspreeklikheid deur die maatskappy ingevolge onderafdeling C erken is, tensy sodanige betaling, vervanging, herstelwerk of aanspreeklikheid nie gedoen of erken is nie slegs omdat dit van die versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra.

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling D (Regsaanspreeklikheid dokumente)

**1 Aanspreeklikheid aanvaar volgens ooreenkoms**

hierdie onderafdeling dek nie aanspreeklikheid nie wat ingevolge enige kontrak, onderneming of ooreenkoms deur die versekerde aanvaar is indien sodanige aanspreeklikheid nie by die versekerde sou berus het in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie.

**2 Oorlog en terrorisme**

algemene uitsluiting 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) word slegs ten opsigte van hierdie onderafdeling geskrap en deur die volgende vervang:

Hierdie onderafdeling dek nie verlies, skade, aanspreeklikheid of onkoste wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Onderafdeling E Verhoging in bedryfskoste

Enige bykomende uitgawes waarvoor daar nie andersins in hierdie afdeling voorsiening gemaak word nie en wat redelikerwys deur die versekerde aangegaan word met die doel om die gewone werksaamhede van die besigheid in stand te hou as gevolg van verlies of skade ten opsigte waarvan betaling, vervanging of herstelwerk gedoen, of aanspreeklikheid deur die maatskappy ingevolge onderafdeling A of C erken is.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling beloop hoogstens 25 persent van die versekerde bedrag ten opsigte van alle inhoud van die kantoorperseel wat geraak word.

## Klousules, uitbreidings en beperkings (van toepassing slegs in soverre dit in die bylae aangedui is)

### 1 Klousule: Veranderings en wanbeskrywings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie nie, hetsy te wyte aan die verskuiwing van prosesse of masjinerie of te wyte aan strukturele veranderings, herstelwerk aan die geboue, masjinerie of toerusting met dien verstande dat die maatskappy so gou moontlik daarna in kennis gestel word en die versekerde instem, indien vereis, om 'n bykomende premie te betaal.

### 2 Klousule in onderafdeling A (Inhoud): Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge onderafdeling A dek verbouings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag/bedrae nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 20% van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die maatskappy elke kwartaal (of indien die versekerings-tydperk meer dikwels as kwartaalliks is, elke maand) van sodanige verbouings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

### 3 Uitbreiding by onderafdeling A (Inhoud): Skade deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Die versekering ingevolge onderafdeling A word uitgebrei om verlies of skade aan versekerde eiendom in te sluit veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere

Met dien verstande dat:

3.1 wilde bobbejane of wilde ape of wilde diere sal beteken die wat vrylik in die natuur lewe en wat nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word nie en sluit nie motte, knaagdiere en ongediertes in nie

3.2 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis of reeks eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron nie R10 000 sal oorskry nie

3.3 die versekerde verantwoordelik is vir die eerste R1 000 ten opsigte van iedere en elke eis ingevolge hierdie uitbreiding

### 4 Klousule in onderafdeling A (Inhoud): Finansier

Die belang van enige finansier in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die versekerde waardeur die risiko of verlies of skade sonder die finansier se medewete wesenlik verhoog word nie. Die finansier moet die maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die maatskappy aanvaar word.

### 5 Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

### 6 Uitbreiding by onderafdeling A (Inhoud): Slotte en sleutels

Die versekering ingevolge onderafdeling A word uitgebrei om die koste in te sluit van die vervanging van slotte, sleutels, etikette en afstandbeheertoestelle vir enige versekerde gebou na die verdwyning van enige sodanige sleutels, etikette of toestelle vir die gebou of indien die versekerde rede het om te glo dat 'n ongemagtigde persoon moontlik in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutels kan wees.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Met dien verstande dat

6.1 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis of reeks eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, hoogstens R15 000 beloop;

6.2 die spesifieke eweredigheidsvoorwaarde nie vir hierdie uitbreiding geld nie.

## 7 Uitbreiding by onderafdelings A (Inhoud), B (Huurgeld) en C (Dokumente): Kwaadwillige beskadiging

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, word onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

7.1 roerende eiendom wat:

7.1.1 gesteel word;

7.1.2 beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder vanuit enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word;

7.2 roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

7.3 onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

7.3.1 die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

7.3.2 die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe; van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die bedoeling om enige deel daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

7.1 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

7.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

7.3 verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

7.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

7.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.1, 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 7.2, 7.3, 7.4 of 7.5, beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien 'n versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 45 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering teen hierdie gevaar opgeskort ten opsigte van die geaffekteerde eiendom, tensy die versekerde voor die voorkoms van skade skriftelike instemming van die maatskappy verkry het om hierdie gevaar voort te sit.

Gedurende die aanvanklike tydperk van onbewoning van 45 opeenvolgende dae, die versekerde 'n medeversekerde saam met die maatskappy word en 'n eweredige gedeelte van enige skade gelykstaande aan 20% van die eis dra met 'n maksimum van R5 000 000, voor die aftrekking van enige bybetaling;

## 8 Klousule: Nuwe en bykomende persele

Indien die versekerde ander kantore of spreekkamers okkupeer behalwe dié wat geleë is soos in die bylae vermeld in die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe, geld die versekering ingevolge hierdie afdeling asof sodanige kantore of spreekkamers kantoorpersele binne die bestek van hierdie afdeling is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Met dien verstande dat:

8.1 die versekerde die maatskappy binne 'n redelike tyd ná okkupasie daarvan in kennis stel en die bykomende premie betaal wat pro rata bereken word vanaf die tydstip van okkupasie tot aan die einde van die versekeringstydperk wat op daardie tydstip van krag was;

8.2 hierdie klousule nie geld vir enige verlies, indien en in soverre dit andersins verseker is nie.

## 9 Klousule in onderafdeling A (Inhoud): Verwydering van puin

Die versekering ingevolge onderafdeling A word uitgebrei om sodanige redelike koste en uitgawes in te sluit wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die verwydering van puin van versekerde eiendom ná verlies of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy vir sodanige verlies of skade en koste en uitgawe in totaal die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word ten opsigte van die eiendom wat geraak word.

Die maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

9.1 aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

9.2 voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/afdeling verseker is nie.

## 10 Klousule in onderafdeling A (Inhoud): Herstelwaardevoorwaardes

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word vir 'n eis ten opsigte van inhoud, is óf die vervanging van die inhoud met soortgelyke eiendom in 'n toestand gelykstaande aan, maar nie beter of omvangryker nie as die toestand daarvan toe dit nuut was

of

die herstel van die inhoud tot 'n toestand aansienlik dieselfde maar nie beter nie as die toestand daarvan toe dit nuut was

met dien verstande dat, indien op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die inhoud verlore, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

## 11 Uitbreiding by onderafdelings A (Inhoud), B (Huurgeld) en C (Dokumente): Oproer en staking (uitsluitend verlies of skade wat in die Republiek van Suid Afrika en Namibië plaasvind) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

11.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

11.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 11.1hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

11.1 verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

11.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

11.3 verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

11.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

11.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 11.1, 11.2, 11.3, 11.4 of 11.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 12 Klousule: Tydelike verwydering

Behalwe ten opsigte van die persoonlike eiendom van enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, word verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is terwyl dit tydelik gehuisves word in enige gebou in die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe, geag word plaas te gevind het terwyl sodanige eiendom in die kantoorperseel gehou is.

## 13 Tydelike herstelwerk en maatreëls ná verlies

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om alle redelike koste en uitgawe te dek wat deur die versekerde aangegaan word in die uitvoer van sodanige herstelwerk en die tref van tydelike maatreëls as wat redelikerwys nodig mag wees ná verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy vir sodanige verlies of skade en koste en uitgawe in totaal hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word ten opsigte van die eiendom wat geraak is.

## 14 Klousule: Huurders

Die maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak nie deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van ’n gebou of enige huurder (behalwe die versekerde) wat sonder die versekerde se medewete geskied. Die versekerde moet die maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die maatskappy aanvaar word.

## 15 Uitbreiding by onderafdeling A (Inhoud): Diefstal as gevolg van kragdadige betreding (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende gevaar word gevoeg tot die gevare van toepassing op onderafdeling A (Inhoud):

### 9 Diefstal as gevolg van kragdadige betreding

diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die kantore en/of spreekkamers gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld.

Met dien verstande dat:

9.1 die maatskappy nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik is nie vir diefstal of poging tot diefstal deur enige prinsipaal, direkteur of werknemer van die versekerde;

9.2 die bedrag betaalbaar verminder word met die bybetaling vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding;

9.3 die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding, min die bybetaling.

9.4 indien die versekerde bedrag vir hierdie gevaar minder is as die versekerde bedrag vir brand, sal die spesifieke eweredigheidsvoorwaarde geld nie vir hierdie gevaar nie.

## 16 Uitbreiding by onderafdeling A (Inhoud): Diefstal (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende gevaar word gevoeg tot die gevare van toepassing op onderafdeling A (Inhoud):

### 9 Diefstal

diefstal of enige poging daartoe behalwe deur ’n prinsipaal, vennoot in of van of direkteur of werknemer van die versekerde.

Met dien verstande dat:

9.1 die bedrag betaalbaar verminder word met die bybetaling vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding;

9.2 die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding, min die bybetaling

9.3 indien die versekerde bedrag vir hierdie gevaar minder is as die versekerde bedrag vir brand, sal die spesifieke eweredigheidsvoorwaarde geld nie vir hierdie gevaar nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# MOTOR

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Skade

skade beteken

fisiese skade insluitend fisiese verlies

### 2 Besering

besering beteken

liggaamlike besering insluitend dood en siekte

### 3 Gebeurtenis

gebeurtenis beteken

'n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit een oorsaak in verband met enige enkele voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verskaf word.

### 4 Eiendom

eiendom beteken

tasbare eiendom

### 5 Redelike kleinhandelswaarde

redelike kleinhandelswaarde beteken

die prys waarteen die motorhandel 'n voertuig verkoop wat standaard fabrieksgemonteerde toebehore en onderdele daarin en daaraan insluit, waarvan die koste by die kleinhandelswaarde ingesluit is. Die redelike kleinhandelswaarde word normaalweg bepaal met verwysing na sekerde erkende huidige publikasies wat vir die motorhandel beskikbaar is en word gebaseer op die kleinhandelswaarde wat in sulke publikasies verskyn. Die voertuig se ouderdom, toestand en kilometerlesing kan die redelike kleinhandelswaarde beïnvloed.

Opsionele ekstras, addisionele toebehore en onderdele en modifikasies moet apart as opsionele ekstras verseker word.

### 6 Gebiedsgrense

gebiedsgrense beteken

Republiek van Suid-Afrika, Angola (behalwe Cabinda), Botswana, Kenia, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe.

### 7 Voertuig

voertuig beteken:

7.1 privaat tipe motorvoertuie (insluitend gemotoriseerde motorwoonwaens en stasiewaens, safari-voertuie, karweimotors en dies meer of soortgelyke voertuie wat ontwerp is om maksimum 12 mense, insluitend die bestuurder, te dra)

7.2 handelsvoertuie en spesiale tipe voertuie soos in die bylae omskryf

7.3 motorfietse (insluitend bromponies en driewielvoertuie)

7.4 busse (insluitend enige voertuig wat gebruik word vir besigheidsdoeleindes en ontwerp is om meer as 12 mense, insluitend die bestuurder, te dra);

7.5 sleepwaens, dit wil sê enige voertuig sonder selfaandrywing wat ontwerp is om deur 'n selfaangedrewe voertuig gesleep te word, maar met uitsluiting van enige onderdele of toebehore wat nie permanent daaraan aangebring is nie;

synde enige sodanige voertuig wat deur die versekerde besit, gehuur of gebruikhuur word, insluitend enige sodanige voertuig wat tydelik deur die versekerde gebruik word ter vervanging van enige



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

voertuig wat in onbruik is vir die doeleindes van versiening, instandhouding en/of herstelwerk, met dien verstande dat die maatskappy se maksimum aanspreeklikheid hoogstens die redelike kleinhandelswaarde van die vervangingsvoertuig of die skadeloosstellingsperk van die vervangde voertuig soos in die bylae vermeld, wat ook al die laagste is, beloop.

# Onderafdeling A - Skade

## Omskrewe gebeurtenisse

Skade aan enige voertuig wat in die bylae beskryf word en die toebehore en onderdele daarvan terwyl dit daarin en daaraan is. Indien sodanige voertuig onbruikbaar is weens enige skade wat hierkragtens verseker is, sal die maatskappy die redelike koste betaal vir die beskerming en verwydering daarvan na die naaste herstellers en die versekerde mag opdrag gee dat herstelwerk tot hoogstens R10 000 uitgevoer word sonder dat die maatskappy se toestemming vooraf verkry word, met dien verstande dat 'n uitvoerige raming eers verkry en onmiddellik aan die maatskappy gestuur word. Die maatskappy sal ook die redelike koste betaal vir aflewering aan die versekerde ná die herstel van sodanige skade, maar tot hoogstens die redelike koste van vervoer na die permanente adres van die versekerde in die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland of Zimbabwe.

Met dien verstande dat:

1 die skadeloosstellingsperk vir elke tipe voertuig die bedrag soos vermeld in die bylae is, en die maksimum bedrag is wat deur die maatskappy ten opsigte van sodanige skade betaalbaar is, maar dat dit hoogstens die redelike kleinhandelswaarde van die voertuig plus enige opsionele ekstras, addisionele toebehore en onderdele en modifikasies soos apart verseker as opsionele ekstras ten tyde van sodanige skade sal bedra

2 die maatskappy uit eie keuse sodanige voertuig of enige deel daarvan en sy toebehore en onderdele daarin of daaraan kan herstel of vervang, of die bedrag van die skade wat hoogstens die Redelike Kleinhandelswaarde van sodanige voertuig plus enige opsionele ekstras, addisionele toebehore en onderdele en modifikasies soos apart verseker as opsionele ekstras ten tyde van sodanige skade bedra, in kontant kan betaal.

3 ondanks enigiets teenstrydigs in voorbehoudsbepalings 1 en 2 en slegs ten opsigte van voertuie beskryf in omskrywing 7.1 en handelsvoertuie beskryf in omskrywing 7.2 met 'n bruto voertuiggewig van hoogstens 3 500 kg, indien sodanige voertuig binne 'n tydperk van 12 maande na die datum van eerste registrasie as 'n nuwe voertuig, gesteel of gekaap word en nie teruggevind en fisies aan die maatskappy terugbesorg word nie of sodanig beskadig word dat dit na die maatskappy se mening nie ekonomies herstel kan word nie, sal die skadeloosstellingsgrondslag die huidige koopprys van 'n nuwe voertuig van dieselfde of 'n soortgelyke model of die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae wees, wat ook al die minste is, minus die bybetaling, met dien verstande dat

3.1 die voertuig minder as gemiddeld 3 500 kilometer per maand afgelê het. Die bewyslas om die kilometers afgelê deur die voertuig te bewys, rus op die versekerde;

3.2 indien die voertuig vervang word soos hierbo beskryf, die maatskappy geregtig word op beslaglegging en eienaarskap van die beskadigde voertuig.

4 indien die voertuig na die wete van die maatskappy die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sodanige betaling gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word, wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die maatskappy ten opsigte van sodanige skade;

5 ten opsigte van elke gebeurtenis wat tot 'n eis (behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffing) ingevolge hierdie onderafdeling aanleiding gee, die versekerde verantwoordelik is vir die bybetaling wat in die bylae vermeld word na gelang van die soort voertuig.

Indien die onkoste wat deur die maatskappy aangegaan word, enige bybetaling insluit waarvoor die versekerde verantwoordelik is, moet sodanige bedrag onverwyld deur die versekerde aan die maatskappy terugbetaal word.

6 waar 'n voertuig buite die Republiek van Suid-Afrika beskadig word, die maatskappy ook die redelike repatriasiekoste van sodanige voertuig na die Suid-Afrikaanse kant van die naaste grenspos sal betaal, met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R20 000 ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis is.

7 die maatskappy nie ten opsigte van diefstal of poging tot diefstal van ingeboude oudio-, visuele, kommunikasie- en navigasietoerusting in 'n voertuig vir meer as die volgende aanspreeklik is nie:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

7.1 indien fabrieksgemonteer deur die vervaardiger van die voertuig wanneer nuut, die vervangingswaarde van die item, met dien verstande dat die versekerde vir die basiese bybetaling vermeld in die bylae verantwoordelik is;

7.2 indien nie fabrieksgemonteer deur die vervaardiger van die voertuig wanneer nuut nie en

7.2.1 nie as 'n afsonderlike item in die bylae gespesifiseer nie, R7 500 per item en in totaal R20 000 per gebeurtenis, met dien verstande dat die versekerde vir die basiese bybetaling vermeld in die bylae verantwoordelik is;

7.2.2 gespesifiseer as 'n aparte item in die bylae, die bedrag vermeld in die bylae minus die bybetaling waarvoor die versekerde verantwoordelik is.

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling A (Skade)

Die maatskappy is nie aanspreeklik om die volgende te betaal nie:

### 1 Gevolglike verlies

gevolglike verlies weens enige oorsaak hoegenaamd,

### 2 Waardevermindering

waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk ná 'n omskrewe gebeurtenis of andersins, slytasie, meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie;

### 3 Veerstelsels

skade aan veerstelsels/skokbrekers te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede

### 4 Buitebande

skade aan buitebande deur die gebruik van remme of deur padlekkasies, snye of barste;

# Onderafdeling B – Aanspreeklikheid teenoor derdepartye

## Omskrewe gebeurtenisse

Enige ongeval veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige voertuig wat in die bylae beskryf word of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig ten opsigte waarvan die versekerde en/of enige passasier regtens aanspreeklik word om alle bedrae, insluitend die eiser se koste en uitgawes, te betaal ten opsigte van:

1 besering van enige persoon, maar met uitsluiting van besering van enige persoon in diens van die versekerde wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens of iemand wat 'n lid van dieselfde huishouding as die versekerde is

2 skade aan ander eiendom as die eiendom wat aan die versekerde behoort of deur hom in trust gehou word of in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is of wat deur sodanige voertuig vervoer word of daarop of daarvan afgelaai word.

## Skadeloosstellingsperk

Tensy anders vermeld, beloop die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie onderafdeling ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperke wat in die bylae vermeld word.

Die maatskappy sal ook (ingevolge en onderworpe aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie onderafdeling):

1. alle koste en uitgawes betaal wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan word en is geregtig om na hulle eie goeddunke te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling kan wees of vir die verdediging in 'n hof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van 'n handeling wat 'n gebeurtenis veroorsaak of daarmee verband hou, wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling kan wees of daarmee verband kan hou, met dien verstande dat die maatskappy se totale aanspreeklikheid ingevolge sowel hierdie uitbreiding as onderafdeling B, hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in onderafdeling B as van toepassing vermeld word
2. enige persoon skadeloos stel wat sodanige voertuig op bevel van die versekerde of met die versekerde se toestemming bestuur of gebruik, met dien verstande dat:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

2.1 sodanige persoon, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing kan wees

2.2 sodanige persoon wat sodanige voertuig bestuur deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie

2.3 die skadeloosstelling nie van toepassing is ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as sodanige persoon ingestel word nie

2.4 sodanige persoon nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie

3. die versekerde skadeloos stel terwyl hy persoonlik enige privaat tipe motorvoertuig of handelsvoertuig met 'n bruto voertuiggewig van hoogstens 3 500 kg bestuur wat nie aan hom behoort nie en nie ingevolge 'n bruikhuurkontrak, huurkontrak of opskortende verkoopsooreenkoms aan hom verhuur word nie, met dien verstande dat die versekerde 'n individu is en dat hy 'n voertuig hierkragtens verseker het wat voldoen aan die beskrywing onder omskrywing 7.1 of 7.2 en met dien verstande dat die maatskappy nie aanspreeklik is nie vir skade aan die voertuig terwyl dit bestuur of gebruik word;

4. die versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat ontstaan weens die sleep van enige ander voertuig of sleepwa (insluitend aanspreeklikheid in verband met die gesleepte voertuig of sleepwa) deur 'n voertuig (behalwe teen vergoeding), met dien verstande dat die maatskappy nie aanspreeklik is vir skade aan die gesleepte voertuig of sleepwa of vir die eiendom daarin of daarop nie.

### Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derdepartye)

Die maatskappy is nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik ten opsigte van die volgende nie:

#### 1 Verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing

soveel van enige skadevergoeding of eis as wat binne die bestek van enige verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing val. Hierdie uitsondering geld nieteenstaande die feit dat geen versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is nie;

#### 2 Bybetaling

die bybetaling vermeld in die bylae na gelang van die tipe voertuig ten opsigte van elke gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling aanleiding gee

#### 3 Aanspreeklikheid teenoor passasiers

besering van enige persoon wat in of op 'n voertuig beskryf in omskrywing 7.2, 7.3, 7.4 of 7.5 vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan (behalwe 'n persoon wat in of op 'n permanent omslote passasierdraende kompartement van 'n handelsvoertuig met 'n bruto voertuiggewig van hoogstens 3 500 kg vervoer word of wat daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim);

#### 4 Handelswerktuig

aanspreeklikheid wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik (vir ander doeleindes as die instandhouding of herstel van die voertuig) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met 'n voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in enige sodanige gereedskap of toerusting. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op vurkhysers nie.

## Onderafdeling C - Mediese onkoste en traumakoste

### Omskrewe gebeurtenisse

#### 1 Mediese onkoste

Indien 'n insittende in die gespesifiseerde deel van 'n voertuig hieronder beskryf regstreeks in verband met sodanige voertuig op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse liggaamlike besering opdoen, betaal die maatskappy aan die versekerde die mediese onkoste in verband met sodanige besering tot hoogstens 'n bedrag van R7 500 per beseerde insittende maar tot hoogstens R30 000 in totaal vir alle beseerde insittendes as gevolg van 'n gebeurtenis of 'n reeks gebeurtenisse voortspruitend uit een gebeurtenis.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie onderafdeling word verminder met enige bedrag wat ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes of soortgelyke wetgewing verhaalbaar is.

Die uitdrukking mediese onkoste sluit enige koste in wat aangegaan word in verband met sodanige insittende se bevryding uit sodanige voertuig of sy vervoer na 'n plek waar mediese behandeling toegedien kan word.

| | Omskrewe voertuig maar slegs indien dit ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling verseker is | Gespesifiseerde gedeelte van voertuig waarin besering opgedoen moet word |
|---|---|---|
| 1 | Enige privaat tipe motorvoertuig of gemotoriseerde motorwoonwa | Enige plek binne die voertuig |
| 2 | Enige ander tipe versekerde voertuig behalwe 'n bus of huurmotor | Die permanent omslote passasierdraende kompartement |

### 2 Traumakoste

Indien 'n insittende van 'n voertuig behandeling van 'n geregistreerde sielkundige ontvang omdat eersgenoemde sielkundig getraumatiseer is as 'n direkte gevolg van geweld of die dreigement van geweld tydens diefstal, poging tot diefstal of kaping van sodanige voertuig, sal die maatskappy aan die versekerde die koste van sodanige behandeling betaal tot en met die bedrag wat in die bylae vermeld word vir traumakoste ten opsigte van 'n voorval of reeks voorvalle voortspruitend uit een gebeurtenis.

## Bepalings ten opsigte van geeneiskorting (van toepassing op gespesifiseerde voertuig - grondslag)

Die polisbylae toon die eisvrye groep (EVG) van elke voertuig. Hierdie eisvrye groepe word toegeken gebaseer op die getal eise ingestel of wat voortspruit ten opsigte van die betrokke voertuig gedurende die voorafgaande (jaarlikse) versekeringstydperke (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum). Die hernuwingspremie word gebaseer op die hersiene eisvrye groep volgens die volgende verduideliking:

1 Eisvrye groepe wissel tussen 0 en 10 vir voertuigomskrywings 7.1, 7.2, 7.3 en7.4, waar eisvrye groep 10 die laagste en 0 die hoogste premie het.

2 'n Eisvrye groep 3 sal byvoorbeeld toegeken word aan 'n voertuig met 3 opeenvolgende eisvrye jare en 6 vir 'n voertuig met 6 opeenvolgende eisvrye jare.

3 Elke eis ingestel of voortspruitend tydens 'n versekeringstydperk sal tot gevolg hê dat die eisvrye groep verminder word met 2 by die volgende hernuwing. Indien 'n eis ten opsigte van 'n voertuig met 'n eisvrye groep 5 gedurende die versekeringstydperk ingestel word, sal die eisvrye groep by die volgende hernuwing verminder na 3. Indien dieselfde voertuig met 'n eisvrye groep 5 twee eise het gedurende die versekeringstydperk, sal die eisvrye groep by die volgende hernuwing verminder na 1.

## Spesifieke voorwaardes van toepassing op alle onderafdelings

### 1 Lisensie

Indien enige bestuurslisensie ten gunste van die versekerde of sy gemagtigde bestuurder gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word, of indien hy of hulle weens nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur aangekla of skuldig bevind word, moet skriftelike kennisgewing aan die maatskappy gestuur word sodra die versekerde van sodanige feit bewus word.

### 2 Padwaardigheid

Dit is 'n opskortende voorwaarde vir die maatskappy se aanspreeklikheid en daar word gewaarborg dat alle voertuie, hetsy op hul eie of as deel van 'n kombinasie van voertuie, te alle tye in 'n padwaardige toestand gehou word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op alle onderafdelings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

### 1 Kontraktuele aanspreeklikheid

enige eis wat ontstaan uit kontraktuele aanspreeklikheid, tensy die versekerde nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.

### 2 Bedwelmende drank, verdowingsmiddels of nie gelisensieer nie

enige ongeluk, besering, skade of aanspreeklikheid opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur:

2.1 die versekerde terwyl hy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of terwyl hy nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie

2.2 enige ander persoon met die algemene toestemming van die versekerde wat, na die versekerde se wete, onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie, maar dit is nie van toepassing nie indien die versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieer is en indien die versekerde tot bevrediging van die maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur.

Met dien verstande dat enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in die gebiedsgrense verwys word, of indien daar nie aan 'n lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om 'n lisensie te hernu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing, of indien 'n lisensie nie vereis word deur 'n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders. Gelisensieer sluit die vereiste in om bykomend tot 'n bestuurslisensie 'n professionele bestuurspermit te hê vir daardie voertuie waarvoor sodanige permit volgens wet vereis word.

### 3 Buite gebiedsgrense

enige ongeluk, besering, skade of aanspreeklikheid opgedoen buite die gebiedsgrense, maar die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir skade aan enige voertuig terwyl dit in transito is op see of per lug tussen hawens of plekke in hierdie grondgebiede, insluitend die laai en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan.

### 4 Voertuig nie gebruik in ooreenstemming met beskrywing van gebruik nie

enige ongeluk, besering, skade of aanspreeklikheid terwyl die voertuig met die medewete en toestemming van die versekerde op 'n ander wyse as in ooreenstemming met die beskrywing van gebruik-klousule gebruik word

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Uitbreiding by onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derdepartye): Gebeurlikheidsaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die skadeloosstelling ingevolge onderafdeling B sluit eise in wat ingestel word teen:

1.1 die versekerde in die geval van 'n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nóg die eiendom van die versekerde is nóg deur hom voorsien is, terwyl dit gebruik word deur enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie uitbreiding sodanige persoon genoem);

1.2 enige sodanige persoon in die geval van 'n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nóg aan hom of die versekerde behoort nóg deur enige van hulle gebruikhuur of gehuur word, maar slegs tot die mate wat sodanige persoon nie enige motorversekering of die voortsetting daarvan deur enige maatskappy geweier is nie.

met dien verstande dat:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

1.1 al die woorde in 3 (Aanspreeklikheid teenoor passasiers) van die uitsonderings op onderafdeling B geskrap word;

1.2 die maatskappy nie aanspreeklik is vir verlies van of skade aan enige motorvoertuig wat gebruik word vir die doeleindes en op die wyse wat in 1.1 en 1.2 hierbo beskryf word nie;

1.3 die betaling deur die versekerde van subsidies of reistoelaes aan sodanige persoon vir die gebruik van sy eie voertuig vir amptelike doeleindes van die versekerde, insluitend die vervoer van persone vir sodanige doeleindes, toegelaat word sonder dat die versekering ingevolge hierdie uitbreiding daardeur benadeel word;

1.4 indien die versekerde of sodanige persoon ten tyde van die plaasvind van enige ongeluk wat tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding lei, ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, die maatskappy nie aanspreeklik is om enige betaling hierkragtens te maak nie, behalwe ten opsigte van enige oorskryding bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is;

1.5 die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van die polis andersins van toepassing is.

## 2 Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Krediettekort (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien enige algeheleverlies-skikking ingevolge onderafdeling A minder is as die bedrag wat aan die finansier verskuldig is ingevolge 'n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms, betaal die maatskappy aan die versekerde 'n verdere bedrag gelykstaande aan die tekort, minus:

2.1 enige agterstallige paaiemente of huurgeld insluitend rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae

2.2 alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die motorvoertuig verband hou

2.3 die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word

2.4 die bybetaling ingevolge onderafdeling A

altyd met dien verstande dat:

2.1 die bedrae betaalbaar hoogstens die maksimum skadeloosstelling minus die bybetaling ingevolge onderafdeling A plus die bedrag van die krediettekort beloop

2.2 hierdie uitbreiding nie van toepassing is op 'n ooreenkoms waarvolgens die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaarde-bedrag ná die aanvanklike paaiement, met meer as 10% van enige ander paaiement verskil nie;

2.3 indien sodanige tekort die resultaat is van 'n hervoorskot ingevolge 'n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge 'n bruikhuurooreenkoms, die versekering ingevolge hierdie uitbreiding nietig verklaar word.

## 3 Klousule in onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derdepartye): Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die maatskappy elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, beloop

## 4 Klousule: Beskrywing van gebruik

Gebruik vir sosiale, huishoudelike en ontspanningsdoeleindes en gebruik vir die besigheid of beroep van die versekerde.

Met uitsluiting van:

verhuring, vervoer van passasiers teen vergoeding of die vervoer van reisgeldbetalende passasiers, renne, spoed- of ander wedrenne, tydrenne, tydtoetse, vervoer van plofstowwe of vervoer van enige vrag of passasiers wat die dravermoë oorskry waarvoor dit gebou of gelisensieer is of gebruik vir enige doeleindes in verband met die motorhandel.

Die skadeloosstelling van die versekerde in verband met enige voertuig geld terwyl sodanige voertuig in die bewaring of onder die beheer van 'n lid van die motorhandel is vir die doel van versiening, instandhouding of herstelwerk.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

5 **Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Brandbluskoste**

Enige koste (tot hoogstens R15 000) wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik kan wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

6 **Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Verlies van sleutels (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos ten opsigte van die koste van die vervanging van slotte en sleutels insluitend die afstandalarmbeheerder en indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige versekerde voertuig ná die verdwyning van enige sleutel of alarmbeheerder van sodanige voertuig of, nadat die versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit kan wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel of alarmbeheerder.

met dien verstande dat:

6.1 die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word;

6.2 die bepalings van hierdie afdeling wat verband hou met die bybetaling en geeneiskorting nie van toepassing is op hierdie uitbreiding nie.

7 **Uitbreiding by onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derdepartye): Parkeerfasiliteite en verskuiwing van derde partye se voertuie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Hierdie afdeling word uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van ongelukke wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die verskuiwing van enige voertuig (wat nie aan die versekerde behoort of aan hulle geleen gehuur of gebruikhuur word nie)
deur enige persoon in diens van die versekerde of wat namens die versekerde optree, altyd met dien verstande dat sodanige voertuig verskuif is

6.1 met die magtiging van enige huurder, klant of besoeker van die versekerde, of

6.2 in verband met die versekerde se parkeerreëlings, of

6.3 om die uitvoering van die versekerde se besigheid te bewerkstellig

en verder met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie van toepassing is op skade aan voertuie wat teen vergoeding geparkeer is nie.

Sodanige voertuig (en die inhoud daarvan) word vir die doeleindes van hierdie uitbreiding nie geag deur die versekerde in trust gehou te word of in sy bewaring of onder sy beheer te wees nie.

8 **Uitbreiding by onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derdepartye): Aanspreeklikheid teenoor passasiers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Uitsondering 3 (Aanspreeklikheid teenoor passasiers) op onderafdeling B is nie van toepassing op voertuie wat in omskrywing 7.2 beskryf word nie, behalwe spesiale tipes, of in omskrywing 7.3, 7.4 of 7.5 nie. Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele gebeurtenis beloop hoogstens die bedrag wat in die bylae vermeld word.

9 **Klousule: Premie-aanpassing**

Indien hierdie afdeling op 'n ongespesifiseerde voertuig-grondslag uitgereik word, moet die versekerde aan die einde van elke versekeringstydperk 'n verklaring van die totale getal voertuie wat op sodanige verstrykingsdatum deur hom besit, gehuur of gebruikhuur is, by die maatskappy indien. By ontvangs van hierdie verklaring doen die maatskappy 'n premie-aanpassing van 50% van die jaarlikse tarief per voertuig toegepas op die verskil in die getal voertuie by die aanvang of die hernuwing en die getal wat verklaar is.

10 **Klousule in onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derdepartye): Prinsipale**

Nieteenstaande spesifieke uitsondering 1 (Kontraktuele aanspreeklikheid) van hierdie afdeling, word die skadeloosstelling ingevolge onderafdeling B uitgebrei om, in die mate wat dit deur die voorwaardes van enige kontrak van die Bou-Industrieë Federasie van Suid-Afrika (Bifsa) vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoering van sodanige kontrak, enige prinsipaal wat benoem word in sodanige kontrak wat deur die versekerde aangegaan word vir die doeleindes van die besigheid skadeloos te stel, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die aanspreeklikheidsperk wat in die bylae vermeld word, beloop.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 11 Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Vervanging van onbeskadigde buitebande, vere of skokbrekers

Waar die maatskappy aanspreeklik is om die versekerde ten opsigte van beskadigde of gesteelde buitebande, vere of skokbrekers skadeloos te stel, sal die maatskappy die versekerde ook vir die vervanging van die oorblywende buitebande, vere of skokbrekers skadeloos stel, met dien verstande dat

11.1 hierdie uitbreiding slegs van toepassing is indien sodanige bykomende vervanging deur die voertuigvervaardiger vereis word of waar die voertuigvervaardiger skriftelik bevestig dat nie-vervanging die voertuigwaarborg negatief sal beïnvloed;

11.2 die maatskappy geregtig is op besit en eienaarskap van die buitebande, vere of skokbrekers wat nie beskadig of gesteel is nie;

11.3 billike slytasie afgetrek sal word vir die loopvlak wat reeds op die oorblywende buitebande gebruik is, of vir die slytasie op vere en skokbrekers;

11.4 waar die bybetaling as 'n persentasie van die eis aangedui word, sodanige bybetaling bereken sal word op die totale bedrag van die eis, insluitend die koste van die vervanging van die buitebande, vere of skokbrekers wat nie beskadig of gesteel is nie.

## 12 Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Oproer en staking (met uitsluiting van skade wat in die Republiek van Suid Afrika en Namibië voorkom) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

12.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

12.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 12.1 hierbo verwys word

met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

12.1 verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

12.2 gevolglike of onregstreekse skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

12.3 skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

12.4 skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

12.5 skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6, 7.1.7 of 7.1.8 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 12.1, 12.2, 12.3, 12.4 of 12.5 beweer dat hierdie afdeling nie skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 13 Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Tydelike verwydering van oudio- of visuele toerusting

Die versekering ingevolge onderafdeling A sluit skade aan verwyderbare oudio- of visuele toerusting in (insluitend verwyderbare sigplate van oudio- of visuele toerusting) wat in 'n versekerde voertuig ingebou is terwyl sodanige toerusting of sigplate tydelik uit die voertuig verwyder word.

## 14 Slegs derde party, brand en diefstal (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge onderafdeling A word uitsluitlik beperk tot skade wat ontstaan weens brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing of weens diefstal of enige poging daartoe. Verder word onderafdeling C en die bepalings ten opsigte van die geeneiskorting gekanselleer.

## 15 Slegs derde party (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Onderafdeling A en C en die bepalings ten opsigte van die geeneiskorting word gekanselleer.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 16 Uitbreiding by onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derdepartye): Aanspreeklikheid teenoor ongemagtigde passasiers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ongeag uitsondering 3 (Aanspreeklikheid teenoor passasiers) daarop word die skadeloosstelling ingevolge onderafdeling B uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid te dek vir die dood of liggaamlike besering van persone terwyl hulle vervoer word in of op enige voertuig of terwyl hulle daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim, strydig met die versekerde se opdrag aan hulle bestuurders om nie passasiers te vervoer nie.

Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele gebeurtenis beloop hoogstens die bedrag wat in die bylae vermeld word.

## 17 Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Voertuigkappies

Die versekering ingevolge onderafdeling A sluit skade aan enige kappie in wat as 'n toebehoorsel van 'n versekerde handelsvoertuig met 'n bruto voertuiggewig van hoogstens 3 500 kg verseker is, terwyl dit tydelik verwyder en in 'n gebou op die perseel gehou word, met dien verstande dat die maatskappy ten opsigte van skade voortspruitend uit diefstal of enige poging tot diefstal slegs aanspreeklik sal wees waar sodanige diefstal of poging tot diefstal gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die gebou waar die kappie gehou word.

## 18 Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Voertuigglas

Die bepalings van hierdie onderafdeling wat verband hou met die bybetaling en geeneiskorting is nie van toepassing op enige betaling vir skade aan ruit- en sondakglas en koplig-, mislig- en agterlig-eenhede wat deel uitmaak van enige voertuig nie

met dien verstande dat:

18.1 geen ander skade aan die voertuig veroorsaak word wat tot 'n eis ingevolge die polis aanleiding gee nie;

18.2 die versekerde verantwoordelik is vir die bybetaling soos in die bylae vermeld vir hierdie uitbreiding, vir iedere en elke verlies.

## 19 Klousule: Afstanddoening van subrogasieregte

Die maatskappy doen vir die doel van hierdie afdeling afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hulle kan hê of wat hulle kan verkry teen enige ander persoon waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is en elke sodanige persoon moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing kan wees.

## 20 Klousule by onderafdelings B (Aanspreeklikheid teenoor derdepartye) en C (Mediese onkoste en traumakoste): Oorlog

Slegs ten opsigte van onderafdelings B en C word algemene uitsondering 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) geskrap en deur die volgende vervang:

Hierdie afdeling dek nie oorlog, inval, optrede deur 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

## 21 Uitbreiding by onderafdeling A (Skade): Wrakverwydering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die dekking verskaf ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling word uitgebrei om koste en uitgawes in te sluit wat deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige versekerde voertuig ná skade aan sodanige voertuig deur 'n omskrewe gebeurtenis met dien verstande dat benewens die skadeloosstellingsperk ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling, die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding, ten opsigte van enige enkele gebeurtenis nie die perk wat in die bylae vermeld is sal oorkry nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# MOTORHANDELAARS

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Skade

skade beteken

fisiese skade insluitende fisiese verlies

### 2 Skadevergoeding

Skadevergoeding sluit koste en uitgawe in:

2.1 wat regtens deur 'n eiser van die versekerde verhaalbaar is

2.2 wat met die toestemming van die maatskappy aangegaan word.

### 3 Beskrywing van gebruik

beskrywing van gebruik beteken

3.1 gebruik vir sakedoeleindes van die versekerde met uitsluiting van transito-aflewering of begeleiding deur of namens die versekerde deur toevallige bestuurders of persone wat nie geheel en al en gereeld in diens van die versekerde is nie;

3.2 gebruik vir onderrig met dien verstande dat die leerlingbestuurder vergesel word van 'n ten volle gelisensieerde bestuurder wat die versekerde of 'n lid, direkteur of werknemer van die versekerde is;

3.3 gebruik vir demonstrasie insluitende die bestuur van die voertuig deur die persoon aan wie dit gedemonstreer word met dien verstande dat sodanige persoon vergesel word van 'n ten volle gelisensieerde bestuurder wat die versekerde of 'n lid, direkteur of werknemer van die versekerde is;

3.4 gebruik vir sosiale, huishoudelike en ontspanningsdoeleindes (hetsy sodanige gebruik gepaard gaan met die besigheid van die versekerde of nie) deur enige ander persoon as die versekerde, 'n lid, 'n direkteur of 'n werknemer van die versekerde.

### 4 Werknemer

werknemer beteken

enige persoon in diens van die versekerde of wat in die loop van die besigheid optree.

### 5 Besering

besering beteken

liggaamlike besering insluitende dood en siekte

### 6 Voorval

voorval beteken

'n voorval of reeks voorvalle wat voortspruit uit een oorsaak in verband met enige enkele voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verskaf word.

### 7 Perseel

perseel beteken

die perseel van die versekerde in die bylae getoon en sluit in

7.1 motorparkeerterreine buite

7.2 sypaadjies reg langs die perseel, insluitend parkering in die straat langs hierdie sypaadjies

### 8 Privaat tipe motorvoertuie

privaat tipe motorvoertuie beteken



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

privaat tipe motorvoertuie (insluitende gemotoriseerde karavane en stasiewaens, safari-voertuie, karweimotors en dies meer of soortgelyke voertuie wat ontwerp is om nie meer nie as 12 mense, insluitende die bestuurder, te dra);

### 9 Eiendom

eiendom beteken

tasbare eiendom.

### 10 Redelike waarde

redelike waarde beteken

10.1 vir voertuie in voorraad wat in die voorraadregister verskyn en enige voertuig wat vir demonstrasiedoeleindes gebruik word:

die koopprys wat betaal is of inruilwaarde wat deur die versekerde aanvaar is plus 'n toelae vir enige herstelwerk of verbeterings aangebring

10.2 vir alle ander voertuie:

die prys waarteen die motorhandel 'n voertuig verkoop wat standaard fabrieksgemonteerde toebehore en onderdele daarin en daaraan insluit, waarvan die koste by die kleinhandelswaarde ingesluit is. Die redelike kleinhandelswaarde word normaalweg bepaal met verwysing na sekerde erkende huidige publikasies wat vir die motorhandel beskikbaar is en word gebaseer op die kleinhandelswaarde wat in sulke publikasies verskyn. Die voertuig se ouderdom, toestand en kilometerlesing kan die redelike kleinhandelswaarde beïnvloed.

### 11 Gebiedsgrense

gebiedsgrense beteken:

Republiek van Suid-Afrika. Angola (behalwe Cabinda), Botswana, Kenia, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe.

### 12 Die voertuig

die voertuig beteken

12.1 enige motorvoertuig of sleepwa wat deur die versekerde besit of gehuur of gebruikhuur word (behalwe enige voertuig wat die eiendom van die versekerde is en ingevolge 'n huurkoop- of soortgelyke ooreenkoms deur die versekerde gehuur of verkoop word tensy sodanige voertuig ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is)

12.2 enige motorvoertuig of sleepwa in die bewaring of onder die beheer van die versekerde behalwe 'n motorvoertuig of sleepwa wat in 12.1 beskryf word - hierna klante se voertuie genoem

12.3 enige voertuig (meganies of anders aangedryf) gekoppel aan 'n voertuig wat ingevolge 12.1 gedek word, met die doel om gesleep of geberg te word.

# Onderafdeling A Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)

## Omskrewe gebeurtenisse

Skade aan die voertuig of enige deel daarvan terwyl daaraan.

Verder, indien die voertuig as gevolg van versekerde skade buite werking is, sal die maatskappy die redelike koste van beskerming en verwydering na die naaste hersteller betaal, en die versekerde mag sonder vooraf toestemming van die maatskappy opdragte gee dat herstelwerk gedoen word tot hoogstens die bedrag wat in die bylae vermeld word, mits 'n volledige raming eers verkry en onmiddellik aan die maatskappy gestuur word.

Die maatskappy sal ook die redelike koste van aflewering by die versekerde na herstel van sodanige skade betaal, maar nie meer as die redelike koste van vervoer na die versekerde se vaste adres binne die gebiedsgrense nie,

met dien verstande dat:

1 die skadeloosstellingsperk vir die voertuig die bedrag is soos in die bylae vermeld word, en die maksimum bedrag is wat deur die maatskappy ten opsigte van sodanige skade betaalbaar is, maar nie die redelike waarde van die voertuig ten tyde van sodanige skade oorskry nie;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

2 die maatskappy na eie keuse die voertuig of enige deel daarvan en/of sy toebehore en onderdele, terwyl daaraan of daarin, kan herstel, terugplaas of vervang of in kontant die bedrag van die skade kan betaal wat nie die redelike waarde van die voertuig ten tyde van sodanige skade oorskry nie;

3 ondanks enigiets teenstrydigs in voorbehoudsbepalings 1 en 2 en slegs ten opsigte van privaat tipe motorvoertuie behalwe voertuie in voorraad, indien sodanige voertuig binne 'n tydperk van 12 maande na die datum van eerste registrasie as 'n nuwe voertuig, sodanig beskadig word dat dit na die maatskappy se mening nie ekonomies herstel kan word nie, sal die skadeloosstellingsgrondslag die huidige koopprys van 'n nuwe voertuig van dieselfde of 'n soortgelyke model of die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae wees, wat ook al die minste is, minus die bybetaling, met dien verstande dat

3.1 die voertuig minder as gemiddeld 3 500 kilometer per maand afgelê het. Die bewyslas om die kilometers afgelê deur die voertuig te bewys, rus op die versekerde;

3.2 indien die versekerde 'n vervangingsvoertuig vir minder as die huidige koopprys kan bekom, die voordeel van sodanige besparing aan die maatskappy deurgegee sal word;

3.3 indien die versekerde nie die voertuig kan of wil vervang nie, die skadeloosstellingsgrondslag weer die grondslag sal word soos in voorbehoudsbepaling 2 bepaal;

3.4 indien die voertuig vervang word soos hierbo beskryf, die maatskappy geregtig word op beslaglegging en eienaarskap van die beskadigde voertuig.

4 ten opsigte van iedere en elke voorval wat tot 'n eis (behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffing) ingevolge onderafdeling A aanleiding gee, die versekerde vir die bybetaling soos vermeld in die bylae verantwoordelik is.

### Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel))

Die maatskappy sal nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik wees nie vir:

**1 Gevolglike verlies**

gevolglike verlies;

**2 Klante se voertuie**

verlies of skade aan klante se voertuie terwyl in of op die perseel;

**3 Gebrekkige vakmanskap**

gebrekkige vakmanskap of die gevolge daarvan aan voertuie terwyl in of op die perseel;

**4 Waardevermindering**

waardevermindering, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie;

**5 Brand, diefstal of natuurlike oorsake**

skade aan die voertuie in woordomskrywing 12.1 en 12.3 omskryf terwyl in of op die perseel indien die verlies of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of voortspruit uit brand, ontploffing, weerlig, diefstal of enige poging daartoe, weerstoestande, aardbewing of aardtrilling of vulkaniese uitbarsting;

**6 Vere**

skade aan vere weens ongelykhede in die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede;

**7 Buitebande**

skade aan buitebande tensy 'n ander deel van die voertuig terselfdertyd beskadig word;

## Onderafdeling B Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak

### Omskrewe gebeurtenisse

'n Ongeval veroorsaak deur of in verband met die voertuig insluitende die laai of aflaai van sodanige voertuig.

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik gehou word om as skadevergoeding te betaal ten opsigte van



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

1 besering aan enige persoon behalwe 'n werknemer,

2 skade aan eiendom voortspruitend uit die ongeval.

## Skadeloosstellingsperk

Tensy anders vermeld, is die totale aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie onderafdeling beperk tot die skadeloosstellingsperk wat in die bylae getoon word. Indien meer as een persoon op skadeloosstelling geregtig is, is enige beperking van toepassing op die totale skadeloosstellingsbedrag en die versekerde sal voorkeur geniet.

Ingevolge en onderhewig aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie deel, die maatskappy

1 kan reël vir

  1.1 verteenwoordiging by enige doodsondersoek;

  1.2 die verdediging van strafregtelike verrigtinge vir enige optrede wat 'n gebeurtenis veroorsaak of daarmee verband hou wat ingevolge hierdie afdeling skadeloosstelbaar is.

2 sal enige persoon wat die voertuig met die versekerde se toestemming bestuur of gebruik, skadeloos stel, met dien verstande dat die persoon

  2.1 nie ingevolge enige ander polis op skadevergoeding geregtig is nie behalwe ten opsigte van enige bedrag wat ingevolge daarvan nie verhaalbaar is nie;

  2.2 asof hy die versekerde was, aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van die polis onderworpe is vir sover dit van toepassing kan wees;

  2.3 nie enige motorvoertuigversekering geweier is nie.

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak)

Die maatskappy is nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik nie vir

### 1 Verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing

soveel van enige vergoeding as wat ingevolge enige verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing versekerbaar is

### 2 Aanspreeklikheid teenoor passasiers (motorfietse en sleepwaens)

besering aan enige persoon wat vervoer word in of op of wat in of op enige motorfiets, bromponie, syspan of sleepwa klim of daaruit klim of daarvan afklim;

### 3 Oplaai en aflaai

skade aan eiendom wat behoort aan, in trust gehou word deur of in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is of vervoer word deur die voertuig, daarop gelaai of daarvan afgelaai word;

### 4 Lid van dieselfde huishouding

besering aan enige persoon wat 'n lid van dieselfde huishouding as die versekerde is;

### 5 Gereedskap

besering of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit die bedryf, demonstrasie of gebruik vir ander doeleindes as instandhouding of herstel van die voertuig (tensy dit 'n vurkhyswa is) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vas is aan of gebruik word in verband met die voertuig of enigiets wat vervaardig word deur of vervat word in enige sodanige gereedskap of toerusting.

# Onderafdeling C Aanspreeklikheid vir skade aan klante se voertuie op die perseel

## Omskrewe gebeurtenisse

Toevallige skade aan klante se voertuie of enige deel daarvan wat in, op of om die perseel plaasvind.

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik gehou word om te betaal vir skadevergoeding as gevolg van skade aan die klant se voertuig.

Op versoek van die versekerde sal die maatskappy enige ander party skadeloos stel teen aanspreeklikheid waarvoor die versekerde ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik sou gewees het en op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die versekerde ingestel was. Behalwe in die



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

geval van 'n werknemer sal die maatskappy nie vir besering of skade veroorsaak deur die optrede of versuim van die ander party betaal nie.

Indien meer as een persoon op skadeloosstelling geregtig is, is die skadeloosstellingsperk van toepassing op die totale skadeloosstellingsperk en die versekerde sal voorkeur geniet.

### Skadeloosstellingsperk

Die maksimum bedrag betaalbaar deur die maatskappy ten opsigte van enige enkele voertuig sal nie die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, oorskry nie.

### Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling C (Aanspreeklikheid vir skade aan klante se voertuie op die perseel)

Die maatskappy sal nie ingevolge hierdie onderafdeling betaal nie vir skade aan enige voertuig regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of voortspruitend uit

**1 Brand, diefstal of natuurlike oorsake**

brand, ontploffing, weerlig, diefstal, weerstoestande, aardbewing of aardtrilling;

**2 Gebrekkige vakmanskap**

gebrekkige vakmanskap of die gevolge daarvan;

## Spesifieke voorwaardes

**1 Berekening van premie**

Die premie is bereken op ramings van lone, salarisse, kommissie en ander vergoeding wat deur die versekerde aan alle werknemers betaalbaar is en wat die versekerde aan die maatskappy verskaf het.

Waar die versekerde 'n individu of 'n vennootskap is, moet die bedrag wat in die bylae aangedui word, by die verklaring vir elke prinsipaal in die plek van salaris gevoeg word.

**2 Verkeersoortredings (Van toepassing op die bestuur van voertuie behalwe dié in, op of om die perseel)**

Die versekerde moet die maatskappy onmiddellik skriftelik in kennis stel indien hy daarvan bewus word dat:

2.1 sy of sy gemagtigde bestuurder se rybewys geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word;

2.2 enige bestuurder van die voertuig aangekla word van of skuldig bevind word aan roekelose, nalatige of onbedagsame bestuur.

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdelings A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)) en B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak)

Die maatskappy sal nie ingevolge hierdie onderafdelings betaal nie vir enige ongeval, besering, skade of aanspreeklikheid veroorsaak terwyl enige voertuig bestuur of gebruik word

**1 Beskrywing van gebruik**

op 'n ander wyse as in ooreenstemming met die Beskrywing van Gebruik;

**2 Plofstowwe**

vir die vervoer van plofstowwe

**3 Hotel, privaat hotel of losieshuis**

vir die vervoer van reisgeldbetalende passasiers of gaste van 'n hotel, privaat hotel of losieshuis indien die versekerde die opsigter van sodanige hotel, privaat hotel of losieshuis is;

**4 Bedwelmende drank of verdowingsmiddels**

4.1 deur die versekerde, 'n lid of direkteur van die versekerde terwyl hy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is;

4.2 met die toestemming van die versekerde, deur 'n persoon wat die versekerde weet onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 5 Oorlading

vir die vervoer van enige vrag wat dié waarvoor die voertuig gebou is, oorskry.

### 6 Reisiesjaag

vir resiesjaag, pasaangee, tydrenne, enige snelheidswedren of -proef of bestuur in 'n weddenskap;

### 7 Ongemagtigde doel

vir enige ongemagtigde doel deur enige werknemer van die versekerde of deur enige ander persoon met wie die werknemer saamwerk.

### 8 Ongelisensieer

deur die versekerde (of deur enige ander persoon met sy toestemming) tensy gelisensieer om sodanige voertuig te bestuur kragtens wetgewing van toepassing in enige-gebied binne die gebiedsgrense. Indien 'n lisensie aan hernuwing onderworpe is, moes die bestuurder in besit gewees het en nie gediskwalifiseer gewees het om sodanige lisensie te hou of te verkry nie. Hierdie uitsondering is nie van toepassing nie terwyl sodanige voertuig bestuur word deur die versekerde (of enige ander persoon in diens van die versekerde met sy toestemming) terwyl hy leer om te bestuur indien die wette en regulasies met betrekking tot leerlingbestuurders nagekom word;

### 9 Voertuie wat verhuur word

vir verhuur of as 'n taxi of aanhou vir openbare of privaat huur;

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op alle onderafdelings

### 1 Kontraktuele aanspreeklikheid

Die maatskappy sal nie ingevolge hierdie onderafdelings betaal nie vir ongeval, besering, skade of aanspreeklikheid voortspruitend uit kontraktuele aanspreeklikheid tensy die versekerde sodanig aanspreeklik sou gewees het ongeag sodanige kontraktuele aanspreeklikheid.

### 2 Privaat individu, vennootskap, "privaat" -maatskappy of beslote korporasie

Indien die versekerde 'n privaat individu, 'n vennootskap, 'n "privaat" -maatskappy of beslote korporasie is, sal die maatskappy nie ingevolge hierdie onderafdelings betaal nie vir ongeval, besering, skade of aanspreeklikheid veroorsaak aan of deur enige voertuig wat deur die versekerde of lid van die versekerde of enige direkteur van die versekerde in hulle privaat hoedanigheid besit, gehuur of gebruikhuur word.

### 3 Gebiedsgrense

Die maatskappy sal nie ingevolge hierdie onderafdelings betaal nie vir ongeval, besering, skade of aanspreeklikheid wat buite die gebiedsgrense plaasvind.

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Uitbreiding by onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak): Gebeurlikheidsaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die skadeloosstelling ingevolge onderafdeling B sluit eise in wat ingestel word teen:

1.1 die versekerde in geval van 'n ongeval wat in die loop van besigheid ontstaan en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nie die eiendom van die versekerde is of deur die versekerde voorsien word terwyl dit deur enige vennoot of enige direkteur of werknemer van die versekerde gebruik word (hierna in hierdie uitbreiding sodanige persoon genoem);

1.2 enige sodanige persoon in die geval van 'n ongeval wat in die loop van besigheid ontstaan en veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nie aan hom of aan die versekerde behoort of deur enigeen van hulle gebruikhuur of gehuur word nie, maar net in die mate wat sodanige persoon nie enige motorversekering of die voortsetting daarvan deur enige versekeraar geweier is nie;

met dien verstande dat

1.1 die maatskappy nie aanspreeklik is nie vir verlies van of skade aan enige motorvoertuig wat gebruik word vir die doeleindes en op die wyse wat in 1.1 en 1.2 hierbo beskryf word;

1.2 die betaling deur die versekerde van subsidies of reistoelaes aan sodanige persoon vir die gebruik van sy eie voertuig vir amptelike doeleindes van die versekerde, insluitende die vervoer



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

van persone vir sodanige doeleindes, toegelaat word sonder dat die versekering deur hierdie uitbreiding benadeel word;

1.3 indien ten tyde van die plaasvind van enige ongeval wat tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding lei die versekerde of sodanige persoon geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis ten opsigte van dieselfde gebeurtenis, die maatskappy nie aanspreeklik is om enige betaling ingevolge hiervan te doen nie behalwe ten opsigte van enige oormaat bo die bedrag betaalbaar ingevolge sodanige ander polis;

1.4 die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van die polis andersins geld.

## 2 Uitbreiding by onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak): Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as een versekerde in die bylae by name genoem word, sal die maatskappy elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos stel en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word behandel asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik was, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy nie die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, sal oorskry nie.

## 3 Skrapping van passasiersdekking (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die maatskappy is nie ingevolge onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak) aanspreeklik nie vir besering aan enige persoon wat vervoer word in of op of wat opklim op of inklim in of uitklim uit die voertuig.

## 4 Uitsluiting van demonstrasierisiko's (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Beskrywing van gebruik klousule 3.3 word geskrap.

## 5 Net eksterne risiko's (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

5.1 Onderafdeling C (Aanspreeklikheid vir skade aan klante se voertuie op die perseel) word gekanselleer.

5.2 Die maatskappy sal nie ingevolge onderafdelings A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)) en B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak) betaal nie vir skade of ongevalle wat in, op of om die perseel plaasvind.

## 6 Net interne risiko's (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

6.1 Onderafdeling A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)) word gekanselleer.

6.2 Die maatskappy sal net ingevolge onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak) betaal vir ongevalle wat in, op of om die perseel plaasvind.

## 7 Bepalings ten opsigte van geeneiskorting

Indien 'n eis ingevolge hierdie afdeling nie gedurende 'n versekeringstydperk van minstens 12 maande onmiddellik voor die hernuwingsdatum ontstaan nie, sal die hernuwingspremie met 10% verminder word. Verminderings sal nie kumulatief wees nie. Indien die maatskappy toestem tot 'n oorplasing van belang in hierdie polis, sal die versekeringstydperk op die toestemmingsdatum 'n aanvang neem.

## 8 Uitbreiding by onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak): Prinsipale

Ondanks uitsondering 1 (Kontraktuele aanspreeklikheid) van die spesifieke uitsonderings van toepassing op alle onderafdelings word die skadeloosstelling ingevolge Onderafdeling B uitgebrei om (in die mate wat dit deur die voorwaardes van enige kontrak van die Bou Industrieë Federasie van Suid-Afrika en in verband met enige aanspreeklikheid voortspruitend uit die uitvoer van sodanige kontrak vereis word) enige prinsipaal wat by name genoem word in sodanige kontrak wat deur die versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangegaan word, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy nie die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, sal oorskry nie.

## 9 Uitbreiding by onderafdeling A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)): Oproer en staking (met uitsluiting van skade wat in die Republiek van Suid Afrika en Namibië voorkom) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe andersins aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

9.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

9.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 6.1 hierbo verwys word;

met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie

9.1 verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;

9.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

9.3 verlies of skade voortspruitend uit algehele of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

9.4 verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming as gevolg van konfiskasie, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

9.5 verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6, 7.1.7 of 7.1.8 van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 9.1, 9.2, 9.3, 9.4 of 9.5Uitbreiding: beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 10 Uitbreiding: Sosiale, huishoudelike en ontspanningsgebruik (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande beskrywing van gebruik klousule 3.4 mag die voertuie wat deur hierdie polis verseker word ook vir sosiale. huishoudelike en ontspanningsdoeleindes gebruik word deur die persone wat in die bylae gelys word.

## 11 Derde party, brand en diefstal - van toepassing op onderafdeling A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)) (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Klousule 7 (Bepalings ten opsigte van geeneiskorting) word gekanselleer en die maatskappy sal, onderworpe aan uitsondering 5 (Brand, diefstal of natuurlike oorsake) van die spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdeling A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)), ingevolge onderafdeling A net aanspreeklik wees indien die skade aan die voertuig weens brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing of weens diefstal of enige poging daartoe ontstaan.

## 12 Net derde party

Onderafdelings A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)) en C (Aanspreeklikheid vir skade aan klante se voertuie op die perseel) en klousule 7 (Bepalings ten opsigte van geeneiskorting) word gekanselleer.

## 13 Ongemagtigde gebruik deur werknemers

Uitsondering 7 (Ongemagtigde doel) van die spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdelings A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)) en B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak) word geskrap.

## 14 Uitbreiding by onderafdelings A (Skade aan die voertuig (behalwe klante se voertuie op die perseel)) en C (Aanspreeklikheid vir skade aan klante se voertuie op die perseel): Voertuigglas (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bepalings van hierdie onderafdeling wat verband hou met die bybetaling en geeneiskorting is nie van toepassing op enige betaling vir skade aan ruit- en sondakglas en koplig-, mislig- en agterlig-eenhede wat deel uitmaak van enige voertuig nie

met dien verstande dat:

14.1 geen ander skade aan die voertuig veroorsaak word wat tot 'n eis ingevolge die polis aanleiding gee nie;

14.2 die versekerde verantwoordelik is vir die bybetaling soos in die bylae vermeld vir hierdie uitbreiding, vir iedere en elke verlies.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 15 Afstanddoening van subrogasieregte

Vir die doeleindes van hierdie afdeling, op versoek van die versekerde, sal die maatskappy afstand doen van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hy mag hê of mag bekom teen enige ander persoon waarop die skadeloosstelling ingevolge hiervan van toepassing is en elke sodanige persoon moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (sowel algemeen as spesifiek) van hierdie versekering in die mate wat dit kan geld, nakom, daaraan voldoen en daaraan onderworpe wees.

## 16 Klousule in onderafdeling B (Aanspreeklikheid teenoor derde partye deur die voertuig veroorsaak): Oorlog

Ten opsigte van onderafdeling B word net algemene uitsondering 7 geskrap en deur die volgende vervang:

Hierdie onderafdeling dek nie oorlog, inval, daad van 'n vreemde vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie). burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

## 17 Uitbreiding by onderafdeling C (Aanspreeklikheid vir skade aan klante se voertuie op die perseel): Werk weg van perseel

Die omskrywing van perseel word uitgebrei om enige perseel in te sluit wat nie onder die beheer van die versekerde is nie waar die versekerde aan 'n klant se voertuig werk.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# ONKLAARRAKING VAN MASJINERIE

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn, tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Markwaarde

markwaarde beteken

die huidige koopprys van 'n tweedehandse/gebruikte masjien wat in elke opsig identies is aan die masjien wat beskadig is en wesenlik in 'n soortgelyke toestand is. Waar geen soortgelyke masjien beskikbaar is nie, word die markwaarde bereken as die huidige nuwe vervangingswaarde van die masjien minus 'n redelike bedrag vir gebruik gebaseer op 'n toepaslike waardeverminderingskaal.

## Omskrewe gebeurtenisse

Enige onvoorsiene en skielike fisiese beskadiging aan die masjinerie wat beskryf word in die bylae te wyte aan enige oorsaak terwyl dit

1 in werking is of stilstaan

2 gedemonteer word met die doel om skoongemaak geïnspekteer opgeknap of verskuif te word na 'n ander posisie of in die loop van hierdie bedrywighede op sigself of heroprigting

binne die versekerde se perseel

3 op enige perseel vir die doel van skoonmaak, opknapping, herstel of ander soortgelyke doeleindes binne die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe.

## Skadeloosstellingsgrondslag

1 As die beskadiging herstel kan word sal die maatskappy die koste van herstelling tot 'n werkende toestand betaal met die gewone daaglikse loontariewe in die distrik as grondslag en ook die normale vraggeld en oprigtingskoste en doeaneregte.

2 As die versekerde item heeltemal vernietig is sal die maatskappy die markwaarde van die item net voor die ongeluk en die verwyderingskoste van die beskadigde masjinerie minus die waarde van die oorblyfsels betaal.

Die versekerde item sal as heeltemal vernietig beskou word indien die herstelkoste soos omskryf in 1 hierbo die markwaarde net voor die ongeluk ewenaar of oorskry.

3 Die maatskappy het die keuse om enige beskadigde masjinerie te laat herstel vervang of vergoeding te betaal in kontant.

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Toegang

Die versekerde moet die gemagtigde verteenwoordigers van die maatskappy toelaat om die versekerde masjinerie op enige redelike tyd te inspekteer. As nuwe feite gedurende die inspeksie daarop dui dat die risiko waarskynlik hoër sal wees as gewoonlik moet die versekerde op aanvraag van die maatskappy die risiko binne 'n redelike tydsbestek verminder totdat dit weer normaal is. Versuim hiervan gee die maatskappy die reg om dekking gedeeltelik of geheel en al in te trek totdat die risiko weer normaal is.

### 2 Verandering in werksomstandighede

Daar moet kennis gegee word aan die maatskappy van enige beoogde verandering aan of afwyking van normale werksomstandighede wat die risiko van beskadiging aan die masjinerie genoem in die bylae sal verhoog. Indien die maatskappy nie die verandering of afwyking van normale werksomstandighede goedkeur nie kan die maatskappy die versekering van die betrokke masjinerie kanselleer en die geskikte premieterugbetaling maak.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 3 Eweredigheid

Indien die versekerde bedrag tydens beskadiging minder is as die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde word die versekerde as sy eie versekeraar geag vir die verskil en moet hy na verhouding 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item masjinerie is afsonderlik onderhewig aan hierdie voorwaarde.

### 4 Eise

Na 'n gebeurtenis wat aanleiding gee of waarskynlik aanleiding sal gee tot 'n eis moet die versekerde

4.1 alles doen wat hy moontlik kan om die versekerde items te red en te behou

4.2 aangaan met die herstelwerk van die masjinerie met dien verstande dat

4.2.1 hy voldoen aan 4.1 hierbo

4.2.2 die uitvoer van herstelwerk sonder benadeling van aanspreeklikheid aanvaar sal word

4.2.3 enige beskadigde deel wat vervang moet word gehou word vir inspeksie deur die maatskappy

### 5 Versekerde waarde

Die versekerde bedrag vir elke item masjinerie gespesifiseer in die bylae moet te alle tye gelyk wees aan die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde.

### 6 Herstelling van versekerde bedrag

Indien die maatskappy enige bedrag of bedrae betaal as versekeraarsaanspreeklikheid kragtens hierdie versekering word die versekerde bedrag outomaties herstel vir die res van die betrokke versekeringstydperk met dien verstande dat die versekerde enige addisionele premie betaal wat die maatskappy pro rata bereken vanaf die datum waarop die herstelde item weer gebruik kan word.

## Spesifieke uitsonderings

### 1 Veranderings byvoegings

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir koste van veranderings byvoegings verbetering opknapping wat tydens herstelwerk uitgevoer word

### 2 Beskadigde dele

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir die waarde van beskadigde dele wat enigsins gebruik kan word

### 3 Bybetaling

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir die bedrag wat in die bylae gespesifiseer word as die bybetaling vir elk en iedere gebeurtenis

### 4 Ontbeerlike en ruilbare onderdele

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir ontbeerlike en ruilbare onderdele en gereedskap soos (maar nie beperk tot) boorysters snyers messe saaglemme snymoere patroonwalse siwwe kettings bande toue vervoerbande las- en seëlmateriaal. Indien hierdie onderdele of gereedskap beskadig word as gevolg van 'n ongeluk aan anderdele van die versekerde masjinerie wat hierdeur gedek word sal die maatskappy skadeloosstelling aan die versekerde verleen vir die oorblywende waarde van sodanige onderdele of gereedskap

### 5 Proefnemings

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir beskadiging veroorsaak deur proefneming oorbelasting of proewe wat in abnormale omstandighede gedoen moet word

### 6 Brand weerlig ontploffing

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir beskadiging as gevolg van brand die blussing van 'n brand regstreekse weerligstrale ontploffing of enige daaropvolgende demontering

### 7 Fondasies klipmesselwerk vuurvaste materiaal

die masjinerie wat in die bylae beskryf word sluit nie enige fondasies klipmesselwerk of vuurvaste materiaal in nie tensy dit gespesifiseer word



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 8 Gedeeltelike beskadiging

as die beskadiging beperk is tot 'n deel of dele van 'n versekerde item is die maatskappy nie aanspreeklik vir 'n groter bedrag as die waarde van die deel of dele waarvoor voorsiening gemaak word in die versekerde bedrag plus die demontering- heroprigting- en vragkoste nie

## 9 Kragstuwing

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir verlies van of skade aan enige masjinerie item soos omskryf in die bylae as gevolg van 'n skielike geringe vermeerdering in die kragspanning en/of kragstuwing en/of 'n nie genoegsame voltspanningstoestand, voortspruitend uit die vrystellende energie van enige bystand kragopwekkingstoerusting waaraan die versekerde eiendom/masjinerie gekoppel is.

Hierdie uitsondering sal nie van krag wees indien die bystand kragopwekkingstoerusting met toepaslike voltspannings- en herhalingsregulerendetoerusting toegerus is nie.

## 10 Insakking grondverskuiwing

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir beskadiging as gevolg van insakking grondverskuiwing storm watervloed oorstroming hael sneeu aardbewing vulkaniese uitbarsting of ander natuurrampe of enige daaropvolgende demontering

## 11 Diefstal ineenstorting ens.

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir beskadiging as gevolg van diefstal ineenstorting van geboue botsing deur diere voertuie vliegtuie ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word soniese skokgolwe

## 12 Tydelike herstelwerk

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir tydelike herstelwerk en enige gevolge daarvan tensy die maatskappy die tydelike herstelwerk gemagtig het

## 13 Gereedskap

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir beskadiging as gevolg van die verkeerde toepassing van gereedskap

## 14 Slytasie wegslyting

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir slytasie van materiaal of iets soortgelyks of afslyting of uitslyting van enige deel van die masjinerie veroorsaak deur die natuurlike gevolg van gewone gebruik of werking of ander geleidelike agteruitgang

## 15 Water

ongeag die oorspronklike oorsaak sal die maatskappy nie betaal vir beskadiging as gevolg van water wat uit waterhoudende apparaat lek insluitende lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar- of drenkstelsel of enige daaropvolgende demontering



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Skade

skade beteken

toevallige verlies van of skade aan eiendom behalwe eiendom wat behoort aan of wat verpag, verhuur, gehuur of geleen is aan of wat in trust gehou word deur of wat onder die toesig of beheer is van of wat in die bewaring is van die versekerde of enige persoon in die versekerde se diens, of enige lid van die versekerde se gesin of huishouding kade beteken

### 2 Besering

besering beteken

toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon behalwe 'n persoon wat die versekerde of enige lid van die versekerde se gesin of huishouding is of wat in diens van die versekerde is indien sodanige dood, liggaamlike besering of siekte wat ontstaan uit en/of in die loop van sodanige diens

### 3 Gebiedsgrense

gebiedsgrense beteken

enige plek ter wêreld

## Omskrewe gebeurtenisse

Alle bedrae waarvoor die versekerde in sy private hoedanigheid regtens aanspreeklik word om te betaal as vergoeding ten opsigte van besering of skade wat enige tyd gedurende die versekeringstydperk binne die gebiedsgrense plaasvind en veroorsaak is deur 'n fout of die nalatigheid van die versekerde, sy eggenote en enige lid van sy huisgesin wat normaalweg by hom inwoon.

Met dien verstande dat:

die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie afdeling vir alle vergoeding betaalbaar aan enige enkele eiser of enige getal eisers met inbegrip van alle regsuitgawes aan enige eiser toegestaan of aangegaan ter verdediging van enige eis wat deur of met die toestemming van die maatskappy betwis word ten opsigte van of voortspruitend uit enige enkele gebeurtenis of ten opsigte van of voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks volgende op of toeskryfbaar aan een bron of oorspronklike oorsaak, sal nie die bedrag in die bylae vermeld oorskry nie.

## Spesifieke uitsonderings

Die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie afdeling sal nie van toepassing wees nie op en ook nie insluit nie:

### 1 Lugvaartuie

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van lugvaartuie (uitgesonderd modelvliegtuie)

### 2 Diere

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van diere (behalwe honde of katte wat aan die huishouding verbonde is)

### 3 Besigheid of beroep

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van die uitoefening of uitvoering van enige beroep, besigheid, ambag of professie



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 4 Fietse

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van fietse (behalwe trapfietse wat vir sosiale, huishoudelike of plesierdoeleindes gebruik word)

## 5 Plofstowwe

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van plofstof, gewere of vuurwapens

## 6 Boetes of strafvoltrekkings

enige boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende- of wraaksugtige skadevergoeding

## 7 Geleidelik werkende oorsaak

eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van besering wat toe te skryf is aan 'n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie

## 8 Grond of geboue

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van die eienaarskap of besit of bewoning van enige grond of geboue

## 9 Aanspreeklikheid aanvaar volgens ooreenkoms

aanspreeklikheid deur die versekerde kragtens ooreenkoms aanvaar uitgesluit enige aanspreeklikheid wat in terme van 'n geskrewe kontrak aanvaar is met enige organisasie wat sekuriteit, gewapende reaksie of tuindienste voorsien tensy die versekerde aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande die bestaan van sodanige ooreenkoms

## 10 Besoedeling

10.1 aanspreeklikheid ten opsigte van besering of skade aan of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande of onvoorsiene gebeurtenis wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind veroorsaak word;

10.2 die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie uitsondering brei nie die onder-afdeling uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie onder-afdeling verseker sou gewees het nie;

## 11 Voertuiewatervaartuie

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van voertuie of sleepwaens

## 12 Watervaartuie

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van motorbote, seilbote of skepe

## 13 Opsetlike dade

eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van opsetlike of kwaadwillige optrede

# Klousules, uitbreidings en beperkings

## 1 Kredietkaarte en kredietstrokies

Hierdie afdeling is uitgebrei om die versekerde en gade skadeloos te stel teen alle bedrae waarvoor die versekerde en gade aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal ten opsigte van die wederregtelike gebruik deur enige persoon, wat nie aan die versekerde en gade verwant is nie, van krediet-, kontant of SIM ("Subscriber Identity Module") kaarte en/of kredietstrokies wat amptelik deur enige kredietinstelling uitgereik is in die naam van die versekerde en/of die gade van die versekerde

Met dien verstande dat:

1.1 die maatskappy nie ingevolge hierdie gebeurlikheid aanspreeklik sal wees nie tensy die versekerde en gade, aan wie die voormelde krediet-, kontant of SIM ("Subscriber Identity Module") kaarte en kredietstrokies uitgereik is, voldoen het aan die bepalings en voorwaardes



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

ingevolge waarvan sodanige krediet-, kontant of SIM ("Subscriber Identity Module") kaarte of kredietstrokies aan hom of haar of hulle uitgereik is

1.2 die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie gebeurlikheid vir alle vergoeding betaalbaar (ongeag die getal eisers wat vergoeding eis) sal nie die bedrag van R7 500 in enige (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) oorskry nie.

## 2 Brandbluskoste

Enige koste in verband met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 3 Volhuis

Hierdie afdeling dek 'n betaling van R2 500 indien die versekerde wat deel vorm van 'n rolbalspan (span van vier) wie as amateurs speel en 'n volhuis (dit is al agt rolballe moet tel) aanteken in 'n rolbalwedstryd in enige kompetisie wat in terme van die reëls van die Suid-Afrikaanse Vereniging by enige erkende rolbalklub gespeel word met dien verstande dat die maatskappy skriftelik bevestiging van die sekretaris van die klub ontvang.

## 4 Kolhou (Putjie-in-een)

Hierdie afdeling dek 'n bedrag van R2 500 indien die versekerde 'n kolhou (putjie-in-een) hou behaal terwyl hy/sy as amateur speel of enige erkende gholfbaan geaffilieer by 'n provinsiale gholfunie tydens 'n spel wat volgens die amptelike reëls van gholf gespeel word met dien verstande dat die maatskappy skriftelik bevestiging van die sekretaris van die klub ontvang.

## 5 Onregmatige inhegtenisname en onregmatige deursoek

Nieteenstaande enigiets strydig vervat in hierdie afdeling sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die versekerde aanspreeklik gehou word vir vergoeding wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname, beweerde onregmatige inhegtenisname of onregmatige deursoek van enige persoon (insluitende aanranding wat daarmee gepaard gaan)

Met dien verstande dat:

die maatskappy se aanspreeklikheid vir alle vergoeding en skadevergoeding en alle kostes en uitgawes vir litigasie en alle ander kostes en uitgawes beperk is tot R25 000 ten opsigte van elke eis of reeks eise wat uit een enkele voorval ontstaan onderworpe aan 'n maksimum van R50 000 gedurende enige (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum).



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Nie-gespesifiseerde eiendom

1.1 klerasie

1.2 persoonlike besittings wat gedra of ontwerp is om aan of deur die persoon gedra te word

1.3 persoonlike toerusting wat aan die versekerde behoort en wat gewoonlik gedra of gebruik word deur die persoon wat aan sport deelneem

1.4 aankope van klerasie, kruideniersware en voedselware en huishoudelike goedere, piekniekmandjies (en inhoud) en reisdekens, alleenlik terwyl genoemde eiendom in transito is weg van die versekerde se woonplek en verlies veroorsaak is deur diefstal

Met dien verstande dat:

geen enkel artikel 25% van die versekerde bedrag sal oorskry nie.

### 2 Gespesifiseerde eiendom

2.1 enige eiendom meer spesifiek omskryf in die bylae

2.2 geld en/of verhandelbare instrumente tot en met 'n bedrag van R1 000.

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan die geheel of 'n gedeelte van die eiendom omskryf in die bylae wat aan die versekerde, sy/haar gade en/of lede van sy/haar familie wat finansieel van die versekerde afhanklik is en normaalweg by die versekerde inwoon behoort, veroorsaak deur enige ongeval of teenspoed wat nie andersins uitgesluit is nie, terwyl enige plek in die wêreld.

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Bybetaling

1.1 klerasie en persoonlike besittings

1.1.1 ander dan diefstal vanuit enige voertuig ________ R250

1.1.2 diefstal vanuit enige voertuig wat gepaard gaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit sodanige voertuig ________ R250

1.2 enige gespesifiseerde item(s) in die bylae vermeld (uitgesluit trapfietse/skopfietse, kontaklense, sellulêre telefone, motorradio's, bandspelers en soortgelyke toerusting of motortelefone en inhoud van woonwaens en bagasiesleepwaens) ________ NUL

1.3 trapfietse / skopfietse - gespesifiseer al dan nie ________ R250

1.4 sellulêre telefone ________ R500

1.5 kontaklense ________ R250

1.6 motorradio's, bandspelers en soortgelyke toerusting of motortelefone 10% van eis minimum R350

1.7 inhoud van woonwaens en bagasiesleepwaens ________ R250

of die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld, wat ookal die meeste is.

### 2 Vervangingswaarde

In geval die eiendom verseker kragtens hierdie afdeling verloor, vernietig of beskadig word sal die grondslag waarop die bedrae betaalbaar kragtens hierdie afdeling bereken word, wees die koste om



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

eiendom van dieselfde aard of soort, maar nie meerderwaardig of meer omvangryk as die versekerde eiendom toe dit nuut was nie, te vervang of te herstel onderworpe aan alle ander bepalings en voorwaardes van hierdie afdeling behalwe in soverre dit hierdeur gewysig mag wees.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir:

### 1 Skoonmaak

verlies of skade veroorsaak deur enige skoonmaak-, kleur-, repareer- of restoureerproses

### 2 Handels- of beroepsdoeleindes

verlies van of skade aan fotografiese en optiese toerusting terwyl die toerusting vir handels- of beroepsdoeleindes of ontdekkingsreise of navorsing of onderwaterfotografie gebruik word

### 3 Gevolglike verlies

gevolglike verlies van of gevolglike skade van enige aard

### 4 Kraak

die kraak of skraap van of breekskade aan glasware of ander bros artikels (behalwe juweliersware, kameras en kraak, skraap of breekskade aan brille) tensy veroorsaak deur brand of diefstal

### 5 Uitgesluite eiendom

5.1 verlies van of skade aan kontant, banknote, skatkisnote, verbande, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, titelaktes, manuskripte, waardepapiere van enige aard of reiskaartjies tensy in die bylae as ingesluit vermeld

5.2 kontaklense, sellulêre telefone, gereedskap, seëls- en muntversamelings tensy spesifiek verseker en in die bylae gespesifiseer word

5.3 verlies of skade aan motorvoertuie, sleepwaens, woonwaens, hangsweeftuie, lug- en watervaartuie behalwe branderplanke en skiroeiers.

### 6 Geleidelike agteruitgang

geleidelike agteruitgang wat die werking van lig insluit, atmosferiese of klimaats-toestande

### 7 Meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking

skade aan enige werkende masjiene of enige werkende deel veroorsaak deur elektroniese, meganiese of elektriese onklaarraking, gebrek of brekasie

### 8 Roes

roes en verwering

### 9 Diefstal uit onbewaakte voertuig

verlies van versekerde eiendom deur diefstal of poging tot diefstal vanuit enige onbewaakte voertuig tensy die voertuig gesluit is en toegang tot die voertuig verkry is op 'n gewelddadige en kragdadige wyse.

Indien die versekerde bewys kan lewer deur videobewakings beeldmateriaal (of enige ander afdoende bewys) dat 'n poging aangewend was om die voertuig deur middel van die voertuig se afstandbeheerder te sluit maar dat die sluit meganisme deur diewe geblokkeer is deur middel van 'n elektroniese toestel, sal sodanige getuienis geag word om te voldoen aan die behoeftes van die kragdadige en gewelddadige betreding of verlating vereiste

### 10 Ongediertes

verslegting veroorsaak deur ongediertes, motte, insekte, larwe

### 11 Slytasie

verlies of skade weens slytasie en waardevermindering

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Klousule: Motorradio's

Indien klankreproduksietoerusting (insluitende 1 kasset of laserskyf) wat in die motorvoertuig gemonteer is en in die bylae beskryf word, is spesifieke uitsondering 9 (Diefstal uit onbewaakte voertuig) nie op daardie item van toepassing nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 2 Klousule: Versameling

2.1 Seëls

Indien 'n seëlversameling in die bylae omskryf is om ingesluit te wees:

2.1.1 sal die maatskappy slegs aanspreeklik wees indien een of meer voltooide bladsye van die versameling verloor of beskadig is

2.1.2 die maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele seël sal nie tweederde van die waarde soos vermeld in enige huidige erkende katalogus tot en met R7 500 enige enkele seël oorskry nie

2.2 Munte

Indien 'n muntversameling in die bylae omskryf word om ingesluit te wees sal die maatskappy nie aanspreeklik wees nie vir

2.2.1 huidige muntstukke

2.2.2 meer as R7 500 vir enige enkele muntstuk nie.

## 3 Klousule: Inhoud van woonwa en/of bagasiesleepwa

Indien die inhoud van 'n woonwa en/of bagasiesleepwa in die bylae gespesifiseer is om ingesluit te wees is die volgende op daardie items van toepassing:

3.1 versekerde eiendom beteken huishoudelike goedere wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy/sy verantwoordelik is, terwyl in die woonwa of aangehegte sytent en/of bagasiesleepwa

3.2 die maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

3.2.1 diefstal van versekerde eiendom terwyl die woonwa of aangehegte sytent onbewoon is tensy daar kragdadige en gewelddadige ingang is nie

3.2.2 diefstal van versekerde eiendom uit die bagasiesleepwa tensy daar kragdadige ingang is

3.2.3 meer as R1 000 of 25% van die versekerde bedrag wat ookal die meeste is vir enige enkele artikel nie

3.2.4 die vaste bybehore en toebehore in die woonwa nie

3.2.5 seël- en/of muntversamelings, geld, dokumente, juweliersware, pelse of enige artikel wat meer spesifiek verseker word nie

3.2.6 verlies of skade veroorsaak deur bedrog of oneerlikheid deur enige persoon aan wie die woonwa en/of bagasiesleepwa geleen of verhuur word nie.

## 4 Uitbreiding: Huishoudelike goedere in transito

Dekking in terme van woordomskrywing 1.4 is uitgebrei om diefstal van huishoudelike goedere in te sluit, wat aan die versekerde behoort en in sy/haar bewaring is terwyl in transito.

## 5 Uitbreiding: Trapfietse

Hierdie afdeling dek verlies van of skade aan trap- en skopfietse tot hoogstens R2 500 tensy as 'n afsonderlike item in die bylae gespesifiseer

Met dien verstande dat:

die maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir verlies van of skade aan toebehore en onderdele deur diefstal of inbraak tensy die trap- of skopfiets terselfdertyd gesteel word.

## 6 Uitbreiding: Nie-kragdadige en gewelddadige betreding van voertuig (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 9 (Diefstal uit onbewaakte voertuig) sal nie van toepassing wees op goedere in die kajuit of die kattebak van die voertuig waar die versekerde beweer dat die voertuig gesluit was, maar geen bewyse van kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die voertuig bestaan nie, met dien verstande dat:

6.1 die polisie se saaknommer aan die maatskappy verskaf word;

6.2 na die aftrekking van die bybetaling, soos in die bylae vermeld, die maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot die minste van 75% van die eis of R20 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 7 Uitbreiding t.o.v. oproer en staking (uitsluitend verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

7.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

7.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 7.1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

7.1 verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

7.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

7.3 verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

7.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

7.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 7.1, 7.2, 7.3, 7.4 of 7.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 8 Klousule: Veilige bewaring (Indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien dekking wat teen 'n gespesifiseerde item in die bylae aangetoon word as BANK, is versekering kragtens hierdie afdeling slegs van toepassing terwyl sodanige item in 'n brandkluis in 'n bank bewaar word of indien dit nie aan die versekerde gedra word nie, dit toegesluit is in 'n brandkluis of brandkamer van die versekerde.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# REKENINGS ONTVANGBAAR

## Omskrywings

### 1 Uitstaande debietsaldo's

uitstaande debietsaldo's beteken

die totaal wat verklaar word in die laaste verklaring wat ingevolge die bepalings van klousule 3 (Klousule: Verklarings) gegee en aangepas is vir:

1.1 slegte skulde

1.2 bedrae gedebiteer (of gefaktureer maar nie gedebiteer nie) en gekrediteer (insluitende kredietnotas en kontant wat nie ten tyde van die skade in die boeke opgeneem is nie) teen kliënte se rekeninge in die tydperk tussen die datum van die vermelde laaste verklaring en die datum van die skade

en

1.3 enige abnormale handelstoestand wat 'n wesenlike invloed op die besigheid gehad het of kon gehad het

sodat die aangepaste bedrag aldus verkry so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die bedrag verteenwoordig wat, as dit nie vir die skade was nie, verkry sou gewees het op die datum van die skade.

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies of skade weens 'n ongeval of teëspoed (hierna skade genoem) aan die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords by die perseel of by die woning van enige direkteur, vennoot of werknemer of by die perseel van enige rekenmeester van die versekerde as gevolg waarvan die versekerde nie in staat is om die uitstaande debietsaldo's wat ten volle of gedeeltelik aan hom verskuldig is, na te spoor of vas te stel nie.

Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die versekerde bedrae beloop wat in die bylae vermeld word, en dat die skadeloosstellingsgrondslag is soos uiteengesit in die spesifikasie wat deel uitmaak van hierdie afdeling.

Indien sodanige rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords na 'n plek van veiligheid verwyder word weens 'n dreigende gevaar van hulle vernietiging, geld die versekering hierkragtens indien sodanige goedere vernietig, beskadig of verlore raak, soos voorheen vermeld, gedurende sodanige verwydering of terwyl dit aldus geleë is of terwyl dit na die perseel teruggebring word, met dien verstande dat die versekerde die maatskappy binne 30 dae daarna skriftelik van sodanige verwydering in kennis stel.

Die maatskappy betaal ook alle redelike invorderingskoste en -uitgawes wat deur die versekerde aangegaan word en wat die gewone invorderingskoste en -uitgawes oorskry wat deur sodanige skade genoodsaak word.

## Spesifikasie

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot die verlies wat deur die versekerde gely word ten opsigte van uitstaande debietsaldo's wat regstreeks te wyte is aan die skade, en die bedrag wat betaalbaar is, beloop hoogstens:

### 1 die verskil tussen

1.1 die uitstaande debietsaldo's

en

1.2 die totaal van die bedrae ontvang of nagespoor ten opsigte daarvan

plus



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

2 **die bykomende uitgawe aangegaan om kliënte se debietsaldo's na te spoor en vas te stel ná die skade.**

Met dien verstande dat, indien die versekerde bedrag ingevolge hierdie item minder is as die uitstaande debietsaldo's, die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy betaal nie vir die volgende nie:

1 **Slytasie en geleidelike agteruitgang**

verlies wat voortspruit uit verlies van of skade aan die rekeningboeke of ander besigheidsboeke of rekords wat veroorsaak word deur slytasie of geleidelike agteruitgang of motte of ongedierte;

2 **Elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging**

verlies wat voortspruit uit verlies van of skade aan die rekeningboeke of ander besigheidsboeke of rekords wat veroorsaak word deur elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, steuring van of uitwissing, tensy die versekerde duplikaatrekords in stand hou waarna in die duplikaatrekordsklousule in hierdie afdeling verwys word;

3 **Bedrog of oneerlikheid**

verlies veroorsaak deur bedrog of oneerlikheid van enige prinsipaal, direkteur, vennoot of werknemer van die versekerde.

## Klousules uitbreidings en beperkings

1 **Klousule: Rekenmeesters**

Enige gegewens of besonderhede wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of rekords vervat word en wat deur die maatskappy benodig mag word ingevolge hierdie afdeling om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie-bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

2 **Klousule: Aanpassing**

As teenprestasie daarvoor dat die premie ingevolge hierdie afdeling voorlopig is omdat dit op 75 persent van die versekerde bedrag bereken word, word die premie soos volg aangepas:

By die verstryking van elke (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) word die werklike premie bereken teen die persentasietarief per jaar op die gemiddelde versekerde bedrag, dit wil sê, die totaal van die bedrae wat verklaar is, gedeel deur die getal verklarings. Indien die werklike premie meer is as die voorlopige premie moet die versekerde die verskil betaal. Indien dit minder is, word die verskil aan die versekerde terugbetaal, maar sodanige terugbetaling beloop hoogstens 33⅓ persent van die voorlopige premie wat betaal is.

Indien die bedrag van 'n verklaring die versekerde bedrag oorskry wat op die datum van sodanige verklaring van toepassing is, word dit slegs vir die doel van hierdie memorandum geag dat die versekerde sodanige versekerde bedrag verklaar het.

3 **Klousule: Verklarings**

Die versekerde moet binne 60 dae ná die einde van elke maand, of 'n ander tydperk waarop ooreengekom word, by die maatskappy 'n ondertekende verklaring indien wat die totale bedrag aantoon wat uitstaande is in kliënte se rekeninge soos uiteengesit in die versekerde se rekeninge aan die einde van die betrokke maand.

4 **Klousule: Duplikaatrekords (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die versekerde moet duplikate in stand hou van sy rekeningboeke of ander besigheidsboeke of –rekords waarin besonderhede van uitstaande saldo's vervat word en sodanige duplikate moet by ander persele as die oorspronklikes daarvan geberg word.

5 **Klousule: Beskermings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords wat besonderhede van uitstaande saldo's bevat, moet buite sake-ure in 'n brandvaste brandkas, kabinet of brandkluis gehou word, tensy daar aan hulle gewerk word of hulle vir onmiddellike verwysing benodig word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 6 Uitbreiding t.o.v. oproer en staking (met uitsluiting van verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak is deur of deur middel van of as gevolg van:

6.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

6.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 6.1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

6.1 verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

6.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

6.3 verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

6.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

6.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 6.1, 6.2, 6.3, 6.4 of 6.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 7 Uitbreiding: Transito (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit in verlies, soos omskryf, aan die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords terwyl dit vervoer word na of van die perseel of woning van enige direkteur, vennoot, werknemer of rekenmeester van die versekerde.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# SAKE ALLE RISIKO'S

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Onbewaakte voertuig

onbewaakte voertuig beteken

enige voertuig wat deur die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde gebruik word waar sodanige persoon nie die voertuig konstant onder toesig kan hou en terselfdertyd 'n redelike verwagting het om enige ongemagtigde gepeuter met die voertuig te verhoed nie

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word terwyl dit op enige plek ter wêreld is, deur enige ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.

Met dien verstande dat die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld ten opsigte van elke gebeurtenis behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffing.

## Spesifieke voorwaarde

### 1 Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom, wat nie afsonderlik en individueel gespesifiseer is nie, by die aanvang van enige verlies of skade aan enige sodanige eiendom meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie maatskappy vir die verskil geag en dra hy 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom verseker, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

### 1 Vragbrief

verlies van of skade aan goedere wat kragtens 'n vragbrief versend word;

### 2 Onklaarraking of steuring

meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring, tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

### 3 Kontant

verlies van of skade aan kontant, bank- en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard;

### 4 Skoonmaak of herstel

verlies van of skade aan eiendom wat spruit uit of veroorsaak word deur die proses van skoonmaak, herstel, kleuring, bleiking, verandering of opknapping wat die eiendom ondergaan;

### 5 Bedrog

verlies van of skade aan eiendom wat spruit uit of veroorsaak word deur die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, hetsy hy alleen optree of saamspan;

### 6 Inherente fout

verlies van of skade aan eiendom wat spruit uit of veroorsaak word deur inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, klamheid, muf of roes;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 7 Diefstal uit enige onbewaakte voertuig

verlies of skade voortspruitend uit of veroorsaak deur diefstal uit 'n onbewaakte voertuig, tensy die eiendom gehou word in 'n voertuig wat heeltemal toe en behoorlik gesluit is of die voertuig self in 'n gebou gehuisves word wat veilig toegesluit is, en betreding van of verlating van sodanige geslote voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaardgaan.

Indien die versekerde deur middel van videobewakingsbeeldmateriaal (of enige ander afdoende bewys) bewys kan lewer dat 'n poging aangewend is om die voertuig met die voertuig se afstandbeheerder te sluit, maar dat die sluitmeganisme deur middel van 'n elektroniese toestel deur diewe geblokkeer is, word sodanige getuienis geag te voldoen aan die vereiste vir 'n voertuig wat heeltemal toe en behoorlik gesluit is;

Hierdie uitsondering sal nie geld nie vir verlies of skade wat kan voorkom as gevolg van 'n ongeluk waarby 'n padvoertuig betrokke is waarin 'n prinsipaal of werknemer of vertroude persoon weens liggaamlike besering wat opgedoen is, nie in staat is om besit van of beheer oor die eiendom te behou nie;

### 8 Slytasie en geleidelike agteruitgang

slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig-, klimaats- of atmosferiese toestande) tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot uitgawe wat nie andersins ingevolge hierdie afdeling verhaalbaar is nie en wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word weens verlies van of skade aan eiendom waarvoor betaling gedoen of aanspreeklikheid ingevolge hierdie afdeling erken word met die doel om die gewone werkverrigtinge van die besigheid in stand te hou.

### 2 Uitbreiding t.o.v. nie-kragdadige en gewelddadige betreding van voertuig (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 7(Diefstal uit enige onbewaakte voertuig) sal nie van toepassing wees op goedere wat gehou word in 'n voertuig wat heeltemal toe en behoorlik gesluit is waar die versekerde beweer dat die voertuig gesluit was, maar geen bewyse van kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die voertuig bestaan nie, met dien verstande dat:

2.1 die polisie se saaknommer aan die maatskappy verskaf word;

2.2 na die aftrekking van die bybetaling, soos in die bylae vermeld, die maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot die minste van 75% van die eis of R20 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis.

### 3 Herstelwaardevoorwaarde

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word, is óf

3.1 die vervanging van die eiendom met soortgelyke eiendom gelykstaande aan maar nie beter of omvangryker nie as die nuwe toestand daarvan

óf

3.2 herstel van die eiendom na 'n toestand wat wesenlik dieselfde, maar nie beter nie, is as die nuwe toestand daarvan.

Met dien verstande dat indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die versekerde eiendom verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van die verlies of skade, die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade dra.

### 4 Uitbreiding t.o.v. oproer en staking (uitsluitend verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

4.1 burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

4.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 4.1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

4.1 verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

4.2 gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

4.3 verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

4.4 verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

4.5 verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in algemene uitsondering 7.1.2, 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5, 7.1.6 of 7.1.7 van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling 4.1, 4.2, 4.3, 4.4 of 4.5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# SAKE-ONDERBREKING

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Jaarlikse bruto huurgeld / jaarlikse inkomste / jaarlikse omset

jaarlikse bruto huurgeld / jaarlikse inkomste / jaarlikse omset beteken

die bruto huurgeld (inkomste) (omset) gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die skade aangepas ingevolge klousule 4 (Aanpassingsklousule)

### 2 Bruto wins (byvoegingsgrondslag)

bruto wins beteken

die bedrag wat verkry word deur die netto wins te voeg by die bedrag van die versekerde vaste koste of, indien daar geen netto wins is nie, die bedrag van die versekerde vaste koste, min sodanige deel van enige netto handelsverlies in dieselfde verhouding as wat die bedrag van die versekerde vaste koste tot alle vaste koste van die besigheid staan.

### 3 Bruto wins (verskilgrondslag)

bruto wins beteken

die bedrag waarmee

3.1 die som van die omset en die bedrag van die eindvoorraad

meer is as

3.2 die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die onversekerde koste.

Die bedrag van die begin- en eindvoorraad word vasgestel volgens die versekerde se gewone rekeningkundige metodes nadat behoorlike voorsiening vir waardevermindering gemaak is.

### 4 Bruto huurgeld

bruto huurgeld beteken

die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar deur huurders ten opsigte van huurgeld vir die perseel en dienste gelewer.

### 5 Skadeloosstellingstydperk

skadeloosstellingstydperk beteken

die tydperk wat met die aanvang van die skade begin en eindig nie later nie as die getal maande daarna in die bylae vermeld waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van die skade geraak word.

### 6 Versekerde vaste koste

versekerde vaste koste beteken

versekerde vaste koste soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die boeke en rekeninge van die versekerde).

### 7 Netto wins

netto wins beteken

die netto handelswins (met uitsluiting van alle kapitaalinkomste en -aanwas en alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit die besigheid van die versekerde by die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, met inbegrip van waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen die winste vorderbaar is.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 8 Bruto winskoers

bruto winskoers beteken

die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die skade aangepas ingevolge klousule 4 (Aanpassingsklousule)

### 9 Inkomste

inkomste beteken

die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en dienste gelewer in die loop van die besigheid by die perseel.

### 10 Standaard bruto huurgeld / standaardinkomste / standaardomset

standaard bruto huurgeld / standaardinkomste / standaardomset beteken

die bruto huurgeld (inkomste) (omset ) gedurende daardie tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die skade wat met die skadeloosstellingstydperk ooreenstem aangepas ingevolge klousule 4 (Aanpassingsklousule)

### 11 Omset

omset beteken

11.1 ten opsigte van ander items as item 9 Uitvoerbelastingtoelae:

die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van die sakebedrywighede by die perseel.

11.2 ten opsigte van item 9 Uitvoerbelastingtoelae:

die geldwaarde van goedere en materiale of ander items waarop die uitvoerbelastingtoelae gebaseer is.

### 12 Onversekerde koste

onversekerde koste beteken

onversekerde koste soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die boeke en rekeninge van die versekerde).

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies wat volg op 'n onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die perseel plaasvind ten opsigte waarvan betaling gedoen is of aanspreeklikheid erken is ingevolge:

1 die afdeling Brand van hierdie polis;

2 die afdeling Geboue Omvattend van hierdie polis;

3 die afdeling Kantoorinhoud van hierdie polis;

4 enige ander materiële skade-versekering wat die belang van die versekerde dek;

maar slegs ten opsigte van gevare wat verseker is ingevolge die afdeling Brand hiervan (hierna skade genoem).

Aanspreeklikheid word as erken beskou indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra.

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos in ooreenstemming met die bepalings van die spesifikasie soos hieronder uiteengesit.

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Geregtelike bestuur

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word gestaak indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word behalwe met die skriftelike toestemming van die maatskappy.

### 2 Eise

By die plaasvind van enige skade as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel kan word, moet die versekerde, benewens om te voldoen aan algemene voorwaardes 4 (Eise) en 6 (Maatskappy se regte ná 'n gebeurtenis), met die nodige ywer alles doen en meehelp en toelaat dat



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

dit gedoen word wat redelikerwys moontlik is om enige onderbreking of belemmering van die besigheid tot die minimum te beperk of te stuit of om die verlies te voorkom of te verminder en ingeval 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, nie later nie as 30 dae ná die verstryking van die skadeloosstellingstydperk of binne sodanige verdere tyd as wat die maatskappy skriftelik mag toelaat, op sy eie onkoste aan die maatskappy 'n skriftelike opgawe voorlê waarin besonderhede van sy eis vervat word saam met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan of gevolglike verlies van enige aard wat daaruit voortspruit, dek. Geen eis is ingevolge hierdie afdeling betaalbaar nie tensy die bepalings van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is en in die geval van nie-nakoming daarvan in enige opsig, moet enige betaling wat reeds vanweë hierdie eis gedoen is, onmiddellik aan die maatskappy terugbetaal word.

## Spesifikasie

### 1 Item 1 Bruto wins

#### 1.1 Verskilgrondslag

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan

**1.1.1 vermindering in omset** en

**1.1.2 verhoging in bedryfskoste**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

**1.1.1 ten opsigte van 'n vermindering in omset**

die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardomset te kort skiet

**1.1.2 ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste**

die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan is nie, maar hoogstens die som verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit die bruto wins betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

#### 1.2 Byvoegingsgrondslag

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan

**1.2.1 vermindering in omset** en

**1.2.2 verhoging in bedryfskoste**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

**1.2.1 ten opsigte van 'n vermindering in omset**

die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardomset te kort skiet

**1.2.2 ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste**

die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan is nie, maar hoogstens die som verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die versekerde vaste koste as wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

**Memo**

Indien enige vaste koste van die besigheid nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie, word daar by die berekening van die bedrag wat hierkragtens as verhoogde bedryfskoste verhaalbaar is slegs daardie deel van die bykomende uitgawes in berekening gebring as die verhouding waarin die som van die netto wins en die versekerde vaste koste staan tot die som van die netto wins en alle vaste koste.

## 2 Item 2 Bruto huurgeld

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot

**2.1 verlies aan bruto huurgeld** en

**2.2 verhoging in bedryfskoste**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

**2.1 ten opsigte van die verlies aan bruto huurgeld**

die bedrag waarmee die bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaard bruto huurgeld te kort skiet

**2.2 ten opsigte van verhoging in bedryfskoste**

die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan bruto huurgeld wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan is nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan bruto huurgeld daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit bruto huurgeld betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto huurgeld minder is as die jaarlikse bruto huurgeld indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse bruto huurgeld indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

## 3 Item 3 Inkomste

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot

**3.1 verlies aan inkomste** en

**3.2 verhoging in bedryfskoste**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is

**3.1 ten opsigte van die verlies aan bruto inkomste**

die bedrag waarmee die inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardinkomste te kort skiet

**3.2 ten opsigte van verhoging in bedryfskoste**

die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan inkomste wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan is nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan inkomste daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit inkomste betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van inkomste minder is as die jaarlikse inkomste indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse inkomste indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 4 Item 4 Bykomende verhoging in bedryfskoste

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot redelike bykomende uitgawes (nie verhaalbaar ingevolge ander items nie) wat met die toestemming van die maatskappy aangegaan word gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade ten einde die gewone bedryf van die besigheid in stand te hou.

### 5 Item 5 Lone (grondslag van aantal weke)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies wat deur die versekerde gely word weens die betaling van die lone vir die tydperk wat begin met die plaasvind van die skade en nie langer as die gespesifiseerde aantal weke daarna voortduur nie.

Die bedrag wat as skadeloosstelling ingevolge hierdie item betaalbaar is, is die werklike bedrag wat die versekerde vir sodanige tydperk as lone betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die skade hoegenaamd nie deur die versekerde benut kan word nie en 'n billike gedeelte van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die skade nie ten volle deur die versekerde benut kan word nie.

Met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag van hierdie item minder is as die totale bedrag wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik ná die skade aan lone betaal sou gewees het indien die skade nie voorgekom het nie.

### 6 Item 6 Boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk en die bedrag as skadevergoeding hierkragtens betaalbaar is die bedrag waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is en word betaal ter aflossing van boetes en straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van skade vir nie-voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word.

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Klousule: Toevallige skade (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende omskrewe gebeurtenis word bygevoeg:

Verlies ná onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge omskrewe gebeurtenis 1 van die afdeling Toevallige skade van hierdie polis (hierna skade genoem) met dien verstande dat:

1.1 die bepaling, ingevolge enige item van hierdie afdeling, dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is, geskrap word ten opsigte van hierdie omskrewe voorval;

1.2 die maatskappy nie meer betaal as die versekerde bedrag vermeld in die bylae van die afdeling Toevallige skade vir beide hierdie afdeling en die afdeling Toevallige skade tesame nie.

### 2 Klousule: Rekenmeesters

Enige gegewens of besonderhede wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente vervat word en wat deur die maatskappy benodig mag word ingevolge hierdie afdeling met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hul sertifikaat is prima facie bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

### 3 Klousule: Opgehoopte voorraad

Met die berekening van enige verlies word dit in ag geneem, en 'n billike voorsiening word gemaak, indien enige tekort in omset of inkomste te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset of inkomste tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

### 4 Aanpassingsklousule

Jaarlikse bruto huurgeld, jaarlikse inkomste, jaarlikse omset, bruto winskoers, standaard bruto huurgeld, standaardinkomste en standaardomset soos omskryf, word soos nodig aangepas om voorsiening te maak vir die tendens van die besigheid en vir veranderings of ander omstandighede wat die besigheid hetsy voor of na die skade affekteer, of wat die besigheid sou geaffekteer het indien die skade nie voorgekom het nie, sodat sodanig aangepaste syfers so na as redelikerwys prakties moontlik die



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

resultate weerspieël wat, as dit nie vir die skade was nie, gedurende die relatiewe tydperk na die skade verkry sou word.

Indien die skade voorkom voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel, word die waarde van jaarlikse bruto huurgeld, jaarlikse inkomste, jaarlikse omset, bruto winskoers, standaard bruto huurgeld, standaardinkomste en standaardomset bereken deur proporsionele waardes te gebruik in verhouding tot die resultate wat gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die skade behaal is.

Indien die versekerde óf ander namens die versekerde gedurende die skadeloosstellingstydperk tot voordeel van die besigheid op ander plekke as by die perseel goedere verkoop of dienste lewer, word die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in berekening gebring by die bepaling van die bruto huurgeld, inkomste of omset gedurende die skadeloosstellingstydperk.

## 5 Klousule: Departemente

Indien die besigheid in departemente of takke bedryf word waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is, geld die bepalings ingevolge item 1 (Bruto wins), 2 (Bruto huurgeld) of 3 (Inkomste) wat verband hou met verlaging in omset/bruto huurgeld/inkomste/ en verhoging in bedryfskoste afsonderlik vir elke departement of tak wat deur die skade geraak word, behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur die betrokke item minder is as die totaal van die (jaarlikse bruto huurgeld) (jaarlikse bruto inkomste) verkry deur die bruto wins-koers vir elke departement/tak van die besigheid, hetsy deur skade geraak al dan nie, toe te pas op die betrokke jaarlikse omset (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingsperk twaalf maande oorskry).

## 6 Klousule: Depositopremie

Met inagneming daarvan dat die premie ingevolge items 1, 2, of 3 voorlopig is omdat dit bereken word op 75% van die versekerde bedrag, is die premie soos volg onderworpe aan aanpassing by die verstryking van elke (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum):

Ingeval die bruto wins/bruto huurgeld/inkomste/uitvoerbelastingtoelae verdien/ lone betaal/ uitgawe op navorsing (na verhouding verhoog indien die aantal maande waarna in die omskrywing van die skadeloosstellingstydperk verwys word 12 oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum), minder of meer is as 75% van die versekerde bedrag daarop, word 'n pro rata-terugbetaling- of bykomende premie na gelang van die geval, wat nie 33⅓% van die voorlopige premie oorskry nie vir sodanige versekeringstydperk gemaak sal word ten opsigte van die verskil.

Ingeval 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, word die bedrag wat daarop betaal of betaalbaar is, as werklik verdien beskou.

## 7 Klousule: Uitbreidings na ander persele

Verlies, soos verseker deur hierdie afdeling, wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade by die ondergemelde liggings of aan die eiendom wat hieronder aangedui is, word geag verlies te wees wat voortspruit uit skade aan eiendom wat deur die versekerde by die perseel gebruik word.

### 7.1 Bykomende persele

Indien die versekerde gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling enige nuut toegevoegde perseel okkupeer of eiendom daarop het vir die doeleindes van die besigheid word sodanige nuut toegevoegde perseel geag ingesluit te wees by dié wat gespesifiseer is, onderworpe aan kennisgewing daarvan aan die maatskappy so gou dit redelikerwys moontlik is en 'n aanpassing van die premie indien nodig.

### 7.2 Kontrakterreine

Enige ligging wat nie deur die versekerde geokkupeer word nie waar die versekerde 'n kontrak uitvoer.

### 7.3 Klante (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die persele van die klante in die bylae gespesifiseer. Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk tot 90% van die perke vermeld vir die spesifieke item.

### 7.4 Verhindering van toegang



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Eiendom wat binne 'n omtrek van 15km vanaf die versekerde se perseel is waarvan vernietiging of skade daaraan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer, hetsy die perseel of die versekerde se eiendom daarin beskadig is of nie.

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk 90% van die versekerde bedrag vir die spesifieke item en in totaal R300 000 000 vir enige een enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron.

**7.5 Verhindering van toegang – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Eiendom wat binne 'n omtrek van 15km vanaf die versekerde perseel is waarvan die vernietiging of skade daaraan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer hetsy die perseel of die versekerde se eiendom daarin beskadig is of nie.

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk tot 90% van die versekerde bedrag vir die spesifieke item en in totaal R300 000 000 vir enige een enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron.

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding sal "versekerde perseel" die volgende beteken:

7.5.1 die versekerde perseel

7.5.2 **Bykomende persele** soos verseker onder uitbreiding 7.1

7.5.3 **Kontrakterreine** soos verseker onder uitbreiding 7.2

7.5.4 **Klantepersele** vermeld in die bylae soos verseker onder uitbreiding 7.3

7.5.5 **Openbare telekommunikasie persele** soos vermeld in uitbreiding 7.7 maar alleenlik indien uitbreiding 7.6 of 7.7 vermeld word in die bylae as ingesluit.

7.5.6 **Openbare dienste persele** soos vermeld in uitbreiding 7.9 maar alleenlik indien uitbreiding 7.8 of 7.9 vermeld word in die bylae as ingesluit

7.5.7 **Gespesifiseerde verskaffers /subkontrakteurs persele** vermeld in die bylae soos verseker onder uitbreiding 7.10

7.5.8 **Eiendom van die versekerde terwyl dit geberg word** soos verseker onder uitbreiding 7.11

7.5.9 **Ongespesifiseerde verskaffers persele** maar alleenlik indien uitbreiding 7.12 vermeld word in bylae as ingesluit

**7.6 Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Verlies soos verseker voortspruitend uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na die versekerde se persele word geag om voort te spruit uit skade verskaf deur hierdie afdeling, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

7.6.1 droogte

7.6.2 besoedeling van water;

7.6.3 'n brandstof- of watertekort;

7.6.4 'n fout by enige deel van die persele wat aan die versekerde behoort;

7.6.5 'n besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van die versekerde te weerhou tensy sodanige besluit regstreeks toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

7.6.6 enige gebeurtenis in algemene uitsondering 1 en 2 omskryf, maar dekking verskaf deur die Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging in die onderliggende materiële skade afdeling van hierdie polis word nie uitgesluit nie;

Indien die onderbreking of belemmering van die fasiliteit te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie tensy die onderbreking of belemmering van die versekerde se besigheid langer as 24 uur duur.

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk tot 90% van die versekerde bedrag vir die spesifieke item en



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

in totaal R75 000 000 vir enige een enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron.

**7.7 Openbare telekommunikasie - slegs versekerde gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

7.7.1 eiendom op die persele van enige openbare owerheid wat regtens gemagtig is om 'n telekommunikasiefasiliteit aan die versekerde te verskaf.

7.7.2 die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid in 7.7.1 vermeld

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk tot 90% van die versekerde bedrag vir die spesifieke item

**7.8 Openbare dienste - uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Verlies soos verseker wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van 'n algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na die versekerde se perseel word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf) met dien verstande dat hierdie afdeling nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

7.8.1 droogte;

7.8.2 waterbesoedeling;

7.8.3 'n brandstof- of watertekort;

7.8.4 'n fout in enige deel van die installasie wat aan die perseel behoort;

7.8.5 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit regstreeks toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

7.8.6 enige gebeurtenis wat in die algemene uitsonderings beskryf woord maar dekking wat verskaf is deur die gevaar kwaadwillige beskadiging in die onderliggende materiële skade afdeling van hierdie polis is nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan 'n meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur.

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk tot 75% van die versekerde bedrag vir die spesifieke item en in totaal R75 000 000 vir enige een enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron.

**7.9 Openbare dienste - slegs versekerde gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Eiendom by kragstasies, substasies of transmissienetwerke, gasfabrieke insluitende die verwante gasverspreidingsnetwerk, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, waterleidings en pypleidings van 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te verskaf vir openbare gebruik en wat lei tot 'n toevoeronderbreking van water, gas of elektrisiteit by die perseel van die versekerde.

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk tot 75% van die versekerde bedrag vir die spesifieke item

**7.10 Gespesifiseerde verskaffers/subkontrakteurs**

Die persele van die verskaffers en subkontrakteurs wat in die bylae gespesifiseer word. Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk tot 90% van die perke vermeld vir die spesifieke item.

**7.11 Berging, transito en voertuig**

Die eiendom van die versekerde terwyl dit geberg word of terwyl dit per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg vervoer word of wat die motorvoertuie van die versekerde is op 'n ander plek as by die perseel wat deur die versekerde geokkupeer word.

**7.12 Ongespesifiseerde verskaffers**

Die persele van enige van die versekerde se ander verskaffers, vervaardigers of verwerkers van komponente, goedere of materiaal, maar met uitsluiting van die perseel van enige openbare verskaffingsonderneming waarvandaan die versekerde elektrisiteit, gas of water verkry.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke item onder hierdie uitbreiding (buiten eisevoorbereidingskoste) is beperk tot die 90% van die perk vermeld vir die spesifieke item.

Die gebiedsgrense van

7.2 (Kontrakterreine), 7.3 (Klante), 7.4 (Verhindering van toegang), 7.5 (Verhindering van toegang – uitgebreide dekking), 7.6 (Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking), 7.7 (Openbare telekommunikasie - slegs versekerde gevare), 7.8 (Openbare dienste - uitgebreide dekking), 7.9 (Openbare dienste - slegs versekerde gevare), 7.11 (Berging, transito en voertuig) en 7.12 (Ongespesifiseerde verskaffers) van die uitbreidings tot ander persele en die uitgebreide dekking vir openbare telekommunikasies en openbare dienste word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

7.1(Bykomende persele) van die uitbreidings tot ander persele word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.

## 8 Klousule: Produksie (alternatiewe grondslag)

Na die keuse van die versekerde mag die woord "produksie" die woord "omset" vervang en vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken produksie die verkoop- of oordragwaarde, soos in die versekerde se boeke aangedui, van goedere wat deur die versekerde by die perseel vervaardig of verwerk is.

Met dien verstande dat:

8.1 slegs die betekenis van produksie of die betekenis van omset geld in verband met enige enkele gebeurtenis wat onderbreking tot gevolg het;

8.2 indien die betekenis van produksie gebruik word

8.2.1 geld klousule 3 Klousule: Opgehoopte voorraad nie;

8.2.2 die laaste paragraaf van klousule 4 (Aanpassingsklousule) sal soos volg lees:

Indien goedere óf deur die versekerde óf deur ander namens hom gedurende die skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel vervaardig of verwerk word vir die voordeel van die besigheid, word die verkoop of oordrag van sodanige goedere in berekening gebring om die produksie gedurende die skadeloosstellingstydperk te bepaal.

## 9 Klousule: Verkoop van geredde goedere

Indien die versekerde gedurende die skadeloosstellingstydperk 'n bergingsverkoping hou, lees klousule 1.1.1 (1.2.1) van item 1 (bruto wins) vir die doeleindes van sodanige eis soos volg:

**1.1.1 ten opsigte van vermindering in omset**

**1.2.1**

die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk (minus die omset vir die tydperk van die verkoping van geredde goedere) as gevolg van die skade by die standaardomset te kort skiet, van welke totaal die werklike bruto wins wat gedurende die tydperk van die verkoping van geredde goedere verdien is, afgetrek word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# SAMBREEL-AANSPREEKLIKHEID

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn, tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Skade

skade beteken

verlies van of skade aan tasbare eiendom, toe-eiening, wederregtelike betreding, genotbelemmering of wederregtelike aantasting van die genot van regte op tasbare eiendom.

### 2 Besering

besering beteken

dood of besering, siekte, wederregtelike aanhouding of inhegtenisname van enige persoon.

### 3 Kwaadwilligheid

kwaadwilligheid beteken

kwaadwillige regstappe, kwaadwillige leuens, laster, onbillike mededinging of skending van kopiereg, titel, leuse of idee.

### 4 Nalatige advies

nalatige advies beteken

onjuiste of onvoldoende advies wat gegee word ter bevordering van die versekerde se produkte, maar sonder om enige ander beloning te verwag

### 5 Produk

produk beteken

enige artikel nadat dit nie meer in die bewaring of beheer van die versekerde is nie, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel is deur of namens die versekerde.

### 6 Gebiedsgrense

gebiedsgrense beteken

enige plek in die wêreld maar nie ten opsigte van enige aanmaning, eis, vonnis, toekenning of skikking in lande wat aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada onderworpe is (of enige bevel wat enige plek in die wêreld gegee word om sodanige vonnis, toekenning of skikking gedeeltelik of ten volle ten uitvoer te bring) nie.

### 7 Onderliggende versekering

onderliggende versekering beteken

dekking wat van krag is ingevolge die afdelings wat onder die opskrif "onderliggende versekeringsafdelings" in die bylae vermeld word.

## Omskrewe gebeurtenisse

Onderworpe aan die bepalings van onderafdelings A, B en C (skadeloosstellingsgrondslag ) – skadevergoeding, koste, fooie en uitgawes wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van

### 1 Skade

### 2 Besering

### 3 Kwaadwilligheid

### 4 Nalatige advies

wat in die loop van of in verband met die besigheid binne die gebiedsgrense voorkom.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Skadeloosstellingsperke

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word

1 ten opsigte van

1.1 eise voortspruitend uit of in verband met

1.1.1 produkte

1.1.2 nalatige advies

1.1.3 aanspreeklikheid voortspruitend uit besering of skade wat voorkom na die voltooiing en oorhandiging van enige werk en veroorsaak deur of in verband met enige defek of fout of weglating in sodanige werk

1.2 eise ingevolge onderafdeling C (Bykomende risikobeskerming)

vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of in totaal gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum)

2 ten opsigte van alle ander eise vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak (altyd onderworpe aan voorbehoudsbepaling 1 van onderafdeling A (Oorskotlaag-beskerming)

beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## Onderafdeling A Oorskotlaag-beskerming

Hierdie onderafdeling verskaf skadeloosstelling ooreenkomstig die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling bo die skadeloosstellingsperk van die onderliggende versekering, met dien verstande dat:

1 die dekking wat deur hierdie onderafdeling verskaf word, aan dieselfde bepalings, uitsonderings en voorwaardes as die onderliggende versekering onderworpe is en dat waar sodanige versekering meld dat die skadeloosstellingsperk oor die algemeen of ten opsigte van gespesifiseerde eise die somtotaal is van alle eise wat skadeloos gestel kan word en wat gedurende die (jaar) tydperk van sodanige onderliggende versekering voorkom of ingestel word, die skadeloosstellingsperk ingevolge hierdie afdeling verklaar word op dieselfde grondslag as sodanige onderliggende versekering;

2 die eis deur die onderliggende versekering gedek word en bloot as gevolg van die onvoldoende skadeloosstellingsperk van sodanige onderliggende versekering nie ten volle uitbetaal word nie;

3 waar die skadeloosstellingsperk van die onderliggende versekering as gevolg van vorige eise verminder is, hierdie onderafdeling skadeloosstelling bo sodanige verminderde skadeloosstellingsperk sal verskaf;

4 waar die skadeloosstellingsperk van die onderliggende versekering as gevolg van vorige eise uitgeput is, die maatskappy hierdie afdeling sal vertolk asof sodanige onderliggende versekering nog van krag is en hierdie onderafdeling skadeloosstelling bo die eerste bedrag betaalbaar (indien enige) van sodanige onderliggende versekering sal verskaf;

5 tensy die maatskappy ingevolge hierdie afdeling spesifiek daartoe instem, enige besluit deur die maatskappy om 'n eis op 'n "ex gratia"- of "sonder benadeling" -grondslag ingevolge die onderliggende versekering te aanvaar, nie deur hierdie onderafdeling gedek word nie.

## Onderafdeling B Verskil in voorwaardes

Hierdie onderafdeling verskaf skadeloosstelling ooreenkomstig die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling vir eise wat deur die omskrewe gebeurtenisse van die onderliggende versekering gedek word maar wat deur 'n latere polisbepaling, uitsondering of voorwaarde van sodanige onderliggende versekering uitgesluit word, met dien verstande dat:

1 waar die skadeloosstellingsperk van die onderliggende versekering bloot as gevolg van vorige eise uitgeput is, die maatskappy hierdie onderafdeling sal vertolk asof sodanige onderliggende versekering se omskrewe gebeurtenisse en verwante bepalings, uitsonderings en voorwaardes nog van krag is;

2 waar die onderliggende versekering 'n gemeenregtelike aanspreeklikheid-afdeling op 'n eise ingestel-grondslag of 'n werkgewersaanspreeklikheid-afdeling is, enige polisbepaling, uitsondering of voorwaarde op die onderliggende versekering met betrekking tot wanneer 'n eis ingestel of aangemeld word of ingestel of aangemeld moet word, ook op hierdie onderafdeling van toepassing is;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

3 indien ’n eis ingevolge die onderliggende versekering afgewys word op die grondslag van ’n uitsondering met betrekking tot ondoeltreffendheid of versuim om aan spesifikasies van ’n produk te voldoen en sodanige onderliggende versekering op ’n voorkoms van verliese-grondslag is en die omstandighede van die eis sodanig is dat die versekerde en die maatskappy nie onderling kan ooreenkom wanneer die verlies voorgekom het nie, die maatskappy die eis sal hanteer op die grondslag dat die verlies voorgekom het toe die eiser die versekerde die eerste keer in kennis gestel het van ’n omstandigheid of gebeurtenis wat daarna aanleiding gegee het tot ’n eis wat skadeloos gestel kan word;

4 hierdie onderafdeling ook skadeloosstelling sal verskaf waar ’n eis nie deur die bewoording van die omskrewe gebeurtenisse van die onderliggende versekering gedek word nie bloot op grond daarvan dat:

4.1 die besering of skade nie toevallig van aard is nie of nie uit ’n ongeluk voortgespruit het nie (nog steeds onderworpe aan spesifiek uitsondering 4 (Opsetlike versuim) van die spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdelings A, B en C);

4.1 enige tydelike verlies van gebruik van eiendom of vermindering in die waarde van eiendom nie skade ingevolge die genoemde omskrewe gebeurtenisse uitmaak nie.

## Onderafdeling C Bykomende risikobeskerming

Hierdie onderafdeling verskaf skadeloosstelling ooreenkomstig die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling, behalwe vir eise wat ten volle of gedeeltelik deur onderafdelings A en B van hierdie afdeling skadeloos gestel kan word of wat aan skadeloosstelling deur enige ander polis onderworpe is, met dien verstande dat:

1 die skadeloosstelling wat deur hierdie onderafdeling toegestaan word, beperk word tot eise wat gedurende die versekeringstydperk van hierdie afdeling teen die versekerde ingestel word, of gebeurtenisse of omstandighede waarvan die versekerde die maatskappy gedurende sodanige tydperk in kennis stel en wat daartoe aanleiding gee dat eise ingestel word;

2 hierdie onderafdeling nie skadeloosstelling sal verskaf nie waar die maatskappy weier om skadeloosstelling ingevolge die onderliggende versekering ten opsigte van ’n eis toe te staan op grond daarvan dat die gebeurtenis nie plaasgevind het of die eis nie ingestel is gedurende die polistermyn nie (na gelang van die geval).

# Spesifieke voorwaardes

### 1 Besigheid gelikwideer

Dekking ingevolge hierdie afdeling staak indien die versekerde se besigheid gelikwideer word of deur ’n likwidateur of geregtelike bestuurder voortgesit word of permanent gestaak word, behalwe met die skriftelike toestemming van die maatskappy.

### 2 Geskille

Enige geskil tussen die versekerde en die maatskappy in verband met of voortspruitend uit hierdie afdeling word eksklusief in ooreenstemming met die wette van die land waarin hierdie polis uitgereik word en eksklusief deur ’n bevoegde hof van die Hoë Hof van daardie land beslis.

Die versekerde onderneem om nie aksie teen die maatskappy in te stel of gesamentlike geregtelike stappe teen die maatskappy in te stel in die hof van enige ander land as die land waarin hierdie polis uitgereik word nie.

### 3 Ander versekering

Indien, tydens die plaasvind van enige gebeurtenis wat aanleiding kan gee tot ’n eis ingevolge hierdie afdeling, skadeloosstelling vir sodanige gebeurtenis ~~is~~ ook van krag is ingevolge enige ander versekering (ander dan ’n polis wat spesifiek dekking verleen in oormaat van hierdie afdeling), sal die skadeloosstelling verskaf ingevolge hierdie afdeling in oormaat van en nie bydra~~e~~ tot sodanige ander versekering nie.

Versekering spesifiek om skadeloosstelling te verskaf in oormaat van hierdie afdeling is toelaatbaar sonder benadeling van hierdie versekering en die bestaan van sodanige oormaat versekering sal nie die maatskappy se aanspreeklikheid verminder ingevolge hierdie afdeling nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 4 Onderliggende versekering

Skadeloosstelling word deur hierdie afdeling toegestaan op voorwaarde dat die onderliggende versekering gedurende die volle versekeringstydperk van krag bly en dat die skadeloosstellingsperke ingevolge die onderliggende versekering nie laer sal wees as dié wat onder die opskrif "Minimum skadeloosstellingsperke van onderliggende versekering" in die bylae vervat is nie. Indien die skadeloosstellingsperk ingevolge die onderliggende versekering op die datum van verlies minder as die gemelde minimum perke is, word die versekerde geag hulle eie maatskappy te wees vir die verskil.

# Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdelings A, B en C

Die maatskappy sal nie die versekerde ten opsigte van die volgende skadeloos stel nie:

## 1 Vervoer van passasiers teen huur of besoldiging

enige aanspreeklikheid voortspruitend uit die vervoer van passasiers teen huur of besoldiging of die vervoer van betalende passasiers;

## 2 Verpligte wetsbepaling rakende motorvoertuigversekering

soveel van enige vergoeding of eis wat binne die bestek van enige verpligte wetsbepaling rakende motorvoertuigversekering val. Hierdie uitsondering geld ondanks die feit dat geen versekering kragtens sodanige wetsbepaling van krag is of aangegaan is nie;

## 3 Omskrewe gebeurtenis wat voorkom voor die terugwerkende datum

enige omskrewe gebeurtenis wat voorkom voor die terugwerkende datum wat op die onderliggende versekering van toepassing is;

## 4 Opsetlike versuim

enige aanspreeklikheid voortspruitend uit enige opsetlike of doelbewuste versuim van die versekerde of die versekerde se bestuur om redelike voorsorg te tref om besering, skade, laster of nalatige advies te voorkom;

## 5 Elektroniese data

enige aanspreeklikheid vir verlies of skade insluitend skadelike verandering van en enige effek daarvan op enige elektroniese data;

## 6 Gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is

enige aanspreeklikheid voortspruitend uit enige omstandigheid of gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is:

6.1 wat nie by die maatskappy aangemeld word volgens enige eisaanmeldingsvereiste of -voorwaarde wat in die algemene afdeling van hierdie polis vervat is nie

6.2 voor die aanvang van hierdie afdeling;

## 7 Boetes en strafvoltrekkings

boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

## 8 Gevaarlike goedere

enige aanspreeklikheid indien die vervoer van gevaarlike goedere nie in ooreenstemming met artikel VIII van die Nasionale Padverkeerswet 1996 (Wet 93 van 1996) (soos gewysig) was nie;

## 9 Jag of wildbesigtiging

enige aanspreeklikheid voortspruitend uit besering of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit of toeskryfbaar aan jag- of wildbesigtigingsaktiwiteite;

## 10 Verspreiding van brand

enige aanspreeklikheid voortspruitend uit die verspreiding van brand van die versekerde se perseel na suikerriet, plantasies of woude;

## 11 Ongevallevergoedingswet

enige voordele waarvoor die versekerde aanspreeklik is kragtens enige toepaslike ongevalle-, werkloosheidsvergoedings- of ongeskiktheidsvoordeelwette en/of soortgelyke wet en/of skema;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Spesifieke uitsonderings van toepassing op onderafdelings B en C alleenlik

Die maatskappy sal nie die versekerde ten opsigte van die volgende skadeloos stel nie:

### 1 Bybetaling

die bybetaling. Die versekerde is verantwoordelik vir die bybetaling soos in die bylae vermeld ten opsigte van 'n eis of enige getal eise behalwe vir besering voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toeskryfbaar is aan een bron of oorspronklike oorsaak.

### 2 Geleidelik werkende oorsaak

enige aanspreeklikheid vir besering van of aan werknemers wat veroorsaak word of waartoe bygedra word deur 'n geleidelike agteruitgang of deur langdurige blootstelling aan stowwe, faktore of omstandighede wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeluk of gebeurtenis voortspruit nie;

### 3 Motorvoertuig

enige aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit, bedryf of gebruik deur of namens die versekerde van enige motorvoertuig of sleepwa;

### 4 Nie-standaard-polisuitsondering

enige aanspreeklikheid vir enige omstandigheid wat nie 'n standaard-polisuitsondering is wat spesifiek ingevolge die onderliggende versekering deur die maatskappy ten opsigte van die betrokke versekerde uitgesluit is nie;

### 5 Opsionele uitbreiding

verliese wat deur 'n uitsondering op die onderliggende versekering uitgesluit word waar sodanige dekking ingevolge 'n opsionele uitbreiding beskikbaar is, waarvan voorbeelde insluit maar nie beperk is nie tot produkaanspreeklikheid en aanspreeklikheid vir gebrekkige vakmanskap. Waar dekking ingevolge sodanige opsionele uitbreiding egter geneem is, sal skadeloosstelling vir verliese wat deur 'n uitsondering op sodanige opsionele uitbreiding uitgesluit word, ingevolge hierdie onderafdeling B en C verskaf word;

### 6 Eienaarskap van lugvaartuig, watervaartuig of skeertuig

enige aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit, bedryf of gebruik deur of namens die versekerde van enige lugvaartuig, watervaartuig of skeertuig (behalwe 'n vaartuig wat hoogstens 15,25 meter lank is en dan slegs wanneer op binnelandse waterweë), maar hierdie uitsondering is nie van toepassing op aanspreeklikheid vir besering van of aan werknemers van die versekerde wat uit sodanige werk voortspruit nie;

### 7 Prestasiewaarborge

enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit prestasiewaarborge of waarborge of klousules wat vooraf vasgestelde skadevergoeding of boetes bepaal, behalwe in soverre bewys word dat sodanige aanspreeklikheid in die afwesigheid van sodanige kontraktuele bepaling sou bestaan het;

### 8 Besoedeling

8.1 enige aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word en dat sodanige skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis nie die natuurlike gevolg van die bedryf of bestaan van die besigheid is nie;

8.2 die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word en sodanige skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis nie die natuurlike gevolg van die bedryf of bestaan van die besigheid is nie.

Hierdie uitsondering brei nie hierdie afdeling uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie afdeling verseker sou gewees het nie;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 9 Onttrekking van 'n produk

enige koste of aanspreeklikheid wat voortspruit uit die onttrekking van 'n produk (insluitend houers en etikette) of 'n deel daarvan;

### 10 Professionele advies

handelinge, foute of versuime van die direkteure of beamptes van die versekerde wanneer hulle in sodanige hoedanigheid optree of in die versekerde se lewering van professionele dienste wat insluit die gee van advies, enige optrede of werk gedoen deur die versekerde wanneer hulle hul funksies verrig in enige hoedanigheid wat spesiale vaardigheid of kennis in hulle beroep verg of die versuim om verpligtinge uit hoofde daarvan na te kom. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op nalatige advies soos omskryf in die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling nie;

### 11 Eiendom wat besit, verhuur of gehuur word

skade aan eiendom wat besit, verhuur of gehuur word deur of onder huurkoop is of geleen word aan die versekerde of andersins in die versekerde se sorg, bewaring of beheer is behalwe persele (of die inhoud daarvan) wat tydelik deur die versekerde geokkupeer word vir werk daarin of ander eiendom wat tydelik in die versekerde se besit is vir werk daaraan (maar geen skadeloosstelling toegestaan word vir skade aan die eiendom waarop die versekerde werk en wat uit sodanige werk voortspruit nie);

### 12 Herstel van 'n lugvaartuig

enige aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die herstel, instandhouding, inname of uitpomp van brandstof ten opsigte van enige lugvaartuig, watervaartuig of skeertuig wat deur of namens die versekerde onderneem word as 'n inkomstegewende aktiwiteit, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing op aanspreeklikheid vir besering van of aan werknemers van die versekerde wat uit sodanige werk voortspruit nie;

### 13 Herstel of vervanging van 'n produk

enige koste wat nodig is om 'n produk (insluitend houers en etikette) of 'n deel daarvan te herstel, vervang, op te knap of aan te pas en/of vir die verlies van gebruik van 'n produk of 'n deel daarvan;

### 14 Herhaling van algemene uitsondering

verliese wat uitgesluit word deur 'n uitsondering op die onderliggende versekering wat weer 'n algemene uitsondering vermeld, soos byvoorbeeld die algemene uitsondering met betrekking tot Oorlog, oproer en terrorisme wat weer vermeld word;

### 15 Onbillike arbeidspraktyk

enige aanspreeklikheid vir enige onbillike arbeidspraktyk insluitend maar nie beperk nie tot onbillike ontslag binne die betekenis van die Wet op Arbeidsverhoudinge No. 66 van 1995 soos gewysig, of enige wet wat in die plek daarvan bekragtig word;

### 16 Verenigde State van Amerika of Kanada

besering of skade wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada plaasvind en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige produk, indien sodanige produk na die versekerde se wete deur of namens die versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is of indien sodanige koop of herverkoop redelikerwys deur die versekerde beoog is;

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Bykomende versekerde

Die besigheidsbeskrywing van die versekerde soos vermeld in die bylae sluit in enige organisasie of funksies wat die versekerde ten bate van die versekerde se werknemers of besoekers verrig (insluitend maar nie beperk nie tot enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer- of ambulansdiens, kafeteria en dies meer) of vir die beskerming of bevordering van die versekerde se sakebedrywighede, en die maatskappy sal ook die volgende skadeloos stel indien die versekerde dit versoek (en onderworpe aan die maatskappy se toestemming, welke toestemming nie onredelikerwys weerhou word nie), asof 'n aparte polis aan elk uitgereik is:

1.1 in die geval van die dood van die versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die versekerde opgeloop is;

1.2 enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde in daardie hoedanigheid, teen enige eis waarvoor die versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

is, of enige sodanige persoon in hulle private hoedanigheid, voortspruitend uit enige tydelike indiensneming (met die versekerde se toestemming) van die versekerde se werknemers;

1.3 in soverre dit vereis word deur die voorwaardes van enige kontrak, enige persoon of party vermeld in enige kontrak wat die versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangaan;

met dien verstande dat:

1.1 die maatskappy se totale aanspreeklikheid nie verhoog word tot bo die skadeloosstellingsperke wat in die bylae vermeld word nie;

1.2 enige persoon of organisasie op wie hierdie uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;

1.3 die skadeloosstelling ingevolge 1.1, 1.2 en 1.3 slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor die versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die versekerde ingestel was;

1.4 elke party op wie die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering en die onderliggende versekering in soverre dit van toepassing kan wees, nakom en daaraan onderworpe is.

## 2 Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die maatskappy elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## 3 Nood- mediese onkoste

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos vir alle billike onkoste wat deur die versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig kan wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge onderafdelings B en C van hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen die versekerde kan wees.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# TOEVALLIGE SKADE

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui.

### 1 Versekerde eiendom

versekerde eiendom beteken

enige tasbare eiendom wat aan die versekerde behoort of deur hom in trust of in kommissie gehou word of waarvoor hy verantwoordelik is, behalwe:

1.1 gangbare munt (insluitende Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, geldige ongebruikte pos-, inkomste- en vakansieseëls, kredietkaartstrokies en ander sertifikate, dokumente of middele van 'n verhandelbare aard;

1.2 pelse, juweliersware, muntmetaal. edel- en halfedelmetale en -stene, rariteite, seldsame boeke en kunswerke;

1.3 eiendom in transito per lug, binnelandse waterweg of see;

1.4 spoorweglokomotiewe. rollende materiaal en ander spoorwegeiendom, lugvaartuie, watervaartuie, meganies of elektriesaangedrewe voertuie, motorfietse, mobiele toerusting, karavane en sleepwaens;

1.5 staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (met inbegrip van bogrond, opvulling, dreinering en duikslote) opritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne (buite die perseel), tonnels, kabels (buite die perseel) sweefspore, brûe, dokke, kaaie, seehoofde, piere, uitgrawings, eiendom onder die grond of plofstowwe;

1.6 elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia (ponskaarte, bande, skywe en dies meer) en die inligting wat daarin vervat word;

1.7 eiendom in die loop van konstruksie, oprigting en aftakeling insluitende die materiale of voorrade wat daarmee verband hou;

1.8 eiendom in die besit van kliënte ingevolge bruikhuur-, huur-, krediet- of opskortende verkoopsooreenkomste;

1.9 glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of brose artikels

tensy in die bylae as ingesluit vermeld.

## Omskrewe gebeurtenisse 1

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die perseel wat nie andersins verseker is, of waarvoor versekering beskikbaar is en wat beskryf word (hetsy by hierdie polis ingelyf al dan nie) ingevolge enige ander afdeling (behalwe Sake alle risiko's en Onklaarraking van masjinerie) wat in die inhoudsopgawe van hierdie polis uiteengesit is.

Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag vermeld

en

nieteenstaande algemene voorwaarde 13 (Ander versekering) dra hierdie afdeling nie by tot enige omskrewe gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik vir die volgende nie:

### 1 Verandering of skoonmaak

verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daaraan;

### 2 Onklaarraking of steuring

verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur onklaarraking, elektriese, elektroniese en/of meganiese steuring;

### 3 Chemikalieë of vloeistowwe

3.1 verlies of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word;

3.2 verlies of skade voortspruitende uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe;

### 4 Ineenstorting

ineenstorting van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (behalwe rakwerk of stoorplatforms);

### 5 Induiking of afsplintering

verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur induiking, afsplintering, krapmerke of kraking wat nie die werkverrigting van die item affekteer nie;

### 6 Onderbreking van toevoer van water ens.

onderbreking en/of die doelbewuste weerhouding van en/of gebrek aan toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel;

### 7 Fout of gebrek

verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, wegvreting, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klamheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking of eie slytasie;

### 8 Bedrog

verlies van of skade aan versekerde eiendom wat voortspruit uit of veroorsaak word deur of in verband met die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde of dit alleen of in samespraak met ander optree;

### 9 Oorverhitting

verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek. Hierdie uitsondering is slegs van toepassing op houers, pype, buise of soortgelyke apparaat;

### 10 Paar of stel

meer as die afsonderlike waarde van elke item wat deel uitmaak van 'n paar, stel of versameling sonder inagneming van enige spesiale waarde daarvan as deel van sodanige paar, stel of versameling;

### 11 Gevare en omstandighede anders uitgesluit

enige gevaar of omstandigheid wat uitgesluit is van enige versekering beskikbaar by die maatskappy ten tyde van die aanvang hiervan en ook nie vir enige bybetaling wat betaalbaar is deur die versekerde ingevolge sodanige versekering en ook nie vir enige vermindering in enige bedrag betaalbaar ingevolge enige eis te wyte aan die toepassing van eweredigheid nie;

### 12 Versakking of vasstamp

versakking, vasstamp, gronddeining of kraking van strukture of die verwydering of verswakking van die stut van enige versekerde eiendom;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

### 13 Termiete, insekte of ongedierte

verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur termiete, motte, insekte, ongedierte, inherente fout, dampe, defek, latente defek, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, die werking van lig;

### 14 Onverklaarbare verdwyning

Onverklaarbare verdwyning of tekort wat slegs bekend word by of ná 'n voorraadopname, of foute of weglatings in kwitansies of betalings of rekeningkunde, of foutiewe liassering of verlegging van inligting.

## Omskrewe gebeurtenisse 2 (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom as gevolg van ontlading of lekkasie van chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe (met inbegrip van verlies van sodanige chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe) uit tenks, pype of apparaat behalwe verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelikwerkende oorsake van die tenks, pype of apparaat.

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Klousule: Bykomende koste

Die versekerde bedrag ten opsigte van versekerde geboue, toerusting en masjinerie sluit die volgende in:

1.1 enige herstel- of vervangingskoste aangegaan vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies van enige openbare owerheid ná die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis, met dien verstande dat sodanige koste nie die volgende insluit nie:

1.1.1 enigiets waarvan kennis reeds aan die versekerde gegee is voor die versekerde gebeurtenis;

1.1.2 enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom;

1.1.3 eiendoms- en ander belasting, ontwikkelings- en ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van waardevermeerdering van die versekerde eiendom;

1.2 ondersoekgelde van munisipale of ander planne;

1.3 koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping, puinverwydering (insluitende onbeskadigde inhoud) en die oprigting en instandhouding van skuttings gedurende sloping en herbouing;

1.4 die professionele gelde van argitekte, bestekopnemers en ander konsultante;

en die versekerde bedrag vir alle versekerde eiendom sluit in:

1.5 gelde gehef deur enige gemagtigde brandweer vir hulle dienste

maar die maatskappy is nie ingevolge 1.1, 1.2 of 1.4 aanspreeklik nie tensy die verlore of beskadigde eiendom vervang of herstel word sonder onnodige oponthoud, en ook nie ingevolge 1.4 vir enige uitgawes in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

Verder is die maatskappy ook nie ingevolge 1.3 aanspreeklik nie vir enige koste of uitgawe:

1.6 wat aangegaan word vir die verwydering van puin, behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

1.7 voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/afdeling verseker word nie.

### 2 Klousule: Eweredigheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde eiendom by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy diensooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies of skade.

Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe.

### 3 Uitgeslote eiendom (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die eiendom wat in die bylae uiteengesit word, word gevoeg by die uitgeslote eiendom in die omskrywing van versekerde eiendom.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 4 Klousule: Eersteverlies-eweredigheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien, op die tydstip wat enige verlies of skade ontstaan, die totale waarde van die eiendom wat deur elke item beskryf word, nie die bedrae oorskry wat in die bylae vermeld word nie, is hierdie versekering nie aan eweredigheid onderworpe nie maar indien die totale waarde van sodanige eiendom meer is as die voormelde bedrae, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en die maatskappy is slegs aanspreeklik vir sodanige deel van die eerste verlies-versekerde bedrag as die verhouding waarin die voormelde bedrae staan tot die totale waarde en dit beloop hoogstens die totale bedrag waarteen elke item verseker is.

## 5 Klousule: Verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die maatskappy egter daarvan in kennis stel sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die maatskappy aanvaar word.

## 6 Klousule: Spoorweg- en ander subrogasie

Die versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## 7 Herstel (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na ’n versekerde gebeurtenis ten opsigte van geboue, toerusting en masjinerie is die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker as sodanige versekerde eiendom toe dit nuut was nie met dien verstande dat:

7.1 die vervanging of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op ’n ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die versekerde onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word, anders word geen betaling gedoen bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as hierdie klousule nie by hierdie afdeling ingelyf was nie;

7.2 totdat die uitgawe deur die versekerde aangegaan word vir vervanging of herstel van die verlore of beskadigde versekerde eiendom die maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie klousule nie by hierdie afdeling ingelyf was nie;

7.3 indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel die bedrag oorskry waarteen dit verseker was by die plaasvind van ’n versekerde gebeurtenis, word die versekerde sy eie maatskappy vir die verskil geag en dra hy ’n eweredige deel van die verlies. Elke item waarop hierdie klousule van toepassing is, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoud onderworpe;

7.4 hierdie klousule is nie van toepassing nie indien:

7.4.1 die versekerde versuim om die maatskappy binne ses maande vanaf die versekerde gebeurtenis (of sodanige verdere tydsverlenging as wat die maatskappy skriftelik mag toelaat) in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang of te herstel;

7.4.2 die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op ’n ander terrein te vervang of te herstel.

## 8 Klousule: Beperkte dekking

Die versekering ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle, gietvorms en rekenaarstelselrekords word beperk tot die waarde van die materiale en die arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes uit in verband met die lewering van enige inligting daarin vervat of die waarde van sodanige inligting aan die versekerde.

## 9 Klousule: Huurders

Die versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die perseel wat hy besit of waarvan hy ’n mede-huurder is of van die eienaar van enige perseel waarvan hy ’n huurder is nie, met



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

dien verstande dat die maatskappy in kennis gestel word sodra hy van sodanige handeling te wete kom en hy enige bykomende premie betaal voortspruitende uit die maatskappy se aanvaarding van enige bykomende risiko.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# UITGEBREIDE PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Onderliggende versekering

onderliggende versekering beteken 'n bestaande versekeringspolis van krag by:

1.1 'n Geregistreerde Suid-Afrikaanse, Botswana of Namibiese versekeraar wat een of meer van die volgende dek:

1.1.1 Persoonlike aanspreeklikheid

1.1.2 Aanspreeklikheid van eiendomseienaars

1.1.3 Huurdersaanspreeklikheid

1.1.4 Motoraanspreeklikheid

1.1.5 Watervaartuigaanspreeklikheid

1.2 Enige versekeraar in die wêreld wat een of meer van die volgende dek:

1.2.1 Motoraanspreeklikheid

1.2.2 Watervaartuigaanspreeklikheid

1.2.3 Aanspreeklikheid van eiendomseienaars

ten opsigte van enige motorvoertuig deur die versekerde gehuur op bruikhuur of besit of enige watervaartuig of eiendom deur die versekerde besit buite die Republiek van Suid- Afrika, Botswana of Namibië.

## Omskrewe gebeurtenisse

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel tot en met die skadeloosstellingsperk in die bylae vermeld ten opsigte van alle bedrae vir die betaling as skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word voortspruitend uit 'n gebeurtenis op enige plek in die wêreld gedurende die versekeringstydperk maar nie ten opsigte nie van enige uitspraak, toekenning, betaling of skikking gemaak binne lande wat onderhewig aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada optree (of aan enige bevel wat op enige plek in die wêreld uitgereik is om sodanige uitspraak, toekenning, betaling of skikking hetsy in geheel of gedeeltelik af te dwing) tot die omvang waarvan:

1 sodanige aanspreeklikheid nie ingevolge die versekeringsklousule en/of die versekerbare gebeurtenisklousule en/of grondliggendeklousule van enige onderliggende versekering skadeloos gestel kan word nie

of

2 sodanige aanspreeklikheid weens 'n uitsondering in enige onderliggende versekering nie skadeloos gestel kan word nie

of

3 die bedrag van sodanige aanspreeklikheid die perk van die onderliggende versekering oorskry en die onderliggende versekeraar die volle bedrag van sodanige perk betaal het of aanspreeklikheid erken het of verantwoordelik gehou is om dit te betaal wat vir doeleindes van hierdie polis geag word 'n minimum van R500 000 te wees maar R1 000 000 ten opsigte van motoraanspreeklikheid en/of watervaar- tuigaanspreeklikheid.

## Die skadeloosstellingsperke

Die bedrag betaalbaar insluitende enige regskostes wat van die versekerde verhaalbaar is deur enige eiser of enige aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die maatskappy vir enige gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron sal nie die skadeloosstellingsperk soos vermeld in die bylae oorskry nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# Spesifieke voorwaardes

## 1 Skulderkentenis, aanbod, belofte of betaling

Geen skulderkentenis, aanbod, belofte of betaling met betrekking tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling mag deur of namens die versekerde sonder die skriftelike instemming van die maatskappy gemaak of gegee word nie. Die versekerde moet alle redelike stappe doen om te verseker dat die onderliggende versekeraars aan hierdie voorwaarde sal voldoen en met die maatskappy sal saamwerk in die verdediging en skikking van enige eis wat deur beide 'n onderliggende versekering en hierdie afdeling skadeloos gestel kan word en in die uitoefening van enige subrogasieregte. Die koste in die uitoefening van sodanige regte aangegaan en enige bedrag verhaal word tussen die partye verdeel in ooreenstemming met die bedrae deur elke party ingevolge die onderskeie polisse betaal of betaalbaar.

## 2 Aanmelding van eise

Skriftelike kennis moet so spoedig moontlik aan die maatskappy gegee word van enige gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling aanleiding mag gee en die versekerde moet die verdere inligting verskaf wat die maatskappy redelikerwys mag vereis. Elke eis, lasbrief, dagvaarding of prosesstuk en alle verwante dokumente moet so spoedig moontlik aan die maatskappy besorg word.

Onopsetlike versuim om sodanige kennis te gee omdat die versekerde nie redelikerwys kon voorsien dat die gebeurtenis tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling aanleiding sou gee nie sal nie as 'n verbreking van hierdie voorwaarde beskou word nie.

## 3 Geldeenheid

Betalings ingevolge hierdie afdeling sal gemaak word in dieselfde geldeenheid as die premie betalings.

## 4 Verdediging of skikking

Ten opsigte van enige eis wat nie ten minste gedeeltelik deur 'n onderliggende versekering gedek word nie mag die maatskappy die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die versekerde oorneem en voer of vir eie voordeel in die naam van die versekerde voortsit en sal volle diskresie hê in enige gedinge en in die skikking van enige eis. Die versekerde moet al die inligting verskaf en bystand verleen wat die maatskappy mag verlang.

## 5 Jurisdiksie

Die afdeling is onderhewig aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika, Botswana en Namibië wie se howe uitsluitlike jurisdiksie ten opsigte van enige dispuut tussen die maatskappy en die versekerde sal hê.

## 6 Maksimum bedrag betaalbaar

In die geval van 'n eis waarvoor die maatskappy vir die maksimum bedrag kragtens enige item betaalbaar aanspreeklik is, sal die totale bedrag van uitstaande paaiemente vir daardie item tot aan die einde van die lopende versekeringstydperk van die betaalbare bedrag afgetrek word.

## 7 Betaling van skadeloosstellingsperk

Die maatskappy mag in die geval van enige gebeurtenis die maksimum skadeloosstellingsperk (na aftrekking van enige bedrae alreeds betaal) of enige mindere bedrag waarvoor die eis of eise geskik kan word aan die versekerde betaal en die maatskappy sal daarna geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige gebeurtenis hê nie.

## 8 Besoedeling

Die skadeloosstelling kragtens hierdie afdeling verleen ten opsigte van deursypeling, besoedeling of kontaminasie wat nie deur skielike, onvoorsiene, onbeplande en onopsetlike gebeurtenisse veroorsaak word nie is beperk tot R250 000 in die geheel in enige 12 (twaalf) maande tydperk van versekering.

## 9 Onderliggende versekering

Skadeloosstelling word deur hierdie afdeling verleen op voorwaarde dat daar ten tyde van die gebeurtenis 'n onderliggende versekeringspolis van krag is wat wesentlik dekking verskaf vir die tipe aanspreeklikheid waarvoor skadeloosstelling hierkragtens versoek word en op voorwaarde dat die versekerde nie strydig met die bepalings van so 'n onderliggende versekering optree nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy sal nie die versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van aanspreeklikheid:

**1 Dade van die versekerde**

wat voortspruit uit enige oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige optrede van die versekerde of dade van fisiese aanranding of verleiding deur die versekerde gepleeg;

**2 Lugvaartuig**

wat voortspruit uit die eienaarskap of gebruik van enige lugvaartuig behalwe model lugvaartuig en hangsweeftuie;

**3 Skuld**

vir enige skuld;

**4 Indiensneming, besigheid of beroep**

wat voortspruit uit of in die loop van die versekerde se werk, besigheid of beroep met inbegrip van, maar nie beperk nie tot die verkoop van enige goedere of die lewering van enige dienste teen 'n fooi, vergoeding of enige ander teenprestasie;

**5 Boetes en strafvoltrekkings**

vir betaling van enige boete, straf, veelvuldige, bestraffende skadevergoeding of wat voortspruit uit gelikwideerde skadevergoedingklousules, strafklousules of prestasie-waarborge behalwe tot die mate wat dit bewys kan word dat aanspreeklikheid in elk geval in die afwesigheid van sodanige klousules of waarborge sou bestaan het;

**6 MIV en VIGS**

wat voortspruit uit enige toestand wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of verband hou met Menslike Immuniteitsgebreksvirus (MIV) of die mutante afgeleides of variasies daarvan of wat in enige opsig verwant is aan Verworwe Immuniteitsgebrek- sindroom of enige sindroom of toestand van soortgelyke aard hoe dit ook genoem word;

**7 Verhuring en/of uithuur**

wat voortspruit uit die verhuring en/of uithuur van enige roerende of onroerende eiendom of 'n gedeelte daarvan teen 'n fooi, vergoeding of enige ander teenprestasie;

**8 Aanspreekliheid teenoor die versekerde**

8.1 van een versekerde teenoor 'n ander

8.2 teenoor enige vorige versekerde ten opsigte van 'n gebeurtenis gedurende enige tydperk waartydens sodanige vorige versekerde 'n versekerde was;

**9 Motor aanspreeklikheid**

vir enige eis ten opsigte van motoraanspreeklikheid tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige van die onderliggende versekerings skadeloos gestel kan word behalwe enige eis wat alleenlik weens enige gebiedsbeperkings uitgesluit word;

**10 Kern**

wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur of waartoe die volgende bygedra het of wat voortspruit uit die radioaktiewe toksiese plofbare of ander gevaarlike eienskappe van enige plofbare kern montasie of kernkomponent daarvan;

**11 Ander versekering**

wat voortspruit uit verlies of beskadiging van eiendom tot so 'n mate dat sodanige aanspreeklikheid ingevolge enige ander versekeringspolis skadeloos gestel kan word;

**12 Betaling van onderhoud of alimentasie**

vir die versuim om enige onderhoud of alimentasie of enige bedrae weens breuk van troubelofte te betaal;

**13 Eiendom gehuur, op bruikhuur of deur die versekerde geleen**

vir die eerste R5 000 van enige eis ten opsigte van eiendom gehuur, op bruikhuur of deur die versekerde geleen;



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 14 Eiendom in die versekerde se bewaring of beheer

vir verlies of beskadiging van enige selfaangedrewe landvoertuig, sleepwa, woonwa, watervaartuig of lugvaartuig in die versekerde se sorg, bewaring of beheer;

## 15 Aankoop van eiendom

wat voortspruit uit die aankoop, verkoop, ruilhandel of uitruiling van enige roerende of onroerende eiendom of onvermoë van die versekerde om aan enige verpligtinge met betrekking daartoe te voldoen;

## 16 Onverskillige verontagsaming

wat voortspruit uit die onverskillige verontagsaming deur die versekerde van die moontlike gevolge van sy dade of versuim;

## 17 Statutêre- of soortgelyke wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie beheer

wat die onderwerp is van statutêre- of soortgelyke wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer en ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor:

17.1 die versekerde verplig is om versekering aan te gaan of om sekuriteit te stel of

17.2 die staat of ander regeringsliggaam of owerheid verantwoordelikheid aanvaar het;

## 18 Beëindiging van diens

vir die eerste R2 000 van enige eis wat uit die opskorting of beëindiging van die diens van enige huisbediende voortspruit;

## 19 Watervaartuigaanspreeklikheid

vir enige eis ten opsigte van watervaartuigaanspreeklikheid:

19.1 tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige van die onderliggende versekerings skadeloos gestel kan word behalwe enige eis wat alleenlik weens enige gebiedsbeperkings uitgesluit word;

19.2 waar die totale lengte van die watervaartuig 10,5 meter oorskry



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# VERLIES VAN WINSTE (MASJINERIE)

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui.

### 1 Ongeluk

ongeluk beteken

onvoorsiene en skielike fisiese beskadiging van die masjinerie wat in skedule II beskryf word soos bepaal in die onklaarraking van masjinerie versekering.

### 2 Jaarlikse inkomste

jaarlikse inkomste beteken

die inkomste tydens die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk aangepas ingevolge klousule 3 (Aanpassingsklousule)

### 3 Jaarlikse omset

jaarlikse omset beteken

die omset tydens die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk aangepas ingevolge klousule 3 (Aanpassingsklousule)

### 4 Bruto wins (verskilgrondslag)

bruto wins beteken

die bedrag waarmee

4.1 die som van die omset en die bedrag van die eindvoorraad

meer is as

4.2 die som van die aanvangsvoorraad en die onversekerde bedryfskoste gespesifiseer in skedule I

### 5 Bruto wins (gespesifiseerde staande koste grondslag)

bruto wins beteken

die bedrag verkry deur die netto wins by die bedrag van die versekerde staande koste te voeg of indien daar geen netto wins is nie die bedrag van die versekerde staande koste min sodanige proporsie van enige netto handelsverlies volgens die verhouding waarin die bedrag van die versekerde staande koste staan tot al die staande koste van die besigheid.

### 6 Bruto wins (alle staande koste grondslag)

bruto wins beteken

die bedrag verkry deur die netto wins by die bedrag van al die staande koste van die besigheid te voeg of as daar geen netto wins is nie die bedrag van al die staande koste min die bedrag van enige netto handelsverlies. Vir die doel van hierdie versekering word waardevermindering van geboue bedryfsuitrusting masjinerie (behalwe masjinerie wat in hierdie ongeluk beskadig is) vaste en los toebehore onder andere as staande koste beskou.

### 7 Skadeloosstellingstydperk

skadeloosstellingstydperk beteken

die tydperk waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van die ongeluk beïnvloed word, wat die getal ure/dae gemeld by die tyduitsluiting van bylae 2 na die ongeluksgebeurtenis begin en eindig nie later nie as die afloop van die getal dae/weke/maande aangedui by die skadeloosstellingstydperk in bylae 2 na die gebeurtenis.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 8 Netto wins

netto wins beteken

die netto bedryfswins (met uitsluiting van alle kapitale ontvangste en aanwas en alle besteding wat regmatig teen kapitaal bereken kan word) wat voortkom uit die besigheid van die versekerde op die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle staande en ander koste met inbegrip van waardevermindering maar vóór aftrekking van enige belasting wat op winste invorderbaar is.

## 9 Bruto winskoers

bruto winskoers beteken

die bruto wins verdien as 'n persentasie van die omset gedurende die boek jaar onmiddellik voor die datum van die ongeluk aangepas ingevolge klousule 3 (Aanpassingsklousule).

## 10 Lonekoers

lonekoers beteken

die lone betaal as 'n persentasie van die omset gedurende die boek jaar onmiddellik voor die datum van die ongeluk aangepas ingevolge klousule 3 (Aanpassingsklousule).

## 11 Inkomste

inkomste beteken

die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en dienste gelewer in die loop van sake op die perseel.

## 12 Tekort in omset

tekort in omset beteken

die bedrag waarmee die omset gedurende die gegewe deel van die skadeloosstellingstydperk ten gevolge van die ongeluk kort skiet by daardie deel van die standaard omset wat daarop betrekking het

## 13 Standaard inkomste

standaard inkomste beteken

die inkomste tydens die tydperk wat ooreenstem met die skadeloosstellingstydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk aangepas ingevolge klousule 3 (Aanpassingsklousule).

## 14 Standaard omset

standaard omset beteken

omset tydens die tydperk wat ooreenstem met die skadeloosstellingstydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk aangepas ingevolge klousule 3 (Aanpassingsklousule).

## 15 Die perseel

die perseel beteken

alle persele wat deur die versekerde besit gebruik of geokkupeer word vir die doel van die besigheid

## 16 Omset

omset beteken

die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van sake op die perseel.

# Omskrewe gebeurtenisse

'n Ongeluk aan masjinerie gespesifiseer in skedule II in gebruik deur die versekerde op die perseel vir die doel van die besigheid en wat aanleiding gee tot onderbreking of belemmering van die besigheid met dien verstande dat betaling reeds gemaak is of aanspreeklikheid erken is vir sodanige ongeluk onder die masjinerie onklaarrakingsversekering behalwe so ver as 'n voorbehoud in werking mag tree wat verliese onder 'n sekere bedrag uitsluit.

# Spesifieke uitsondering - byvoegings veranderings verbeterings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies veroorsaak deur onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van byvoegings veranderings of verbeterings aan die beskadigde item tydens herstelwerk.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## Spesiale voorwaardes

### 1 Optrede in die geval van 'n ongeluk

Wanneer 'n ongeluk plaasvind as gevolg waarvan 'n eis kragtens hierdie versekering gemaak mag word sal die versekerde benewens die nakoming van algemene voorwaardes met behoorlike ywer alles doen en daarmee instem om te doen en toe laat om gedoen te word wat redelik uitvoerbaar is om enige onderbreking of belemmering van die besigheid te stuit of te verminder of om die verlies te vermy of verminder en indien 'n eis kragtens hierdie versekering gemaak word nie later nie as dertig dae na die vervaldatum van die skadeloosstellingstydperk of binne sodanige bykomende tyd as wat die maatskappy sal toestaan op eie koste 'n skriftelike staat aan die maatskappy lewer wat besonderhede van hul eis uiteensit tesame met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan dek of gevolglike verlies van enige aard voortspruitend daaruit. Geen eis is kragtens hierdie versekering betaalbaar tensy hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is nie en in die geval waar die voorwaardes nie nagekom is nie word enige betaling wat reeds kragtens die eis gemaak is dadelik aan die maatskappy terugbetaal

### 2 Reserwe masjinerie

Enige item masjinerie wat kragtens hierdie polis verseker is en waarlangs die woord "reserwe" verskyn in skedule II moet in gereedheid gehou word vir onmiddellike gebruik in die geval van onklaarraking van die masjinerie waarvoor dit op reserwe gehou word. Indien die reserwe toestand verander moet die versekerde die maatskappy so gou moontlik daarvan in kennis stel en die toepaslike bykomende premie betaal wat bereken word vanaf die datum waarop die masjinerie nie meer op reserwe was nie.

## Grondslag van verliesvereffening

### 1 Bruto wins (verskilgrondslag)

Die versekering kragtens item 1 van skedule I is beperk tot die verlies van bruto wins weens afname in omset en toename in bedryfskoste en die bedrag as skadeloosstelling daarkragtens betaalbaar is

#### 1.1 vir afname in omset

die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag waarby die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk kort skiet by die standaardomset

#### 1.2 vir toename in bedryfskoste

die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys gemaak met die uitsluitlike doel om die afname in omset te vermy of te verminder wat as dit nie vir daardie uitgawe was nie sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk maar hoogstens die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag van die afname daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit bruto wins betaalbaar is wat as gevolg van die ongeluk mag ophou of verminder.

met dien verstande dat indien die bedrag verseker kragtens hierdie item minder is as die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset (na verhouding verhoog indien die aantal maande in die skadeloosstellingstydperk 12 oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

### 2 Bruto wins (gespesifiseerde staande koste grondslag)

Die versekering kragtens item 2 van skedule I is beperk tot die verlies van bruto wins as gevolg van afname in omset en toename in bedryfskoste en die bedrag as skadeloostelling daarkragtens betaalbaar is

#### 2.1 vir afname in omset

die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag waarmee die omset tydens die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk kort skiet by die standaardomset.

#### 2.2 vir toename in bedryfskoste

die bykomende uitgawe (onderhewig aan bepaling 2.2 hieronder) noodsaakliker- en rederlikerwys gemaak met die uitsluitlike doel om afname in omset te vermy of te verminder



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

wat as dit nie vir die uitgawe was nie sou plaasgevind het gedurende die skadeloostellingstydperk as gevolg van die ongeluk maar hoogstens die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag van die afname daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige versekerde staande of ander koste wat mag ophou of afneem as gevolg van die ongeluk met dien verstande

2.1 dat indien die bedrag kragtens hierdie item verseker minder is as die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset (na verhouding verhoog indien die aantal maande in die skadeloosstellingstydperk 12 oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word

2.2 dat indien enige staande koste van die besigheid nie verseker is nie slegs sodanige verhouding wat die bykomende uitgawes op die totaal van die netto wins en die versekerde staande koste dra ten opsigte van die totaal van die netto wins en alle staande koste in ag geneem sal word in die berekening van die bedrag wat hierkragtens verhaalbaar is

## 3 Bruto wins (alle staande koste grondslag)

Die versekering kragtens item 3 van skedule I is beperk tot die verlies van bruto wins weens afname in omset en toename in bedryfskoste en die bedrag as skadeloosstelling daarkragtens betaalbaar is

### 3.1 vir afname in omset

die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag waarby die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk kort skiet by die standaardomset

### 3.2 vir toename in bedryfskoste

die bykomende uitgawe noodsaakliker- en rederlikerwys gemaak met die uitsluitlike doel om die afname in omset te vermy of te verminder wat as dit nie vir daardie uitgawe was nie sou - plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk maar hoogstens die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag van die afname daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit bruto wins betaalbaar is wat as gevolg van die ongeluk mag ophou of verminder

met dien verstande dat indien die bedrag verseker kragtens hierdie item minder is as die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset (na verhouding verhoog indien die aantal maande in die skadeloosstellingstydperk 12 oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

## 4 Inkomste

Die versekering kragtens item 4 van skedule I is beperk tot verlies as gevolg van afname in inkomste en verhoging in bedryfskoste en die skadeloosstellingsbedrag daarkragtens betaalbaar sal wees.

### 4.1 vir afname in inkomste

die bedrag waarmee die inkomste tydens die skadeloosstellingstydperk minder is as die standaardinkomste as gevolg van die ongeluk

### 4.2 vir verhoging in bedryfskoste

die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies van inkomste te vermy of te verminder wat as dit nie vir daardie uitgawe was nie gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk plaas sou gevind het maar hoogstens die bedrag van die verlies van inkomste daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van die koste en uitgawes van die onderneming betaalbaar uit inkomste as wat mag eindig of wat verminder mag word as gevolg van die ongeluk

met dien verstande dat indien die bedrag deur hierdie item verseker minder is as die jaarlikse inkomste (na verhouding verhoog indien die aantal maande in die skadeloosstellingstydperk 12 oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 5 Lone (tweevoudige grondslag).

Die versekering kragtens item 5 van skedule I is beperk tot verlies ten opsigte van lone en die bedrag betaalbaar hiervolgens sal wees

### 5.1 vir vermindering in omset

5.1.1 gedurende die gedeelte van die skadeloosstellingstydperk wat begin met die aantal ure/dae uiteengesit in kolom C van skedule II na die ongeluksgebeurtenis en eindig nie later daarna as die gespesifiseerde aantal weke soos genoem in skedule I - die bedrag verkry deur die lonekoers toe te pas op die tekort in omset min enige besparing deur afname as gevolg van die ongeluk in die bedrag van lone wat betaal is

5.1.2 gedurende die oorblywende gedeelte van die skadeloosstellingstydperk - die bedrag verkry deur die lonekoers toe te pas op die tekort in omset min enige besparing deur afname as gevolg van die ongeluk in die bedrag van lone wat betaal is maar wat nie die bedrag te bowe gaan wat verkry is deur die gespesifiseerde persentasie van die lonekoers toe te pas op die tekort in omset gedurende die vermelde oorblywende gedeelte van die skadeloosstellingstydperk verhoog deur sodanige bedrag wat afgetrek is vir besparings kragtens die bepalings van klousule 5.1.1 hierbo

**Nota** Na keuse van die versekerde kan die bepalings van klousule 5.1.1 van toepassing wees op die gespesifiseerde uitgebreide tydperk met dien verstande dat die bedrag verkry kragtens die bepalings van klousule 5.1.2 nie sodanige bedrag oorskry as wat kragtens klousule 5.1.1 afgetrek is vir besparings teweeggebring gedurende genoemde uitgebreide tydperk

### 5.2 Vir verhoging in bedryfskoste

soveel van die bykomende uitgawe omskryf in klousule 1.2, 2.2 of 3.2 van items 1 of 2 of 3 van skedule I as wat die bedrag daarvolgens betaalbaar oorskry maar nie meer as die bykomende bedrag wat betaalbaar sou gewees het vir vermindering in omset kragtens die bepalings van klousules 5.1.1 en 5.1.2 van hierdie item indien sodanige uitgawe nie aangegaan is nie

met dien verstande dat as die bedrag deur hierdie item verseker minder is as die bedrag verkry deur die lonekoers op die jaarlikse omset toe te pas (na verhouding verhoog waar die aantal maande van die skadeloosstellingstydperk 12 oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

## 6 Lone (aantal weke-grondslag)

Die versekering kragtens item 6 van skedule I is beperk tot die verlies gely deur die versekerde deur betaling van lone vir 'n tydperk wat die getal ure/dae gemeld by die tyduitsluiting van bylae 2 na die ongeluksgebeurtenis begin en eindig nie later daarna as die aantal weke gespesifiseer in skedule I. Die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling kragtens hierdie item sal wees die werklike bedrag wat die versekerde as lone sal betaal vir sodanige tydperk aan werknemers wie se dienste as gevolg van die ongeluk glad nie deur die versekerde benut kan word nie en 'n billike gedeelte van die lone vir sodanige tydperk betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die ongeluk nie ten volle deur die versekerde benut kan word nie met dien verstande dat as die bedrag deur hierdie item verseker minder is as die totale bedrag van die lone wat betaal sou gewees het gedurende die gespesifiseerde aantal weke wat onmiddellik op die ongeluk volg as die ongeluk nie plaasgevind het nie sal die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word.

## 7 Bykomende uitgawe

Die versekering kragtens item 7 van skedule I is beperk tot bykomende uitgawe (wat dit kragtens ander items verhaalbaar oorskry) noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan deur die versekerde as gevolg van die ongeluk met die doel om onderbreking van of belemmering met die besigheid gedurende die skadeloosstellingstydperk te verminder.

# Klousules, uitbreidings en beperkings (van toepassing slegs in soverre dit in die bylae aangedui is)

## 1 Rekenmeester/ouditeur

Enige besonderhede of detail in die rekeningboeke of ander sakeboeke of dokumente van die versekerde vervat wat deur die maatskappy benodig word vir die ondersoek of bevestiging van enige eise kragtens hierdie versekering mag deur die versekerde se eie rekenmeesters en/of ouditeure



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat sal prima facie bewys wees van die besonderhede en detail wat op sodanige sertifikaat van toepassing is.

## 2 Ophoping van voorrade

By die aansuiwering van enige verlies sal rekening gehou word en 'n billike toegewing gemaak word indien enige tekort in omset as gevolg van die ongeluk uitgestel word omdat die omset tydelik in stand gehou word uit opgehoopte voorraad.

## 3 Aanpassingsklousule

Jaarlikse inkomste, jaarlikse omset, bruto winskoers, lonekoers, standaard inkomste en standaard omset soos omskryf, word soos nodig aangepas om voorsiening te maak vir die tendens van die besigheid en vir veranderings of ander omstandighede wat die besigheid hetsy voor of na die skade affekteer, of wat die besigheid sou geaffekteer het indien die skade nie voorgekom het nie, sodat sodanig aangepaste syfers so na as redelikerwys prakties moontlik die resultate weerspieël wat, as dit nie vir die skade was nie, gedurende die relatiewe tydperk na die skade verkry sou word.

Indien die versekerde óf ander namens die versekerde gedurende die skadeloosstellingstydperk tot voordeel van die besigheid op ander plekke as by die perseel goedere verkoop of dienste lewer, word die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in berekening gebring by die bepaling van die bruto huurgeld, jaarlikse uitgawe op navorsing, inkomste of omset gedurende die skadeloosstellingstydperk.

## 4 Alternatiewe grondslag van verliesvereffening

Die woord produksie kan die woord omset vervang en vir die doel van hierdie versekering beteken produksie die verkoopswaarde van goedere vervaardig deur die versekerde in die loop van sake op die perseel met dien verstande dat

4.1 slegs een sodanige betekenis geldig sal wees met betrekking tot 'n enkele ongeluk

4.2 indien bogenoemde betekenis aanvaar word

4.2.1 sal klousule 2 (Ophoping van voorrade) nie in werking tree nie

4.2.2 die laaste paragraaf van klousule 3 (Aanpassingsklousule) sal soos volg lees:

indien goedere gedurende die skadeloosstellingstydperk vervaardig of dienste gelewer word tot voordeel van die besigheid elders as op die perseel of deur die versekerde of deur ander namens hom sal die verkoopswaarde van goedere wat op hierdie wyse vervaardig of dienste wat so gelewer is in ag geneem word in die berekening van die produksie tydens die skadeloosstellingstydperk.

## 5 Departemente/takke

Indien die besigheid in departemente/takke gedoen word waarvan onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is sal die bepalings van grondslag van verliesvereffening paragrawe 1.1, 1.2, 2.1, 2.2, 3.1, 3.2, 4.1, 4.2, 5.1 en 5.2 afsonderlik van toepassing wees op elke departement/tak waarvan die resultate deur die ongeluk beïnvloed word met dien verstande dat indien die betrokke versekerde bedrag minder is as die totaal van die bedrae verkry deur toepassing van die bruto winskoers inkomste of die lonekoers (na gelang van die geval) vir elke departement/tak van die besigheid (hetsy die resultate deur die ongeluk beïnvloed is al dan nie) op die betrokke jaarlikse omset daarvan (na verhouding verhoog waar die aantal maande van die skadeloosstellingstydperk 12 oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word

## 6 Depositopremie

Aangesien die premies vir items 1 2 3 4 en/of 5 van skedule I voorlopig is omdat hulle op 75 persent van die versekerde bedrag/bedrae bereken word is die premie onderhewig aan aanpassing by die verstryking van elke versekeringstydperk soos volg.

Indien die bruto wins of inkomste verdien of lone betaal (na verhouding verhoog waar die aantal maande van die skadeloosstellingstydperk 12 oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) minder of meer is as 75 persent van die versekerde bedrag daarop sal 'n pro rata premieterugbetaling of 'n bykomende premie van hoogstens 33⅓ persent van die voorlopige premie betaal vir sodanige versekeringstydperk ten opsigte van die verskil gemaak word



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

## 7 Nuwe besigheidsklousule

Vir die doel van bepaling van enige verlies as gevolg van 'n ongeluk wat plaasvind voor die voltooiing van die eerste jaar se handel sal die woordbetekenisse van jaarlikse inkomste, jaarlikse omset, bruto winskoers, lonekoers, standaard inkomste en standaard omset soos volg verander

### 7.1 Jaarlikse inkomste

Die gemiddelde inkomste verdien gedurende die drie maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk

### 7.2 Jaarlikse omset

Twaalf maal die gemiddelde maandelikse omset vir die drie maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

### 7.3 Bruto winskoers

Die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die drie maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk

### 7.4 Lonekoers

Die lone betaal as 'n persentasie van die omset gedurende die drie maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk

### 7.5 Standaardomset

Die omset wat bereik sou word gedurende die skadeloosstellingstydperk indien die gemiddelde omset gedurende die drie maande voor die datum van die ongeluk gehandhaaf was.

### 7.6 Standaard inkomste

Die inkomste wat verdien sou word gedurende die skadeloosstellingstydperk indien die gemiddelde inkomste gedurende die drie maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk gehandhaaf was.

## 8 Betalings op rekening

Indien verkies mag betalings op rekening van versekerde verliese gemaak word.

## 9 Premiekorting

9.1 Indien die bruto wins en/of inkomste verdien en/of lone betaal soos verseker deur items 1 2 3 4 en/of 8 van skedule I (alles na verhouding verhoog as die aantal maande 12 oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) minder is as die afsonderlike versekerde bedrag daarop sal 'n pro rata premieterugbetaling van hoogstens 50 persent van die premie wat op sodanige versekerde bedrae betaal is vir sodanige versekeringstydperk vir die verskil gemaak word met dien verstande dat indien enige eis kragtens hierdie item sou ontstaan die terugbetaling gemaak sal word slegs ten opsigte van soveel van die verskil as wat nie sodanige eis toekom nie

9.2 Indien die gespesifiseerde aantal van 52ste gedeeltes van die lone betaal soos verseker deur item 6 van skedule I gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) minder is as die bedrag daarop verseker sal 'n pro rata premieterugbetaling van hoogstens 50 persent van die premie wat op sodanige versekerde bedrag betaal is vir sodanige versekeringstydperk vir die verskil gemaak word met dien verstande dat as enige eis kragtens hierdie item sou ontstaan geen premieterugbetaling gemaak sal word nie.

## 10 Herstelling van versekerde bedrag

Nieteenstaande die plaasvind van verlies is hierdie versekering steeds van krag vir die volle bedrag met instemming van die versekerde om bykomende premie pro rata op die bedrag van sodanige verlies te betaal vanaf die datum van die ongeluk tot die verstryking van die versekeringstydperk



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# VERSLEGTING VAN VOORRAAD (MASJINERIE BREEKSKADE)

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

**1 Ongeluk**

ongeluk beteken

onvoorsiene en skielike fisieke skade aan die masjinerie in die bylae van hierdie afdeling omskryf weens enige oorsaak soos voorsien in terme van die Masjinerie breekskade afdeling van hierdie polis waarvoor aanspreeklikheid onder sodanige afdeling wat behalwe vir die voorbehoudsbepaling met betrekking tot die spesifieke uitsondering wat verwys na die bybetaling, 'n voorwaarde sal wees wat aanspreeklikheid voorafgaan.

**2 Koelkamer**

sluit in

vrieskamer

**3 Skade**

skade beteken

3.1 ten opsigte van die versekerde produkte

vernietiging of beskadiging in waarde van die versekerde produkte weens verslegting of kontaminasie of verrotting of bederwing

3.2 ten opsigte van die versekerde koelkamer(s)

skade

as gevolg van 'n ongeluk.

**4 Waarde**

waarde beteken

4.1 ten opsigte van die versekerde produkte

4.1.1 die werklike aankoopprys deur die versekerde aan sy verskaffer betaal vir die versekerde produkte of daardie deel daarvan wat deur die skade geaffekteer is

of

4.1.2 die werklike aankoopprys deur die versekerde aan sy verskaffer betaal vir die versekerde produkte of daardie deel daarvan wat deur die skade geaffekteer is waartoe bygevoeg word die koste van die verwerking van sodanige versekerde produkte wat die berging daarvan in die koelkamer(s) voorafgaan

of

4.1.3 die verkoopsprys van die versekerde produkte of daardie deel daarvan wat deur die skade geaffekteer is

watter ookal in die bylae vermeld van toepassing te wees.

4.2 ten opsigte van versekerde koelkamer(s)

die huidige vervangingswaarde van die koelkamer(s)

## Omskrewe gebeurtenisse

Hierdie versekering is ten opsigte van:

**1 onvoorsiene skade aan die versekerde produkte en/of koelkamer(s)**

**2 bykomende bedryfskoste**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

**1 Ten opsigte van onvoorsiene skade aan die versekerde produkte en/of koelkamer(s):**

die waarde van die versekerde produkte en/of koelkamer(s) geaffekteer as 'n direkte gevolg van die skade wat nie die aanspreeklikheidsperk vermeld in die bylae sal oorskry nie

**2 Ten opsigte van bykomende bedryfskoste:**

die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die skade aan die versekerde produkte (insluitende koste aangegaan in die verkryging van alternatiewe stoorfasiliteite vir die versekerde produkte) weens 'n direkte oorsaak van die skade met die uitsluitlike doel om sodanige skade aan die versekerde produkte te vermy of te verminder maar wat hoogstens die bedrag sal beloop wat andersins kragtens klousule 1 hierbo skadeloosstelbaar is

Met dien verstande altyd dat:

1 anders as in die geval van die toevallige ontlading van verkoelingsmiddels sal skade 'n wisseling in temperatuur in die koelkamer(s) veroorsaak

2 die maatskappy sal geregtig wees op enige besparing in uitgawes volgende op skade.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy sal nie die versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van:

**1 Kneusing ens.**

skade aan die versekerde produkte en/of koelkamer(s) weens kneusing knaagdiere peste of natuurlike agteruitgang siekte of gebrek.

**2 Gevolglike verlies**

gevolglike verlies skade of aanspreeklikheid volgende op skade aan die versekerde produkte en/of koelkamer(s)

**3 Bybetaling**

die bybetaling soos in die bylae vermeld

**4 Versekerde produkte**

skade aan die versekerde produkte wat nie tydens die skade gestoor is in die versekerde koelkamer(s) nie

## Klousules, uitbreidings en beperkings

**1 Uitbreiding: Toevallige ontlading van verkoelingsmiddels (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Woordomskrywing 1 Ongeluk is uitgebrei om in te sluit skade aan die versekerde produkte (gestoor in die koelkamer(s) en/of die versekerde koelkamer(s)) weens 'n direkte gevolg van die toevallige ontlading van verkoelingsmiddels volgende op onvoorsiene en skielike fisieke skade aan die verkoelingsmasjinerie in die bylae van hierdie afdeling omskryf.

**2 Outomatiese heraanskakeling**

Die beheerskakeltoerusting van die verkoelingsmasjinerie omskryf in die bylae van hierdie afdeling sluit in apparate vir outomatiese heraanskakeling volgende op 'n onderbreking van die openbare elektrisiteitstoevoer.

**3 Uitbreiding: Kontaminasie deur verkoelingsmiddels wat die ontruiming van die koelkamer(s) noodsaak (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Woordomskrywing 3 Skade ten opsigte van versekerde koelkamer(s) is uitgebrei om in te sluit kontaminasie deur verkoelingsmiddels wat die ontruiming van die koelkamer(s) noodsaak.

**4 Verklaring**

By die verstryking van elke (jaarlikse) versekeringstydperk (synde die tydperk van 12 opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of verjaardagdatum) sal die versekerde die volgende verklaring aan die maatskappy lewer:

4.1 die gemiddelde maandelikse waarde van die versekerde produkte gestoor in die koelkamer(s). Die voorlopige premie sal aangepas word volgens die tarief soos ooreengekom tussen die versekerde en die maatskappy en 'n addisionele premie gehef word van of 'n terugbetaling aan die versekerde gemaak word



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

of

4.2 die maksimum waarde van die versekerde produkte gestoor in die koelkamer(s) te enige enkel tydstip gedurende die versekeringstydperk. Die voorlopige premie gehef sal aangepas word volgens die tarief soos ooreengekom tussen die versekerde en die maatskappy en 'n addisionele premie gehef word van of 'n terugbetaling aan die versekerde gemaak word

4.3 die beraamde waarde op risiko vir die komende versekeringstydperk in ooreen-stemming met voorbehoudsbepalings 4.1 hierbo

4.4 die vervangingswaarde van die koelkamer(s).

## 5 Uitbreiding: Versuim van die openbare voorsiening van elektrisiteit (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Woordomskrywing 3 Skade is uitgebrei om in te sluit versuim van die openbare voorsiening van elektrisiteit by die eindpunte van die voorsieningsowerheid in die versekerde se persele weens enige toevallige oorsaak behalwe:

5.1 die opsetlike daad van die versekerde of enige voorsieningsowerheid

5.2 droogte of brandstoftekort by enige elektrisiteitvoorsieningsowerheid

## 6 Instandhoudingsprosesse

Die masjinerie soos omskryf in die bylae van hierdie afdeling sal onderhewig wees aan gereelde en voldoende instandhoudingsprosesse wat uitgevoer moet word deur toepaslike gekwalifiseerde werknemers van die versekerde of in terme van 'n instandhoudingskontrak met gespesialiseerde instandhoudingsingenieurs.

## 7 Voorlopige premie

Die premie gehef in terme van hierdie afdeling is voorlopig en is onderhewig aan aanpassing by die verstryking van elke versekeringstydperk in ooreenstemming met die voorbehouds-bepaling van memorandum 4 (Verklaring) hierbo.

## 8 Vereiste sertifikaat en bewys

In die geval van skade aan die versekerde produkte:

8.1 waar sodanige skade dit vereis dat die versekerde produkte vernietig word moet die versekerde 'n sertifikaat van vernietiging bekom vanaf die toepaslike plaaslike owerheid ter bevestiging dat sodanige goedere vernietig moet word

8.2 in gevalle waar beweer word dat die waarde van die versekerde produkte weens die skade geaffekteer is moet redelike bewys van sodanige effek op die waarde van die versekerde produkte deur die versekerde voorgelê word

8.3 waar die versekerde bykomende bedryfsuitgawes aangegaan het ten einde die skade aan die versekerde produkte te vermy of te verminder moet redelike bewys van die noodsaaklikheid vir die aangaan van sodanige kostes deur die versekerde voorsien word.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# WERKGEWERS AANSPREEKLIKHEID

## Woordomskrywings

Die volgende omskrywings is van toepassing op die woorde of terme wat hieronder gelys word waar dit ook al in hierdie afdeling verskyn tensy spesifiek anders aangedui:

### 1 Gebiedsgrense

gebiedsgrense beteken

enige plek ter wêreld maar nie in verband met die volgende nie

1.1 enige besigheid wat die versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

of

1.2 enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe

## Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is en wat op of ná die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word in die loop van en in verband met sodanige persoon se diens by die versekerde plaasvind, binne die gebiedsgrense, en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die versekerde ingestel word.

## Die skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## Memorandum

Algemene uitsondering 7 (Oorlog, oproer en terrorisme) word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang:

"Hierdie afdeling dek nie dood, besering, siekte of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

## Spesifieke voorwaardes

### 1 Kansellasie of nie-hernuwing

In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling:

1.1 word enige eis as gevolg van 'n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel is gedurende die 36 maande onmiddellik ná kansellasie of nie-hernuwing, hanteer asof dit teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag wat die versekerde die gebeurtenis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 36 maande verleng tot ná die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig word;

1.2 mag die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) by die maatskappy aanmeld tot 15 dae ná kansellasie of nie-hernuwing met dien verstande dat:

1.2.1 sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het;

1.2.2 enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis hanteer word asof dit aanvanklik ingestel



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

is op die laaste dag voor kansellasie of nie hernuwing en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 36 maande soos in 1.1 hierbo gespesifiseer word.

### 2 Aangemelde gebeurtenis

'n Eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) aangemeld is (hierna aangemelde gebeurtenis genoem), word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag as die dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die maatskappy aangemeld het.

### 3 Eise voortspruitend uit een gebeurtenis

Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is:

3.1 op die datum waarop die versekerde die gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 6 aangemeld het;

of

3.2 op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word, indien die versekerde onbewus was van enige gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee.

## Spesifieke uitsonderings

Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

### 1 Gebeurtenisse wat nie aangemeld word nie

1.1 enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is:

1.1.1 wat nie ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) by die maatskappy aangemeld word nie;

1.1.2 voor die aanvang van hierdie afdeling;

1.2 enige eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie aanvanklik binne die tydperk van 36 maande (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) skriftelik teen die versekerde ingestel word nie soos gespesifiseer in spesifieke voorwaarde 1 (Kansellasie of nie-hernuwing).

### 2 Boetes en strafvoltrekkings

boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

### 3 Geleidelikwerkende oorsaak

aanspreeklikheid vir siekte of verswakking wat te wyte is aan 'n geleidelikwerkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of gebeurtenis voortspruit nie;

### 4 Jurisdiksie

4.1 skadevergoeding ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer word deur of verkry word in 'n hof anders as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland;

4.2 regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 4.1 hierbo beskryf word nie;

### 5 Aanspreeklikheid wat aanvaar word kragtens ooreenkoms

aanspreeklikheid wat deur die versekerde aanvaar word kragtens enige kontrak, onderneming of ooreenkoms indien die versekerde in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie aanspreeklik sou gewees het nie;

## Klousules, uitbreidings en beperkings

### 1 Verlengde aanmeldingsopsie

Na die keuse van die versekerde en onderworpe aan die betaling van 'n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, stem die maatskappy in om die tydperk waartydens die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 4 (Eise) mag aanmeld, te verleng vir 'n tydperk waarop ooreengekom sal word,



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

maar onder geen omstandighede langer as 36 maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem).

Met dien verstande dat:

1.1 hierdie opsie slegs uitgeoefen mag word indien die maatskappy hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernieu;

1.2 hierdie opsie skriftelik deur die versekerde uitgeoefen moet word binne 30 dae ná kansellasie of nie hernuwing;

1.3 hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die versekerde of die maatskappy gekanselleer kan word nie;

1.4 die versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is aan die afdeling wat verstryk het nie;

1.5 die maatskappy slegs aanspreeklik is vir ’n omskrewe gebeurtenis wat plaasgevind het ná die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing;

1.6 eise wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word of enige gebeurtenis wat deur die versekerde aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing;

1.7 die bedrag wat deur die maatskappy betaalbaar is vir eise wat ingestel is of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie;

1.8 enige eis wat ná ’n aangemelde gebeurtenis gedurende die verlengde aanmeldingstydperk ingestel word en wat aanvanklik langer as 36 maande ná die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing skriftelik teen die versekerde ingestel is, nie onderworpe is aan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding nie. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 36 maande verleng tot ná die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het.

## 2 Prinsipale

Indien ’n prinsipaal en die versekerde aanspreeklik is vir dieselfde skadevergoeding en indien enige kontrak of ooreenkoms tussen ’n prinsipaal en die versekerde dit vereis, stel die maatskappy, ongeag die voormelde spesifieke uitsondering 5 (Aanspreeklikheid wat aanvaar word kragtens ooreenkoms), die prinsipaal op ’n soortgelyke wyse as die versekerde skadeloos, maar slegs in soverre die prinsipaal teenoor ’n werknemer soos vermeld, aanspreeklik is vir dood of liggaamlike besering of siekte van sodanige persoon wat spruit uit die nalatigheid van die versekerde of die versekerde se werknemers.

Met dien verstande dat:

2.1 die versekerde in die geval van ’n eis ingevolge hierdie uitbreiding poog om met die prinsipaal te reël dat die hantering en kontrolering van alle eise by die maatskappy berus;

2.2 die prinsipaal, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie polis nakom en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees;

2.3 die aanspreeklikheid van die maatskappy nie hierdeur verhoog word nie.



Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure Beperk, ’n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).